

Die teksversorger as
spookskrywer: Christelike
uitgewersmaatskappye
as 'n gevallestudie

Althéa Kotze

Die teksversorger as spookskrywer: Christelike uitgewersmaatskappye as 'n gevallestudie

deur

Althéa Kotze
B.A., B.A.Hons.

VERHANDELING

voorgelê vir

die graad

MAGISTER ARTIUM IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

in die

Departement Afrikaans en Nederlands

van die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. W.A.M. Carstens

Medeleier: Dr. M.M. Verhoef

Potchefstroom

November 1997

Opgedra aan:

al die sorgsame skimme wat weet dat boeke gebind word
met lym én die sout en sweet van teksversorgers; en aan

Coenie Schoeman, by wie ek alles van die uitgewersbedryf geleer het.

DANKBETUIGINGS

Hiermee betuig ek my opregte dank en erkenning aan:

- prof. Wannie Carstens (van die Departement Afrikaans en Nederlands van die PU vir CHO), my studieleier, wat by my 'n bewustheid vir teksversorging ingeskerp het, vir sy jare lange belangstelling en ondersteuning en op wie se inisiatief ek hierdie studie onderneem het;
- dr. Marlene Verhoef (Departement Tale, Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO), onder wie se toegewyde leiding hierdie skripsie tot orde en finaliteit gekom het; vir haar empatie en meelewing;
- Cindy Bouwer, wat met haar organisatoriese vermoëns en rekenaarvaardigheid my hiërogliewe in 'n sinvolle geheel omskep het, vir haar geduld;
- Ester Goede, die beste teksversorger wat ek ken, vir haar noukeurige teksversorging;
- Babsie du Toit vir haar nougesette afronding en finale proeflees van die teks;
- Leon Kotze vir sy hulp met die verwerking van die navorsingsresultate;
- San Geldenhuys, Lizette Marais, Yvonne Engelbrecht en Christelle Oosthuizen van die Ferdinand Postma Biblioteek (Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO), vir hulle bereidwillige en vriendelike hulp;
- Marianne Valentine, bibliotekaris van *Beeld-Biblioteek* vir die beskikbaarstelling van statistiese data;
- Aldene Oosthuizen en Wilmien Kuyler van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO (Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO) vir hulle hulp met die finale verwerking van die statistiese data;
- die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (RGN, S.A.) vir finansiële bystand. Menings uitgespreek is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie;
- die skrywers van Christelike boeke vir die vertroue wat hulle in my stel om hulle tekste te versorg;

- mnr. Chris Johnsen, uitgewer en besturende direkteur van Christelike Uitgewersmaatskappy/Christian Art, vir die optimale geleenthede wat hy my binne sowel as buite die maatskappy bied om die teorie en praktyk van my vakgebied te vestig;
- my man Leon, en my kinders Haidee, Thalea, Emile, Jennie-Marie en Michael, vir hulle motivering, liefde en geduld tydens my studie.

Ad maiorem Dei gloriam

INHOUDSOPGAWE

1

Die teorie en praktyk van teksversorging in die Christelike uitgewery: inleiding

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	3
1.3	Hipotese	5
1.4	Metode van ondersoek	5
1.5	Hoofstukindeling	6

2

Christelike uitgewerye in Suid-Afrika: 'n oorsig

2.1	Inleiding	8
2.2	'n Bloeiende Christelike boekebedryf	8
2.3	'n Bloeiende Christelike boekemark versus 'n vervlakking in die geestelike boek	11
2.4	Die essensie van die teologies verantwoordbare Christelike boek	15
2.5	Die rolspelers in die Christelike uitgewersbedryf	17
2.5.1	Christelike Uitgewersmaatskappy	17
2.5.2	Lux Verbi	19
2.5.3	Bybelgenootskap van Suid-Afrika	19
2.5.4	Evangelie Uitgewers	20
2.5.5	Bybel-Media	20
2.5.6	Struik Christelike Boeke	22
2.5.7	Die Christelike Lektuurfonds (CLF)	22
2.5.8	J.L. van Schaik Uitgewers	23
2.5.9	Human en Rousseau	24
2.5.10	Carpe Diem Boeke	25
2.5.11	Kagiso Uitgewers	25
2.6	Samevatting	26

3

Aspekte van die teorie van teksversorging toegepas op die uitgewersbedryf

3.1	Inleiding	28
3.2	Taalbeheersing en die praktyk van teksversorging	29

3.2.1	Inleiding	29
3.2.2	Begripsomskrywing en geskiedenis	31
3.2.3	Die wetenskaplike en metodologiese grondslae van taalbeheersing	32
3.2.4	Funksionele taalbeheersing	33
3.3	Norme(ring) en taalbeheersing	34
3.3.1	Inleiding	34
3.3.2	Aard en omvang van normering	35
3.3.3	Normering binne die teksversorgingspraktyk	36
3.4	Tekslinguistiek en taalbeheersing	37
3.4.1	Inleiding	37
3.4.2	Die begrip <i>teks</i>	38
3.4.3	Die aard en doel van die tekslinguistiek	39
3.4.4	Die beginsels van tekstualiteit in teksversorging	39
3.4.5	Tekslinguistiek en teksversorging	39
3.4.5.1	Kohesie	40
3.4.5.2	Koherensie	44
3.4.5.3	Intensionaliteit	44
3.4.5.4	Aanvaarbaarheid	44
3.4.5.5	Informatiwiteit	45
3.4.5.6	Kontekstualiteit	47
3.4.5.7	Intertekstualiteit	48
3.4.5.8	Perspektief	48
3.4.6	Tipering van tekste	49
3.4.6.1	Referensiële tekste	49
3.4.6.2	Ekspressiewe tekste	50
3.4.6.3	Oorredende tekste	50
3.4.6.4	Retoriese tekste	50
3.4.6.5	Konvensionele tekste	50
3.4.6.6	Literêre tekste en genres	50
3.4.7	Samevatting en toepassing	51
3.5	DTP: Lessenaarpublikasie	51
3.5.1	Inleiding	51
3.5.2	Die gerekenariseerde uitgewerswese	52
3.5.3	DTP in perspektief	54
3.5.4	Die redaksionele proses	54
3.5.5	Die redaksionele proses: orde uit chaos	56
3.5.5.1	Ontvangs van manuskrip en keuring	56
3.5.5.2	Die beoordeling van 'n teks	56
3.5.5.2.1	Inhoud	57
3.5.5.2.2	Leesbaarheid	57
3.5.5.2.3	Impak	57

3.5.5.3	Die produksieproses	58
3.5.5.4	Ontwerp van die buiteblad	59
3.5.5.5	Die teksversorgingsproses	59
3.5.5.6	Wegstuur van kameragereedkopie na drukkerij en kontroliering van blouproewe	60
3.6	Samevatting	60

4

Teksversorging in die uitgewerspraktyk

4.1	Inleiding	62
4.2	Taalversorging	63
4.2.1	Sintaksis	64
4.2.1.1	Aspekte ten opsigte van die werkwoord	64
4.2.1.1.1	Volgorde in taal en die posisie van die werkwoord: hoofsin	64
4.2.1.1.2	Die verbinding van sinne en die posisie van die werkwoord	65
4.2.1.1.3	Die posisie van die werkwoord en bepalinge	66
4.2.1.1.4	Die posisie van die werkwoord	66
4.2.1.1.5	Volgordepatroon van bywoordelike bepalinge	67
4.2.1.2	Ontkenning in Afrikaans: die dubbele <i>nie</i>	68
4.2.1.2.1	Plasing van <i>nie</i> in 'n sin	68
4.2.1.2.2	Ontkenning in veelvoudige en samegestelde sinne	69
4.2.1.2.3	Die onnodige gebruik by sekere werkwoorde	70
4.2.1.2.4	Die onnodige gebruik van voegwoorde	70
4.2.1.3	Voorsetselgebruik	70
4.2.1.4	Lidwoorde	72
4.2.1.5	Voornaamwoorde	72
4.2.1.5.1	Betreklike voornaamwoorde	72
4.2.1.5.2	Die refleksiewe voornaamwoorde	74
4.2.1.5.3	Die volgorde van persoonlike voornaamwoorde	74
4.2.2	Morfologiese vlak	74
4.2.2.1	Anglisistiese meervoudsvorming	75
4.2.2.2	Trappe van vergelyking	76
4.2.2.3	Afwykende afleidingsvorme	77
4.2.2.4	Die verboë -e by attributief-gebruikte adjektiewe	77
4.2.3	Semantiek	78
4.2.3.1	Foutiewe betekenisgebruik	78
4.2.3.1.1	Selfstandige naamwoorde met meer as een meervoudsvorm	79
4.2.3.1.2	Verwarring van homofone	79
4.2.3.1.3	Verwarring van doeblette	80
4.2.3.1.4	Verwarring van paronieme	80

4.2.3.1.5	Malapropismes	80
4.2.3.1.6	Sinonieme	82
4.2.3.1.7	Toutologie en pleonasmes	82
4.2.3.1.7.1	Toutologie	82
4.2.3.1.7.2	Pleonasmes	83
4.2.3.1.8	Verkeerde woordsoortlike gebruik	83
4.2.3.1.9	Vermeende betekeniswaardes	84
4.2.3.1.10	Die gevolge van swak woordkeuse	85
4.2.3.1.11	Swak versorgde tikwerk	86
4.2.4	Grafiese vlak	86
4.2.4.1	Leestekengebruik	87
4.2.4.1.1	Stippels	87
4.2.4.1.2	Parentese	87
4.2.4.1.3	Aanhalingstekens	88
4.2.4.1.4	Kommas	88
4.2.4.1.5	Uitroepetekens	89
4.2.4.1.6	Punte	90
4.2.4.1.7	Die dubbelpunt	90
4.2.4.1.8	Die kommapunt	91
4.2.4.1.9	Die vraagteken	91
4.2.4.1.10	Die apostroof of afkappingstekens (')	91
4.2.4.1.11	Die aandagstreep	92
4.2.4.2	Skryftekens	92
4.2.4.2.1	Die koppeltteken	92
4.2.4.2.2	Die beletselttekens	93
4.2.4.2.3	Hoofletters	93
4.2.4.2.3.1	Persoonsname	94
4.2.4.2.3.2	Name van kerklike en religieuse feesdae	94
4.2.4.2.3.3	Verwarring ten opsigte van teenstrydige skryfwyses met verwysing na persoonsname	94
4.2.4.3	Proefleestekens	96
4.2.5	Stilistiese vlak	97
4.2.5.1	Inklusiewe Godstaal	98
4.2.5.2	Stereotipering	99
4.2.5.3	Besondere stylsteuringe wat in die praktyk van teksversorging geïdentifiseer is	100
4.2.5.3.1	Hoogdrawendheid, omslagtigheid, woordherhalings, clichés en geykte beeldspraak	101
4.2.5.3.2	Die ongemotiveerde gebruik van <i>dus</i> en sy sinonieme	101
4.2.5.3.3	Die oormatige gebruik van adjektiewe	102
4.2.5.3.4	Verkeerde/swak interpunksiegebruik	103

4.2.5.3.5	Swak spelling	103
4.2.5.3.6	Gebrek aan taalsuiwerheid	104
4.2.5.3.7	Aktief en passief	105
4.2.5.3.8	Pragmatiese taalgebruik	105
4.2.6	Samevatting	106
4.3	Tipografiese versorging	106
4.3.1	Inleiding	106
4.3.2	Formatteringstrategieë	108
4.3.2.1	Lettertipe ("typeface") en lettername	108
4.3.2.2	Font ("font")	109
4.3.2.3	Letterstyl	109
4.3.2.4	Lettergrootte/letterpunt ("typesize")	110
4.3.3	Basiese bladuitleg	111
4.3.3.1	Blanko vertikale spasie/lynspasie ("leading")	111
4.3.3.2	Reëllengte	111
4.3.3.3	Bladspieël/bladsyformaat	112
4.3.3.4	Teksformaat en teksuitleg	112
4.3.3.4.1	Opskrifte en subopskrifte	112
4.3.3.4.2	Kopskrifte ("headers") en voetskrifte ("footers")	113
4.3.3.4.3	Weduweereëls ("widows") en weesreëls ("orphans")	113
4.3.3.4.4	Unsiële	113
4.3.3.4.5	Ander beklemtoningstrategieë	113
4.3.4	Die buiteband: voorblad, titel, subtitel, rugkant ("spine") en agterblad	114
4.3.5	Die onderdele van 'n teks	116
4.3.6	Ander belangrike onderdele van 'n manuskrip	117
4.4	Samevatting	118

5

Die professionele rol van die teksversorger in die uitgewerspraktyk

5.1	Inleiding	119
5.2	Die doel met teksversorging	120
5.3	Teksversorging as 'n beroep met vele fasette en posbenaminge	120
5.3.1	Werwingsredakteur ("acquisitions editor")	122
5.3.2	Ontwikkelingsredakteur ("developmental editor")	122
5.3.3	(Boeke)redakteur ("editor, line editor, senior editor")	122
5.3.4	Besturende redakteur ("managing editor")	122
5.3.5	Produksieredakteur ("production editor")	123
5.3.6	Proefleser ("proof reader")	123
5.3.6.1	Proeflees is nie teksversorging nie	123
5.3.7	Feitekontroleur	124

5.3.8	Skrywersredakteur ("writer's editor")	125
5.3.9	Teksversorger ("copyeditor/copy editor/copy-editor")	125
5.4	Die omvangryke aard van teksversorging	126
5.4.1	'n Aantal omskrywinge	126
5.5	Die take en verantwoordelikhede van die teksversorger	128
5.5.1	Die administratiewe teksversorgingsproses	128
5.5.2	Die kreatiewe teksversorgingsproses	128
5.5.3	Die tegniese teksversorgingsproses	129
5.6	Karakteristieke van die ideale teksversorger	130
5.7	Die rol en funksie van die teksversorger in die breëre opset van die uitgewersbedryf	132
5.7.1	Die verhouding tussen teksversorger en skrywer	132
5.7.2	Die verhouding tussen teksversorger en leser	134
5.7.3	Die verhouding tussen teksversorger en uitgewer	135
5.7.4	Is die teksversorger 'n professionele persoon?	136
5.8	Samevatting	138

6

In extenso: 'n sintese van teorie en praktyk

6.1	Inleiding	139
6.2	Dataversameling	139
6.3	Die vraelys aan uitgewers	139
6.3.1	Die maatskappy	141
6.3.2	Die teks en skrywer	142
6.3.3	Die teksversorger	149
6.3.4	Die redaksionele proses	157
6.3.5	Perspektief	161
6.4	Die vraelys aan teksversorgers	162
6.5	Die vraelys aan skrywers	181
6.5.1	Skrywersagtergrond	182
6.5.2	Teksversorging	193
6.5.3	Die teksversorger	199
6.5.4	Perspektief	204
6.6	Samevatting	205

7

Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

7.1	Inleiding	207
7.2	Samevatting	207

7.3	Gevolgtrekking	210
7.4	Aanbevelings	211
7.5	Voorstelle vir toekomstige navorsing	211

Bylaes

Bylaag A	Die vraelys aan uitgewers	215
Bylaag B	Die vraelys aan teksversorgers	219
Bylaag C	Die vraelys aan skrywers	225
Bylaag D	Die vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis van uitgewersmaatskappye	231

Bibliografie	235
---------------------	------------

ABSTRACT

This study has multi-faceted objectives in the sense that it attempts to accomplish a synthesis between theoretical linguistics and pragmatic practice. The first objective of the study is to indicate the nature of the role that the professional copy editor plays in the linguistic communication process, and in particular in the editorial process as it takes place within the framework of the publication of Christian texts. This copy editing process includes linguistic aspects, as well as structural, graphic and aesthetic aspects. Hopefully these aspects of the study will contribute to the promotion of copy editing as a scientific discipline and profession.

The second objective of this study is to identify problematic areas in the editorial process, particularly where the screening of manuscripts and the process of copy editing are concerned. The guidelines proposed in this dissertation may function as a helpful reference source for writers as well as copy editors within the Christian publishing industry.

Thirdly, this dissertation aims to promote the necessary professional recognition for the role of the copy editor within the publishing process, particularly for his/her contribution to the realisation of the completed product. It also argues for the recognition of a job title that reflects the complex nature of the skills involved in copy editing.

This dissertation thus deals with the encompassing process of screening and copy-editing of manuscripts in a Christian publishing company, within the theoretical framework of text linguistics, language standards and language command. The study therefore emphasises not only the product, but also the (original writing) process. It is argued that attention to the process and problems of copy editing will accelerate and simplify the copy editing process, as well as the editorial and production processes. This would contribute to a publishing process that is more cost-effective, productive, streamlined and language-oriented. It is hoped that the validity of the research findings will not be limited to the internal set-up of a Christian publishing company, but will also be relevant to the labour industry at large. The underlying principle is that exceptional language skills have become a distinct career advantage.

Keywords: copyediting/copy editing/copy-editing; copyeditor/copy editor/copy-editor; editor; DTP; desk top publishing; Christian publishing; Christian books; editorial process; text linguistics; language standards and language command.

O let us love our occupations,
Bless the squire and his relations,
Live upon our daily rations,
And always know our proper stations.

– *Charles Dickens* –
The Chimes, 2nd Quarter

Far off, Oh keep far off, you uninitiated ones.

– *Virgil* –

HOOFTUK 1

Die teorie en praktyk van teksversorging in die Christelike uitgewery: inleiding

Taalbeheersing het inderdaad 'n beroep geword.

– *Abraham de Vries* –

1.1 Inleiding

As professionele taalbeheerser¹ in 'n toonaangewende Christelike uitgewersmaatskappy² in Suid-Afrika het die praktyk van teksversorging 'n definitiewe leemte in die teoretiese sowel as in die praktiese onderbou van die produksie- sowel as die redaksionele proses uitgewys.

Daarmee word nie geïmpliseer dat óf die teks óf die redaksionele proses óf die teksversorger óf uitgewery in Christelike verband geïsoleer van enige ander uitgewery funksioneer nie, of hom daarvan distansieer nie. Die spelreëls mag grootliks dieselfde bly, maar die spel se reëls verskil. Die Christelike uitgewery as sosio-kulturele struktuur is uniek in die sin dat die Christelike aard van die bedryf fokus op 'n bepaalde tipe teks, 'n bepaalde (groep) skrywer(s) en 'n bepaalde (groep) leser(s). Die eiesoortigheid van dié bedryf is nié weg te redeneer nie. Die bepaalde (Christelike) paradigma het wel deeglik 'n invloed op die aanbieding van die teks/artefak ten opsigte van tema, inhoud, taalgebruik, styl, buiteblad (byvoorbeeld kleurgebruik en tipografie), illustrasie- en fotomateriaal.

Hoewel Du Plessis (1997) haar dit ten doel stel om 'n teorie vir taalversorging te skep deur die bestudering van die subdissiplines normering, tekslinguistiek en taalbeheersing, sit die teksversorger in die Christelike uitgewersmaatskappy steeds letterlik tussen twee vure: uitgewers wil blits- en topverkopers publiseer; skrywers kan lang tone (en 'n klein ego!) hê; die teksversorger moet elkeen betrokke tevrede hou, én aan die eise van normering, tekslinguistiek, taalbeheersing en tipografie voldoen (om sodoende sy/haar³ roeping ook uit te leef) én boonop 'n esteties-Christelik aanvaarbare artefak op die rak plaas.

¹ Vir 'n motivering van die gebruik van die term in beroepsverband, vergelyk De Vries, 1994, in besonder p. 311.

² Gegewe die beperking van die omvang van die skripsie word slegs Christelike uitgewerye in Suid-Afrika betrek; Christelik synde dan 'n lewens- en wêreldbeskouing gegrond in die beginsels van die Heilige Skrif as fundamentele kenbron van die sin van die mens se bestaan (Heyns & Jonker, 1974:31-33); dié bron wat waarheidskennis bied aangaande God Drie-enig, aangaande Homself as beeldraer van God en aangaande die tydelike sowel as 'n ewige eindbestemming (Strauss, 1964:7).

³ Hoewel 78% van die respondente (teksversorgers) vroulik is, en inklusiewe taalgebruik "politiek korrek" is, word die vorm hy/sy, sy/haar, hom/haar nie afwisselend gebruik nie. Ter wille van goeie styl word voorkeur gegee aan hy/hom as neutrale term.

Hoewel taalgidse en ander talige navorsing teoretiese (linguistiese) riglyne daarstel, bewys die praktyk dat prosesmatige tekstuele en redaksionele riglyne vir die opstel en versorging van spesifiek geestelike tekste ontbreek; dat die werklike versorging tydrowende probleemgevalle oplewer; dat die leemtes dikwels so verreikend is dat oplossings vir strukturele en talige, sowel as prosesmatige probleemgevalle moeilik gevind word. Die stand van sake stel groot uitdagings aan die taalbeheersingsvermoë, taalvaardigheid en kreatiwiteit van die teksversorger.

Skrywers van Christelike boeke beskik nie (noodwendig) oor die nodige ondervinding, taalkennis, -beheersingsvermoë of -vaardigheid nie, en is dikwels onwillig om self aan hulle teks te werk, te verander, by te werk of te verwerk, of om dit te láát doen, hetsy tipografies of taalkundig of struktureel, voordat dit vir publikasie voorgelê óf goedgekeur word – moontlik vanweë die finansiële implikasies daarvan. Enersyds: “Most writers lack ... awareness, the ability to remember the most minute details ...” ’n eienskap waaroor teksversorgers by uitnemendheid moet beskik (Judd, 1982:42). Andersyds: “Regardless of their experience or expertise, all writers ... need editors” (Bowles *et al.*, 1993:4). Dit word dan die taak van die taalredakteur/subredakteur/redaksionele assistent/proefleser/hoofsubredakteur/redakteur om ’n (dikwels) te lang, ongeordende, ongestruktureerde, vervelige en alledaagse teks te omskep in die blitsverkoper van die jaar. Só word die teksversorger as taalbeheerser by uitstek, in sy professionele hoedanigheid, uit hoofde van sy kwalifikasies, vaardigheid, kreatiwiteit en ondervinding medeverantwoordelik vir die teks wat gepubliseer word.

Die taalredakteur/subredakteur/redaksionele assistent/proefleser/hoofsubredakteur/redakteur tree dan in der waarheid op as ’n *spookskrywer* om hierdie manuskrip vir publikasie gereed te maak – sonder dat hy of sy ooit enige formele erkenning daarvoor kry. Dit beteken dat die teksversorger anoniem bly in die hele teksversorgingsproses – terwyl hy eintlik as medeskrywer/raadgewer/konsultant optree (en nie bloot as ’n taalversorger nie) en as sodanig erkenning behoort te kry, binne sowel as buite die maatskappy. Die teksversorger bly tog grootliks verantwoordelik vir die kwaliteit en voorkoms van die finale produk in samewerking met die outeur. Bowles *et al.* (1993:5) stel dit onomwonde: “Copy editors are a rare breed and they are scarce ... dedicated, intelligent individuals whose love of language and penchant for precision make many [writers] look good. Copy editors are the very heart of the organization, supplying the lifeblood for healthy existence and serving as gatekeepers ...”

Die veelvuldige posbenaminge dui op die onduidelikheid wat bestaan ten opsigte van die professionele rol en status van die teksversorger in die redaksionele proses. Dit dui op onkunde en/of onverskilligheid by die uitgewer (aan wie die teksversorger verantwoordelik is) oor die nodige ervaring, bekwaamheid, kwalifikasies en status van die teksversorger. Boonop skep dit verwarring by die skrywer sowel as die teksversorger ten opsigte van die mate van redigering wat mag plaasvind; oor wat die taak van die teksversorger wel behels; oor wat hom geoorloof is in die proses, en die teksversorgingserkenning wat in dié verband aan die professionele taalbeheerser gegee behoort te word.

1.2 Probleemstelling

Manuskripte word in groot getalle aan uitgewerye voorgelê, en word aan 'n siftingsproses onderwerp voordat dit 'n redaksionele proses deurgaan. Onderliggend aan die keuringsproses lê die beskikbaarheid van geskikte manuskripte, en die euwel van "bekende name" om voor die hand liggende finansiële implikasies. Die Christelike boekebedryf is per slot van sake 'n lonende bedryf: " ... Christian publishing is a multimillion dollar business in developed countries ... " (Ninan, 1996:22).

Die "mission for publishing" (Miller, 1996:2) is 'n konsep wat elke Christelike uitgewery (uit wesenstaard) hoog op prys stel:

- Roepingsbewustheid.
- Markgerigte produkte.
- Produktkwaliteit.
- Teikengroepbevrediging.
- Reklamebevordering.

Ten spyte van hierdie prysenswaardige missie wil dit voorkom of die rol van die teksversorger as "medeskrywer"/raadgewer/konsultant en produkverantwoordelike individu nie tot sy volheid kom binne die opset van hierdie klein sosio-kulturele struktuur nie.

Die teksversorger in die Christelike uitgewersmaatskappy word voor die taak gestel om, "omdat dit sy werk is" en vanweë die lompheid van die proses⁴, 'n rou, vervelige, ongeordende en onsamehangende manuskrip op 'n kreatiewe wyse te omskep in 'n topverkoper, met 'n vars en nuwe aanslag/inslag sonder om die skrywer te antagoniseer, die strekking van die inhoud te verander en (te veel) met die styl van die skrywer te peuter.

Binne die opset van 'n Christelike uitgewersmaatskappy in die klein sowel as die breë Christelike boekemark as sosio-kulturele sisteem kom die teksversorger te staan voor problematiese aspekte soos:

- Watter talige en strukturele vereistes word aan 'n manuskrip gestel voordat dit in aanmerking kom vir publikasie?
- Op grond waarvan word manuskripte gekeur vir publikasie: inhoud, die (bekende) naam van die skrywer, tema, ensovoorts?
- Hoe word teksversorging en -redigering van 'n gekeurde teks binne 'n Christelike uitgewery gedoen? En wat is die probleme wat ontstaan rakende teksversorging ten opsigte van byvoorbeeld:

⁴ 'n Proses waar die teksversorger géén insette lewer in die skryfproses (totstandkomingsproses) van die oorspronklike teks nie, en dan moet konsentreer op die produk. Vgl. ook 3.1.

- struktuur, styl en inhoud;
- taalgebruik: sintaksis, semantiek, morfologie, pragmatiek;
- taalsuiwerheid, spelling en interpunksie;
- setwerk, bladuitleg, tipografie, en
- die buiteblad.
- Wat word van 'n teksversorger in die redaksionele proses verwag ten opsigte van die mate van teksversorging en -redigering en watter rol vervul hy binne die opset van die maatskappy?
- Watter verwagtinge koester die skrywer van die uitgewer en die teksversorger in die redaksionele proses?
- Watter verhouding moet daar tussen teksversorger en uitgewer, teksversorger en skrywer, teksversorger en leser bestaan?

Hiervolgens is die eerste doelwit van hierdie studie om aan te toon watter *rol* 'n professionele taalbeheerser/teksversorger in 'n praktiese taalkommunikasieproses speel; dit is, in die (redaksionele) proses van persklaarmaak van hoofsaaklik Christelike tekste, talig, stilisties sowel as struktureel, grafies en in 'n mindere mate, esteties.

Hiermee wil die *taalbeheersingswetenskap* onder die aandag van akademici, skrywers, uitgewers, lesers en relevante maatskappye gebring word. Sodoende kan die beroep van taalbeheersing as 'n praktykgerigte wetenskaplike dissipline bevorder word.

Tweedens wil hierdie studie *probleemareas* identifiseer wat veral ter sprake kom in die keuring van manuskripte sowel as proses van teksversorging. Riglyne in dié verband kan 'n nuttige handleiding vorm vir skrywers sowel as in die teksversorgers binne die Christelike boekebedryf.

Derdens wil die studie 'n lansie breek vir die nodige *professionele erkenning* aan die teksversorger ten opsigte van die rol wat hy speel binne die uitgewery in die totstandkoming van die voltooide produk, sowel as erkenning aan 'n posbenaming wat die werk wat hy doen, weerspieël.

Die studie fokus dus op die proses van keuring en teksversorging van manuskripte binne 'n Christelike uitgewersmaatskappy, en sal die teksversorgingsproses in sy geheel onder die loep neem. Die spesifieke toepassingswaarde van die navorsingsbevindinge (interne geldigheid: Christelike uitgewerye) aan die hand van konstruktigheid kan sodoende universele toepassingswaarde kry (eksterne geldigheid: enige ander uitgewery). (Vgl. Foster & Louw-Potgieter, 1991:94 e.v.)

Voorskrifte ten opsigte van die taalversorgingsproses word gemeet aan heersende woordeboek- en taalgidsuitsprake omdat sulke uitsprake as normerend vir Afrikaans beskou word.

1.3 Hipotese

Min tekste is aanvaarbaar/geskik vir publikasie alvorens indringende teksversorging deur 'n ervare, bekwame en gekwalifiseerde taalbeheerser gedoen is.

1.4 Metode van ondersoek

Omdat hierdie studie slegs in 'n beperkte mate fokus op die redaksionele proses binne die Christelike uitgewery, en die taalkommunikasieproses tussen skrywer – teksversorger – eind-produk, en omdat oënskynlik min navorsing nog in die verband gedoen is, is 'n verkennende lite-ratuurondersoek gedoen, hoewel beskikbare bronne geraadpleeg en benut sal word. Die NEXUS-databasissisteem (RGN), MLA (Modern Language Association), KNIPKAT (Knipsel-katalogus, NALN) en ERIC (Educational Resources Information Center) is deurgewerk om relevante inligting te bekom. 'n Beperkte datasoektog is ook op Internet gedoen. Die volgende begrippe omvat die kernkonsepte van hierdie navorsing en is as trefwoorde in die literatuur-soektog gebruik:

- *Christelike uitgewers.*
- *Christelike boeke.*
- *Tipografie.*
- *Taalnorme.*
- *Taalbeheersing.*
- *Tekslinguistiek.*
- *Teksversorging.*
- *Redakteur.*
- *Uitgewerswese.*
- *Christian publishing.*
- *Copyediting/copy editing/copy-editing.*
- *Copyeditor/copy editor/copy-editor.*
- *Editor.*
- *DTP.*
- *Desk top publishing.*
- *ISO Standards.*

Die empiriese ondersoek word gedoen vanuit 'n teoreties tekslinguistiese en normatiewe raamwerk na die praktyk van teksversorging binne 'n spesifieke sosio-kulturele struktuur, te wete die Afrikaanse Christelike uitgewersmaatskappy.

- *Ontwerp:* Adresbesonderhede van Afrikaanse Christelike uitgewerye is van die CBSA (die Christelike Boekhandelaars van Suidelike Afrika) bekom en vraelyste is aan uitgewers sowel

as taalversorgers van die sowat twaalf geïdentifiseerde uitgewerye gestuur, sodat empiriese data bekom kan word. Vraelyste is ook aan skrywers van Christelike boeke gestuur.

- *Proefpersone en -materiaal*: Teksvorsers werksaam binne die Christelike uitgewersmaatskappye, Christelike uitgewers en tekste van skrywers van Christelike tekste wat tussen 1994-1997 verskyn het, is betrek.
- *Meetinstrumente*: Niegestandaardiseerde vraelyste, na aanleiding van die waargenome teoretiese en praktiese probleme, is aan teksvorsers, uitgewers en skrywers gestuur (voorbeeld is aangeheg). Omdat die navorsingspopulasie omlin is, word 'n universumsteekproef gebruik. Die hulp van 'n vraelysopsteller asook konsultante van die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens is ingewin met die ontwerp van die vraelys.
- *Prosedure*: Data is versamel met behulp van 'n beperkte literatuurstudie en vraelyste aan teksvorsers, skrywers en uitgewers van Christelike tekste, waardeur kwantitatiewe en kwalitatiewe data verkry is. Die verwerking van die vraelyste is gedoen deur 'n statistikus en logistikus.

1.5 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 bestaan uit 'n algemene inleiding as agtergrond tot die probleemstelling, uiteensetting van die probleemstelling, hipotese en metodologie.

In hoofstuk 2 word 'n oorsig oor die Christelike uitgewersbedryf in Suid-Afrika gegee. Die ontstaansgeskiedenis, visie en missie van verskillende toonaangewende Christelike maatskappye word kortliks aangetoon teen die agtergrond van die behoefte aan en beskikbaarheid van Christelike boeke.

Hoofstuk 3 handel oor die teoretiese onderbou van teksversorging aan die hand van die taalkundige subdissiplines normering, tekslinguistiek en taalbeheersing, sowel as DTP ("desk top publishing" – lessenaarpublikasie) en tipografie. Teksvorsing as 'n geheel eerder as blote *taa*lversorging staan in die brandpunt, geboekstaaf deur 'n motivering in dié verband. Die nut en relevansie van dié teorie as paradigma (raamwerk) vir die teksversorgingspraktyk word hierdeur bevestig.

Hoofstuk 4 lig die tipiese talige probleme met betrekking tot teksversorging uit, soos geïdentifiseer in die teksversorgingspraktyk. Aspekte soos die semantiek, sintaksis en morfologie van Afrikaans word behandel. Aandag word veral gegee aan die oorsake van probleme in dié verband. Die aanbieding van die artefak ten opsigte van tipografie, bladuitleg en die voor- en agterblad word ook behandel.

Die professionele rol van die teksversorger in die breë uitgewersopset word in hoofstuk 5 bespreek, veral ten opsigte van die bou en handhaaf van menseverhoudinge. Die teksversorger as professionele taalbeheerser se rol in hierdie opset word prominent aangetoon en gemotiveer. Aandag word ook gegee aan die verwagtinge van die skrywer, sy besorgdhede oor sy teks en samewerking ten opsigte van die redaksionele proses, al dan nie, en die rol wat verhoudingsproblematiek in die hele uitgewersproses speel.

Hoofstuk 6 is 'n sintese van die teorie en praktyk waarin die verwerking van die verskillende vraelyste gedoen is.

In hoofstuk 7 word die samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings gedoen.

HOOFSUK 2

Christelike uitgewerye in Suid-Afrika: 'n oorsig

"The company is owned by Christians. A company or organization itself cannot be 'Christian'."

– Christina Lim –

2.1 Inleiding

Die negentigerjare van die twintigste eeu word gekenmerk deur 'n wêreldwye oplewing in spiritualiteit: "Something is afoot in the universe, a result is working out which can best be compared to a gestation and birth; the birth of a new spiritual reality," meen Teilhard de Chardin, Rooms-Katolieke teoloog en argeoloog (Wiese, 1995a:12). Dit beteken nie dat mense meer godsdienstig raak nie, maar dat hulle eerder bereid is om uit ander perspektiewe na die Godheid te kyk. Die geestelike herlewing vind sy neerslag in 'n wêreldwye bloeityd vir die Christelike boekebedryf: " ... Christian publishing is a multimillion dollar business in developed countries ... " (Ninan, 1996:22). Ook Afrikaners het Christelike lektuur ontdek sodat die Suid-Afrikaanse Christelike boekebedryf sedert 1992 ongekende hoogtes bereik het. Veral Bybelse dagboeke, dagstukkies, oordenkings en boeke wat op die breë mark ingestel is, vaar besonder goed (Els, 1995b:6; Wiese, 1995:13).

2.2 'n Bloeiende Christelike boekebedryf

Dagboeke van Christelike Uitgewersmaatskappy soos *Uit die Skatkamer van God* van Solly Ozrovec, waarvan in 1993 meer as 60 000 kopieë versprei is, en *Maak my anders, Here!* van Maretha Maartens, waarvan 65 000 kopieë sedert Augustus 1992 tot Februarie 1994 versprei is, was gedurende 1993 telkens deel van die lys van die top tien boeke (niefiksie) soos deur CNA bekend gemaak. *Die Rykdom van Sy Genade* (Solly Ozrovec) het in Augustus 1993 met 'n eerste drukoplaag van 40 000 kopieë verskyn (vgl. CUM-Bylae, 1994: II). Uit blitsverkoperstatistiek¹ blyk dit dat die boek in 1994 drie keer op die lys van blitsverkopers was wat kwartaalliks in *Boekewêreld* verskyn. Vyf Afrikaanse Christelike boeke verskyn op Boekewêreld se blitsverkoperlys van die Suid-Afrikaanse boekemark vir die vier maande tot einde Januarie 1994. Die blitsverkopers is:

¹ Statistiek (18 Augustus 1993 - 6 September 1997) verskaf deur Marianne Valentine, bibliotekaris, *Beeld*-Biblioteek. Saamgestelde fakskopie (p.1-20) in besit van outeur. Die lysie word deur *Beeld* saamgestel uit gegewens wat verskaf word deur Leserskring/Leisure Books, CNA en Exclusive Books, Sunnyside. Die blitsverkoperlyste verskyn kwartaalliks in *Boekewêreld*, Bylae by Nasionale Koerante.

- *Die Rykdom van Sy Genade* (Solly Ozrovec, CUM, eerste).
- *'n Jaar van Gebed* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke, vyfde).
- *Maak My Anders, Here!* (Maretha Maartens, CUM, sewende).
- *Uit die Skatkamer van God* (Solly Ozrovec, CUM, agtste).
- *Motte en Magrietjies* (Maretha Maartens, Lux Verbi, tiende).

Die Bybel in Praktyk (CUM) het amper dié lys gehaal.

Blitsverkoperlyste vir die res van 1994 lyk soos volg:

- Mei:
- *Die Rykdom van Sy Genade* (Solly Ozrovec, CUM, tweede).
 - *Wandel deur die Woord* (Johan Smit, Struik Christelike Boeke, sesde).
 - *Motte en Magrietjies* (Maretha Maartens, Lux Verbi, agtste).
 - *Uit die skatkamer van God* (Solly Ozrovec, CUM, tiende).
- Augustus:
- *Die Rykdom van Sy Genade* (Solly Ozrovec, CUM, sesde).
 - *Motte en Magrietjies* (Maretha Maartens, Lux Verbi, sewende).
- November:
- *Gee my liefde, Here!* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke, tweede).
 - *In die Skuilplek van die Allerhoogste* (Solly Ozrovec, CUM, derde).
 - *Uit die skatkamer van God* (Solly Ozrovec, CUM, agtste).

In Desember 1994 was drie van die vyf Afrikaanse topverkopers in die CNA se takke landwyd Christelike boeke, onderskeidelik in die eerste, derde en vierde plek:

- *In die Skuilplek van die Allerhoogste* (Solly Ozrovec, CUM).
- *En daar het Stilte gekom* (Maretha Maartens, CUM).
- *Gee my liefde, Here!* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke).

Die CNA se Afrikaanse boektrefferlys vir die ses weke wat op 6 Maart 1995 geëindig het, het op 3 April van daardie jaar in *Beeld* verskyn. Op die lys van die tien niefiksieboeke wat die beste verkoop het, was daar nege Christelike boeke.²

Die name van die sewe CUM-boeke, in volgorde van verkope, is soos volg:

- *In die Skuilplek van die Allerhoogste* – Solly Ozrovec (eerste).
- *En daar het Stilte gekom* – Maretha Maartens (tweede).
- *Uit die Skatkamer van God* – Solly Ozrovec (vierde).
- *Met God op pad!* – Solly Ozrovec, Maretha Maartens en ander (vyfde).
- *Die Rykdom van Sy Genade* – Solly Ozrovec (sewende).

² Vergelyk Christelike Uitgewersmaatskappy (1995:10) en Valentine (1997:8).

- *Maak My Anders, Here!* – Maretha Maartens (agste).
- *Tyd saam met God* – Solly Ozroech (negende).

Die ander twee boeke is:

- *Gee my liefde Here* – Maretha Maartens, (Struik Christelike Boeke, derde).
- *Motte en Magrietjies* – Maretha Maartens, (Lux Verbi, tiende).

Marita van der Vyver se gewilde sekulêre boek, *Die dinge van 'n kind*, was sesde. Volgens Els (1995:6) is dié Christelike boeke almal “ligte Christelike boeke met dag- en troosstukke”.

Gedurende 1996 het Solly Ozroech se Bybelse dagboeke telkens op die CNA se blitsverkoperlys verskyn:

- Maart:
- *Deur Gods liefde ontsluit – 'n Bybelse dagboek* (Struik Christelike Boeke, vierde).
 - *Toegewy aan God* (CUM, agste).

- Mei:
- *In die holte van God se hand* (CUM, sesde).
 - *Toegewy aan God* (CUM, agste).

- Julie:
- *In die holte van God se hand* (CUM, sesde).

- September:
- *In die holte van God se hand* (CUM, agste).

- November:
- *Op vlerke van geloof* (Lux Verbi, eerste).
 - *In die holte van God se hand* (CUM, tiende).

Uit blitsverkoperlyste van 1997 blyk Maretha Maartens en Solly Ozroech steeds gewilde skrywers van Christelike boeke te wees. Vergelyk:

- Maart:
- *Maak my 'n fontein vrou, Here!* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke, tweede).
 - *Op vlerke van geloof* (Solly Ozroech, Lux Verbi, derde).

- Mei:
- *Op vlerke van geloof* (Solly Ozroech, Lux Verbi, sewende).

- Julie:
- *Op vlerke van geloof* (Solly Ozroech, Lux Verbi, agste).

- September:
- *Ruitevrou* (Maretha Maartens, Carpe Diem, eerste).

Een van die grootste redes vir die opbloei in die verkope van Christelike boeke is, volgens Els (1995:6), die gehalte van die inhoud sowel as die voorkoms. Dit word só mooi en professioneel

aangebied (in heelwat gevalle beter as sekulêre boeke) dat lesers dit graag wil koop – vir hulle self of as geskenke vir iemand anders. Christelike boeke is dus oor die algemeen sowel tipografies as vakkundig en inhoudelik goed versorg en word op die Christelike mark toegespits (Pienaar, 1997:4). Uitgewers en handelaars praat op die hoogtepunt van die bloeitydperk van “'n dramatiese styging en 'n nuwe mark wat oopgegaan het. Sommige boeke is binne 'n jaar twaalf keer herdruk” (Wiese, 1995b:13).

Van die opvallendste kenmerke van die ontploffing in verkope is dat dit verband hou met 'n nuwe geestelikheid in die land, dat ligter boeke die gewildste is, en dat dieselfde nie met Engelse boeke gebeur nie (Wiese, 1995b:13).

Volgens Wiese (1995b:13) het Christelike boeke groot besigheid geraak waarin gewilde skrywers aardige bedrae verdien. Van *Uit die skatkamer van God* is in 1995 al meer as 65 000 eksemplare teen ongeveer R50,00 verkoop. Van *Gee my liefde, Here!* (Maretha Maartens) is al meer as 35 000 verkoop. Pienaar (1997:10) meen dat die mark vir godsdienstboeke in Suid-Afrika tans meer as R40 miljoen per jaar beloop. Spies (vgl. Els, 1995:6) is van mening dat baie mense 'n geestelike krisis beleef onder die nuwe bedeling in Suid-Afrika; boeke wat help om dié krisis die hoof te bied, vervul dus 'n markbehoefte. Dié uitgangspunt word bevestig deur dr. Jannie Botha, hoof, godsdienstboeke, van die uitgewery J.L. van Schaik: “Hoe moeiliker die landsituasie word, hoe meer soek mense stewige leesstof wat hulle geloof in God, hul medemens en hulself kan versterk” (vgl. Pienaar, 1997:10). Volgens Le Roux (1997:7) wil dit voorkom of geen uitgewer of fyn reklameset die behoefte kunsmatig help skep het nie. Dit blyk dat dit 'n spontane vraag is wat by die lesersgemeenskap self ontstaan het. Uit hierdie oogpunt is dit duidelik dat die publisering van Christelike boeke nog nooit tevore soveel potensiaal getoon het as juis in hierdie klimaat nie. Al meer mense besef die waarde van Christelike leesstof – en in 'n toenemende mate het mense die behoefte aan Christelike leesstof. Juis hierdie nuutgevonde potensiaal van die Christelike boek maak die uitdaging vir almal betrokke in die Christelike boekebedryf soveel groter:

It is imperative that Christian publishers around the world excel in the *editorial and production quality* of their publications. We live in an era in which trade barriers are breaking down; books can now be imported and exported with less trouble. For the book buyer and reader, this is good because it increases the available choices of titles on the market (Lim, 1996:4, my kursivering AK).

2.3 'n Bloeiende Christelike boekemark versus 'n vervlakking in die geestelike boek

Die dilemma wat tans in die mark ondervind word, is dat 'n voornemende leser/koper gekonfronteer word met Afrikaanse Christelike tekste met treffende buiteblaaie en titels, maar waarvan die inhoud, hoewel taalkundig goed versorg, kwalitatief onder verdenking staan. “Dit het die in-ding geword om geestelik te skryf. ... [D]it het ... geweldig lonend geword om godsdienstig

te ... skryf ... Daar is Christelike uitgewers wat in huise soos paleise woon ... skrywers wat skrikwekkend ryk word van geestelik skryf" (Le Roux, 1997:7).

Selfs skrywers meen dat daar te veel Christelike boeke verskyn, dat die *inhoudelike kwaliteit* van sommige tekste veel te wense oorlaat (vgl. die navorsingsresultate in 6.5), en hulle motiveer dit soos volg:

- Baie (Afrikaanse Christelike boeke) [is] net vervelig en oppervlakkig.
- [Daar verskyn] (t)e veel op sekere gebiede, byvoorbeeld te veel dagboeke.
- [Daar verskyn] (t)e veel geskenkboeke – wie lees dit ooit? Te min verskeidenheid skrywers, te veel [boeke] van [’n] paar skrywers.
- Party [boeke] is nie teologies verantwoord nie.
- Baie [Christelike boeke] is baie lig.
- Die [Christelike] publikasies neem jaarliks toe, terwyl die aantal lesers min of meer dieselfde bly.
- Te veel [Christelike boeke] in Afrikaans. Uitgewers ding mee op beperkte mark.
- Daar is klaarblyklik ’n behoefte. Die kwaliteit is net nie altyd hoogstaande nie.
- Dit vervlak die mark.

Op ’n vraag in ’n uitgewersvraelys (vgl. die navorsingsresultate in 6.3.4.5) oor sake rakende skrywers, manuskripte, die boekemark en die versorging van tekste het ’n respondent soos volg oor die uitgewersmark, skrywers en manuskripte gereageer:

- [Daar is ’n] (g)ebrek aan werklik diepgaande en lewensveranderende kontekstuele inhoud. Bestaande "diepgaande" tekste is dikwels ontoeganklik geskryf vir die gewone leser.
- [Daar is ’n] (g)ebrek aan praktiese materiaal [en’n] ooraanbod van die teoretiese.
- [Onrusbarend is die] (e)ng markgerigtheid van skrywers. Dit behoort die breër gelowige mark aan te raak, saam te bind en *toe te rus* (respondent se kursivering) vir hedendaagse lewenswerklikhede.

Van der Merwe (1997:8) spreek hom soos volg uit oor die Christelike boekemark: " ... die baie geestelike troosboekies deesdae wat ... soos sneesdoekies nat oë en loopneuse afvee (en daarna weggegooi word)."

Dit wil dus voorkom of dié bloeiende geestelike mark ’n vervlakking in die geestelike boek te-weeggebring het. Selfs in die media word die besorgdheid uitgespreek oor die aard van die inhoudelike kwaliteit van geestelike boeke (vgl. Pienaar, 1997:4).

Volgens Van Niekerk³ is die volgende aspekte verantwoordelik vir die vervlakking van die geestelike boek:

³ Faksmededeling van dr. André van Niekerk, bekende resensent van Christelike boeke, skrywer en teoloog.

- *Die uitleg van Die Bybel.* Die Bybel word verklaar sonder behoorlike kennisname (deur skrywer) of kennisgewing (aan lesers) van die oorspronklike konteks. Verskille tussen Bybel-skrywers word ontken en oënskynlike ooreenkomste tussen begrippe word gebruik om hulle as "enersdenkendes" te bestempel. Tekskeuses word so gedoen om die huidige populêre spiritualiteit te ondersteun. Terwyl die meeste Bybelse gegewens "twee-polig" is, word die spanning vermy of nie raakgesien nie. Dit word soms selfs geharmoniseer deur geforseerde betekenis toe te dien.

Die kuns om die teenstelling as kreatiewe pole te hanteer, word deur min baasgeraak. Moontlik is dit deels daaraan te wyte dat kreatiewe teoloë nie maklik skryf nie en andersom. Kortom: die boek van ons tyd verarm die boodskap van *Die Bybel* en skep 'n menslike, verwaterde weergawe daarvan.

- *Die vorming van Godsbeelde.* Indien *Die Bybel* sonder om *Die Bybel* se eie aard in ag te neem, uitgelê word, ontwikkel 'n bepaalde eensydige persepsie van God by mense. God word oorvereenvoudig. Sy misterie verdwyn ten gunste van maklike menslike interpretasies. Die Here Jesus word sommer Jesus en die Heilige Gees ons eie godsdienstige gees. *Die Bybel* gebruik beelde om God en verlossing te verduidelik. Van die beelde is moeilik verstaanbaar in ons konteks. Dat God ons losgekoop het, verwys byvoorbeeld na die slawehandel van destyds en die metafoor word oorspan wanneer die "duiwel" bygetrek word. Die metafoor se krag word ontken deur dit as werklikhede te hanteer.
- *Die kweek van teleurstelling.* Deur nie behoorlik *Die Bybel* se ryklik geskakeerde beelde en verhale oor God te begryp nie, maar dit as enkele dogmatiese feite voor te hou, word 'n aantreklike supermarkgodsdien geskep wat in goeie tye veel belooft, maar uiteindelik teleurstel soos Job se vriende. Die resepmatige godsdien wat aangebied word, verveel mense later en onder druk van lyding help dit nie eens denkende mense om te ontvlug nie. Wie nie bereid is om godsdien soos 'n dwelmmiddel in te neem nie, is "verlore".
- *Die verwaarloosing van die profetiese.* Die boeke is meestal gerig op die mikromoraal- en weinig op die makromoraal-sake wat mense sal vies maak om te hoor. Die uitdagings is meestal gerig op "klein sondes" wat nie veel neem om te herstel nie. Die groot lewensprobleme (armoede, natuurbewaring, oorbevolking, nuwe seksuele verbintenisse) word nie aangeraak nie en indien wel, meestal om afkeuring te versterk en nie begrip en daarom ook alternatiewe te kweek nie. Hieragter skuil die Griekse dualisme wat tussen siel en liggaam, geestelik en vleeslik 'n onderskeid maak. Ekologie is minder belangrik as gebed. *Die Bybel* wil die sake nie teenoor mekaar stel nie.
- *Die skepping van die sensasionele.* Die buiteblaaie en opskrifte herinner aan *Huisgenoot*. Op die kort termyn kom 'n blitsverkoper tot stand, maar op die lang termyn is dit 'n uitverkoper van deurdagte geestelike opbou.

- *Monetêre waardes is deurslaggewend.* Die lesers van poniekoerante kry die skuld vir Diana [Prinses van Wallis] se dood, want hulle wou die koerante koop met die foto's van die paparazi! Wie dra die verantwoordelikheid om te verseker dat mense nie geestelike babakos inkry nie? Indien die pasiënt aandrang op poeiers wat die simptome sal verlig, maar op die lang termyn nierskade veroorsaak, sal die dokter 'n keuse moet maak tussen die heersende monetêre waardes (behou pasiënt en sy geld) en professionele waardes (gee wat vir die pasiënt die beste is al sou hy wil loop).

Hy meen voorts dat die [Christelike boeke-]mark versmoor word en 'n vroeë dood sal sterf of ten minste baie sal verklein. "Ek ken min werklike gesoute lesers wat meer as twee boeke van populêre godsdiensskrywers sal lees. Die teologie van die boeke is eentonig, dit is net die anekdotes wat verskil. Indien mense gaan agterkom mense waardeur CD's meer as geskenke as ongeleesde boeke, gaan die mark val."

Dit is ook duidelik dat die statistiek aandui dat dié bloeitydperk besig is om 'n afplatting te beleef. Christelike boeke op 1994-1996 se blitsverkoperlyste (vgl. statistiek op p. 9-10) is opvallend meer as dié van 1997: twee in Maart, en slegs een elk in Mei, Julie en September. Dit is ook opvallend dat dit twee spesifieke skrywers se boeke is.

Voorts wéét enige teksversorger in die Christelike uitgewersbedryf uit ervaring en soos bewys uit die navorsingsresultate (vgl. 6.3 en 6.4) dat sommige skrywers te gemaklik op hulle louere rus ten opsigte van veral taalversorging en redigering van tekste omdat dit die teksversorger se werk is om die teks in alle opsigte vir publikasie gereed te maak. Dit is ironies dat gewilde skrywers wie se boeke in hulle duisende verkoop oënskynlik as goeie skrywers bekend staan terwyl dit die teksversorger is wat hierdie beeld van skrywers skep. Die ware toedrag van sake, die kwaliteit van taalgebruik en styl in tekste, word in hoofstuk 4 weerspieël. *Die goeie beeld van die skrywer is dus meermale te danke aan goeie teksversorging en redigering.* Die rol van die teksversorger in die redaksionele opset in die Christelike uitgewery word in hoofstuk 5 bespreek.

Uit die voorafgaande inleidende bespreking kan die stelling gemaak word dat Christelike uitgewerye 'n vraag-en-aanbodmark skep deur die verspreiding van aantreklike, goed versorgde en populêre boeke met 'n (oënskynlike) geestelike strekking.

Hiervolgens is die doelstelling van hierdie hoofstuk om:

- te bepaal wat 'n Christelike boek is, en
- in 'n situasie-analise ter wille van die konteks van die skripsie aan te toon watter Christelike uitgewersmaatskappye rolspelers is in die suksesverhaal van Afrikaanse Christelike boekverkope.

2.4 Die essensie van die teologies verantwoordbare Christelike boek

Volgens Hennie Stander⁴, professor in die departement Antieke Tale aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van Afrikaanse Christelike boeke en artikels asook medeskrywer van boeke wat op internasionale vlak gepubliseer word, dek die term "Christelike boek" 'n groot verskeidenheid boeke. Sommige van hierdie boeke het ten doel om die gelowige op praktiese vlak te steun in sy geestelike lewe. Ander poog weer om die fokus op die Skrif te laat val en om dit duideliker te maak. Ander boeke kan ook bloot die Skrif self in meer verteerbare vorm bevat. Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan maklike Bybelvertalings soos die *Lewende Bybel*, of aan *Die Bybel in Praktyk*, of selfs *Die Eenjaarbybel*. Maar dit is nie net populêre boeke wat as geestelike boeke bestempel moet word nie. 'n Mens kan dié term ook gebruik vir populêr-wetenskaplike boeke, en bes moontlik ook vir wetenskaplike boeke.

Hy meen voorts dat dit egter verontrustend is dat so baie van die populêr-geestelike boeke die gelowige baie afhanklik maak en afhanklik hou. Die Skrif word deur die outeur "gekou" en dan word die gelowige hierdie gekoude kos gevoer. Hier dink 'n mens byvoorbeeld onwillekeurig aan die baie dagboeke. Daar is 'n ernstige behoefte in die populêr-geestelike mark aan boeke wat gelowiges toerus om self op 'n verantwoordelike wyse met die Skrif om te gaan. Die gelowige moet opgelei word om self te gaan kou aan die kos.

Jan du Rand⁵, professor en Nuwe-Testamentikus, Departement Bybelkunde, RAU, laat hom soos volg uit oor die Christelike boek, Christelike boekemark en uitgewers:

Enige geestelike boek reflekteer 'n bepaalde dieptestruktuur wat bepaal word deur die sosio-logiese, psigologiese, ekonomiese en politieke omstandighede van die tydperk waarin dit geskryf is. Vanuit 'n resepsieperspektief reflekteer die teks dus die situasie van die lesers daarvan. Indien die teks die bedoelde leser wil raak, moet dit dus grondig tot sy situasie spreek.

'n Oppervlakkige suiglekkermetode waar basiese emosies en geestelike behoeftes slegs met simplistiese argumentasie hanteer word, is onbevredigend. Daarom is die tipiese geestelike bedoeling om te sê dat God in beheer is en dat die gelowige niks te vrees het nie, 'n ooreenvoudige oplossing van die situasie en spreek sulke oppervlakkige geestelike boeke nie meer tot lesers nie, selfs nie eens meer op die vlak van dagboeke nie.

Veral dagboeke moet bevatlike maar diepgaande, betekenisvolle bydraes bevat. Die dagboek as literatuuraanbieding (genre) is nie noodwendig bestem om simplisties te wees nie.

⁴ Mededeling per faksboodskap aan outeur, gedateer 19 Augustus 1997.

⁵ Na aanleiding van 'n telefoongesprek en weergegee per faks, gedateer 19 Augustus 1997. Oorspronklike kopie in besit van outeur.

Daarom moet dit diepliggende teologiese sake verantwoord en aktueel aangebied word.

Die vervlakking in geestelike lektuur het grotendeels te doen met die herhaling van dieselfde temas, aangebied op 'n simplistiese manier wat lesers dikwels irriteer omdat dit nie tred hou met hulle wesenlike behoeftes nie. Die resultate van dié proses is reeds sigbaar in die verkommersialisering van die sogenaamde "behoefte" wat die lesersgemeenskap sou hê.

Nou blyk dit dat dié behoeftes van Christenlesers reeds dieper lê én verstaan word; daarom moet dit beantwoord word met 'n dieper teologiese aanbieding. Dit kan nog bevatlik en boeiend wees, maar moet waak daarteen om die mentaliteit van die deursneeleser van Afrikaanse geestelike lektuur te onderskat.

Die hele geestelike mark word as 'n geheel bevredig deur mense wat met gekommersialiseerde motiewe skryf. Uitgewers moet hulle voortbestaan verseker; daarom is 'n sogenaamde "wenresept" gepatenteer, nie deur teoloë nie, maar deur uitgewers wat die winsmotief voorop stel.

Dit is 'n pretensieuse aanspraak wat uitgewers op die Afrikaanse geestelike leserspubliek het, terwyl dit bloot 'n onderlinge kommersiële kompetisie is. Daar is 'n beperkte lesersmark en dié is oorontgin. Al is daar 'n groot behoefte aan geestelike lektuur moet die teologies-wetenskaplik en besinnend aangebied word. Komersiële oorweging behoort nie hoofsaaklik as oorweging gebruik te word nie. Die opvoeding van die lesende Christelike publiek behoort in die brandpunt te staan van enige skrywer-uitgewer-alliansie.

Volgens dr. Johan Cilliers⁶, self 'n bekroonde skrywer en mede-aanbieder van die Christelike afdeling van die ATKV-skryfskool, PU vir CHO (vgl. Pienaar, 1997:4) is die essensie van die Christelike boek dat dit enige boek is wat help om die onsienlike God beter te sien. Hierdie aspek moet in ag geneem word by die evaluering en keuring van die Christelike boek. Dit beteken dat die klem steeds op God moet val en dat 'n skrywer moet waak teen moralisme wat die hoofrede is vir die moontlike vervlakking in Christelike boeke. Moralisme beteken dat die aandag weggelei word van God na die mens, dat die godsdienstige mens veredel word deur middel van 'n morele verbetering wat hyself uit die reserwes van sy eie religieuse potensiaal kan aanbring. Cilliers meen ook dat uitgewers eerder markgerig as evangeliegerig is en só 'n vraag-en-aanbodmark skep wat gerig is op loketwinste eerder as op die verspreiding van die evangelie.

Uitgewers se strewe na loketwinste kan juis die bedryf knou indien hulle soveel moontlik, en nie noodwendig inhoudelik goeie manuskripte uitgee nie. Nuwe talentvolle skrywers blyk dun

⁶ Dr. Cilliers is die wenner van die CUM-Afrikaans Stereo-skrywerskompetisie, 1996. Sy uitspraak is vervat in 'n faksboodskap, gedateer 22 Julie 1997.

gesaai te wees; telkens verskyn tekste met bekende "verkoopsname", wat oënskynlik deur die leserspubliek opgeslurp word: "Ons weet die name Solly [Ozrovech] en Maretha [Maartens] gaan verkoop. Ons huiwer nie om hulle aan te koop nie" is die kommentaar van 'n boekaankoper (vgl. Wiese, 1995b:13). Uit die navorsing blyk dat uitgewers hierdie bekende skrywersname hoog op prys stel: naas goeie inhoud (27%) en aktualiteit (24%) is 'n vooraanstaande skrywersnaam en goeie taalgebruik (beide 14%) die belangrikste kriteria verbonde aan die keuring van manuskripte. (Vgl. hfst. 6.)

Die verantwoordelikheid vir die daarstelling van kwaliteittekste lê egter steeds by die uitgewer:

Christelike uitgewers moet die ruggraat van die Christelike boekebedryf bly. Die primêre motivering vir die keuring van 'n manuskrip bly gehalte van inhoud. Dit bly die uitgewer se verantwoordelikheid om net uitstekende kopie te aanvaar. Dis hulle plig teenoor God en hulle lesers.⁷

'n Mens vra jou dan af of gehalte wel weerspieël kan word in byvoorbeeld die groot aantal Bybelse dagboeke van veral dieselfde skrywers (vgl. 2.1) wat van jaar tot jaar gepubliseer word?

Die volgende uitgewerye is in die Christelike boekemark in Suid-Afrika geïdentifiseer.⁸

2.5 Die rolspelers in die Christelike uitgewersbedryf

2.5.1 Christelike Uitgewersmaatskappy⁹

Christelike Uitgewersmaatskappy is een van die leidende uitgewers van Afrikaanse Christelike literatuur in Suid-Afrika. Sy boeke verskyn gereeld op die Afrikaanseiefiksie topverkoperlys (vgl. 2.1).

Die volgende vyf aspekte geniet die uitgewery se aandag:

- *Missie* – om getrou te bly aan hulle roeping, naamlik om die boodskap van die evangelie aan lesers oor te dra.
- *Skrywer* – om in vennootskap met skrywers markgerigte produkte te publiseer.

⁷ Mondelinge mededeling van ds. J.C. Schoeman, uitgewer Carpe Diem Boeke.

⁸ Afgesien van die uitgewersvraelys (vgl. die bylaag) is 'n kort vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis van die maatskappy en sy visie en missie ook aan uitgewers gestuur en/of gefaks. Sommige uitgewers het meer gereedlik op die vraelys gereageer as ander, en sommige uitgewers was onwillig om verdere inligting beskikbaar te stel.

⁹ Inligting verkry en aangepas uit 'n CUM-bylae in *Die Kerkbode*, 4 Februarie 1994.

- *Produk* – om boeke van hoogstaande gehalte te publiseer, wat inhoud sowel as voorkoms betref.
- *Leser* – om lesers se behoeftes betreffende geestelike lektuur te bevredig.
- *Reklame* – om die nodige publisiteit van Christelike boeke te bevorder.

CUM is in 1939 deur mnr. Freddie Crous gestig en is dus alreeds vir meer as vyftig jaar 'n voor-
aanstaande uitgewer in die Afrikaanse Christelike boekemark. In Maart 1989 neem mnr. Chris
Johnsen, ook die besturende direkteur van Christian Art ('n maatskappy wat boeke van oor-
sese uitgewers asóók Christelike kaartjies en geskenkprodukte versprei) die uitgewery oor.

CUM beskik regdeur Suid-Afrika oor 'n uitgebreide bemarkings- en verspreidingsnetwerk vir
sy publikasies. Die maatskappy het 'n kliëntebasis van 850 kleinhandelafsetplekke in beide
die Christelike en sekulêre mark (bv. CNA en PNA).

Deur middel van omvattende fasiliteite wat menslike hulpbronne en rekenaartegnologie insluit,
word uiteenlopende redaksionele funksies soos onder meer die volgende verrig:

- Die setwerk van boeke.
- Die buitebladontwerp van publikasies.
- Die vervaardiging van kameragereedkopie vir drukwerk.

CUM se krag is geleë in die toegewydheid en bekwaamheid van gemotiveerde werknemers
sonder wie die doelstellings van die maatskappy nie bereik sou kon word nie. CUM handhaaf
'n gesonde verhouding met sy werknemers en bied geleentheid vir persoonlike ontwikkeling
in 'n stabiele werkkring.

Ten einde te voldoen aan die gesofistikeerde eise wat vandag se voortdurend veranderende
Christelike omgewing stel, word nuwe projekte voortdurend ontwikkel in samewerking met
toonaangewende skrywers.

Christelike Uitgewersmaatskappy het ook sy eie kleinhandelafdeling. 'n Mylpaal is in 1991 be-
reik toe 'n kleinhandelafdeling, bekend as CUM-boeke, gevestig word met die aankoop van
ses N.G. Kerkboekhandel-winkels. In 1992 betrek CUM-boeke kleinhandel groot winkelsen-
trums met die opening van winkels in Randburg, Westgate en Greenacres. Vandag bestaan
CUM-boeke kleinhandel uit dertien winkels, geleë in groot sentra, naamlik Durban (twee win-
kels), Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Randburg, Alberton, Potchefstroom, Nelspruit, Brakpan,
Krugersdorp, Westgate en Pretoria. CUM streef daarna om die Christengemeenskap en die
kerk te dien deur in die behoeftes van teoloë, predikante, Bybelstudente en musiek liefhebbers
te voorsien.

CUM loods jaarliks 'n skrywerskompetisie in samewerking met 'n openbare uitsaaier. Die kom-
petisie lewer letterlik honderde manuskripte op waarvan slegs enkeles die paal haal (en dan
ook gepubliseer word slegs nadat dit intensiewe teksversorging en redigering ondergaan het).

2.5.2 Lux Verbi¹⁰

Lux Verbi is in 1981 gestig as 'n sustersmaatskappy van N.G. Kerk Uitgewers, die oudste uitgewersmaatskappy in Suid-Afrika wat in 1818 tot stand gekom het. Lux Verbi beteken "lig van die Woord". Die maatskappy se missie is om God se Woord te versprei na alle mense. Hulle visie is om alle gelowiges en kerkgroepe te dien met die suiwer verkondiging van die Woord, om in almal se geestelike behoeftes te voorsien, en ook om handboeke en teologiese boeke aan predikante en studente te voorsien.

Lux Verbi se hele bestaan as Christelike uitgewer is gerig op diens aan gelowiges en gemeentes ten einde die koninkryk van God uit te brei. Saam met sowat 100 skrywers waak dié uitgewer teen vervlakking van die Christelike boeke. Om dié ideaal te verwesenlik, het Lux Verbi die inisiatief geneem om sedert 1996 in samewerking met die ATKV-skryfskool van die PU vir CHO 'n skryfskool spesifiek vir die skryf van Christelike lektuur aan te bied. Hulle hoofdoelmerk met die skryfskool is om mense met 'n teologiese agtergrond te help om ou Skrifwaarhede nuut en anders te verwoord en om lesers wat nie teologies geskool is nie in te lig oor die grondliggende beginsels van Skrifuitleg. Lux Verbi is 'n "uitgewer wat jaloers waak teen die vervlakking" van Christelike boeke (Pienaar, 1997:4).

2.5.3 Bybelgenootskap van Suid-Afrika¹¹

Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is gestig na aanleiding van die verhaal van 'n klein dogtertjie, Mary Jones, wat met groot moeite geld bymekaar gemaak het en toe myle ver uit Wallis gestap het om vir haar 'n Bybel te gaan koop. Dit het die kerkgemeenskap so aangegryp dat die Genootskap in 1820 in Engeland gestig is.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is op 23 Augustus 1820 in Kaapstad gestig as 'n tak van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap wat 16 jaar tevore in Londen ontstaan het. Op 1 November 1965 het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n outonome, selfversorgende organisasie geword.

Die Bybelgenootskap het die unieke doel om *Die Bybel* aan elke mens beskikbaar te stel in sy eie taal en teen 'n bekostigbare prys. Dié organisasie is ook die enigste organisasie in Suid-Afrika met hierdie doel. Dit word bereik deur middel van vertaling, publikasie en verspreiding, en tussen drie en vier miljoen Bybels en -gedeeltes word jaarliks in Suid-Afrika gedruk en versprei.

In samewerking met kerke ondersoek die Bybelgenootskap die behoefte aan nuwe vertalings

¹⁰ Inligting verkry van 'n vraelys wat aan die uitgewer gestuur is en 'n promosieblad in die *Algemene Kerkbode*, 9 Junie 1995, deel 155 (20):7.

¹¹ Inligting verkry van 'n vraelys wat aan die Bybelgenootskap gestuur is, onderteken deur G.J. Scheffler gedateer 13 Maart 1997, asook 'n pamflet *Waar kom ons Bybels vandaan?*

en hersienings, lei vertalers op, beplan en koördineer vertalingsprojekte waarby voltydse sowel as deeltydse vertalers betrokke is.

Die Bybelgenootskap is hoofsaaklik verantwoordelik vir die publikasie van Bybels en Bybelge-deeltes in al die amptelike tale wat in Suid-Afrika gepraat word.

Die organisasie subsidieer Bybels en bemark dit deur die kerk, handel, algemene en Christelike boekhandelaars, onderwysdepartemente en gespesialiseerde dienste soos die beskermings-dienste, hospitale en gevangnisse.

2.5.4 Evangelie Uitgewers¹²

Evangelie Uitgewers is in ongeveer 1957 gestig toe die AGS van SA se hoofkantoor 'n behoefte gehad het om kerklike skryfbehoeftes soos kasboeke en kwitansieboeke aan die sowat 300 ge-meentes te stuur vir hulle administrasie. 'n Drukkery is begin en daaruit is Evangelie Uitgewers gebore. Met die amalgamering van die swart, bruin, Indiër- en blanke gemeentes, bedien hulle tans meer as 650 gemeentes en die meeste Christelike boekhandelaars regdeur Suid-Afrika.

Mnr. Paul Kleynhans het die uitgewery in Februarie 1996 by die AGS-hoofkantoor oorgeneem. Sy motivering is:

Om die kerk te dien deur middel van verspreiding van ... boeke en om my roeping te vervul wat God aan my opgedra het deur sy Woord te versprei. Die Christelike boekhandel is 'n "kerk" – dis 'n bediening. Ons wil God se Woord uitdra omdat Hy ons Verlosser is en omdat ek Hom liefhet. As sy bloed my nie deelagtig geword het nie, sou dié slegs 'n werk gewees het, maar nou is ek besig met ewigheidswerk wat mense se lewe verander. Mag my kliënte Jesus altyd in my sien.

Met die skeiding van AGS Drukkers en Evangelie Uitgewers, gee hierdie uitgewery slegs teo-logiese boeke uit wat vir kolleges geskryf en versorg is deur teoloë met taalkundige agtergrond. Manuskripte van minder goeie gehalte word nie aanvaar nie. Skrywers wat reeds boeke ge-skryf, verwerk of gedruk het en 'n uitgewer/groothandelaar soek, word geakkommodeer mits die inhoud van die boek nie hul teologiese siening negatief beïnvloed nie. So 'n boek word dan deur die uitgewer self goedgekeur en versprei.

2.5.5 Bybel-Media¹³

Bybel-Media dryf onder meer handel as Bybelkor, Protea Uitgewers, Hugenate Uitgewers,

¹² Inligting verkry by mnr. Paul Kleynhans, uitgewer, na aanleiding van die vraelyste wat aan hom gestuur is.

¹³ Inligting verkry per faks van W.J. Botha, hoof: produksie Bybel-Media, gedateer 15 Maart 1997 na aanleiding van 'n vraelys wat aan die uitgewery gestuur is, asook fakse wat van ds. Claude Vosloo ontvang is, gedateer 1, 5 en 7 Augustus.

Mema-Media, Gospel Recordings, Hugenote Bybelinstituut en Nehemia Bible Institute (NBI). Die maatskappy is in 1971 gestig. Volledige besonderhede oor die ontstaan van die maatskappy is vervat in die Acta van die Kaapse Sinode, 1969.

Bybelkor staan vir "Die Bybelkorrespondensie- en skolingskursusse van die Nederduitse Gereformeerde Kerk". Dit het tot stand gekom as gevolg van 'n besluit van die sinode van Wes-Kaapland in Oktober 1969. Bybelkor sou voorsien in die behoefte aan Bybelstudie- en skolingsmateriaal vir gebruik deur gemeentes, ampsdraers en lidmate. Bybelkor was aanvanklik 'n afdeling van die Hugenote Kollege (die NGK se inrigting vir die opleiding van kerklike werkers) en is daarom op Wellington gevestig.

Bybelkor is in April 1980 as 'n Artikel 21-maatskappy (ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk) geregistreer. Dit funksioneer tans onder die toesig van die Algemene Kommissie vir Kerklike Media (AKKM). Bybelkor werk op die terrein van die kerklike media saam met Mema-Media (elektroniese media).

Die missie van die maatskappy is soos volg:

Bybelkor wil aan almal (lidmate van die Ned.Geref. kerk en die Ned.Geref kerk-familie, ander kerke en nie-Christene binne en buite die RSA) deur middel van hoofsaaklik gedrukte Bybelstudie, skolings- en evangelisasiemateriaal wat vir almal bekombaar, bekostigbaar, aantreklik en aktueel is, die evangelie van Jesus Christus op 'n doeltreffende manier oordra sodat hulle God en die naaste sal ken, liefhê en dien.

Wat werkwyse betref, het Bybelkor veral drie belangrike take:

- Bybelkor stel Bybelstudiegidse beskikbaar om gelowiges te help om *Die Bybel* meer sinvol te bestudeer. Daar is gidse in dagboekvorm vir persoonlike stiltetyd. Bybelkor het ook 'n hele aantal gidse vir groepstudie.
- Die tweede groot taak van Bybelkor is om skolingsgidse uit te gee om lidmate vir hulle dienswerk in die gemeente toe te rus. Daar is kursusse vir ouderlinge en diakens, kategete en sendingwerkers en vir almal wat die Here en hulle medemens op die een of ander manier beter wil leer dien.
- Bybelkor het ook 'n derde taak: om die evangelie van Jesus Christus met krag uit te dra. Hiervoor word gidse in tien verskillende tale uitgegee.

Bybelkor gee dus kerkgeoriënteerde Bybelstudies en Bybelkursusse uit. Protea Uitgewers spits hom toe op Christelik-populêre tekste en geestelike romans, terwyl Hugenote Uitgewers konsentreer op tekste met 'n akademiese inslag. Die Hugenote Bybelinstituut is Bybel-Media se skolingsafdeling wat hom daarop toelê om tekste te publiseer vir Bybelgefundeerde hoër onderrig. Die Nehemia Bible Institute (NBI) publiseer tekste wat informele teologiese opleiding bied aan swart, inheemse kerke.

Bybel-Media is 'n werksaamheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat alle mense met die boodskap van *Die Bybel* bedien deur 'n verskeidenheid media daar te stel en te versprei.

2.5.6 Struik Christelike Boeke¹⁴

Struik Christelike Boeke was oorspronklik 'n Sondagskoolsentrum, groothandelaar en kleinhandelafset wat deur Struik gekoop is en in 'n uitgewery ontwikkel is.

Volgens Rhonda Crouse, uitgewersbestuurder, maak die maatskappy meestal gebruik van vryskutteksversorgers. Die maatskappy is een van die min uitgewerye in Suid-Afrika, indien nie die enigste nie, wat op die imprimatuurbladsy van 'n gepubliseerde teks erkenning gee aan die betrokke teksversorger en tipograaf.

Die motivering vir die bestaan van die maatskappy is:

- *To be a company committed to the promulgation of the gospel via good Christian books and to be the finest publisher and distributor of these products to the widest possible market.*
- *To provide opportunities for growth and development of our human resources and recognise and reward performance.*

2.5.7 Die Christelike Lektuurfonds (CLF)¹⁵

Dié fonds is in 1957 gestig om te dien as befondsingsinstansie vir die Nederduitse Gereformeerde Sendinguitgewers (gestig in 1948 en tans CLF Uitgewers) met die volgende missiestelling: "Om diens te lewer ter verskaffing en verspreiding van Christelike lektuur aan die volke van Afrika en die wêreld." Newedienste sluit in CLF Drukkery (oorspronklik NG Sendingpers), CLF Uitgewers en CLF Fondswerwing.

CLF Drukkery (NG Sendingpers), is in 1948 gestig deur die destydse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk om drukwerk vir die sendingkerke te doen. In 1966 is die hele CLF en die Uitgewers na die Nederduitse Gereformeerde Kerk oorgedra met die oog op die uitbouing en administrasie van die fonds. Die drukkery tree tans op as drukkers vir CLF Uitgewers, die Algemene Sinodale Jeugkommissie (AJK), kerke, gemeentes, en buite-instansies. Interkerklike drukwerk word teen gesubsidieerde pryse gedoen.

Die uitgewery het in 1958 ontstaan as die Nederduitse Gereformeerde Sendinguitgewers

¹⁴ Inligting verkry vanuit 'n vraelys wat aan die uitgewer gestuur is. Die missiestelling is slegs in Engels.

¹⁵ Inligting verkry uit 'n brosjure wat van CLF Uitgewers ontvang is.

(tans CLF Uitgewers) met die doel om op te tree as die publikasie-afdeling van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke. Hulle was verantwoordelik vir die verkryging, ontwikkeling en publikasie van geskikte manuskripte. Die uitgewery is daargestel om uitvoering te gee aan die missie van die CLF as amptelike organisasie vir die daarstelling en verspreiding van Christelike lektuur.

Publikasies sluit in:

- Die amptelike publikasies van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (VGKSA): *Die Hosanna Gesangboek* (ses tale), *Die Kategeseboek* (ses tale), Sondagskoolmateriaal in agt tale, *Die Formulier- en Belydenisskrifteboek* (ses tale). *Die Formulierboek* word uitgegee in samewerking met die Gereformeerde Kerke en die Hervormde Kerk in Afrika.
- Christelike publikasies soos onder andere Bybelstudies, Kinderbybels, toerustingsmateriaal, ouer- en kinderopvoeding, boeke oor die huwelik en gesin, oor gebed, biografieë, kommentare, die kerklike jaar, kleuter- en jeugboeke, kerklike hulpmateriaal, sendinginligting, 'n jaarlikse Bybelleeskalender, troos- en ander tipe geestelike boekies. Publikasies word in vyftien verskillende tale uitgegee.
- CLF publiseer en versprei op aanvraag jaarliks ongeveer vyf miljoen gratis traktaatjies plaaslik en suid van die ewenaar, asook na die Ooste en Europese lande. Dit sluit 'n wye verskeidenheid in, spesiaal vir siekes en hospitaalgebruik. Sterk klem val op troos, versterking en geestelike bemoediging. Gevangenislektuur word ook versprei.

In die verskillende taalgroepeerings hou CLF gereeld werkwinkels met sendelinge en leraars waar nuwe lektuur (traktaatjies en boekies) volgens behoefte beplan, geskryf, vertaal en persgereed gemaak word. Op dié manier bly hulle op hoogte van behoeftes en bou hulle goeie verhoudings met leiers in die kerk. In baie gevalle is die werkwinkels ook die ideale plek om aan die opleiding van veral ontwikkelende swart skrywers aandag te gee. Skrywersopleiding sal in die toekoms 'n al groter en prominenter rol speel, veral wat die skryf in die eie Afrika-idioom betref.

Die uitgewery het 'n netwerk van medewerkers, soos skrywers, vertalers, proeflesers, kunstenaars en ander kundige persone wat hulle op 'n ad hoc-basis help om publikasies te ontwikkel en finaal voor te berei vir publikasie.

2.5.8 J.L. van Schaik Uitgewers¹⁶

Dié uitgewery is in 1914 gestig as Worms Boekhandel, 'n agentskap wat markgeleenthede raakgesien en benut het.

¹⁶ Inligting verkry van 'n vraelys wat aan die uitgewer gestuur is, en Pienaar (1997:10).

Die uitgewery publiseer in vier dissiplines:

- Algemeen: fiksie en niefiksie.
- Afrikatale: letterkunde.
- Akademies.
- Godsdienste boeke wat geselekteerd uitgegee word. Die klem val op boeke wat mense sal leer om weer *Die Bybel* te lees.

In 1996 het J.L. van Schaik sy fondslus (voorraadlus) van woordeboeke afgestaan aan Pharos, Nasionale Boekhandel se nuwe woordeboekuitgewery. Om die inkomstegaping te begin vul, is onder leiding van die hoofbestuurder van J.L. van Schaik, George Louw, besluit om 'n volwaardige afdeling godsdienste boeke op die been te bring.

Hoewel dié uitgewery in die verlede wel godsdienste boeke uitgegee het, was dit nooit die fokuspunt nie. Die uitgewery wil boeke uitgee wat 'n positiewe bydrae lewer tot die Afrikaanse Christelike literatuur. Dit sluit dus Christelike boeke uit wat daarop gemik is om mense onnodig te skok, die harnas in te jaag of wat 'n sterk politieke kleur het. Die uitgewer gaan van die veronderstelling uit dat vooruitstrewende teologiese standpunte nie noodwendig 'n negatiewe faktor is nie (vgl. Pienaar, 1997:10).

2.5.9 Human en Rousseau¹⁷

Mnr. J.J. (Koos) Human is in 1956 aangestel as bestuurder van die Afrikaanse Pers Boekhandel. Kort daarna het hy en Leon Rousseau besluit om 'n eie, nuwe uitgewery te begin.

Die uitgewery verbind hom tot:

- die publikasie van gehalte boeke vir die algemene mark;
- die lewer van die beste produkte en gehalte diens aan klante;
- lojaliteit aan skrywers, medewerkers en aandeelhouers;
- 'n werkswyse en produkte wat 'n beeld uitdra waarmee alle belanghebbende hulle graag wil vereenselwig;
- groei en vooruitgang deur voortdurende vernuwing, en
- die vrye verspreiding van inligting en idees.

Die uitgewery publiseer in 'n mindere mate Christelike tekste, veral inter-denominale geestelik-inspirerende tekste, Kinderbybels en kinderboekies. *Die Bybelkoerant – nuus uit die Bybel vir vandag* van Jaco Thom is onlangs deur dié uitgewery uitgegee.

¹⁷ Inligting verkry uit vrae wat aan die uitgewer gestuur is, onderteken deur Linette Viljoen, redakteur: niefiksie, en in 'n telefoniese gesprek, 6 November 1997.

2.5.10 Carpe Diem Boeke¹⁸

Carpe Diem Boeke het in Julie 1996 tot stand gekom onder die inisiatief van Coenie Schoeman. Dié uitgewer was voorheen werksaam by 'n ander Christelike uitgewery vir ses jaar, die laaste paar jaar as direkteur van publikasies. Dié uitgewery wil spesialiseer en op sekere teikenmarkte soos vir die vrou en die tiener konsentreer. Die Prisma Boekklub is byvoorbeeld spesiaal gemik op die Christenvrou wat graag lees en geestelik verryk wil word. Prisma wil die wêreld van die Christenvrou verlig: haar gesin, beroep, geloof en persoonlike lewe.

'n Volgende boekklub, spesiaal vir die Christentieners is ook gestig. TOP-T Boekklub bied tieners trefferboeke (meestal dagstukkies) oor onderwerpe wat vir elke tiener van belang is. Dit is 'n byderwetse boekklub met moderne omslae en goeie inhoud om tieners toe te rus.

Carpe Diem Boeke wil lesers veral toerus vir die praktiese Christelike lewe. Die uitgewer huiwer daarom nie om onderwerpe te identifiseer waaroor nog nie in Afrikaans geskryf is nie. Hy wil ook boeke tematies aanbied in plaas van die dagstukkies-formaat waarin 'n groot deel van die Christelike boeke verskyn. Dit is ook belangrik om nuwe en jong skrywers te ontdek en aan te moedig wat skryfwerk betref. Hy glo aan 'n verhouding tussen uitgewer/skrywer om nuwe en vars produkte te ontwikkel. Die uitgewery word gebou op die volgende vier pilare (vlg. 2 Kor. 2:14): verkondig die evangelie deur middel van die Christelike boeke in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God.

2.5.11 Kagiso Uitgewers¹⁹

HAUM (Hollandse Afrikaansche Uitgevers Maatschappij) is in 1894 in Kaapstad se Langstraat begin. Dit het 'n groot bydrae gelewer tot Christelike publikasies, veral in die voorsiening van lidmaattoerusting en toerusting vir die ampte van die Nederduitse Hervormde Kerk.

Mettertyd het die maatskappy hom op opvoedkundige materiaal begin toespits en bekendheid verwerf deur reeds vir meer as twee dekades, onder die naam HAUM-De Jager, in al elf landstale te publiseer.

Engedi, die afdeling vir Christelike publikasies, het in April 1993 tot stand gekom. Dit was eers handeldrywend as HAUM-De Jager Uitgewers en sedert 1994 as Kagiso Uitgewers, toe Kagiso Trust Investments, Firstcorp en ander privaat eienaars die eienaarskap van die maatskappy oorgeneem en die naam na Kagiso Uitgewers verander het.

¹⁸ Inligting verkry uit 'n vraelys wat aan die uitgewer gestuur is.

¹⁹ Inligting verkry uit 'n vraelys wat aan die uitgewer gestuur is. Die missiestelling is 'n vertaling vanaf die oorspronklike Engelse amptelike dokument soos goedgekeur deur mev. Babs Basson, uitgewer en redakteur.

Engedi is die embleem waaronder Kagiso se algemene Christelike publikasies verskyn. Dit is onder aanvoering van Babs Basson as uitgewer in April 1993 gestig en publiseer in beide Afrikaans en Engels. Die moontlikhede om skrywers van ander tale te betrek, word ondersoek, maar op die oomblik blyk dit dat swart skrywers verkies om hulle materiaal in Engels (en dus vir 'n groter lesersmark) beskikbaar te stel.

Vanuit Engedi-stal maar onder die Kagiso-embleem, is *Suid-Afrika, land van baie godsdienste* (redakteur: prof. Piet Meiring) verlede jaar bekroon as CBSA (Christelike Boekhandelaars van Suidelike Afrika) se Boek van die Jaar.

Engedi-boeke is nie verbind aan 'n enkele kerkgroep nie en wil die breër mark van Christenlesers in Suidelike Afrika bedien. Belangstelling van oorsese markte in die Suid-Afrikaanse produkte neem ook toe.

Kagiso Uitgewers se missiestelling is gebaseer op die verstandhouding dat, as 'n toonaangewende uitgewershuis in Suid-Afrika, hulle 'n deurslaggewende rol het om te speel in die ontwikkeling van onderwys en opleiding in 'n multikulturele samelewing. Daarom strewende Kagiso Uitgewers, deur die bemiddeling van 'n bemaatigde, kreatiewe en professionele span werkers, om:

- 'n omvattende reeks paslike, innoverende en toeganklike leerstof van hoë gehalte te lewer wat:
 - geen diskriminerende inhoud hoegenaamd bevat nie,
 - die geleentheid aan sowel formele as informele leerders bied om die vaardigheid te verworf wat vir 'n ryk en vervullende lewe nodig is, en
 - sal bydra tot die ontwikkeling van weetgierige leerders;
- 'n leeskuiluur op die subkontinent te bevorder, wat op sy beurt:
 - die samelewing waarvan Kagiso Uitgewers deel is, sal ophef,
 - geletterdheid vir almal sal bevorder,
 - verdraagsaamheid, begrip en vriendskap sal aanwakker, en
- deur middel van 'n program van maatskaplike verantwoordelikheid by te dra tot die opheffing en menswaardigheid van die ontnemde en agtergeblewe lede van ons samelewing.

Ten slotte strewende Kagiso Uitgewers te alle tye daarna om aan die persoonlike en sosiale behoeftes van kliënte en personeel en die ekonomiese verwagtinge van die aandeelhouers te voldoen.

2.6 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was eerstens om 'n omskrywing te gee van 'n Christelike boek teen die agtergrond van die florerende Christelike boekemark en die besorgdheid wat hieruit voortspruit ten opsigte van die *inhoudelike kwaliteit* van geestelike tekste. Die tweede doelstelling was om deur middel van 'n situasie-analise aan te toon watter uitgewersmaatskappye

rolspelers is in die Afrikaanse Christelike boekemark.

Die meeste van die inligting ten opsigte van Christelike uitgewerye in Suid-Afrika is verkry uit twee verskillende vraelyste wat aan die uitgewerye gestuur is. Van die twaalf geïdentifiseerde uitgewerye waaraan vraelyste uitgestuur is, het elf gereageer. Sommige uitgewers het meer geredelik inligting verskaf as ander.

Uit die respons op dié vraelyste is dit duidelik dat Christelike uitgewersmaatskappye strewende na die suiwer verkondiging van die evangelie deur middel van markgerigte geestelike tekste van hoogstaande gehalte, inhoudelik sowel as wat voorkoms betref; en om die nodige publisiteit aan Christelike boeke te bevorder – die Christelike boek synde dan 'n boek wat 'n leser help om die onsiglike God beter te sien. Dit blyk egter dat daar 'n besorgdheid onder skrywers en resensente en ook uitgewers bestaan oor die kwalitatiewe inhoud van Christelike tekste. Daar is ook te min skrywers wat te veel boeke (veral dagboeke) die mark instoot.

'n Tersaaklike aspek wat in enkele response geïdentifiseer is en veral sterk na vore tree uit die verwerking van die response in die teksversorgersvraelyste (vgl. 6.4), is skrywersopleiding en -begeleiding. Dit behoort nie net die uiteindelijke teksversorgingstaak te vergemaklik nie, maar kan beteken dat die inhoud van die Christelike boek bó alle verdenking geplaas word. Daarbenewens kan dit beteken dat 'n groter Christelike skrywerskorps in vennootskap met uitgewers (en teksversorgers) in 'n opvoedingstaak tot die mark kan toetree.

Die uitgewers, synde almal Christelik, heg baie waarde aan hulle Christelike visie en missie. Op die keper beskou, is die ware toets van die sukses van 'n maatskappy en sy publikasies egter of sy uitgewersmissie weerspieël word in die (inhoudelike gehalte van die) teks wat hy in die leser se hande plaas. Die teksversorger in die Christelike uitgewersmaatskappy is dan ten minste verantwoordelik vir die geslaagdheid van die grafiese, stilistiese, tipografiese en taalkundige versorging van hierdie teks in sy geheel.

Die belangrikste subdissiplines wat die teksversorger se taak beïnvloed, is normering, tekslinguistiek en taalbeheersing, sowel as teoretiese kennis van DTP (lessenaarpublikasie) en tipografie as uitgewerstegnologie. Dié teoretiese begronding word in hoofstuk 3 bespreek.

HOOFTUK 3

Aspekte van die teorie van teksversorging toegepas op die uitgewersbedryf

Hoe gelukkig is ons wat kan lees en skryf. Daar is 'n Albanese spreekwoord wat sê:
Wie kan lees en skryf, het vier oë. – Johan Combrink –

3.1 Inleiding

Krol (1980:38) se samevatting van die term “taalbeheersing” as die kommunikatiewe vermoë wat taalgebruikers in staat stel om deur middel van taal doeltreffende en optimaal geslaagde inligting te bewerkstellig (verbaal of skriftelik), impliseer dat alle taalgebruikers taalbeheersers is of moet wees. Die beklemtoning van taal as kommunikasiemiddel tesame met die bestudering van sowel die produk as die proses, impliseer die belangrikheid van sowel (die) vorm as (die) inhoud daarvan (vgl. ook Braet, 1980a:5; Braet, 1993:12).

In hierdie verband bevind die teksversorger as taalbeheerser in die Christelike uitgewersbedryf hom daagliks in 'n taalbeheersingsdilemma omdat hy met die teks as produk te doen kry, 'n *produk* wat meermale nie voldoen aan die eise wat taalbeheersers aan 'n teks stel nie.

Braet (1993:12) wys daarop dat taalbeheersers die klem lê op die “niveau van de tekst”. Daarbenewens word allerlei eise van kommunikatiewe adekwaatheid aan die teks gestel soos byvoorbeeld *begrypbaarheid* en *aanvaarbaarheid* van onder andere, argumentasie. Taalbeheersers stel dus nie net belang in die teks as produk nie, maar ook in die *proses* van opstel (skryf) en *verwerking* van 'n teks. Die taalbeheerser wat as skryfadviseur, taalversorger en teksversorger optree, lê klem op die verstaanbaarheid van taalgebruik, wat versorgde, korrekte taalgebruik impliseer (Braet, 1980:1-2).

As die teksversorger toegelaat word om nie net op die teks (produk) te konsentreer nie, maar ook op die oorspronklike (skryf)proses, kan die hele teksversorgingsproses vergemaklik word, wat op sy beurt die redaksionele proses verhaas en die produksieproses bespoedig. In 'n raadgewende/konsulerende hoedanigheid kan die teksversorger die hele redaksionele versorgingsproses sowel as die produksieproses bespoedig en 'n koste-effektiewe, produktiewe, vaartbelynde en taalgeoriënteerde proses daarstel.

Raad, leiding en riglyne aan skrywers oor foute en prosesse kan die skrywer in staat stel om ten minste sy kennis te verbreed, om foute in daaropvolgende manuskripte te vermy en só ook die skrywer se taalbeheersingsvermoë uitbrei (Schellens, 1989:38). Ter sprake is dus die

oplossing van *taalverkeersprobleme* of *gebrekkige taalbeheersing*.

Die huidige toedrag van sake is egter van so 'n aard dat die teksversorger moet konsentreer op die *produk* wat vir hom aangebied is. In hierdie verband is die taalkundige subdissiplines normering, tekslinguistiek en taalbeheersing as teoretiese basis van taalpraktyk (toegepaste linguistiek) vir die teksversorger¹ die wetenskaplik-teoretiese uitgangspunt vir sowel die oorspronklike skryfproses as vir die daaglikse teksversorgingspraktyk. Weens die omvang van die verpligtinge van die teksversorger in 'n gestruktureerde uitgewersopset, en as dié individu wat uiteindelik verantwoordelikheid aanvaar vir die tegniese en kreatiewe geslaagdheid van die gepubliseerde produk, is teoretiese kennis van die subdissipline tipografie as teksuitlegstrategie ook onontbeerlik.

In hierdie hoofstuk word kortliks aandag gegee aan die teoretiese begronding van die taalkundige en tipografiese dissiplines wat betrekking het op die praktyk van teksversorging. Dié teoretiese basis skep 'n raamwerk waarbinne die teksversorger in die formele opset van 'n Christelike uitgewery manuskripte wat vir publikasie voorgelê word, verwerk en versorg. Sodoende kan die teksversorger én skrywer én uitgewer 'n kwaliteit, lesersgerigte produk op die winkelrak plaas.

3.2 Taalbeheersing en die praktyk van teksversorging

3.2.1 Inleiding

Maes *et al.* (1994:1-3) voer aan dat taalbeheersing nie gesien moet word as 'n tradisionele taalkundige dissipline soos byvoorbeeld semantiek nie, maar eerder 'n interdissiplinêre dissipline wat aansluiting vind by die tradisionele letteredissiplines (onder andere die pragmatiek, tekssemantiek, sociolinguistiek en taalfilosofie) en selfs by nieletteredissiplines soos die sosiologie en psigologie. Uit hoofde van die interdissiplinêre aard van taalbeheersing kan aanvaar word dat al die kennis waaroor 'n skrywer en 'n taalversorger beskik of moet beskik, saamgevat word deur die taalbeheersingsteorie. Taalbeheersingsvaardighede staan dus sentraal in ál die toepassingsmoontlikhede van die breë taalmark, en toegepas op hierdie studie, op sowel die skrywerspraktyk as die teksversorgingspraktyk. Toen (1997:79) kom tot die slotsom dat sowel kennis van taal, kultuur en norme- en waardepatrone van kardinale belang is in die breë beroepspraktyk en as sodanig beroepskwalfikasies kan komplementeer.

Taalslordigheid, taalonverskilligheid en taalmisbruik het egter deesdae byna kenmerkend van Afrikaanssprekendes geword. Dom en opvallende foute kom in 'n toenemende mate voor in

¹ Binne die konteks van hierdie skripsie word die term "teksversorger" ("copyeditor"/"copy-editor"/"copy editor") gebruik vir identifisering van die individu wat die teksversorging van 'n gekeurde, ongepubliseerde manuskrip in sy geheel doen, binne die formele, gestruktureerde opset van 'n Christelike uitgewery. Vergelyk ook 5.3.

koerante, boeke, tydskrifte en radiorubrieke, sowel as in uitsprake van geleerdes en niegeleerdes (Eloff, 1997:9). Advertensies in die media wemel van foute.

Werknemers kla dat hulle studente met 'n universiteitsgraad in Afrikaans nie in hul onderneming kan gebruik sonder ekstra en intensiewe opleiding nie, want hulle weet nie hoe om 'n verslag/brief/stuk kopie/beleidsdokument/advertensie op te stel nie, van korrekte spelwyse is hoegenaamd geen sprake nie (De Vries, 1994:310). Plotnik (1982:xiii) beweer: " ... many general graduates, though film and computer-literate, cannot edit their own résumés."

Die taalgebruik van deelnemers aan (radio)programme laat die luisteraar dikwels wonder waar hulle aan hulle taalkennis kom, en vertalings deur omroepers grens soms aan die belaglike (Breytenbach, 1996:3).

Dié stand van sake dui daarop dat daar 'n gebrek aan taalbeheersers onder Afrikaanssprekendes is, 'n toestand wat moontlik 'n oorsprong kan hê in die algemene hedendaagse wanopvatting dat 'n student met 'n graad in Afrikaans en Nederlands eintlik niks daarmee kan doen nie (vgl. De Vries, 1994:311; Hans du Plessis, 1997:17).

Klagtes oor die ontoereikende kommunikatiewe vaardighede van taalgebruikers in beroepsituasies in die politiek, in die bedryfswêreld, in maatskappyverband, in die onderwys – op alle vlakke van die samelewing is dus aan die orde van die dag (Steehouder *et al.*, 1992:58). Dit is dus duidelik dat 'n gebrek aan taalbeheersingsvaardighede manifesteer in gebrekkige taalberoepsvaardighede.

Hieruit kan afgelei word dat daar 'n verskil is tussen byvoorbeeld 'n skrywer as taalgebruiker en 'n skrywer as taalbeheerser. *'n Taalgebruiker is nie noodwendig 'n taalbeheerser nie.* Dié gebrek aan taalbeheersingsvaardighede word daagliks in die praktyk van taal- en teksversorging ervaar. Alle mense kan (teoreties gesproke) 'n taal gebruik (skryf of praat), maar nie almal kan 'n taal behéers nie. Taalbeheersingsvaardighede kom gevolglik al hoe meer in verskillende toepassingsmoontlikhede in die breë taalmark tot sy reg, en nie nét meer in die tradisionele taalberoeppe soos onderwys nie. Volgens Braet (1993:12-13) is dit 'n beroepsgeoriënteerde ontwikkeling wat oor die afgelope twintig jaar ten opsigte van taalbeheersing as wetenskaplike vakgebied plaasgevind het.

En as Hans du Plessis (1997:17) skryf dat "(d)ie nuwe Suid-Afrikaanse mark mense (vra) wat Afrikaans kan praat en lees vir die lekker ... mense wat nie tyd het vir 'n linguistiese ... trip nie", dan is die gebrek aan 'n sogenaamde "linguistiese trip" juis die oorsaak waarom taalgebruikers bloot (swak) kommunikeerders bly en nie taalbeheersers word nie. Bedryfskennis van taal én linguistiese kennis van taal is die boustene van taalbeheersing.

Taal is nie net bloot kommunikasiemiddel nie. Die implikasie is dat ingenieurs, dokters, ouditeurs

(en, ja, óók skrywers, AK) júis opgelei moet word om taal effektief, kreatief, en met oorredingskrag te gebruik. Taal skep die soort wêreld waarin ons leef, beweeg en bestaan (Viljoen, 1997:9).

3.2.2 Begripsomskrywing en geskiedenis

Van Lindt (1980:127) kom tot die slotsom: " ... taalbeheersing is de wetenskap van een kunst ... van de conversatio in al haar meer of minder gestileerde varianten", wat bepaal word deur die maatskaplike konteks waarin die taalverkeersituasie voorkom.

Krol (1980:7-33) voer taalbeheersing as vakgebied terug tot by die klassieke retorici wat daaraan 'n didaktiese inslag gee. Deur die loop van die eeue verskuif die aksent telkens: van gesprekstheorie en argumentasieleer na stylleer na welsprekendheidsleer na blote taalversorging en (voorskriftelike) praktiese instruksie. Eers in die sestigerjare van hierdie eeu kom dit (veral aan Nederlandse universiteite) tot sy reg as toegepaste teksgeoriënteerde vakgebied (Maureau, 1980:47) en vind as sodanig inslag in die taalmark in 'n tyd waarin leidende taalteoretici in toenemende mate klem lê op 'n groter maatskaplike draagvlak vir opleiding in die lettere. Die resultaat daarvan is dat taalbeheersing nie "een zoveelste kavel is binnen het landschap van de traditionele letterendisiplines, maar een conglomeraat van maatskaplike relevante tematiese benadering van taal en tekst ... een tematiese koepel waaronder onderzoek ressorteert waarin funksies van tekst en tekstgebruik het sentrale objekt zijn" (Maes *et al.*, 1994:1-2).

Die werksterrein van die taalbeheerser lê dus tans steeds op die gebied van die retorika, maar dan in al die vorme waarin dit kán manifesteer: genreteorie, retorika, gespreksanalise, teksanalise (Van Lint, 1980:111).

In Afrikaans blyk dit 'n betreklik nuwe, onontginde, vreemde en selfs verwarrende vakgebied te wees. Selfs akademici "wonder oor die term" en beweer dat "alle mense taalbeheersers is".² Nietemin hét die beroep van die taalbeheerser inderdaad in Suid-Afrika 'n beroep geword: vertalers, tolke, teksversorgers en taalversorgers kom al hoe meer tot hul reg op alle vlakke van die sosiokulturele en maatskaplike opset in die nuwe Suid-Afrika. Dit is duidelik dat die "professionele taalbeheerser" (volgens De Vries, 1994:311) deesdae 'n onontbeerlike rol speel as bemiddelaar in die taalkommunikasieproses.

Tradisionele tersiêre opleiding blyk egter in Suid-Afrika in toenemende mate onvoldoende te wees vir wat in die praktyk van die "taalmark" (soos spesifiek die koerant-, tydskrif- en ook boekebedryf) van taalgegradueerdes verwag word (De Vries, 1994:311). Dit wil ook voorkom asof taalvaardigheid in die beroepspraktyk (waarskynlik as gevolg van die onvoldoende opleiding) veel te wense oorlaat (vergelyk die aard van die kommentaar in 3.2.1 van taalbeheersers). In

² Kommentaar na die sirkulering van die navorsingsvoorstel in die Dept. Afrikaans en Nederlands, PU vir CHO, aantekeninge in besit van die outeur.

Nederland het studente se eise ten opsigte van praktykgerigte opleiding in die laat sestigerjare gelei tot die opkoms van taalbeheersing as wetenskaplike dissipline (Braet, 1993:14). Spesialisasie in taalvaardigheid/taalbeheersing as wetenskap het aldaar sedert die tagtigerjare op verskeie gebiede ontwikkel, ook op die gebied van teksontwerp waar dit gaan om die praktiese opbou en verwerking van skriftelike tekste. Dit is veral die praktyk van verwerking en versorging van tekste in maatskaplike konteks, soos die breë publikasie-mark in Suid-Afrika (en vir die doeleindes van hierdie skripsie, die Christelike boekemark) wat dringende aandag verg juis omdat dié mark tans besig is om 'n bloeitydperk te beleef.

3.2.3 Die wetenskaplike en metodologiese grondslae van taalbeheersing

Dit is duidelik dat taalbeheersing van meet af aan 'n toegepaste vakgebied was (Braet, 1993:13). Daarby blyk dit dat dit veral sedert die tagtigerjare toenemende belangstelling wek in sowel die teorie as die praktyk. Braet (1980a:5) stel bepaalde beginsels van taalbeheersing wat in beginsel steeds vir teksversorging geld:

- Taalgebruik word beskou as die kommunikatiewe middel tot 'n doel.
- Die funksies van taalverkeer binne die verskillende tipes tekste word beklemtoon.
- Die struktuur van die teks staan in die sentrum.
- Nie net die teks (taalverkeersproduk) word bestudeer nie, maar ook die proses as sistematiese en weldeurdagte werkwyse (Steehouder *et al.*, 1992:203).
- Die moderne taalbeheersing as wetenskap stel eise aan die kommunikatiewe gebruik van taal wat verder strek as blote eise van taalversorgdheid/taalversorging. Hierdie eise het betrekking op die vorm sowel as die inhoud van taalgebruik en die aanslag/houding van die taalgebruikers – onder andere die verstaanbaarheid van formulerings, die haalbaarheid van die argumentasie, die betroubaarheid en waarde van die inligting en kommunikasie-etiek.

Afgesien van die verwetenskapliking van die vak en institusionele erkenning sedert die tagtigerjare is dit dus veral die toepassingsterrein van die taalbeheersing as wetenskaplike en professionele vakgebied waarop 'n perspektiefskuif en ontwikkeling gedurende die afgelope twintig jaar ter sprake kom. Braet (1992:12) beskryf dit as "heroriëntasie op die mark". Die beginsel hiervan is dat taalbeheersingsvaardighede 'n beroepsbate geword het.

Hierdie verskuiwing bring mee dat die praktiese doelstelling van taalbeheersing – verbetering van taalgebruik – ook toepassingsmoontlikhede kry op die tekswetenskap waar die term *teksontwerp* 'n sleutelbegrip is (Braet, 1992:14-15):

(T)aalbeheersing heeft zich als onderzoeksdiscipline ontwikkeld tot een wetenschap van teksten ... waarin het gaat om de structuur en de functie van schriftelijke en mondelinge teksten; tot een wetenschap ... waarin evenzeer aandacht is voor de processen de aan teksten voorafgaan en erop volgen als voor die producten de teksten vormen.

Die doelstellings van die integrasie tussen teorie en praktyk, is tegelykertyd "riskant en interessant". Uit die konsensus "dat het onderzoek aanknopingspunten moet leveren voor verbetering van taal- en tekstgebruik ..." (Maes *et al.*, 1994:1) volg dat die aktiwiteite van die taalbeheersingsonderzoek ten minste tweeledig is:

- Die soeke na hipoteses, oorsake en verklarings van teks- en taalgebruik.
- Die ontwikkeling van praktiese toepassings en oplossings vir tekstuele probleme.

Hierdie aktiwiteite is nou verwant aan die tweedelige doelwitte van taalbeheersing, soos aangedui deur Krol (1980:38):

- Die ondersoek na faktore wat die sukses al dan nie van (skriftelike, AK) inligtingsoordrag bepaal.
- Die opspoor, analise en indien, en waar moontlik, die bied van praktiese oplossings in maatskaplike taalkommunikasiesituasies waar taalvaardigheidsprobleme optimale kommunikasie belemmer.

So word taalbeheersingsdoelwitte ook teksversorgingsdoelwitte, doelwitte wat optimale kommunikasie in 'n teks verseker.

3.2.4 Funksionele taalbeheersing

Braet (1993:15) beskou taalbeheersing as 'n wetenskap wat hom primêr besig hou met die struktuur en funksie van skriftelike en mondelinge tekste, sowel as die prosesse wat tekste voorafgaan en daarop volg, en die eindproduk, die teks self. Volgens Carstens (1991:86) is 'n teks 'n " ... koherente eenheid van taalgebruik wat 'n besondere (sintaktiese, morfofonologiese) struktuur vertoon en 'n duidelike semantiese funksie vervul in 'n bepaalde konteks, naamlik om kommunikatiewe kontak tussen mense moontlik te maak." 'n Geslaagde teks het dus altyd 'n optimale kommunikatiewe doel voor oë.

Tradisioneel kan taalbeheersing beskou word as die kommunikatiewe vermoë van taalgebruikers om, deur middel van taal, optimale inligtingoordrag te bewerkstellig (Krol, 1980:38). Ofskoon dié kommunikasieproses verbaal of skriftelik kan geskied (Van den Hoven & Korpel, 1989:17) bly die proses primêr 'n talige proses.

Van den Hoven en Schellens (1993:146) se funksionaliteitsbegrippe ten opsigte van verbale taalgebruiksprosesse kan ook van toepassing gemaak word op taalgebruiksprosesse in die praktyk:

- Die analise en evaluasie van taalgebruiksprosesse.
- Taalgebruiksprosesse voltrek hulle in 'n bepaalde maatskaplike konteks.

Hieruit blyk dit dat die funksionele gebruik van taal, naamlik die beheersing van taal, hoofsaak is. Funksionele taalbeheersing impliseer dat taalgebruik (verbaal of skriftelik) *funksioneel* en *gepas* moet wees. Dit is veral die ondersoek na die opbou en verwerking van skriftelike tekste, 'n terrein waaraan min taalbeheersers die hand waag (Braet, 1993:13), waar funksionele, skriftelike taalgebruik as *toegepaste taalbeheersingspraktyk tot sy reg kan kom* (my interpretasie en beklemtoning, AK).

Die skryfproses val uiteen in twee dele: proses en produk. Die produk is die teks (en vir die doeleindes van hierdie studie, die manuskrip van die skrywer wat 'n gepubliseerde teks word, die artefak, die boek wat die leser in sy hande gaan hou, met 'n aantreklike, opvallende buiteblad, 'n treffende titel, interessante en boeiende inhoud). Die proses is die werklike skryfaksie (en werklike versorgingsaksie, AK), wat korrekte en suiwer taalgebruik en punktuasie en gepaste styl en register impliseer. (Van Lint, 1980:116.)

Funksionele taalbeheersing impliseer 'n klemverskuiwing vanaf produk na proses, en veral sedert die tagtigerjare, na die terreine waarin die proses ter sprake kom (Braet, 1980a:4; 1993:13). Omdat suksesvolle kommunikasie en korrekte en suiwer taalgebruik (proses) 'n voorwaarde is vir 'n geslaagde teks (produk), is albei die aspekte vir die teksversorger van belang. Uiteindelik gee 'n suksesvolle proses aanleiding tot 'n geslaagde produk. Nie alle taalgebruikers/skrywers is taalbeheersers nie, daarom moet die teksversorger kennis dra van die kognitiewe prosesse (waarop nie in hierdie dissertasie gefokus word nie) sodat hy die oorsprong of oorsaak van die bepaalde skryffoute/probleme kan identifiseer en korrigeer (vgl. Van den Bergh & Meuffels, 1993:193).

Taalbeheersing impliseer optimale (beroeps-) kommunikatiewe vaardighede (vgl. Toen, 1997:78-79). Daartoe kan die taalgebruiker slegs in staat wees indien hy bewustelik die normeringsbeginsels van taal in sy kommunikasieproses gebruik. Vervolgens word aandag gegee aan die tersaaklike normeringsaspekte in die teksversorgingspraktyk.

3.3 Norme(ring) en taalbeheersing

3.3.1 Inleiding

'n Meester van taal is 'n geniale taalgebruiker, tot in die fynste detail bewus van en bedag op: betekenisonderskeiding, vormgewing, en sinswendinge – 'n woordkunstenaar wat sy gedagtes en gewaarwordinge op só 'n wyse in taal uitdruk dat die woorde tot in die fynste detail die taalgebruiker se ware en volkome bedoeling weergee.

Steehouder *et al.* (1992:203) vergelyk 'n skrywer – en per implikasie dan ook die teksversorger (vgl. Fryer, 1997:30) – met 'n goëlkunstenaar: soos 'n jongleur van formaat wat altyd meer

balle in die lug het as wat hy in sy twee hande kan vashou, só moet 'n skrywer in staat wees om met meer eise rekening te hou as wat hy met die eerste oogopslag kan voorsien. Die skriftelike kommunikasieproses is gebaseer op 'n wedersydse normeringsopdrag van uitdrukking (skrywer) en interpretasie (leser). Dit impliseer dat daar bepaalde eise (norme) aan die skrywer as taalgebruiker³ gestel word vir 'n kwalitatief bevredigende teks wat aan die verwagtinge van die leser as taalgebruiker kan voldoen.

3.3.2 Aard en omvang van normering

Die normering van taalgebruik as sentrale verskynsel in die mens se taallewe word breedvoerig en vanuit 'n verskeidenheid perspektiewe deur Botha en Sinclair *reds.* (1985) onder die loep geneem. Daarvolgens en vir die doeleindes van hierdie bespreking kan die begrippe "norme", "normering" en "taalnorme" beskryf word as "'n riglyn by [geskrewe, A.K.] taalgebruik ... " (Carstens, 1994:4), in die konteks van die taalversorging van manuskripte/tekste vir die doeleindes van publikasie deur 'n Christelike uitgewery. Vir die teksversorger as primêre taalversorger is kennis van taalnorme noodsaaklik omdat die taalversorgingsproses in wese 'n normeringsproses is: 'n proses waar die teksversorger aan die hand van die taalnorme die (ooglopende en minder ooglopende) foute in 'n teks korregeer. Die volledige versorging van 'n teks – veral binne die uitgewersbedryf – behels egter baie meer as net kosmetiese veranderinge van spelling en interpunksie.

Carstens (1994:26-27) onderskei in sy omvattende naslaanwerk oor die norme vir Afrikaans drie hoofsoorte taalnorme, naamlik:

- *universele* norme (absolute norme wat vir alle tale geld en wat neerkom op optimale kommunikasie);
- *interne* norme (wat eie is aan die struktuur van 'n bepaalde taal en nie noodwendig vir 'n ander taal se struktuur geld nie), en
- *eksterne* norme (wat pragmatiese korrektheid nastreef en dui op die tipe taalgebruik wat in sekere kontekste gebruik word: norme van spelling en interpunksie, van standaard, taalsuiwerheid, styl, taalhandboeke en woordeboeke).

Volgens Carstens (1994:6) kan taalnorme beskou word as 'n tipe "sosiolinguistiese norm". Van Wyk (1978:103) definieer sosiolinguistiese norme as "sosiale norme wat die vorm van taalgebruik bepaal". Norme se sosiale of algemene aard is daarin geleë dat dit gebonde is aan sekere situasies (Carstens, 1994:6). Taal is dus onlosmaaklik verbonde aan die sosiale aard en die gebruikers daarvan. Sosiolinguistiese norme het sosiale betekenis, speel 'n kommunikatiewe

³ Die term "taalgebruiker(s)" verwys na die gebruikers van taal in die kommunikasieproses; verbaal of skriftelik. Vir die doeleindes van hierdie skripsie is taalgebruik altyd skriftelik.

rol, bepaal 'n groep se lidmaatskap en word 'n basis vir oordele oor korrekte en verkeerde linguistiese gedrag (vgl. Webb, 1983:708).

Vir die teksversorger in die opset van 'n Afrikaanse Christelike uitgawery het sosiolinguistiese norme verreikende implikasies. As belangrike attribute van die meeste Afrikaanssprekendes is reeds, benewens hulle taal, hulle Calvinisties-Protestantse lewensbeskouing genoem (Conradie, 1985:464). In hierdie beskouing neem *Die Bybel* 'n sleutelposisie in as dokument wat uitsluitel moet gee oor die leer of dogma van die kerk en vir sy lesers as daaglikse inspirasie moet dien. Die taal van *Die Bybel* sal weerspieël word in die taalgebruik van skrywer en teksversorger en dien as normerende faktor in dié taalgebruiksituasie.

Taalnorme is van toepassing op feitlik die hele spektrum van taalstudie en -gebruik. Carstens (1994:25) tref die volgende onderskeidings ten opsigte van die verskillende taalvlakke:

- Fonologiese vlak : uitspraakkwessies.⁴
- Morfologiese vlak : woordvormingsmoontlikhede, afleidings, samestellings.
- Sintaktiese vlak : boupatrone van sinne.
- Semantiese vlak : betekenisaspekte van woorde.
- Grafiese vlak : spelling en interpunksie.
- Stilistiese vlak : formeel of informeel.
- Pragmatiese vlak : gepaste taalgebruik in 'n (spesifieke) situasie: registers en kodes.

Met die oog op normeringskwessies in die teksversorgingspraktyk is die laaste ses taalvlakke⁵ van belang. Dit is veral belangrik dat die teksversorger 'n grondige kennis het van die verskillende taalvlakke, hulle normeringsreëls en -implikasies, veral sodat hy 'n gemotiveerde keuse kan uitvoer en sodoende sy veranderinge kan regverdig.

Die voltooide produk moet dus inhoudelik voldoen aan die vereistes van pragmatiese, morfologiese, leksikologiese en semantiese korrektheid, sintaktiese eenheid en goeie, gepaste styl, tipografies afgestem op inhoud en styl; en moet boonop, om markgerig te wees, tematies en esteties aanvaarbaar vir die teikengroep aangebied word.

3.3.3 Normering binne die teksversorgingspraktyk

Onderliggend aan taalbeheersing(-svaardighede) lê normering(-svaardighede): elke professionele teksversorger móét 'n taalwetenskaplik gefundeerde uitgangspunt ten opsigte van sy taak

⁴ Weens die beperkte omvang van die studie en veral omdat die teksversorger met geskrewe tekste werk, word die fonologiese norm van taalstudie hier buite rekening gelaat.

⁵ Die taalkundige aspekte wat betrekking het op hierdie taalvlakke word in hoofstuk 4 bespreek.

huldig. Vir die teksversorger impliseer dit 'n grondige kennis van die taal waarvolgens hy as taalnormeerder spesifieke eise stel ten opsigte van 'n goed versorgde teks: kennis van grammatikaliteit, pragmatiese korrektheid, standaardisering, taalsuiwerheid en versorgde taalgebruik (Steyn, 1985:27-42). Sodoende is hy verseker van optimale kommunikasie. Normatiewiteit is dus as 't ware ingebou in kommunikasie (vgl. Combrink, 1986:60).

Normering impliseer nie net 'n konvensie of riglyn vir suksesvolle taalkommunikasie nie, maar dien veral in die teksversorgingskonteks as 'n kontrole- en beoordelingsmaatstaf ten opsigte van suksesvolle taalkommunikasie. Hoewel normering teoretiese riglyne daarstel en nie 'n voorskrif vir taalgebruik moet wees nie, kan deskripsie veral in die praktiese formele opset van 'n (Christelike) uitgewery 'n preskriptiewe funksie verkry. (Hier word veral verwys na aspekte soos hooflettergebruik in die Christelike/geestelike teks, lees- en skryftekengebruik en aanvaarbare taalgebruik.)

Braet (1980a:5) sien die tradisionele taalversorger as 'n taalnormeerder, iemand wat primêr met taal werk, klem lê op die sin en versorgde taalgebruik, en slegs die produk bestudeer. Taalversorgers beskou dus taalgebruik op sigself, en nie die prosesse wat die produk voorafgaan nie. Taalversorgers het "'n preoccupatie met die korrektheid van taalgebruik" en hul werk kry naas deskriptiewe trekke, ook duidelike preskriptiewe trekke (Maureau, 1980:47). Die taalversorger is volgens Braet (1980a:2) die "voorganger" van die moderne taalbeheerser.

Stanton (1961:46) se basiese verantwoordelikhede van die taalversorger kan dan beskou word as normeringsverantwoordelikhede:

- Die verbetering van die wyse waarop 'n onderwerp aangebied word.
- Kennis van taalpraktyk en beroeps- en vakgeoriënteerde ontwikkeling.
- Die toepassing van die fundamentele kenmerke van goeie skryfwerk, strukturering en styl.

Die implikasie hiervan vir die teksversorger is dat kennis van taalnorme die onderliggende teoretiese begronding van sy *taaiversorgingstaak* vorm. Die teksversorger werk met 'n linguistiese struktuur waarin tekstuele kommunikasie sentraal (moet) staan, sodat die tekslinguistiek ook vir die teksversorger 'n middel is wat 'n praktykgerigte standpunt bied oor normkeuses. Vervolgens word gekyk in watter mate kennis van die tekslinguistiek as verwante subdissiplines van normering in taalbeheersing die teksversorger in sy teksversorgingstaak behulpsaam kan wees.

3.4 Tekslinguistiek en taalbeheersing

3.4.1 Inleiding

Volgens De Beaugrande (1995:541) groei die tekslinguistiek uit die diskoersanalise, diskoers-

verwerking, pragmatiek en stilistiek en dek gevolglik 'n wye terrein met heelwat probleme. Dit is juis dié wye terrein, die omvang daarvan, of soos Grimes (1975:2) dit stel: " ... the magnitude of the subject matter ... " wat die (bestudering van die) tekslinguistiek as 'n selfstandige subdissipline van taalkundige studie bemoeilik.

Die tekslinguistiek plaas klem op die linguistiese struktuur van tekste. Dié linguistiese struktuur van 'n teks word met behulp van linguistiese middele ondersoek. Die oorkoepelende doelstelling van linguistiek is om die "beginsels onderliggend aan die produksie en interpretasie van die gegewe linguistiese struktuur [strukture] vas te stel" (Carstens, 1993:7). Die sentrale doelstelling van die tekslinguistiek is dus die *teks* self (vgl. Hubbard, 1993:56). Die tekslinguistiek se primêre taak is om die ware aard van die tekstuele kommunikasie te bepaal.

Hiervolgens is die doelstelling van hierdie afdeling om, teen die agtergrond van die taalbeheersingsteorie, te bepaal hoe die tekslinguistiek die teksversorger in staat stel om te bepaal of 'n besondere linguistiese struktuur wel as 'n teks, as 'n geslaagde kommunikatiewe handeling, aanvaar kan word, al dan nie (vgl. Carstens, 1997:7).

3.4.2 Die begrip *teks*

Die tekslinguistiek het as studieveld die bestudering van die teks as 'n geheel en lê klem op die linguistiese struktuur van die teks. Oor wat 'n *teks* is, is al heelwat geskryf en gedebatteer. Die interdissiplinêre oorsprong van die tekslinguistiek is die hooforsaak van hierdie verskynsel: dit gee letterlik aanleiding tot 'n definisie per oorspronklike dissipline (vgl. bv. Carstens, 1991:92-95; 1997:61-65). Volgens Carstens (1991:19; 1997:80-82) slaag die klem wat Van Luxemburg, Bal en Weststijn (1983:134; 1987:57-58) op die eenheidskarakter van 'n teks plaas, 'n eenheid wat afhanklik is van sowel sintaktiese as semantiese en pragmatiese samehang, daarin om die vertrekpunt vir 'n studie oor die aard van tekste en tekstualiteit daar te stel.

Carstens (1989:19-20; 1997:80-81) omskryf sintaktiese, semantiese en pragmatiese eenheidsaspekte soos volg:

- *Sintaktiese eenheid* (tekssintaksis) berus breedweg op strukturele samehang wat die verbande tussen die leksiko-grammatiese elemente (dit is die tekens) van die taal bepaal. Veral die middele wat kohesie bewerkstellig (naamlik verwysing, substitusie, ellips, leksikale kohesie en konjunksie), speel 'n belangrike rol om die nodige sintaktiese verbande tot stand te bring.
- *Semantiese eenheid* (tekssemantiek) word verkry as die samehangende tekseenhede betrekking het op 'n konseptueel samehangende werklikheid, dit wil sê as daar 'n tematiese skakeling is tussen die dele van die teks. Die logiese opeenvolging in gebeure – soos gerealiseer deur taaltekens – is hier van besondere belang.

- *Pragmatiese eenheid* (tekspragmatiek) word verkry as die teks- of kommunikasiedeelnemers (produseerder en aangesprokene(s)) die aangebode stuk taal ervaar as 'n geheel; dus as 'n taalhandeling wat 'n besondere doel binne 'n sekere konteks vervul. In 'n tipiese tekssituasie het die teksproduseerder (spreker/skrywer) die bedoeling om sekere inligting oor 'n besondere saak oor te dra aan 'n aangesprokene (hoorder/leser) wat weer die gewilligheid moet toon om binne die betrokke konteks die inligting te aanvaar as 'n geldige boodskap op grond van sy kennis van soortgelyke vorige tekste. Pragmatiese eenheid berus dus op die verhouding tussen die kommunikasiedeelnemers, die teks, en die sosiale konteks waarbinne dit geïnterpreteer word.

Indien 'n gegewe taaluiting deur die betrokke teksdeelnemers aanvaar word as 'n koherente eenheid op basis van hierdie drie aspekte (dit is sintaksis, semantiek en pragmatiek), dan is dit volgens alle aanduidings wel 'n *teks*.

Op grond hiervan stel Carstens (1997:82) die volgende werksdefinisie as 'n sinvolle vertrekpunt: 'n teks is 'n stuk taalgebruik wat deur die betrokke teksdeelnemers as 'n *eenheid* aanvaar word op sintaktiese, semantiese en pragmatiese gronde.

3.4.3 Die aard en doel van die tekslinguistiek

Carstens (1997:3-6) wys daarop dat die begrip *tekslinguistiek* 'n vaag omlynde begrip is, maar dat dit essensieel is om 'n soort werkdefinisie daar te stel wat kan bydra om die begrip enigszins af te baken. In ag geneem die ontstaan van die term, die moontlike interpretasies, en die klem wat hiervolgens gelê word op die linguistiese struktuur van tekste wat met behulp van linguistiese middele ondersoek word, kom hy tot die slotsom: "*Tekslinguistiese ondersoek streef in wese dan daarna om die beginsels onderliggend aan die produksie en interpretasie van die gegewe linguistiese struktuur(e) vas te stel.*"

3.4.4 Die beginsels van tekstualiteit in teksversorging

Die tekslinguistiek het een primêre taak: om die ware aard van tekstuele kommunikasie te bepaal. Dit kan alleen gedoen word volgens bepaalde beginsels of standaarde van tekstualiteit. Dié beginsels van tekstualiteit stel die teksversorger in staat om binne 'n wetenskaplik-teoreties verantwoordbare raamwerk die tekstuele geslaagdheid van manuskripte wat vir publikasie voorgelê word, te bepaal.

3.4.5 Tekslinguistiek en teksversorging

Carstens (1993:9) se praktiese (navorsings-)implikasies van die beginsels van tekstualiteit vir die taalversorger kan net so van toepassing gemaak word op die teksversorger. Kennis van die

tekslinguistiek stel die teksversorger in staat om:

- die taalkundige eienskappe van die teks te herken;
- die struktuur van die teks te bepaal;
- die leksiko-grammatikale elemente te identifiseer wat die teks tot 'n eenheid bind;
- die geslaagde kommunikatiewe funksie van tekste te bepaal al dan nie;
- vas te stel of die gedeelde kennis/inligting in die kommunikasieproses 'n invloed sal hê op die lees van die teks;
- die invloed van die konteks te bepaal;
- die tekstipe en die geslaagdheid daarvan te identifiseer, en
- die skrywer se tekstuele vaardigheid vas te stel.

Die hoofdoel van die tekslinguistiek en die nut daarvan vir die teksversorger is om die tekstualiteit van tekste te ondersoek met behulp van alle linguistiese middele waaroor die ondersoeker beskik (Carstens & Van Schalkwyk, 1994:45). Die geldigheid van 'n teks al dan nie kan bepaal word deur die sewe beginsels van tekstualiteit soos uiteengesit deur De Beaugrande en Dressler (1981) daarop toe te pas.

Dié skrywers onderskei sewe standarde of aspekte van tekstualiteit wat ter sake is vir die bepaling van die eenheid van 'n teks, waaraan 'n teks gevolglik moet voldoen om as *teks* aanvaar te word:

- Kohesie (binding).
- Koherensie (samehang).
- Intensionaliteit.
- Situasionaliteit (kontekstualiteit, Carstens, 1997:21-22; 402-403).
- Aanvaarbaarheid.
- Informatiwiteit.
- Intertekstualiteit.

3.4.5.1 Kohesie

Kohesie is 'n beskrywing van die wyse waarop die woorde (leksikogrammatiese eenhede) en sinne in 'n teks met mekaar 'n verband toon, en is 'n ondersoek na die bindingspatrone in 'n teks met behulp van sintaktiese, semantiese, morfologiese en fonologiese metodes. So kan byvoorbeeld die verwysingstruktuur in 'n teks bepaal word: verbande tussen onder meer naamwoord/naamwoord, naamwoord/voornaamwoord, naamwoord/bywoord, asook samehangende klankpatrone en leksikale skakeling.

Halliday en Hasan (1976:27) som kohesie soos volg op: "It is the means whereby elements that are structurally unrelated to one another are linked together, through the dependence of one on the other for its interpretation." Dié skakeling (*linking*) tussen die twee (of meer) relevante

elemente word volgens Chapman (1983:48), bewerkstellig in terme van sekere bindingskettings, *cohesive ties, chains*, wat " ... a series of linguistic linking mechanisms" is. Daar kan ten minste vyf soorte bindingskettings onderskei word: verwysing (vgl. Carstens, 1997:134-213), substitusie (vgl. Carstens, 1997:218-236), ellips (vgl. Carstens, 1997:239-258), leksikale kohesie (vgl. Carstens, 1997:311-350) en konjunksie (vgl. Carstens, 1997:260-308).

Verwysing is die beginsel dat twee (of meer) elemente in dieselfde teksgedeelte semanties met mekaar geassosieer kan word omdat beide na dieselfde referent in die werklikheid verwys. Dit is hoofsaaklik die begrippe *antesedent* en *anafoor* (waarvan voornaamwoorde die bekendste is) wat hier ter sprake is:

Het jy al vanaand tot **God** gebid?

Ja, ek het al tot **Hom** gebid.⁸ }

Gebrek aan kohesie kan 'n wesentlike probleem in 'n teks raak, soos blyk uit die meegaande voorbeeld: die woordjies "ou" en "ouens" is ongeveer 500 keer in 'n teks gebruik – op een bladsy sewe keer, terwyl "ou" met 'n persoonlike voornaamwoord "hy"/"hom" of sinonieme soos "man", "die enigste een", "niemand", "iemand", vervang kan word.

"O, ... die **ou** wat van die Kaap af kom? Die **ouens** hier wil hom glad nie aanvaar nie ... "

Sy ma kyk hom reguit in die oë. "En jy? Wat dink jy daarvan?"

... "Wel ... Ek het nie regtig 'n probleem met die **ou** nie ... Maar my hande is afgekap. Ek kan tog nie ál **ou** in die skool wees wat met hom assosieer nie ... "

"Kom ek vertel jou 'n storie," begin sy ma. "'n **Ou** wat ek ken, het van kleins af geleer dat mense van ander rassegroepe minderwaardig is. Maar toe ontmoet hy vir Jesus ... En daar kom die **ou** toe tot bekering! Tóé sit hy met 'n turksvy: hoe skakel jy nou 'n **ou** wat heeltemal anders lyk, in jou kerk in?"

" ... En enige Jood weet dat 'n **ou** met só 'n gebrek nooit in die kerk mag kom nie ... "

Substitusie verwys na die proses waarin een element 'n ander element in dieselfde teksgedeelte vervang sonder dat die waarheidswaarde van die betrokke sin(ne) geraak word:

Het jy al *Die Bybel in Praktyk* bestudeer?

Ja, ek het dit al gedoen.

Ellips is die weglating van sekere elemente uit 'n teksgedeelte omdat die weggelate dele binne die konteks nog steeds bepaal en geïnterpreteer kan word:

⁸ Vergelyk egter die bespreking oor inklusiewe Godstaal in 4.2.5.1.

Het jy al *Die Bybel in Praktyk* bestudeer?
Ja, ek het al.

Leksikale kohesie verwys na die semantiese relasies tussen sekere leksikale elemente en die wyse waarop kohesie met behulp van die leksikon verkry word. Leksikale kohesie – wanneer woorde betekenisaspekte gemeen het (Van Wijk & Sanders, 1987:693) – word op verskillende wyses verkry. Die eerste hiervan is kollokasies, wat reekse woorde is wat geneig is om in dieselfde omgewing voor te kom. Voorbeelde is: *ons hemelse Vader, Here Jesus Christus, onverdiende genade, Vader, Seun en Heilige Gees*. Daar is dus 'n semantiese relasie tussen leksikale items wat op die een of ander wyse met mekaar geassosieer word.


Dié kollokasies kom veral in gebede voor:

Genadige hemelse Vader, ons aanbid U as die God van vrede, ek hef biddende hande tot U op ... ek bid dit in die Naam van Jesus Christus, my Verlosser.

Herhaling is ook 'n belangrike vorm van leksikale kohesie, en vind plaas wanneer woorde semanties met mekaar skakel as gevolg van herhaling. Verskillende vorme kom voor; waarvan die eenvoudigste die herhaling van dieselfde leksikale item is:

*Al gee ek al wat ek het aan ander uit ... maar ek het geen **liefde** nie, baat dit my niks. Die **liefde** is geduldig, die liefde is vriendelik ... Die **liefde** vergaan nooit nie ... geloof, hoop en **liefde** bly ... En die grootste hiervan is die **liefde**! (1 Kor. 13:3, 4, 8, 13).*

Leksikale kohesie kan ook berus op hiponimie, die gedagte dat die betekenissenmerke van een woord (d.i. 'n meer spesifieke woord; die *hiponiem* of subordinaat) "ingesluit" kan wees in die betekenissenmerke van 'n ander woord (d.i. 'n meer algemene woord, die *superordinaat*) (Carstens, 1994:114). Die superordinaat kan hivolgens twee gebruike hê, te wete (1) om verskeie dinge (hiponieme) saam te bondel, en (2) as die spesifieke hiponieme nie bekend is nie, is dit 'n nuttige middel vir 'n spreker om sy vaagheid of onduidelikheid van begrip te verberg.



Sinonimie is 'n volgende vorm van leksikale kohesie. Die belangrikste vereistes vir sinonimie is (1) dat die betrokke woorde na dieselfde referent verwys, en (2) dat hulle mekaar in sekere kontekste met behoud van dieselfde waarde kan vervang:

Abaddon (Hebr.) *Apollion* (Gr.) *onderaardse diepte* = *verwoester, die plek waar almal vergaan* (vgl. Ps. 88:12), *doderyk* (vgl. Job 26:6), *onderwêreld* (vgl. Job 28:22), wat ook vereenselwig word met die *graf* (vgl. Ps. 88:12). In die Nuwe Testament word dié woord in twee betekenisse gebruik: as *die verblyfplek van die dooies* (vgl. Rom. 10:7) en as *die verderf waar die bose geeste tuishoort*. Dit is die onderaardse ryk van Abaddon, die engele van die onderaardse diepte (vgl. Op. 9:1, 11) en van die Antichris (vgl. Op. 11:7; 17:8) en van Satan (vgl. Op. 20:1, 3). (*Die Bybel*:368).

Die keuse van 'n besondere sinoniem om na 'n sekere referent te verwys, hang hoofsaaklik van twee aspekte af, naamlik (1) die geografiese gepastheid vir 'n sekere sinoniemvorm (bv. *Silo – Messias – Verlosser*) of (2) die stilistiese gepastheid van die betrokke vorm (bv. *naak – kaal – Evasgewaad – Adamsgewaad*).

Indien 'n skrywer in die voorwoord van sy manuskrip beweer: "Hierdie boek handel oor ernstige sake," is dit stilisties onvanpas om dan te sê: "Kom ons *skop af* met 'n paar opmerkings oor wat hierdie boek nie is nie, en wat dit wel is." Stilisties sou 'n beter woordkeuse gewees het: "Kom ons begin deur te sê wat hierdie boek nie is nie, en wat dit wel is."

Die belangrikste waarde van die verskynsel van sinonimie lê veral in die stilistiese verskeidenheid wat dit vir taalgebruik meebring. Sonder om enigsins die totale waarde van 'n sin te beïnvloed, kan woorde mekaar reëlmatig in sekere kontekste afwissel en sodoende interessante vernuwings en variasie in taalgebruik tot gevolg hê.

'n Laaste vorm van leksikale kohesie is antonimie, naamlik die verskynsel dat 'n woord (in bepaalde gevalle) die teenoorgestelde betekenis het as 'n ander woord (vgl. Carstens, 1994:113). Voorbeeldpare is:

naamwoordpare: *Adam – Eva, hemel – aarde*

werkwoordpare: *vra – antwoord*

voorsetselpare: *in die hemel – onder op die aarde*

adjektiefpare: *gehoorsaam – ongehoorsaam*

Hierdie teenoorgesteldheid kan van tweërlei aard wees: (1) absolute teenstellings (die bevestiging van die een woord hou die ontkenning van die ander woord in, bv. *seun – dogter, lewe – dood*) en (2) betreklike teenstellings (die bevestiging van die een impliseer nie noodwendig die teenoorgestelde van die ander een nie, bv. *jonk – oud; klein – groot; klein* is nie noodwendig die *heel kleinste* nie, dalk net *kleiner*).

Konjunksie is die laaste tipe bindingsketting wat kohesie bewerkstellig, en behels die aanme-

kaarskakeling van die proposisies in twee of meer sinne op grond van sekere semantiese relasies, soos 'n kousale reaksie:

*"Eer jou vader en jou moeder, **dan** sal jy lank bly woon in die land wat die Here ... vir jou gee."* (Eks. 20:12)

3.4.5.2 Koherensie

Begrippe of kontekste moet in 'n teks met mekaar verband hou: " ... coherence ... concerns the ways in which the components of the textual world, i.e. the configuration of concepts and relations which underlie the surface text, are mutually accessible and relevant" (De Beaugrande & Dressler, 1981:4). Koherensie is dus 'n ondersoek na dit wat bydra dat 'n teks vir taalgebruikers *sin maak* en *samehang* vertoon (vgl. Carstens, 1997:311-350).

'n Tema moet deurlopend en logies deurgevoer word, en opeenvolgende sinne en paragrawe sinvol by mekaar ineenskakel, sodat die leser nie voel dat daar hiate in die gedagtegang en logiese opeenvolging is nie.

Vir die teksversorger is koherensie in 'n teks 'n noodsaaklike voorwaarde vir die beoordeling/keuring sowel as die versorging en redigering daarvan, want tekseenheid is noodsaaklik vir teksbegrip (Steehouder *et al.*, 1992:58).

3.4.5.3 Intensionaliteit

Die beginsel van intensionaliteit impliseer dat 'n spreker/skrywer 'n bedoeling (intensie) moet hê om 'n sinvolle stuk taal oor te dra aan sy aangesprokene (hoorder of leser). Aansluiting word veral gevind by die pragmatiese voorwaardes vir die gebruik van taal as kommunikasie-handeling. (Vgl. Carstens, 1997:370-378.)

Kohesie en koherensie is teksgesentreerde begrippe en is dus gerig op die teksmateriaal. Gebruiksgesentreerde begrippe, soos intensionaliteit, het te doene met die tekstuele kommunikasie tussen produseerder en ontvanger. Intensionaliteit kan gesien word as " ... the text producer's attitude that the set of occurrences should constitute a cohesive and coherent text instrumental in fulfilling the producer's intentions, e.g. to distribute knowledge or to attain a goal specified in a plan" (De Beaugrande & Dressler, 1981:7). Indien 'n skrywer nie in sy doel slaag nie, is dit die teksversorger se taak om die skrywer se intensie duideliker te stel ter wille van die sinvolheid van sy aanbieding en om die skrywer se geloofwaardigheid te beskerm.

3.4.5.4 Aanvaarbaarheid

Aanvaarbaarheid verwys na die ontvanger van die bedoelde gekommunikeerde teks se houding

of verwagting dat die sinne wat aan hom voorgehou word 'n kohesiewe en koherente teks sal vorm wat wel vir hom relevant sal wees. (Vgl. Carstens, 1997:378-383.) De Beaugrande en Dressler (1981:7) definieer aanvaarbaarheid as " ... the text receiver's attitude that the set of occurrences should constitute a cohesive and coherent text having some use or relevance for the receiver, e.g. to acquire knowledge or provide cooperation in a plan". Hier speel pragmatiese voorwaardes ook 'n rol: die ontvanger moet vertrouwe hê in die bedoeling van die teksproduseerder. Tekstipes, en die sosiokulturele opset is verdere voorwaardes wat in ag geneem moet word. Dit is juis die *sosiokulturele konteks* van die Christelike uitgewery wat die aard en aanvaarbaarheid bepaal van die teks wat hier ter sprake kom.

Intensionaliteit en aanvaarbaarheid is die bydraes wat die deelnemers aan 'n teksgebeurtenis moet lewer om die teks as 'n taalhandeling te laat slaag, en dit is noodsaaklik dat die pragmatiese voorwaardes vir taalgebruik as kommunikatiewe handeling nagevolg moet word (Carstens, 1989:23). Hierdie pragmatiese voorwaardes kan ook gesien word as die universele norme vir suksesvolle taalkommunikasie, en kan in drie punte saamgevat word:

- Gebruik die regte woord(e) vir 'n bepaalde saak.
- Vermoë dubbelsinnigheid.
- Gebruik die gepaste taal in die gepaste konteks (vgl. Carstens, 1994:35-36).⁹

In enige kommunikasiesituasie het intensionaliteit en aanvaarbaarheid vir die teksversorger verreikende implikasies. Die teksversorger moet naamlik weet wat die skrywer van die teks se doel met die teks is. Indien die skrywer se intensie duidelik is, behoort die teksversorger as eerste leser die bedoeling daarvan baie eksplisiet te identifiseer indien die bedoeling duidelik en geslaagd is. Dit is ook die taak van die teksversorger om enige foute wat suksesvolle oordrag van die skrywer se intensie kan belemmer, te identifiseer en te korreger.

3.4.5.5 Informatiwiteit

De Beaugrande en Dressler (1981:8-9) sien informatiwiteit as " ... the extent to which the occurrences of the presented text are expected vs unexpected or known vs unknown/uncertain". Informatiwiteit is 'n ondersoek na die wyse waarop taalelemente gebruik word om inligting in tekste aan te bied. Die mate waarin die bedoelde oorgedraagde inligting bekend of onbekend is, bepaal die wyse van kommunikasie en die taalelemente wat in die proses gebruik word. Skrywers strewende voortdurend daarna om op 'n kreatiewe wyse, vanuit 'n nuwe perspektief, inligting in tekste aan te bied. Min skrywers slaag egter daarin; daarvan getuig die talle boeke met dieselfde strekking en aanbieding van dieselfde skrywers by verskillende uitgewers wat op boekwinkelrakke staan. Voorbeelde is algemene dagboeke met 366 stukke, een vir elke dag van die jaar:

⁹ Hierdie voorwaardes sluit ook aan by H.P. Grice se "Cooperative Principle" vir optimale kommunikasie (vgl. Leech, 1984:7-10).

- *Uit die Skatkamer van God* (Solly Ozrovec, CUM).
- *Die Rykdom van Sy Genade* (Solly Ozrovec, CUM).
- *Wandel deur die Woord* (Johan Smit, Struik Christelike Boeke).
- *In die Skuilplek van die Allerhoogste* (Solly Ozrovec, CUM).
- *Deur God se liefde ontsluit* (Solly Ozrovec, Struik Christelike Boeke).
- *Op vlerke van geloof* (Solly Ozrovec, Lux Verbi).
- *In die holte van God se hand* (Solly Ozrovec, CUM).
- *Van dag tot dag deur God gedra* (Solly Ozrovec, Lux Verbi).
- *God se genade is genoeg* (Solly Ozrovec, Lux Verbi).
- *Kies die lewe* ('n Bybelse dagboek) (Solly Ozrovec, Lux Verbi).
- *Dié dag is vol genade* ('n Bybelse dagboek) (Johan Cilliers, Lux Verbi).
- *God antwoord jou* (Dagstukke oor 366 lewensvrae) (Maretha Maartens, Hannes Burger en Johan van Schalkwyk, Carpe Diem Boeke).
- *Elke môre nuut* (Dagstukke vir die hele jaar) (Hannes Steyn, red. Human en Rousseau).
- *In sy teenwoordigheid* (Murray Janson, CUM).
- *By fontein van seën* (Solly Ozrovec, CUM).
- *In die holte van God se hand* (Solly Ozrovec, CUM).

Dagboeke vir die man:

- *Dinge waaroor manne dink maar nie kan deel nie ...* (Gordon MacDonald, CUM).
- *Man van formaat* (Johan Smit, Lux Verbi).
- *Maksimum man* (Louis Malherbe, Protea Uitgewers).
- *'n Man uit een stuk* (Johan Symington, CUM).
- *Dagboek vir die man* (Hannes Burger, Lux Verbi).

Dagboeke vir die vrou:

- *Asemskepoomblikke met God* (Nina Smit, Lux Verbi).
- *Die nuwe dagboek vir die vrou* (Nina Smit, Lux Verbi).
- *Die Stiltetydbybel vir vroue* (Maretha Maartens, CUM).
- *En daar het stilte gekom* (Maretha Maartens, CUM).
- *Maak my anders, Here!* (Maretha Maartens, CUM).
- *Gee my liefde, Here!* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke).
- *Liefde in oorvloed* (Nina Smit, Struik Christelike Boeke).
- *'n Jaar van Gebed* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke).
- *Maak my 'n fontein vrou, Here!* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke).

Dagboeke vir jongmense/tieners:

- *Studiebybel vir jongmense* (F. Deist, eindred., J.L. van Schaik).
- *Leef God se droom* (Vic & Thea Brink, Struik Christelike Boeke).

- *T-hemp in 'n tuimeldroër* (Maretha Maartens, Struik Christelike Boeke).
- *En daar het stilte gekom* (Maretha Maartens, CUM).
- *Opgekoppel met Christus* (Cassie Carstens e.a., Lux Verbi).
- *Op tienertrant* (Nina Smit, Lux Verbi).
- *Met God op pad* (Solly Ozrovech e.a., CUM).
- *Geanker in Christus* (Hannes Burger, Lux Verbi).
- *Die Stiltetydbybel vir jongmense* (Johan van Schalkwyk, CUM).

Dagboeke vir seuns en dogters:

- *Dagboek vir seuns* (Hannes Burger, Lux Verbi).
- *Mans genoeg om 'n Christen te wees* (Hannes Burger, CUM).
- *Net tussen my en God* (Maretha Maartens, CUM).
- *Dagboek vir dogters* (Nina Smit, Lux Verbi).

Dagboeke vir laerskoolkinders:

- *Ek, my tekkies en Christus* (Nina Smit e.a., CUM).
- *Voluit vir Jesus* (Johan & Nina Smit, CUM).
- *Dagboek vir kaalvoeters* (Vic & Thea Brink, CUM).
- *My eie dagboek* (Nina Smit, Lux Verbi).
- *Net jy en Jesus* (Nina Smit, Lux Verbi).

3.4.5.6 Kontekstualiteit

"[S]ituationality ... concerns the factors which make a text relevant to a situation of occurrence" (De Beaugrande & Dressler, 1981:9). Kontekstualiteit het betrekking op daardie aspekte wat 'n teks relevant maak in 'n bepaalde gebruikssituasie:

- Die plek en tyd van kommunikasie.
- Wie die teksdeelnemers is.
- Die taalvorm wat gebruik word.
- Gedeelde agtergrondkennis.

Kontekstualiteit is dus 'n ondersoek na die invloed wat die sosiale kontekste waarin tekste voorkom op die interpretasie van die betrokke tekste het (vgl. Carstens, 1997:386-426).

Wat betref die skryf- en teksversorgingsproses moet drie aspekte in gedagte gehou word: skrywer-, leser- en gebruikskonteks. Die rol en omstandighede van die skrywer sal 'n invloed hê op die skrywer se styl en taalgebruik. Die gebruikskonteks is vir die leser van belang. Die teksversorger moet bepaal of die teks vir 'n bepaalde gebruikskonteks geslaagd is.

Die Christelike boekemark funksioneer in hierdie konteks as gebruikskonteks. Die teksversorger moet as keurder én as medewerker/teksversorger ná die redaksionele proses 'n geslaagde teks vir 'n bepaalde teikengroep aanbied.

3.4.5.7 Intertekstualiteit

Intertekstualiteit kan op 'n vereenvoudigde wyse beskryf word as die "spore" van ander tekste, of die gesprek wat voortdurend tussen talle soorte tekste plaasvind (Cloete *et al.*, 1985:20). By die lees van enige teks kan 'n verskeidenheid ander tekste by resepsie 'n rol speel.

Intertekstualiteit speel 'n belangrike rol in teksstudie, want dit bied 'n basis vir die interpretasie van tekste. So dien *Die Bybel* vir skrywers van Christelike teks as dié oerbron waaruit hy as opvoeder, interpreteerder, verspreider van die evangelie en gesant van God sý bydrae wil maak.

Die skrywer Jaco Thom het dit onlangs gewaag om met 'n interessante aanbieding van Bybelse verhale vorendag te kom, te wete: *Die Bybelkoerant: nuus uit die Bybel vir vandag*. Hy verwoord die antieke Bybelverhale in die moderne idioom van koeranttaal, en slaag boonop daarin om daaraan 'n humoristiese inslag te gee (vgl. Van Niekerk, 1996:10).

Intertekstualiteit dui op 'n ondersoek na die faktore wat dit moontlik maak dat kennis van een teksstruktuur die interpretasie van ander soortgelyke teksstrukture sal beïnvloed (vgl. Carstens, 1997:450-469). Hier is daardie faktore ter sprake wat die interpretasie van 'n teks afhanklik maak van kennis van een of meer reeds bekende of bestaande of soortgelyke tekste. Intertekstualiteit berus uiteindelik op " ... the factors which make the utilization of one text dependent upon knowledge of one or more previously encountered texts" (De Beaugrande & Dressler, 1981:50).

3.4.5.8 Perspektief

Toegepas op die teksversorgingspraktyk kan die sewe beginsels van tekstualiteit beskou word as die essensiële linguistiese middele waarmee die teksversorger die aanvaarbaarheid van 'n teks kan bepaal. Volgens De Beaugrande en Dressler (1981:3) moet 'n teks aan al die genoemde sewe beginsels van tekstualiteit voldoen alvorens dit as 'n *teks* aanvaar kan word. Carstens (1997:99-100) wys daarop dat 'n mens daarteen moet waak om dié stelling té letterlik op te neem. Daar is tog talle tekste wat as tekste erken word deur die aangesprokenes ten spyte van die feit dat hulle nie aan al die vereiste beginsels voldoen nie! Met die voorbeeld:

Man: "Daar lui die voordeurklokkie!"

Vrou: "Ek is in die bad."

dui hy aan dat hierdie uiting nie kohesie vertoon nie, maar nogtans as koherent aanvaar word binne 'n sekere konteks. Struktureel gesproke skakel die twee sinne nie, maar binne die relevante konteks wel. As 'n man byvoorbeeld die deureklokkie hoor lui en wil hê sy vrou moet gaan kyk wie by die voordeur is, is dit heeltemal moontlik dat hy dit deur middel van 'n implisiete opdrag kan doen. Indien sy vrou egter sê dat sy in die bad is en gevolglik nie in staat is om sy "opdrag" uit te voer nie, sal hy heel geredelik aanvaar dat sy sy versoek afwys en dat hy derhalwe self moet gaan kyk wie daar is.

3.4.6 Tipering van tekste

Van Luxemburg *et al.* (1983:145) beklemtoon die opvatting dat 'n teks gesien moet word in sy verhouding tot sy funksie, en onderskei (Van Luxemburg *et al.*, 1983:142-145) 'n funksionele indeling van tekstipe op grond van die geslaagdheid van die doel van die teks soos uit die taalboodskap gelees. Tipes tekste word onderskei op grond van hulle funksie binne die kommunikasieproses. Vir die teksversorger is hierdie kennis onontbeerlik omdat dit hom in staat stel om die styl, register en taalgebruik in die teksversorgingspraktyk ooreenkomstig die tekstipe en teikengroep aan te pas. Na gelang van die dominante taalfunksies word die volgende tekstipes onderskei¹⁰ (vgl. ook Van den Broeck & Lefevere, 1984:37-39).

3.4.6.1 Referensiële tekste

Tekste word referensieel genoem wanneer hulle hoof funksie is om inligting te verskaf oor 'n werklike of moontlike wêreld. Vier groepe kan verder hier onderskei word: informatiewe tekste, diskursiewe (argumentatiewe) tekste, instruktiewe tekste en narratiewe tekste.

Informatiewe tekste, soos nuusberigte, artikels en reisgidse, bevat feitlike mededelings, sonder verdere eksplisiete kommentaar, terwyl diskursiewe tekste 'n beredeneerde verband tussen feite lê. Wetenskaplike betoë, soos artikels, verhandelings, proefskrifte en verslae is voorbeelde hiervan. 'n Groot hoeveelheid geestelike boeke val ook in hierdie kategorie. Instruktiewe tekste beoog om op 'n sistematiese wyse die kennis en vaardighede van die leser uit te brei. Bybelkonkordansies, handboeke en gebruiksaanwysings is goeie voorbeelde van instruktiewe tekste. Hierbenewens is daar ook narratiewe tekste, wat ten doel het om verwante gebeure in verband met spesifieke deelnemers weer te gee. Gesproke en geskrewe vertellings is voorbeelde.

¹⁰ Carstens (1997:93) wys daarop dat die onderskeiding in tekstipes nie 'n absolute afgrensing is nie, maar wel die aanduiding van tipes op grond van tipiese kategorie-eienskappe. Daar word nie vaste riglyne gestel nie, maar eerder breë bakens.

3.4.6.2 Ekspressiewe tekste

Die hoof funksie van hierdie tekste is om uiting te gee aan gevoelens, oordele en dergelike uitings van skrywers. Voorbeelde is liriese poësie, liefdesbriewe, proteskrifte, groetkaartjies, en klein geskenkboekies en troosboekies wat veral in die Christelike boekemark gewild is.

3.4.6.3 Oorredende tekste

Die hoof funksie van dié tekste is om die opvattinge, gevoelens of handeling van die leser te beïnvloed. Hierdie tekste kom ons in die daaglikse lewe gedurig teë; die stortvloed advertensies, tekste in die onderwys en opvoeding, tekste van meningsvormers. Twee tipes oorredende tekste kan verder onderskei word: evaluerende tekste en direkte tekste. Evaluerende tekste het die funksie om die gevoelens, gesindhede en menings van die leser of aangesprokene te beïnvloed, soos byvoorbeeld resensies oor (Christelike) boeke, rolprente en teatervertonings. Direkte tekste is bedoel om die gedrag van die leser te beïnvloed, soos in die geval van politieke propagandastukke, *Die Bybel*, en geestelike boeke met 'n bepaalde tema, soos drankmisbruik, huweliksontrou en Satanisme.

3.4.6.4 Retoriese tekste

Die fokuspunt by retoriese tekste is die teks as primêre bron van die boodskap. Die opbou van die teks en die uitdrukking daarvan in taal word beklemtoon. Voorbeelde is gedigte en debats-toesprake, waar die klem op *effek* en nie noodwendig op die inhoud self val nie.

3.4.6.5 Konvensionele tekste

Dié tipe teks word gekenmerk deur interaksie in 'n konkrete taalgebruikssituasie met die gevolg dat interafhanklike uitdrukkings 'n sentrale rol speel. Voorbeelde is telefoongesprekke, toneelstukke, onderhoude en doktersbesoeke.

3.4.6.6 Literêre tekste en genres

Die hoof funksie van literêre tekste is om die aandag op die primêre bron van die boodskap, die teks self, te rig. 'n Teks word as literêr aanvaar wanneer dit as sodanig funksioneer en wanneer 'n groep lesers dit as sodanig aanvaar. Verskillende literêre genres kan onderskei word op grond van *vorm*: prosatekste, dramatekste, poësietekste, waarvan elke genre kenmerkende eienskappe het. Prosatekste is byvoorbeeld meer verhalend met 'n narratiewe struktuur en mededelend; poësietekste is sintakties onafgerond en semanties veelsydig, en besinnend; en

dramatekste het 'n interaksionele struktuur, en is voorstellend (vgl. Carstens, 1997:92).

Dit is vir die teksversorger belangrik om vertrouwd te wees met die verskillende tekstipes: só word 'n gegewe teks se inhoud gekodifiseer. Giuliani *et al.* (1979:177) wys daarop dat 'n teks veral deur twee parameters gekodifiseer word: *funksie* (inligting, opdraggewing, ontspanning, geestelike verryking, AK) en *vorm* (inligtingoordrag geskied deur middel van 'n bepaalde medium, onder andere as 'n boek, brief, faksboodskap). Dit stel die teksversorger in staat om die inhoud dienooreenkomstig die vorm te korrigeer.

3.4.7 Samevatting en toepassing

Die beginsels van tekstualiteit is 'n nuttige teoretiese verwysingsraamwerk waarbinne die teksversorger die geslaagdheid van die teks as sodanig kan bepaal en wat hom in staat stel om die skrywer en die leser se vermoë om te kommunikeer, te bepaal. Daarbenewens kan die relevante tekstipe ook geïdentifiseer word (vgl. Carstens, 1989:30).

Indien die skrywer doelbewus hierdie standaarde van tekstualiteit in sy teks van toepassing maak, behoort dit die taak van die teksversorger te vergemaklik en sodoende die redaksionele proses te bespoedig omdat tekslinguistiek saam met normering en taalbeheersing die teoretiese basis vorm vir taal- en teksversorging (vgl. A. du Plessis, 1997). Dié teoreties-taalkundige kennis stel die teksversorger in staat om sy taak na behore uit te voer.

Teksversorging geskied in die uitgewerspraktyk met een doel voor oë: om 'n markgerigte, teikengroepgerigte en tipografies-esteties aanvaarbare teks daar te stel, inhoudelik sowel as struktureel.

In die volgende afdeling kom aspekte van die produksiekennis van die gerekenariseerde uitgewerswese ter sprake.

3.5 DTP: Lessenaarpublikasie

3.5.1 Inleiding

Gerekenariseerde volbladopmaak van teks en die verwante DTP-rewolusie is die omvangrykste verandering wat die drukkersbedryf sedert Gutenberg se ontdekking van beweegbare drukletters in 1546 getref het. Nuwe vakrigtings het oornag na vore gekom en oues verdwyn.

Volgens Morkel en Marais (1997:4) is die kern van volbladopmaak en DTP egter nie net bloot nuwe tegnologie nie. Dit is by uitstek die herontwerp van hoe mense werk en dink, en die bestuur van veranderinge. Die ou manier waarop boeke uitgegee is, is grootliks iets van die ver-

lede. Rolle het verander en nuwe vaardighede moes aangeleer word. Die ideaal van die nuwe proses is dat alles elektronies gehanteer word, en dat geen taak meer as een keer verrig word nie. Werkvloei is in dié proses die sleutel tot produktiwiteit.

Hayden (1983:3) omskryf die gerekenariseerde uitgewersbedryf as " ... the use of computers and telecommunications systems to carry out all or part(s) of the production of published material". Hiervolgens is die doel van hierdie afdeling om aan te toon in watter mate tegnologieë gevorderde bladuitlegprogramme, teksredigeringsprogramme en teksredigerings tegnieke ekonomiese, goed versorgde en markgerigte produkte bevorder en die taak van sowel skrywer, tipograaf en teksversorger vergemaklik.

Aandag word gegee aan die verloop van die redaksionele proses (die produksie- en teksversorgingsproses) wat, vir die doeleindes van bespreking in hierdie skripsie, uiteenval in vyf dele:

- Die keuringsproses.
- Die produksieproses.
- Die skep van 'n buiteblad.
- Die teksversorgingsproses.
- Die kontrolefase.

Dié take word deur lede van die redaksionele span in onderlinge samewerking gedoen, terwyl die teksversorger finale kontrole oor die proses en produk uitoefen. Omdat die produksieproses hoofsaaklik 'n gerekenariseerde proses is en teksversorging per rekenaar al hoe meer aanvaarbaar word (vgl. die verwerking van die navorsingsresultate in 6.2), is 'n kort bespreking van die gerekenariseerde uitgewerswese teen die agtergrond van teksversorging vir die doeleindes van publikasie in sy geheel noodsaaklik.

3.5.2 Die gerekenariseerde uitgewerswese

Die term "desktop publishing"¹¹ is die skepping van Paul Brainerd, stigter van die Aldus Corporation en ontwerper van PageMaker¹² rekenaar- en bladuitlegprogramme vir publikasies (Venit, 1993:13). Die term word vandag algemeen gebruik om die gekombineerde ontwikkeling en resultate van die tegnologiese omwenteling in die rekenaar- en uitgewersindustrie te beskryf.

DTP benut persoonlike rekenars om kwaliteit setwerk en grafika te produseer, teks en grafiese

¹¹ Dit blyk dat die afkorting DTP internasionaal algemeen gebruik word (vgl. Treebus, 1990:115-116).

¹² PageMaker van die Aldus Corporation is een van die kragtigste en gesofistikeerdste bladuitlegprogramme vir mikrorekenars wat tans in die mark beskikbaar is. Oorspronklik bemark vir die Apple Macintosh-rekenaar in Julie 1985, en later vir IBM, AT's, AT-verwante en IBM PS/2-rekenars, word PageMaker tans alreëls beskou as die stukrag agter die DTP-rewolusie (Venit, 1993:1). Vir 'n volledige bespreking van hierdie bladuitlegprogram en verwante sake, sien Venit, 1993).

materiaal op dieselfde bladsy te kombineer en dan volle bladsye deur middel van 'n hoëresolusielaserdrukker "uit te speel" ('n algemene gebruiksterm) of te druk. DTP maak korte metten met verouderde en tydrowende set- en drukprosesse, en produseer deur middel van lasertegnologie kameragereedkopie¹³ wat boekdrukkerye gebruik om films te maak en die oplaag te druk – 'n proses waarvan die bespreking buite die veld van hierdie skripsie val.

Met maklike, gebruikersvriendelike DTP-programme (soos PageMaker) word produksietake uitgevoer op 'n skerm wat 'n eksakte beeld van 'n bladsy vertoon (WYSIWYG: "what you see is what you get", Venit, 1993:22), soos wat dit ná die drukproses sal uitsien. DTP-tegnologie kombineer tradisionele prosesse uit vier dissiplines: setwerk, grafiese ontwerp, tipografie en rekenaarwetenskap. Die doel is om op 'n rewolusionêre wyse bekostigbare en kreatiewe produkte van hoogstaande gehalte aan die leserspubliek beskikbaar te stel.

Die produksieproses, dit is die werklike skep van 'n publikasie op die rekenaar: bladsygroottes, bladuitleg, teksplasing, paragraaformattering soos geblok of gesentreer en spasiëring; letterformaat ("font"); vertikale lynspasiëring ("leading") en letterspasiëring ("kerning"); grafika en die gebruik van die rekenaardrukker, is nie die taak van die teksversorger nie. Hierdie proses word behartig deur bekwame en professionele lettersetters of tipograwe¹⁴ – wat deur ervaring mettertyd 'n fyn oog en aanvoeling vir tipografie en bladuitleg ontwikkel.

Tog moet die teksversorger 'n basiese, teoretiese agtergrondkennis hê van " ... those things having to do with the mechanics of the job" (Fitton, 1961:54), sowel as 'n fyn oog en intuïtiewe, kunssinnige aanvoeling vir bladuitleg, tipografie en grafiese elemente, sodat die tegniese en meganiese aspekte afgestem is op die tipe teks en spesifieke teikengroep. Sonder die basiese teoretiese kennis en 'n begrip van die werking van die rekenaar en rekenaarprogramme is 'n teksversorger soos 'n eenoogkoning in die land van die blindes.

In 'n eeu waarin kommunikasie die wagwoord is, en inligtingbombardering die meeste mense aan inligtingsangs ("information anxiety") laat ly, kan die vraag gevra word: Hoe waarborg 'n skrywer en uitgewer suksesmanuskripte en volgehoue lesersaandag en -lojaliteit?

Venit (1993:14) gee die antwoord: " ... to design the information to invite the reader's attention, to include headings and subheadings that make skimming the material for key point easy, and to include illustrations that can convey complex ideas much more quickly than words."

¹³ 'n Persklaar-manuskrip op spesiaal behandelde papier gereed vir die drukkery. Sien ook voetnoot 14 in hierdie hoofstuk.

¹⁴ Hierdie lettersetters is in 'n formele uitgewersopset die tegnisi wat 'n publikasie "aanmeekaarsit", en het 'n grondige kennis van alle aspekte van die rekenaar en -program(me) waarmee hulle werk. Hulle kan beskou word as die fondament van die redaksionele proses en teksversorger se regterhand omdat hulle noukeurig die instruksies, veranderinge en korreksies van die teksversorger moet uitvoer na aanleiding van proeflees- en ander tekens. Lettersetters is kreatiewe en toegewyde individue, wat nog méér as die teksversorger anoniem bly in die hele redaksionele proses.

DTP stel uitgewers, skrywers, lettersetters en teksversorgers in staat om kreatiewe, effektiewe, lesersgerigte publikasies te ontwerp wat in hierdie inligtings- en tegnologiese eeu die moderne mens moet opvoed, inlig, oorreed, stig en lei.

3.5.3 DTP in perspektief

Hoewel die rekenaar die skryf- en setproses bespoedig en vir die teksversorger nuttig te pas kom, kan die rekenaar nie 'n skrywer of 'n teksversorger se belangrikste werk doen nie. Dit kan naamlik nie die besluitnemingsproses vervang nie, woordprosesseerders kan nie logika of inhoud of organisasie kontroleer nie en 'n spelkontrole wys slegs moontlike foute uit.

Volgens Sullivan *et al.* (1989:138) het enkele taalvaardigheidstudies/taalbeheersingsondersoeke 'n tendens uitgewys dat skrywers wat met rekenaars werk se manuskripte taalkundig slordig is, en dat rekenaartegnologie die blaam dra. Taalgebruik is informeel, soos gesproke taal. Tikfoute kom makliker voor, want die rekenaarsleutels het 'n ligter aanslag as 'n tikmasjien, en baie rekenaarskrywer is eerste "tikers". Woorde word uit 'n sin gelaat, woorde word herhaal en sinne oorvleuel. Skrywers doen ook nie die moeite om spelling te kontroleer nie. Die resultaat is 'n slordige manuskrip in sy geheel: "All the word-processing commands in the world won't help if writers do not read, critique, and improve their texts" (Sullivan *et al.*, 1989:138).

Teksversorging per rekenaar is 'n nuttige en maklike proses wat baie tyd kan bespaar, veral as die skrywer hierdie organisatoriese tegnieke/hulpmiddels gebruik, maar:

Editing a long text solely on a computer screen is like painting a mural without ever stepping back for an overview. In either case the result can be disastrous; all the details can be perfect while the overall work remains imbalanced. Savvy writers [and editors] alternate on-screen editing with old-fashioned paper-and-pencil editing (Sullivan *et al.*, 1989:135).

Daarom is hersiening so belangrik: "The final essential of good writing is revision" (Enzler, 1961:14). Elke taalgebruiker is dit aan homself verskuldig om die beste kommunikeerder te word wat hy kan wees.

3.5.4 Die redaksionele proses

Na aanleiding van Judd (1982:5-6), Venit (1993:30-37) en Plotnik (1982:12-24) blyk dit dat manuskripte deur 'n bepaalde prosesseringsproses (moet) gaan alvorens dit na boekdrukkerye gestuur word vir drukwerk en verspreiding. Judd (1982) mag effe verouderd wees, maar die basiese stappe van setwerk en veral teksversorging binne die gerekenariseerde uitgewerswese wat hierin aangedui word, is steeds geldig.

Nuwe tegnologie met betrekking tot rekenaars en bladuitlegprogramme vergemaklik die setproses, en finale kontrole/proefleeswerk kan ook op die rekenaar gedoen word, maar teksversorging en veral taalversorging word nog grootliks per hand gedoen.

'n Werkbare redaksionele proses in 'n Christelike uitgewery behoort, vir die doeleindes van kontrole en produktiwiteit in bepaalde dele uiteen te val. Die stappe in die proses sal wissel na gelang van die tipe maatskappy, grootte en personeel en die tipe boek(e) wat uitgegee word. Die volgorde van die stappe is ook vloeibaar, maar kan dien as 'n basiese riglyn vir die prosesering van 'n manuskrip.

In die meeste uitgewerye werk 'n redaksionele span¹⁵ saam in die proses om manuskripte te verwerk na publikasies: uitgewer/assistentuitgewer/verskillende redakteurs en/of teksversorgers/proefleser(s)/redaksionele assistent(e)/lettersetters en kunstenaars. Die produksiespan is die lettersetter wat voor 'n rekenaar sit en met 'n rekenaarprogram die manuskrip "aanmeekaarsit" deur 'n proses van formattering, bladuitleg en tipografie. Die teksversorging lê in die hande van teksversorger/redakteurs/redaksionele assistente en proeflesers.

Die redaksionele proses val dan uiteen in vyf dele:

- Die keuringsproses.
- Die produksieproses wat te doen het met bladuitleg, formattering en tipografiese detail.
- Die skep van 'n buiteblad, en/of grafiese materiaal: sketse, foto's, ensovoorts.
- Die teksversorgingsproses wat 'n kwaliteitskontrole behels oor korrekte taalgebruik en inhoud, sowel as strukturele gepastheid; konsekwensie en geskiktheid van tipografie, bladuitleg en teksformaat; die skep van 'n titel en subtitel en die skryf van 'n reklameteks vir die agterblad, sowel as kontrole oor 'n geskikte voorbladontwerp vir die titel en subtitel, en kontrolering van die voorwerke van 'n teks.
- Druk van finale kopie (kameragereedkopie) wat na 'n drukkerij gestuur word. Ontvangs van blouproewe¹⁶ van drukkerij en finale kontrole.

Vervolgens word die verloop van die redaksionele proses beskryf.

¹⁵ Sommige kleiner uitgewerye maak wel gebruik van buitetaalpraktisyne om taalversorging te doen. Finale kontrole word egter deur 'n individu (redakteur, teksversorger) binne 'n maatskappy gedoen.

¹⁶ Die volgende inligting oor blouproewe is verkry van Chris Eygelaar, Hoof: Prysrekening, Nasionale Boekdrukkerijgroep. Blouproewe of Océ-proewe is die finale proewe wat aan 'n klant (uitgewery/teksversorger) gebied word voordat drukplate gemaak word, só genoem as gevolg van die kleur daarvan. Dit is die laaste geleentheid wat die klant het om korreksies te laat doen. Océ is die naam van die papier waarop die proef gedoen word. Hierdie papier is chemies behandel en ligsensitief en word in 'n kontakraam geplaas wat ultraviolette strale uitstuur. Die setwerk wat op film vasgelê is (vanaf kameragereedkopie), word bo op die Océ-papier geplaas. Die masjien word aangeskakel en beligting of wegbranding van die chemiese stof op die océ-papier vind plaas op die dele waar die papier helder deur die film sigbaar is. Hierna word die film sowel as die papier van die kontakraam verwyder. Die beligte papier word deur 'n ontwikkelaar gestuur wat met ammoniak werk. Die ammoniak werk dan chemies in op die dele van die océ-papier waar die lig nie kon deurskyn nie. Die eindresultaat is 'n swart-blou proef, algemeen bekend as 'n *blouproef*. Oorspronklike dokumentasie in besit van die outeur.

3.5.5 Die redaksionele proses: orde uit chaos

Teksversorging neem vir verskillende mense verskillende vorme aan: dit word gesien as 'n kuns, 'n vaardigheid, 'n katarsis, 'n kruisvaart (Plotnik, 1982:11). Op die ou end is dit alles en nog méér; in essensie 'n produktegeoriënteerde taak: " ... a job that results in a product ... word 'process'[ed] into communication 'packages'" (Plotnik, 1982:11). Die implikasie daarvan is dat 'n manuskrip deur 'n spesifieke proses moet gaan: 'n spesifieke metode, sisteem of tegniek van voorbereiding, hantering of behandeling wat daarop gerig is om 'n spesifieke resultaat te bewerkstellig en dat die resultaat se effektiwiteit afhang van die mate waarin dit as 'n kompakte eenheid funksioneer (vgl. Plotnik, 1982:11).

So verseker uitgewer, skrywer en redaksionele medewerkers dat die produk op 'n ekonomiese sowel as 'n normatiewe en beginselvaste wyse sy beslag in die mark vind.

In die formele opset van 'n Christelike uitgewery waar verantwoordelikhede afgebaken is, sien die redaksionele proses soos volg uit:

3.5.5.1 Ontvangs van manuskrip en keuring

Die manuskrip word van 'n skrywer ontvang en aan 'n keuringsproses onderwerp. Plotnik (1982:12) sien die skrywer as "a moderately accomplished individual who happens to have something timely to say". Wanneer 'n manuskrip goedgekeur is, word 'n kontrak met die skrywer aangegaan. Dié taak lê in die hande van administratiewe personeel en die uitgewer.

3.5.5.2 Die beoordeling van 'n teks

Keuringskriteria vind in 'n groot mate aansluiting by taalbeheersingskriteria in die sin dat die kommunikatiewe geslaagdheid van die teks as koherente eenheid in albei sentraal staan.

Dit is een van die take van die teksversorger om manuskripte wat vir publikasie voorgelê word, te keur vir publikasie. Dikwels verwag skrywers ook kommentaar en/of riglyne vir skryfwerk.

Daaglik beoordeel uitgewers, teksversorgers en hul assistente talle tekste. 'n *Konsekwente vorm of standaard eerder as intuïsie* ten opsigte van die beoordeling van tekste kan frustrasies uitskakel sowel as 'n betroubare riglyn daarstel.

Die beoordeling van 'n teks word vergemaklik binne die raamwerk van die taalbeheersingsdoelwitte soos uiteengesit deur Breetvelt *et al.* (1994:108):

- *Doelwitbereiking.* Dit beteken dat die teks gefokus moet wees, dat logiese ontwikkeling plaasvind en dat die skrywer al die doelwitte bereik wat aanvanklik gestel is.

- *Struktuur en organisasie*. Dit dui op die onderlinge kohesie tussen sinskonstruksies, paragrafering, paragrawe én in die teks as geheel.
- *Lesergerigtheid*. Die skrywer moet daarin slaag om sy teikengroep te bereik. Dit geskied wanneer daar interaksie plaasvind tussen die skrywer en sy leser, tussen die leserprobleem en die tema wat die skrywer behandel.
- *Taalgebruik en styl*. Die grammatika, woordeskat, register en variasie in die sinskonstruksies maak van 'n teks 'n leservriendelike artefak.

Plotnik (1982:28-29) fokus op die inhoud, leesbaarheid en impak van die manuskrip. Oorspronklikheid, duidelikheid en die impak wat 'n teks op die bedoelde teikengroep kan hê, is aspekte waarna elke keurder altyd in 'n manuskrip soek. Vervolgens word dié aspekte kortliks toegelig.

3.5.5.2.1 Inhoud

- Die inligting moet feitlik wees, die bronne betroubaar, die menings van die skrywer gemotiveerd.
- Die analise en interpretasie van die feite moet georganiseer en deurdag wees. Die hipotese moet vervat wees in die feite. Moeilike konsepte moet verstaanbaar weergegee word.
- Die leser moet kan onderskei tussen feite en die skrywer se mening. Dit beteken dat die argument gebalanseer en nie eensydig moet verloop nie.
- Die keurder is altyd op soek na 'n vars, innoverende, kreatiewe en oorspronklike manuskrip.

3.5.5.2.2 Leesbaarheid

- 'n Prikkelende manuskrip wat interessant en boeiend aangebied word – van die eerste tot die laaste bladsy – het substansiële, opvoedkundige, geestelike of inligtingswaarde.
- 'n Konkrete, op die man af, spesifieke, duidelike argument beteken dat die leser daarmee kan identifiseer.
- Idiomatiese en lesersvriendelike taalgebruik dra by tot al bogenoemde faktore.

3.5.5.2.3 Impak

- 'n Teks wat 'n nuwe perspektief op 'n saak bied, is altyd emosioneel sowel as intellektueel stimulerend.
- Dit is belangrik dat die skrywer sy saak met die moed van sy oortuiging stel. Gesaghebbende, oortuigende en logiese idees kan vir die leser ewigheidswaarde inhou.
- Teikengroepgerigte, markgerigte en aktuele manuskripte het 'n impak op die leser.

Die meeste uitgewers, redakteurs/teksversorgers is altyd op soek na "nuwe talent". Daarom

bestee hulle baie tyd daaraan om manuskripte wat vir publikasie voorgelê word, te lees ... en terug te stuur. Plotnik (1982:13) gee goeie raad ten opsigte van afgekeurde manuskripte: moet nooit redes gee nie, dit gee altyd aanleiding tot ongelukkigheid aan die kant van die aspirant-skrywer. Wanneer 'n aspirant-skrywer potensiaal toon, kan die teksversorger wel leiding, hulp en ondersteuning bied om sy manuskrip te verbeter.

3.5.5.3 Die produksieproses

'n Lêer word vir die manuskrip oopgemaak. Die hoof van die setwerkafdeling besluit in samewerking met die uitgewer of assistentuitgewer en redakteurs op 'n formaat en tipografiese besonderhede en vul die besonderhede op 'n produksieskedule in. Alle korrespondensie en persoonlike en/of telefoongesprekke met betrekking tot die setwerk en teksversorging word in hierdie lêer gehou.

Die teksontwerp van die dokument word deur die lettersetter gedoen. 'n Teks van bykans enige woordverwerker kan gelaai ("import") word deur verwerking/omskakeling. Dokumentontwerp behels die beplanning van die voorkoms van die bladsy: kantlyne en bladuitleg, teksformattering en tipografie.

Die inhoud en teikengroep van die teks sal die struktuur en die ontwerp bepaal. Ontwerpspesifikasies behels die volgende aspekte:

- Lettertipes, -groottes en style vir die verskillende elemente in die teks, soos opskrifte, sub-opskrifte, aanhalings en unsiale (die eerste letter waarmee die eerste woord in 'n nuwe hoofstuk begin; 'n sierletter).
- Basiese teksformaat: paragrafe op eerstelyninkeep ("indent"),
spasiëring tussen paragrafe,
teks oor die hele reël tussen twee kantlyne gespasieer – gejusteer,
regsgejusteer of linksgejusteer ("justified"),
opskrifte links of regs teen kanlyn geblok of gesentreer ("left align",
"right align"),
kopskrifte ("headers") en voetskrifte ("footers"),
weduweereëls ("widow lines"),
weesreëls ("orphan lines").
- Basiese bladuitleg: bladsygroottes,
kantlyne bo, onder, regs en links,
kolomme.
- Ontwerp van illustrasies en lettertipes vir illustrasies of grafika; grys blokke waarin teksgeeltes uitgelig word. Die doel van grafiese materiaal is om die teks aan te vul en lesersvriendelik te maak.

- Bepaling van die hoeveelheid bladsye. 'n Standaardgrootte drukkersmodel ("dummy copy") gee vir die span 'n aanduiding van die uiteindelijke produk.

Lettersetters maak gebruik van 'n "style sheet" – "custom made formatting instructions" (Sullivan *et al.*, 1989:187) – 'n lys van formaatspesifikasies wat die plasing van opskrifte, subopskrifte, paragrawe, spasiëring en aanhalings, dit is, die inhoud en voorkoms van die spesifieke teks, kodifiseer. Só word die taak van die setter vergemaklik en dit besorg die teksversorger 'n groot mate van gemoedsrus ten opsigte van die konsekwensie van hierdie spesifikasies: " ... a style facility in a document editing system is an improvement over having authors and editors juggle the typographical properties of documents content" (Sullivan *et al.*, 1989:185).

3.5.5.4 Ontwerp van die buiteblad

'n Kunstenaar ontwerp 'n buiteblad wat die inhoud van die teks weerspieël, en waarop die titel, subtitel en naam van die skrywer(s) prominent figureer. Samewerking tussen die kunstenaar, teksversorger en lettersetter is noodsaaklik sodat die teks as 'n geheel funksioneer, en óók sodat kopie saam na die drukkerij weggestuur kan word.

Die ontwerp van die buiteblad word op kragtige, gesofistikeerde rekenaars gedoen deur ervare kunstenaars. Die drukstuk (titel, naam van die skrywer, reklameteks) word versorg, en die detail gekontroleer (strepieskode ["barcode"], logo, ISBN-nommer).

'n Optiese skyf ("optical disc/magneto disc") en drukstuk waarop alle spesifikasies ten opsigte van bladgrootte, dikte van rugkant, kleurbloei ("bleed"¹⁷), kleur, lettertipe en -grootte aangebring is, word na 'n reproduksiehuis gestuur. Hulle voorsien dan 'n iris (kleurbuiteblad, "chromalin") en films wat saam met die kameragereedkopie na die boekdrukkerij gestuur word.

3.5.5.5 Die teksversorgingsproses

Plotnik (1982:20) som die taak van en doel met teksversorging goed op: " ... shaping that massive, amorphous file of materials into a clean, concise, wholly accurate and evocative presentation for the readers". Dit behels dan:

- 'n Deeglike bestudering en deurwerk vir helderheid/weldeurdagtheid, logika en impak van die teks.
- Punktuasie, spelling, hooflettergebruik.

¹⁷ Dit verwys na die bladuitleg, tipografie of fotomateriaal en kleur wat oor die snylyne van 'n bladsy loop. Dié snymerkie word in die hoekies van 'n bladsy aangebring om die grootte van die teksgedeelte aan te dui.

- Redigering van die teks in al sy fasette.
- Verifiëring van tipografiese besonderhede.
- Kies van 'n titel en subtitel vir die manuskrip.
- Uitleg van opskrifte, subopskrifte en kerngedeeltes.
- Die samestelling van 'n kort biografie of curriculum vitae van die outeur.
- Die skryf van 'n reklameteks vir die agterblad.

Teksversorging behels dus die intensiewe lees, verwerking en deurwerk van die manuskrip deur die teksversorger waarna die lettersetter die nodige veranderinge en korreksies aanbring. Dié versorgingsproses word ten minste vier keer herhaal totdat die teksversorger en hooflettersetter tevrede is met die inhoud en voorkoms van die teks. Indien ingrypende redigering gedoen word, word die skrywer in dié proses deurgaans op hoogte van sake gehou.

Dit behels ook die uitdink van 'n gepaste titel en subtitel, skryf van 'n reklameteks vir die agterblad en/of CV van die outeur, keuse van fotografiese materiaal indien dit nodig is, en die taal- en tipografiese versorging van die buiteblad in sy geheel. (Vir 'n volledige bespreking oor die taal- en tegniese versorgingsproses, vergelyk hoofstuk 4.)

3.5.5.6 Wegstuur van kameragereedkopie na drukkerij en kontroliering van blouproewe

Die teks en buitebladfilms word as kameragereedkopie na 'n drukkerij gestuur, waarna hulle 'n blouproef vir kontrole terugstuur. Veranderinge kan deur die teksversorger aangebring word; wel met koste-implikasies. Indien 'n teks noukeurig en professioneel versorg is, is dit selde nodig om op die blouproewe veranderinge aan te bring. Foute sluip tog soms in, en dan kan korreksies wel gedoen word.

Korreksie op die blouproefstadium kan verskillende vorme aanneem: spelfoute, teksreëls wat ontbreek, leesstof of illustrasies uit posisie, merke op die bladsy, bladsye wat op verkeerde plekke gemonteer is, ensovoorts. Die meeste veranderinge het te doen met korreksies aan die teks (Eygelaar, 1997:1, vgl. voetnoot 16 in hierdie hoofstuk). Dit beteken die oorsat van bewoording, die maak van 'n nuwe film, die afhaal van bestaande film en die hermonteer van 'n nuwe film op die spesifieke plek. Een bladsy kan tot R50-00 kos, terwyl meer bladsye die gemiddelde koste kan afbring tot R25-00 per bladsy.

3.6 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om die taalbeheersingsdilemma waarin die teksversorger in die teksversorgingspraktyk hom daagliks bevind vanuit die subdisiplines taalbeheersing, normering, tekslinguistiek en tipografie te ontleed/te ondersoek.

Hoewel taalbeheersing taakspesifiek is en meer klem plaas op die proses as op die produk, stel teksversorgers as taalbeheersers belang in proses sowel as produk. As die teksversorger insette kan lewer in die skryfproses, kan moontlike probleme ten opsigte van die produk (soos bewys word in hoofstuk 4) vroegtydig uitgeskakel word en sodoende die teksversorgingstaak vergemaklik en bespoedig.

In hierdie hoofstuk is die teorie van teksversorging kortliks bespreek. 'n Teksversorger moet kennis dra van taalnorme, tekslinguistiek, DTP en tipografie, wat binne die raamwerk van die taalbeheersingsteorie dié vaardighede omvat wat hom in staat stel om manuskripte te verwerk in markgerigte sowel as ekonomiese en goedversorgde publikasies.

Dit is veral belangrik omdat die daaglikse teksversorgingspraktyk daarop dui dat die teksversorger as taalbeheerser moet konsentreer op die taal- en tipografiese versorging van die teks, dus die produk, en nie deel het aan die skryfproses van die teks nie.

In hoofstuk 4 word die praktyk van teksversorging na aanleiding van die voorafgaande teoretiese begroting met tersaaklike voorbeelde geïllustreer.

HOOFSTUK 4

Teksversorging in die uitgewerspraktyk

"To each of us our own words are sacred."

– Beryle Stanton –

4.1 Inleiding

Die primêre taak van die teksversorger blyk steeds *taal*versorging te wees al is hy verantwoordelik vir die uitoefening van kwaliteitskontrole oor die gehele teks wat uiteindelik die boek word. Dit sluit ook tipografiese versorging in. Manuskripte wat vir publikasie goedgekeur is, ondergaan 'n gedaanteverwisseling in die redaksionele versorgingsproses, sodat dit op die ou end 'n unieke teks kan wees. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die taalversorging van manuskripte, sowel as die versorging van tipografiese detail wat elke boek uniek wil maak.

Dit is die taak van die teksversorger as taalbeheerser om 'n goedgekeurde manuskrip (skrywersprodukt, vergelyk 3.1) vir publikasie gereed te maak, taalkundig sowel as tipografies. Hiervoor het die teksversorger 'n teoretiese begronding nodig ten opsigte van die taalkundige subdissiplines, taalbeheersing, normering en tekslinguistiek; sowel as 'n teoretiese kennis van die subdissipline tipografie as teksuitlegstrategie. Dié aspekte is in hoofstuk 3 bespreek.

Teksversorging sluit *taal*versorging sowel as *tipografiese* versorging van 'n manuskrip in. In hierdie hoofstuk word die taalversorgingsaspekte ten opsigte van die sintaksis, morfologie, semantiek, stilistiek en pragmatiek aan die hand van Carstens (1994) onder die loep geneem. Die grafiese versorging van die teks word in breë trekke bespreek, en daar word ook kortliks aandag gegee aan aspekte van taalsuiwerheid.

Die tipografiese aanbieding van 'n teks speel 'n deurslaggewende rol in lesersresepsie. Daarom word besondere aandag gegee aan die tipografiese versorging van 'n manuskrip. Daar word uitgegaan van die sentrale teoretiese standpunt dat min tekste wat vir publikasie voorgelê word, voldoen aan die eise wat taalbeheersing aan 'n teks stel. Die teksversorger doen gevolglik indringende taal- en tipografiese versorging van 'n manuskrip alvorens dit gepubliseer word. Die uitgangspunt word telkens toegelig en gestaaf deur relevante voorbeelde wat in die praktyk van teksversorging opgeteken is.

4.2 Taalversorging

Taalversorging kan miskien die beste beskryf word in die woorde van die skrywer, Ernest Hemingway: "Getting the words right" (Cheney, 1983:4). Cheney (1983:9) praat van:

... writing, rewriting, rereading, reviewing, rethinking, rearranging, repairing, restructuring, reevaluating, editing, tightening, sharpening, smoothing, pruning, polishing, punching up, amending, emending, altering, eliminating, transposing, expanding, condensing, connecting, cohering, unifying, perfecting,

en illustreer daarmee die veelheid aktiwiteite waarmee taalversorgers hulle besig hou.

Volgens O'Connor (1986:39) het taalversorging twee doelwitte: " ... editing for clarity and felicity of expression and matters of basic grammar, syntax, consistency ... " Hierdie standpunt word ook deur Hull *et al.* (1987:103) ondersteun wanneer gesê word die taalversorger ruim foutiewe sintaksis, grammatika, taalgebruik en spelling uit die weg. Die taalversorger se taak is om verstaanbare, ondubbelsinnige, korrekte taalgebruik te verseker sodat geslaagde tekskommunikasie plaasvind. Korrekte taalgebruik impliseer versorgde taalgebruik en redigering wat uiteindelik noodsaaklike voorvereistes is om lesersaandag en -vertroue te waarborg (Clouse, 1992:86). Die taalversorger het 'n preokkupasie met kwalitatiewe taalgebruik (Maureau, 1980:47), terwyl die teksversorger na die gehele aanbieding van die teks ook moet omsien.

Die teksversorger as taalversorger moet oor 'n breë taalkundige kennis beskik om enigsins kwaliteit taalversorging te kan doen. Kortom: die taalversorger moet 'n *taalbeheerser* by uitstek wees: " ... (T)he ideal copywriter knows everything about something and something about everything " (Bowles *et al.*, 1993:19). Taal, die basiese en belangrikste toerusting vir 'n teksversorger is dié iets waarvan so 'n persoon alles moet weet – in die vorm van die nuutste, relevante naslaanwerke of selfs gerekenariseerde databanke waarop hy hom kan beroep indien nodig.

Die teksversorger as taalversorger maak uit die aard van sy verantwoordelikheid teenoor én skrywer én teks én leser baie staat op taalgidse vir motivering en verantwoording van veranderinge/korreksies. Daarom is Carstens (1994) geneem as gesaghebbende teoretiese en skematiese vertrekpunt vir 'n oorsigtelike bespreking van taalkundige kwessies wat deurgaans as probleemgevalle in die redaksionele proses beleef word.

Vervolgens word aandag gegee aan probleme rakende die subdissiplines sintaksis, semantiek en pragmatiek, morfologie, stilistiek en tipografie. Dit word telkens toegelig met voorbeelde¹ uit die taalversorgingspraktyk.

¹ Ter wille van die omvang van die skripsie word 'n maksimum van vier geselekteerde voorbeelde telkens ter toeligting gegee, tensy anders gemotiveer.

4.2.1 Sintaksis

Die sintaksis van 'n taal betrek die struktuur en funksies van die sintaktiese elemente, dit is, die boupatrone van sinne. Volgens Du Plessis (1985:11) het die sintaksis van 'n spesifieke taal betrekking op die onderlinge verhouding tussen woorde in 'n sin, en gaan dit oor hóé woorde in 'n sin met mekaar skakel om daardie sin te vorm.

Aan die hand van Carstens (1994) word enkele opvallende sintaktiese probleemassekte bespreek wat in die tersaaklike teksversorgingspraktyk geïdentifiseer is.²

4.2.1.1 Aspekte ten opsigte van die werkwoord

4.2.1.1.1 Volgorde in taal en die posisie van die werkwoord: hoofsin³

Die orde waarin woorde in 'n (Afrikaanse) sin voorkom, is belangrik vir die algemene begrip daarvan. Volgorde in die taal is " ... die basiese taalreël wat die hele sistematiek van die fonologie en grammatika beheers" (Ponelis, 1968:6-7). Dit beteken dat elke taalbousel 'n volstrek bepaalde plek in 'n besondere sin inneem. Dit is veral die posisie van die werkwoord in die onderskeie soorte sinne wat probleme kan oplewer.

Die basiese woordvolgorde in Afrikaans is subjek (S) + werkwoord (V) + orige sinsdele – objek en/of bepalinge – (Res). Dié basiese patroon (of neutrale volgorde) van die hoofsinvolgorde (onafhanklike sinne/volgorde) stel Afrikaanse taalgebruikers in staat om 'n groot hoeveelheid sinne te vorm. Dit skep ook nie noemenswaardige probleme vir skrywers nie. Sommige skrywers hou daarvan om dié volgorde te verskuif na 'n aanloopvolgorde; blykbaar om stilistiese redes:⁴

- ☒ Tussen hulle hang Jesus. (Jesus hang tussen hulle.)
- ☒ 'n Messias soos dié man verwag, is Jesus allermens. (Jesus is allermens 'n Messias soos dié man verwag.)
- ☒ 'n Groter ontdekking is daar nie. (Daar is nie 'n groter ontdekking nie.)

² Alle voorbeelde wat gebruik is, is deur die jare opgeteken uit oorspronklike, onidentifiseerbare en ongepubliseerde manuskripte wat teksversorging moes ondergaan, tensy anders vermeld.

³ Vir 'n volledige bespreking van die posisie van die werkwoord in hoofsinvolgorde en in die bysinvolgorde, vergelyk Carstens, 1994:39-44.

⁴ Met ☒ word aangedui dat 'n voorbeeld aanvaarbaar is;

- ☒ dui 'n foutiewe voorbeeld aan;
- ☑ dui die korreksie van die foutiewe voorbeeld aan;
- ☐ dui 'n verdagte voorbeeld aan; en
- ☒ dui 'n humoristiese voorbeeld aan.

Die suiwer inversievolgorde word ook dikwels vir stilistiese effek aangewend:

- ☐ Mag Hy dit in j^{ou} lewe kom waarmaak! (Seënwen)
- ☐ Het jy Hom al Koning van j^{ou} lewe gemaak? (Vraagsin)

4.2.1.1.2 Die verbinding van sinne en die posisie van die werkwoord⁵

Die afhanklike bysinvolgorde (sinne wat in onafhanklike sinne ingevoeg word) verskaf wel probleme.

In die verbinding van sinne in Afrikaans het die verskillende voegwoorde wat in dié proses gebruik word 'n invloed op die posisie van die werkwoord:

- Die neweskikkende voegwoorde (bv. *want, maar, en, of, en dog*) word gewoonlik gebruik om hoofsinne met mekaar te verbind sonder dat daar enige verandering in die sinsvolgorde voorkom (Carstens, 1994:44-45).
- Die voegwoordelike bywoorde (bv. *dan, toe, nogtans, dus, derhalwe, daarom, nietemin, anders en tog*) word gebruik om hoofsinne te verbind waarna die aanloop-inversievolgorde aangeneem word: die werkwoord kom nog steeds in die tweede sinsposisie voor, maar word voorafgegaan deur 'n bywoord wat 'n voegende funksie verkry (Carstens, 1994:46).
- Die onderskikkende voegwoorde (bv. *dat, as, sodra, aangesien, terwyl, nadat, omdat en indien*) bring 'n belangrike wysiging in die woordorde mee, omdat hulle 'n bysin inlei. In die hoofsin word die neutrale sinsvolgorde bekom, maar in die bysin skuif die werkwoorddeel gedeeltelik of algeheel nader aan die einde van die sin (Carstens, 1994:47). Dit is veral die afwykende woordorde na *dat* waarmee skrywers probleme het. Carstens (1994:49) wys daarop dat heelwat van die probleme vermy kan word indien die "*dat*" bloot weggelaat word.

- ☐ Jou bemoediging is dat as jy Hom soek, is Hy reeds daar om jou te ontvang.
- ☒ Jou bemoediging is: as jy Hom soek, is Hy reeds daar om jou te ontvang, of:
- ☒ Jou bemoediging is as jy Hom soek, Hy reeds daar is om jou te ontvang.

- ☐ Dis seker hoekom die Psalm sê dat jy kan maar jou bed in die doderyk ook maak.
- ☒ Dis seker hoekom die Psalm sê dat jy maar jou bed in die doderyk ook kan maak.

Ander voorbeelde wat opgeteken is:

- ☐ Die tragedie is dat, met die vooruitgang van die wetenskap en tegnologie het

⁵ Vergelyk ook Carstens, 1994:44-50.

die mens op sy prestasies geroem asof hy dit self geskep het.

- ☒ Die tragedie is, dat met die vooruitgang van die wetenskap en tegnologie, die mens op sy prestasies geroem het asof hy dit self geskep het.

'n Opvallende verskynsel is die "dat as-konstruksie", terwyl "dat" en "as" albei onderskikkende voegwoorde is:

- ☒ Dis vandag se heerlike evangelie: dat as Hy wat God en die Opstanding is, na Lasarus se graf toe stap en daar almal om Hom sien huil, Hy ook huil.
- ☒ Dis vandag se heerlike evangelie: as Hy wat God en die Opstanding is, na Lasarus se graf toe stap en daar almal om Hom sien huil, huil Hy ook.

4.2.1.1.3 Die posisie van die werkwoord en bepaling

Hoewel die werkwoord 'n vaste plek beklee in neutrale Afrikaanse sinne, te wete die tweede sinsposisie (Carstens, 1994:50), het die neiging onder invloed van Engels ontstaan om 'n bepaling/adjunk in die tweede sinsposisie te plaas. Sinsbepalings wat 'n kontrasterende betekenis uitdruk, kan wel in dié gevalle gebruik word, andersins geld die vasteplekreël steeds.

- ☒ Jesus Christus, natuurlik, *sa/* nie so iets doen nie, intendeel ...
- ☒ Jesus Christus *sa/* natuurlik nie so iets doen nie, intendeel ...
- ☒ Natuurlik *sa/* Jesus Christus nie so iets doen nie, intendeel ...

4.2.1.1.4 Die posisie van die werkwoord

Carstens (1994:51) haal Spies (1982:74) en Le Roux (1968:186-191) aan wat albei kopsie maak teen die tradisionele (dogmatiese) opvatting van taalvoorskrywers dat die werkwoord altyd in Afrikaans aan die einde van die sin moet staan. Die (eind)posisie van werkwoorde in korter sinne is selde problematies. In langer sinne speel styl en die natuurlike uitdrukkings en begripsvermoë 'n belangrike rol by die plasing van die werkwoord. Dit beteken dat die werkwoord so ver moontlik na die begin van die sin geplaas kan word as wat die verpligte grammatikareëls dit toelaat (vgl. Spies & Combrink, 1994:202) om beter kommunikasie en 'n natuurliker taalstruktuur te bewerkstellig en om 'n opeenhoping van werkwoorde te vermy:

- ☒ Ek gaan met ander woorde die multituinkultuur aanhang en voortaan 'n grasperk ontwerp wat die vrugte van die demokrasie na alle spesies toe, op die aarde en onder die aarde en onder die waters van die aarde, uitbrei.
- ☒ Ek gaan met ander woorde die multituinkultuur aanhang en voortaan 'n grasperk ontwerp wat die vrugte van die demokrasie na alle spesies toe uitbrei, op die aarde en onder die aarde en onder die waters van die aarde.

- ☒ As 'n mens 'n gat in 'n ou rok wat klaar gekrimp het, moet regmaak, sal jy mos nie 'n nuwe stuk materiaal gebruik nie.
- ☒ As 'n mens 'n gat moet regmaak in 'n ou rok wat klaar gekrimp het, sal jy mos nie 'n nuwe stuk materiaal gebruik nie.

- ☒ Dis vir jou om hierdie merkwaardige gawe in geloof aan te neem en die voorreg om deur Hom gelei en geleer te word, te waardeer.
- ☒ Dis vir jou om hierdie merkwaardige gawe in geloof aan te neem en die voorreg te waardeer om deur Hom gelei en geleer te word.

- ☒ Praat met mense wat bekende uitgesproke Christene is en hulle op die gebied waarin jy jou bevind, onderskei het.
- ☒ Praat met mense wat bekende uitgesproke Christene is en hulle onderskei het op die gebied waarin jy jou bevind.

- ☒ Markus skryf dat dit Fariseërs en Herodiane was wat Jesus met 'n vraag of dit geoorloof is om belasting te betaal, probeer vastrek het.
- ☒ Markus skryf dat dit Fariseërs en Herodiane was wat Jesus probeer vastrek het met 'n vraag of dit geoorloof is om belasting te betaal.

4.2.1.1.5 Volgordepatroon van bywoordelike bepalinge

In die neutrale Afrikaanse sin is daar 'n vaste volgordepatroon wat betref die bywoordelike bepaling van plek, wyse en tyd naamlik eerstens tyd, dan wyse en laastens plek. Dit kan as algemene reël gestel word.

Om stilistiese redes of ter wille van beklemtoning kan die volgorde tóg verander word. In Engels is die volgorde direk omgekeerd wat dikwels tot foutiewe toepassing aanleiding gee. Skrywers het nie normaalweg probleme met hierdie volgordepatroon nie, hoewel die volgende voorbeelde opgeteken is:

- ☒ In 1099 is Jerusalem deur die kruisvaarders verower, maar dit val later weer voor die Moslem Saladin in 1187.
- ☒ In 1099 is Jerusalem deur die kruisvaarders verower, maar dit val later, in 1187, weer voor die Moslem Saladin.

- ☒ Ek het die oggend vroeg op Johannesburg se lughawe gearriveer vanaf Londen.
- ☒ Ek het die oggend vroeg vanaf Londen op Johannesburg se lughawe gearriveer.

4.2.1.2 Ontkenning in Afrikaans: die dubbele *nie*

Carstens (1994:54) sê dat "(o)ntkenning ... een van die mees problematiese aspekte in die Afrikaanse sintaksis (is)". Daar is ook ander woorde wat 'n ontkenkende funksie het (bv. *niemand, niks, geen, nêrens* en *nimmer*). Hoewel die ontkenning nie noodwendig altyd deur 'n dubbele *nie* uitgedruk word nie, is die sogenaamde dubbele negatief een van die unieke eienskappe van die Afrikaanse sintaksis. Dit is enersyds 'n struktureel wat baie skrywers verbreek deur gewoon die tweede *nie* weg te laat, en andersyds 'n begrip wat vir skrywers verwarrend is:

- ☐ Christusgelowiges sal eendag regsprek ... oor niemand minder nie as die engele nie.
- ☒ Christusgelowiges sal eendag regsprek ... oor niemand minder nie as die engele.

- ☐ En dan moet hy ook nooit vergeet dat God dieselfde opdrag aan baie ander mense gegee het.
- ☒ En dan moet hy ook nooit vergeet nie dat God dieselfde opdrag aan baie ander mense gegee het.

- ☐ Moet nooit die onvermoë van God onderskat nie.
- ☒ Moet nooit die vermoë van God onderskat nie.

Aspekte wat betrekking het op die gebruik en plasing van die dubbele negatief is:

4.2.1.2.1 Plasing van *nie* in 'n sin

Die posisie van die negatief in die sin kan die betekenis van die sin beïnvloed: daarom moet die eerste negatief op die regte plek in die sin geplaas word. Probleme in dié verband kan vermy word deur die sin in die positiewe vorm te plaas:

- ☐ Hulle verstaan nie dat liefde 'n ernstige saak is nie, dat dit 'n kontrak van trou teenoor mekaar is nie. En dat troue liefde nie anders as met opoffering gepaard gaan nie.
- ☒ Hulle verstaan nie dat liefde 'n ernstige saak is nie, dat dit 'n kontrak van trou teenoor mekaar is. En dat troue liefde met opoffering gepaard gaan.

Ander voorbeelde wat opgeteken is wat veral die "wollerige taalgebruik" (AK) weerspieël waarmee teksversorgers te doen kry, is:

- ☐ Dit is onmoontlik om 'n Christen te wees sonder om Christus lief te hê nie.
- ☒ Dit is onmoontlik om 'n Christen te wees sonder om Christus lief te hê.

- ☒ Ek sou nie graag hemel toe wou gaan nie as ek nie seker was nie dat God 'n goeie grap sal kan waardeer nie.
- ☒ Ek sou nie graag hemel toe wou gaan nie as ek nie seker was dat God 'n goeie grap sal kan waardeer nie.

4.2.1.2.2 Ontkenning in veelvoudige en samegestelde sinne

In veelvoudige sinne word elke hoofsin wat genegativeer word soos 'n enkelvoudige sin behandel, terwyl die aantal en plek van die ontkenningswoorde sal bepaal watter sinsdeel genegativeer word. Slegs die deel wat genegativeer word, kry ontkenkende woorde:

- ☒ Nee, Hy bedoel: hulle *wil* nie verstaan nie, sodat hulle hul nie dalk sal moet bekeer nie!
- ☒ Nee, Hy bedoel: hulle *wil* nie verstaan nie, sodat hulle hul dalk sal moet bekeer!

As slegs die hoofsin negatief is, kom een *nie* gewoonlik in die hoofsin voor en die tweede nie aan die einde van die bysin, byvoorbeeld: *Geen wonder dat hulle Jesus ook dááror wou doodmaak nie ...*, maar om stilistiese redes word veral in langer samegestelde sinne die tweede *nie* soms wel vroeër in die sin geplaas, byvoorbeeld:

- ☒ Is jy nie dalk ook in dolle vaart besig om volk en vaderland (en God?) te dien, terwyl jy eintlik maar net besig is om na jou eie selfsugtige belange om te sien nie?
- ☒ Is jy nie dalk ook in dolle vaart besig om volk en vaderland (en God) te dien nie, terwyl jy eintlik maar net besig is om na jou eie selfsugtige belange om te sien?
- ☒ Dit gaan dus nie hier om 'n lys sondes waarvan almal vergeefbaar is, behalwe dié een: die lastering teen die Heilige Gees nie, maar slegs om persone wat met hulle hele wil en lewe (en sonder dat hulle berou wil hê!) die Here verwerp, en daarom deur Hom verwerp sal word.
- ☒ Dit gaan dus nie hier om 'n lys sondes waarvan almal vergeefbaar is, behalwe die lastering teen die Heilige Gees nie. Dit gaan slegs om persone wat met hulle hele wil en lewe (en sonder dat hulle berou wil hê!) die Here verwerp, en daarom deur Hom verwerp sal word.

'n Voorbeeld van verwarring met die ontkenning en die werkwoord aan die einde van die sin:

- ☒ Paulus probeer nie hier 'n gedetailleerde verslag van die wederkoms gee nie, sodat ons daaruit 'n volledige leer oor hoe die wederkoms presies sal wees, kan opbou.
- ☒ Paulus probeer nie hier 'n gedetailleerde verslag van die wederkoms gee sodat ons daaruit 'n volledige leer kan opbou oor hoe die wederkoms presies sal wees nie.

4.2.1.2.3 Die onnodige gebruik by sekere werkwoorde

Carstens (1994:57) wys daarop dat die foutiewe opeenstapeling van werkwoorde soos onder andere *verbied*, *ontken*, *verhinder* en *voorkom*, wat alreeds op sigself ontkenkende waarde het, aanleiding gee tot hierdie fout:

- ☐ Daarom verbied Jesus gedurig mense om te veel oor Hom te sê voor Hy nie eers die pad van die kruis gestap het nie.
- ☒ Daarom verbied Jesus gedurig mense om te veel oor Hom te sê voor Hy die pad van die kruis gestap het.

4.2.1.2.4 Die onnodige gebruik van voegwoorde

Dieselfde beginsel geld vir voegwoorde wat by implikasie ook ontkenkende waarde het:

- ☐ Tensy jy God nie vertrou nie, kan jy nie seker wees nie.
- ☒ Tensy jy God vertrou, kan jy nie seker wees nie.

- ☐ Niemand kan God se koninkryk sien nie, tensy hy weergebore word nie.
- ☒ Niemand kan God se koninkryk sien nie, tensy hy weergebore word.

- ☐ Nie voordat hy nie sy kop bitter hard stamp nie.
- ☒ Nie voordat hy sy kop bitter hard stamp nie.

4.2.1.3 Voorsetselgebruik

Carstens (1994:58) se uitsondering van die foutiewe Engelse invloed op die gebruik van Afrikaanse voorsetsels en die onnodige gebruik van "vir" voor voorwerpe word in die praktyk van teksversorging onteenseglik bewys. *Ons het min/baie met mekaar in gemeen* en *Ons moet so gou as moontlik ...* is opvallende foutiewe voorbeelde wat dikwels voorkom.

Ander voorbeelde van die Engelse invloed op die gebruik van Afrikaanse voorsetsels is:

- ☐ En so lank **as** jy leef, leer jy.
- ☒ En so lank jy leef, leer jy.

- ☐ Nie alleen kom mense uit 'n groot verskeidenheid **van** agtergronde tot bekering nie.
- ☒ Nie alleen kom mense uit 'n groot verskeidenheid agtergronde tot bekering nie.

'n Uiters steurende, opvallende verskynsel waarvan skrywers voorkeur gee, is die "ons-as-konstruksie":

- ☒ Ons as mense ... Christene ... ouers ... gelowiges ... Protestante ...
- ☒ Jesus as Verresene; of jy as mens ... Christen ... ouer ... gelowige ... Protestant
- ...

Hoewel die gebruik van "vir" voor sekere direkte objekte 'n opvallende kenmerk van die Afrikaanse taalstruktuur is (vgl. Raidt, 1976:72), is die gebruik daarvan soms verpligtend en soms fakultatief. Dit blyk onder skrywers 'n stilistiese voorkeur te wees. Carstens (1994:59-62) gee praktiese riglyne vir die gebruik daarvan:

- By persoonsobjekte is die konstruksie met *vir* fakultatief.
- By indirekte persoonsobjekte kan *vir* in die plek van 'n ander voorsetsel optree.
- As die direkte objek voor die indirekte persoonsobjek geplaas word, is *vir* (of 'n ander voorsetsel) voor die indirekte objek verpligtend.
- Ter wille van beklemtoning kan *vir* (of 'n ander voorsetsel) voor die werkwoord en subjek die persoonsobjek voorafgaan.
- *Vir* kom meer voor saam met menslike objekte as niemenslike objekte.
- Sekere oorganklike werkwoorde soos *belet*, *beveel*, *doen*, *maak* en *sê* is meer geneig om *vir* te neem by die objek as ander werkwoorde.
- *Vir* is verpligtend in die verbinding werkwoord + bywoord + persoonsobjek.
- Affek kan 'n rol speel by die gebruik van *vir*.
- Die verkeerde gebruik van *vir* kan aanleiding gee tot betekenisverskil.
- In gemeensame taal word *vir* dikwels gebruik om die direkte opeenvolging van twee eiename in 'n subjek- of objeksfunksie te vermy.

Voorsetsels kan nie klinies en koud beredeneer word nie, maar daar is toetse vir wanneer 'n mens oor 'n voorsetsel twyfel. 'n Goeie manier van die probleem self uitredeneer (Combrink, 1994:9), is om parallelle te soek. Foutiewe voorbeelde wat opgeteken is, is:

- ☒ Hy sê dit **van** hoorsê ...
- ☒ Hy sê dit **op** hoorsê ...

- ☒ ... het Hy dit met 'n eed **by** Homself bevestig.
- ☒ ... het Hy dit met 'n eed **aan** Homself bevestig.

- ☒ ... **agter** iemand se pype dans ...
- ☒ ... **na** iemand se pype dans ...

- ☒ ... die rug **op** iemand draai ...
- ☒ ... die rug **vir** iemand draai ...

- ☐ [Hy het] nooit 'n duit **op** hom nie.
- ☒ [Hy het] nooit 'n duit **by** hom nie.

4.2.1.4 Lidwoorde

Onder invloed van Engels word lidwoorde soms foutiewelik weggelaat of onnodig toegevoeg. Hoewel lidwoorde in sekere gevalle voor die selfstandige naamwoord en na voorsetsels weggelaat word en taalversorgers in die praktyk 'n groot mate van vryheid toelaat ter wille van tyd-besparing, is Van der Merwe & Ponelis (1991:49, 151) van mening dat die gebruik van lidwoorde, hoewel fakultatief, onlosmaaklik deel van versorgde taalgebruik is.

- ☐ In die saal vind die koning iemand sonder feeskleed.
- ☒ In die saal vind die koning iemand sonder '**n** feeskleed.

- ☐ ... die opstanding is die bekragtiging dat alles wat Markus geskryf het, waarheid is ...
- ☒ ... die opstanding is die bekragtiging dat alles wat Markus geskryf het, **die** waarheid is ...

- ☐ Belangrikste is die krag van die reddende genade van Christus ...
- ☒ **Die** belangrikste is die krag van die reddende genade van Christus ...

4.2.1.5 Voornaamwoorde

Carstens (1994:65-66) sonder die volgende aspekte met betrekking tot voornaamwoorde as besondere probleemgebiede uit:

- Betreklke voornaamwoorde (*wat, wie, wie se, waarvan* en verwante verbindings soos *waarmee, waarop*, ens.).
- Refleksiewe voornaamwoorde.
- Die volgorde van die persoonlike voornaamwoorde in sinne.
- Geslagsaanduiding by die persoonlike voornaamwoorde.
- Die gebruik van *hierdie* en *daardie*.

Veral die eerste drie aspekte lewer in die praktyk talle foutiewe voorbeelde op.

4.2.1.5.1 Betreklke voornaamwoorde

Veral die voornaamwoord "wie" word foutief *alleen* as betreklke voornaamwoord algemeen in die praktyk gebruik:

Rina Koen (Van den Berg, 1997:9) skryf:

... 'n Nuwe (skerp) doring in die vlees [is]: die gebruik van *wie* pleks van *wat* in gevalle soos: *die man wie daar loop, of ... Die president, wie gister in Kaapstad die pers toegesprek het, vertrek vandag oorsee*. Die meeste van ons het tog al aan moedersknie geleer: *Onse Vader wat in die hemel is*.

As betreklike voornaamwoord word *wat* vir mense en diere gebruik.

Die korrekte gebruik van *wie* as betreklike voornaamwoord is altyd *wie* en partikel *se* (besitting) of saam met 'n voorsetsel:

- ☒ Die man **wie se** kind siek is, het gister oorsee vertrek.
- ☒ Die man **met wie** ek nou net gepraat het ...

- ☐ Die man **wat se** naam verkeerd is ...
- ☒ Die man **wie se** naam verkeerd is ...

- ☐ Dit was 'n oulike man **waarvan** Jesus gehou het.
- ☒ Dit was 'n oulike man **van wie** Jesus gehou het.

Ander foutiewe vorme wat opgeteken is:

- ☐ Hy is iemand **waarin** God se lig nie deurdring nie.
- ☒ Hy is iemand **in wie** God se lig nie deurdring nie.

- ☐ Ek het ... besef: ek kan nie die Here dien, en **dit** luister nie.
- ☒ Ek het ... besef: ek kan nie die Here dien, en **daarna** luister nie.

- ☐ Ons het net gedoen **wat** ons lus was.
- ☒ Ons het net gedoen **waarvoor** ons lus was.

'n Ander verskynsel wat in toenemende mate voorkom, is die gebruik *wat* in plaas van *waar-mee*, aldus Eloff (Van den Berg, 1997:9):

Die probleem *wat ons mee te kampe het*, in plaas van: *Die probleem waar ons mee te kampe het*. 'n Mens kan maklik self toets en so in die goeie gewoonte kom om die regte voornaamwoord, bywoord of voegwoord vir die geleentheid te gebruik, deur die *wat* en *mee* aaneen te plak of die *waar* en *mee*, en dadelik is dit duidelik watter een is reg is: Geeneen sal ooit sê die probleem *watmee* ek worstel ... Almal sal wel sê die probleem *waarmee* ek worstel ...

4.2.1.5.2 Die refleksiewe voornaamwoorde

Dit is veral opmerklik dat in die praktyk die vorm *self* onder invloed van Engels gebruik word as aanduiding van refleksiwiteit: *Vra jouself af wat God se doel met die verloop van sake is.* Carstens (1994:70) wys daarop dat die gebruik by duidelik noodsaaklik refleksiewe gevalle in Afrikaans onaanvaarbaar is; behalwe waar besondere nadruk gelê word en om dubbelsinnigheid uit te skakel: *Hy praat met hom/Hy praat met homself.* Dit is ook gepas waar 'n bywoord voor die refleksiewe voornaamwoord by 'n sin met 'n toevallige refleksiewe werkwoord voorkom, en waar 'n voorsetsel voor die refleksiewe vorm voorkom (vgl. Van Schoor, 1983:299) kan 'n refleksiewe voornaamwoord met *self* wel voorkom.

'n Besonder problematiese vorm is die werkwoord *geniet*:

- ☒ Geniet jouself!
- ☒ Geniet dit!

- ☒ Hy geniet homself op die partytjie.
- ☒ Hy geniet die partytjie.

- ☒ Wou homself maar net geniet.
- ☒ Wou die rave maar net geniet.

4.2.1.5.3 Die volgorde van persoonlike voornaamwoorde

Die gebruiklike volgorde van die persoonlike voornaamwoord in Afrikaans is *ek en hy* en nie andersom soos in van die ander Germaanse tale nie. Hoflikheid kan wel die volgorde omkeer. Die gebruik "Hy en ek" en verwante vorme, kom in die meeste manuskripte voor.⁶

4.2.2 Morfologiese vlak

Die morfologie het betrekking op die struktuur van woorde. Woorde bestaan uit een of meer betekenisvolle deel/dele wat morfeme genoem word. 'n Woord kan uit slegs een morfeem bestaan (simpleks: *boek*) of uit twee of meer morfeme (kompleks: *taalhandboek*) of gelede woord. Dit is veral die terrein van die gelede woord wat vir die morfologie – en vir die teksversorger – van belang is. In die morfologie word naamlik die woordvormingstrategieë van taal in die algemeen en spesifieke tale in die besonder bestudeer. Dié woordvormingstrategieë is van besondere belang vir die teksversorger omdat hy moet kan rekenskap gee van die formule-

⁶ Voorbeelde kan op aanvraag getoon word.

ring van woordvormingsreëls, dit wil sê komplekse konstruksies of bundels reëls wat bestaan uit koppelingsreëls, semantiese interpretasiereëls en die reëls van allomorfie (Combrink & De Stadler, 1987:110).

Vir die teksversorger is veral die volgende morfologiese aspekte van belang:

- Verkeerde analogievorming veral by meervoudsvorming.
- Verkeerde analogievorming by trappe van vergelyking.
- Verkeerde analogievorming by afleidings.
- Optrede van *ge-* by voltooiide deelwoorde (wat in die praktyk nie noemenswaardige probleme oplewer nie, AK).
- Die foutiewe gebruik van die verboë *-e* (veral by die letterlike en figuurlike gebruik van woorde en vaste uitdrukkinge). (Vgl. Carstens, 1994:74-91 vir 'n volledige bespreking van hierdie aspekte. Slegs die eerste drie en laasgenoemde aspekte word hier naderby bespreek.)

4.2.2.1 Anglisistiese meervoudsvorming

In die praktyk van teksversorging is dit veral die anglisistiese meervoudsvorming wat vir die meeste skrywers 'n baie aantreklike keuse blyk te wees – in navolging van Engels:

- | | |
|--|---|
| ☒ argief ("archives") | ☒ argiewe |
| ☒ vuurwerk ("fireworks") | ☒ vuurwerke |
| ☒ gebed ("prayers") | ☒ gebede |
| ☒ kampioenskap ("championships") | ☒ kampioenskappe |
| ☒ Victoria waterval ("waterfalls") | ☒ Victoria watervalle |

Afrikaanssprekendes is geneig om onder invloed van Engels vorme in die meervoud te skryf terwyl Afrikaans in hierdie gevalle die enkelvoud verkies, al verteenwoordig elkeen prakties 'n meervoudige saak: *Dit is aan God te danke dat die geloof in mense se hart gewek is. Dit is ook aan God te danke dat daar geestelike vordering in ons lewe is.*

- | | |
|--|--|
| ☒ God se mense se harte/lewe verander ... | |
| ☒ God se mense se hart/lewe verander ... | |
| ☒ Die Fariseërs het hulle verlekter toe Jesus die Sadduseërs se monde gesnoer het. | |
| ☒ Die Fariseërs het hulle verlekter toe Jesus die Sadduseërs se mond gesnoer het. | |
| ☒ God wil nie hê dat ons blikke by die aardse sy van die dinge bly vassteek nie maar dat ons deur die geloof dwarsdeur die newels heenkyk. | |
| ☒ God wil nie hê dat ons blik by die aardse sy van die dinge bly vassteek nie maar dat ons deur die geloof dwarsdeur die newels heenkyk. | |

- ☒ ... waarom ons hoofde daaroor breek?
- ☒ ... waarom ons hoof daaroor breek?

- ☒ ... was dit gewoonlik sulke kwaai ooms en tannies wie se gesigte sekerlik van inspanning sou kraak ...
- ☒ ... was dit gewoonlik sulke kwaai ooms en tannies wie se gesig sekerlik van inspanning sou kraak ...

Veral die gebruik van die generiese enkelvoud (Spies & Combrink, 1994:54, 108-109), is vir die meeste skrywers 'n onverstaanbare en onaanvaarbare begrip. Problematiese vorme skep vir die teksversorger matelose hoofbrekens. Telkens sal 'n skrywer na die versorging van 'n teks by die teksversorger daaroor navraag doen, en steeds skepties bly na 'n motivering. In die praktyk blyk die beste oplossing te wees: raak ontslae van die probleem deur te herfraseer:

- ☒ Die meeste mans is lief vir hulle vrouens.
- ☒ Die meeste mans is lief vir hulle vrou.
- ☒ Oor die algemeen is elke man lief vir sy vrou.

4.2.2.2 Trappe van vergelyking

Die graadtrappe (stellend, vergrotend/vergelykend/komparatief en oortreffend/superlatief) word meestal morfologies, leksikaal en op onreëlmatige wyse in die taal uitgedruk:

- | | stellend | vergtotend | oortreffend |
|----------------|--|------------|-------------|
| • morfologies: | adjektief | + -er | + -ste |
| • onreëlmatig: | waar die vergrotende en oortreffende trap nie ooreenkom met die grondwoord nie: <i>goed</i> <i>beter</i> <i>beste</i> | | |
| • leksikaal: | hoofsaaklik meerlettergrepige byvoeglike naamwoorde wat op 'n -e uitgaan wat onderskeidelik <i>meer</i> en <i>mees</i> in die vergrotende en oortreffende trap neem: | | |

uitgeslape *meer uitgeslape* *mees uitgeslape*

Dit is veral op leksikale vlak dat foutiewe anglisistiese vorme in 'n toenemende mate in die praktyk voorkom. Dit wil voorkom of skrywers al meer en meer voorkeur aan hierdie uitdrukingsvorm gee.

Om die probleem te vererger, kom *pleonasmes* (verdubbelingsvorme) ook voor:

Dit is die mees belangrikste saak om te onthou, in plaas van *belangrikste*.

4.2.2.3 Afwykende afleidingsvorme

Afwykende afleidingsvorme na aanleiding van óf die Engelse model óf reeds bestaande afleidings kom voor, omdat skrywers bloot nie die moeite doen om die korrekte vorm te gaan opsoek nie (Carstens, 1994:80):

kampers, in plaas van *kampeerders*
lafharte/lafaarde, in plaas van *lafaards*
kontroleerder, in plaas van *kontroleur*.

4.2.2.4 Die verboë -e by attributief-gebruikte adjektiewe

Die onsekerheid oor die sogenaamde e-verbuiging wat voorkom by sommige byvoeglike naamwoorde as hulle (attributiewe) voorbepalings by selfstandige naamwoorde is (vgl. Carstens, 1994:810), vind ook neerslag in skrywers se manuskripte.

Van der Merwe en Ponelis (1981:17) wys daarop dat die graadwoord in versorgde taalgebruik voor 'n onverboë adjektief verbuig: *redelike skerp oordeel*, maar dit bly onverboë wanneer die adjektief self verbuig: *redelik objektiewe oordeel*, wat dan 'n betekenisverandering tot gevolg sou hê.

'n Fout wat deurgaans voorkom, is die verboë vorm van *ander/andere*:

- ☒ ... **andere** se geestelike doodsheid ... tekortkominge ... lewe ... dade ...
- ☒ ... **ander** se geestelike doodsheid ... tekortkominge ... lewe ... dade ...

terwyl Van der Merwe en Ponelis (1981:242) sê dat dit eintlik nog net in *onder andere* is waar *andere* voorkom.

Die weglating van die -s by attributiewe adjektiewe wat saam met *iets* en *niks* gebruik word, is 'n fout wat deurgaans in manuskripte voorkom:

- | | |
|--|---|
| ☒ iets lelik | ☒ iets leliks |
| ☒ niks waardevol | ☒ niks waardevols |
-
- ☒ Kan 'n mens ooit iets groter en heerliker lees as wat in Romeine 8 staan?
 - ☒ Kan 'n mens ooit iets **groters** en **heerlikers** lees as wat in Romeine 8 staan?

 - ☒ Ek dink aan die naam van die betrokke rolprent "Flash Gordon" of iets ewe sensueel.
 - ☒ Ek dink aan die naam van die betrokke rolprent "Flash Gordon" of iets ewe **sensueels**.

4.2.3 Semantiek

Semantiek is die studie van talige betekenis (Carstens, 1994:95). “Betekenis” as sodanig is ’n sentrale taalfait: in tale gaan dit om die oordra van betekenis en as jy betekenis oordra, dan kommunikeer jy. Sonder betekenis is geen taalgebruik inderdaad moontlik nie. Carstens (1994:95) sê: “ ... [E]ffektiewe kommunikasie hang van effektiewe betekenisoordrag af.”

Die verkeerde woordkeuse in ’n gegewe konteks skep duidelike betekenis- én kommunikasieprobleme. Dit word uit die volgende sin nie duidelik wat die skrywer se bedoeling is nie.

- ☒ Wat op die oppervlak na ’n kontradiksie of teenstrydigheid mag lyk, is inderwaarheid in sy ideale vorm, die rusie van twee oënskynlike pole. Iemand het die mooi beeld van twee mense wat dans gebruik – en iets van die wonderlike interaksie en rapport tussen twee mense wat saamdans kan in dié opsig verhelderend wees.

Die leser (aangesprokene) behoort nóóit te twyfel oor wat bedoel word nie. Kan die leser die betekenis van die volgende sinne onmiddellik snap?

- ☒ As jy dus weer allerlei onverklaarhede in die skepping sien ... onthou ... dit het hier ingekom ... dit sal hieruit gewerp word en dis net die negatief van presies die teenoorgestelde – die heerlike wat Christus op (letterlik) superoortloedige manier ... vir ons op die nuwe aarde sal bring.
- ☒ In baie gemeentes speel politiek ’n belangrike rol; hoeveel mense is getrou aan hulle eie kerk in hulle huweliksbevestiging.
- ☒ In kerklike kringe is met hewig ontsteld oor die oplewing wat gemaak word deur altyd gelowe en sektes; die bedreiging van ’n dwelm-kultuur en oor Satanisme.

Carstens (1994:97) beklemtoon dat kennis van en insig in aspekte van die aard van betekenisverskynsels soos polisemie, homonimie, sinonimie, antonimie en hiponimie foutiewe betekenisgebruik sal voorkom. Hierdie aspekte word breedvoerig in Carstens (1994:105-115) bespreek, en baie oorsigtelik in die afdeling tekslinguistiek van hierdie dissertasie (vgl. 3.4).

4.2.3.1 Foutiewe betekenisgebruik

Carstens (1994:116) wys daarop dat dit verkeerde woordkeuse is wat in die meerderheid gevalle aanleiding gee tot semantiese ondoeltreffendheid in ’n sin. Of dit “gebrekkige taalkennis of luiheid” is (Carstens, 1994:117) wat in Christelike tekste neerslag vind, is ’n baie goeie vraag.

Vorme wat ten opsigte van foutiewe betekenisgebruik opgeteken is:

4.2.3.1.1 Selfstandige naamwoorde met meer as een meervoudsvorm

- Wisselvorme (meervoudsvorme sonder 'n verskil in betekenis) word nie konsekwent deur-gevoer nie. So sal *lewens* en *lewes* mekaar in 'n manuskrip afwissel.
- Homonieme vorme (meervoudsvorme met meer as een meervoud wat 'n duidelike betekenisverskil het):

☐ Huss se geloof en oorgawe om singend, met vreugde en sonder trane, die dood te kon ingaan, was die grootste getuienis voor sy beule!

☒ Huss se geloof en oorgawe om singend, met vreugde en sonder trane, die dood te kon ingaan, was die grootste getuienis voor sy beuls!

- Verskil in gebruiksfêre. Veral *mans* (eggenotes) en *manne* (sterk persone) en *vroue* (Evas-geslag) en *vrouens* (eggenotes) en *troues* x *huwelike* word verwar.

☐ Hy ... het glo destyds mense getrou nadat die owerheid alle troues ... verbied het.

☒ Hy ... het glo destyds mense in die huwelik bevestig nadat die owerheid alle huwelike ... verbied het.

4.2.3.1.2 Verwarring van homofone

Homofone is woorde waarvan die klankvorme ooreenstem, maar die spelling verskil, soos *anale* en *annale* wat tot sinne soos die volgende aanleiding gee:

☐ Die anale van die geskiedenis van Jesus Christus sal bewys dat ...

☒ Die annale van die geskiedenis van Jesus Christus sal bewys dat ...

☐ Die navorsingsanale wemel van voorbeelde van die verstand se uitwerking op die liggaam.

☒ Die navorsingsannale wemel van voorbeelde van die verstand se uitwerking op die liggaam.

Ander vorme wat baie verwarring skep, is *fel* en *vel*, *wy* en *wei*, *lei* en *ly*, *leun* en *leuen*, *wed* en *wet*, *reëling* en *reeling*.

☐ 'n Mens moenie 'n sondige lewe **ly** nie; jy moet jou volledig aan Christus **wei**.

☒ 'n Mens moenie 'n sondige lewe **lei** nie; jy moet jou volledig aan Christus **wy**.

☐ Ek wil **wet** jy kan nie eens ... onthou nie.

☒ Ek wil **wed** jy kan nie eens ... onthou nie.

- ☒ So, terwyl hy op sy kiere **leuen** [dink hy aan] die **velle** aanslag teen sy lewe.
- ☒ So, terwyl hy op sy kiere **leun** [dink hy aan] die **felle** aanslag teen sy lewe.

4.2.3.1.3 Verwarring van doeblette

Doeblette is woorde wat uit dieselfde (oorspronklike) grondwoord ontwikkel het, maar mettertyd na vorm en betekenis begin verskil het. Voorbeelde is:

- ☒ God **hernu** die mens.
- ☒ God **vernu**(we) die mens.
- ☒ Nee wat, dis niks om te **herken** dat jou jare aanstap nie.
- ☒ Nee wat, dis niks om te **erken** dat jou jare aanstap nie.

4.2.3.1.4 Verwarring van paronieme

Paronieme is woorde wat dieselfde stam het, en daarom soms eendersklinkend is vir die onsekere taalgebruiker.

Enkele voorbeelde wat konsekwent verwarring skep, is *fisies* x *fisiek*, *integrale* x *integre-
rende*, *politiese* x *politieke*, *Tussen-Testamentiese* x *tussentestamentêre*.

4.2.3.1.5 Malapropismes

Malapropismes is woorde wat naastenby klink of lyk soos die woord waarna 'n taalgebruiker soek in 'n besondere geval. Dit is vorme wat só na aan mekaar lê dat die woordvorme én dus betekenisse verwar word.

Carstens (1994:121) gee die redes vir hierdie verwarring:

- Swak begrip van 'n woord se betekenis.
- Argeloosheid.
- Luiheid om te dink.
- Gebrekkige taalkennis.
- 'n Onduidelike afgrensing van woordbetekenis.

Verwarring vind plaas weens vormlike ooreenkoms. Soveel moontlik voorbeelde word gegee om die omvangrykheid van die verskynsel aan te dui:

- ☐ As jy regtig onder die indruk is van hoe groot God se genade is, sal jy onmoontlik nie **sorgeloos** kan wees ... nie.
- ☒ As jy regtig onder die indruk is van hoe groot God se genade is, sal jy onmoontlik nie **argeloos** kan wees ... nie.

- ☐ ... het ons die **flikkerligte** en die verleidings van die wêreld te lief.
- ☒ ... het ons die **flikkerende ligte** en die verleidings van die wêreld te lief.

- ☐ ... en mnr. Smith, bly dat sy **lydingsweg** agter die rug was, het die vooruitsig gehad om binnekort by sy huis te wees en by sy eie tafel vir 'n **substantiewe** maaltyd aan te sit.
- ☒ ... en mnr. Smith, bly dat sy **lydensweg** agter die rug was, het die vooruitsig gehad om binnekort by sy huis te wees en by sy eie tafel vir 'n **substansiële** maaltyd aan te sit.

- ☐ Hulle maak hulle pad so **onopsigbaar** as moontlik.
- ☒ Hulle maak hulle pad so **onopsigtelik** moontlik.

- ☐ Die dissipels het soos **lafharte** van Hom af weggevlug.
- ☒ Die dissipels het soos **lafaards** van Hom af weggevlug.

- ☐ Hulle het hulle wonderlik van die **vreesagtige** mans onderskei.
- ☒ Hulle het hulle wonderlik van die **vreesbevange** mans onderskei.

Of weens gewaande betekenisooreenkomms:

- ☐ Dit was egter toe dat die **brawe** Petrus toeslaan ...
- ☒ Dit was egter toe dat die **dapper** Petrus toeslaan ...

- ☐ Ek is nie seker of dit volgende Saterdag sal kan wees nie, maar **onthou** my net, ons sal dit die een of ander tyd doen.
- ☒ Ek is nie seker of dit volgende Saterdag sal kan wees nie, maar **herinner** my net, ons sal dit die een of ander tyd doen.

- ☐ En al is alle oorloë nie regstreeks teen die evangelie gemik nie, **dank** alle oorloë tog hulle ontstaan aan die toenemende selfsugtigheid van die mense ...
- ☒ En al is alle oorloë nie regstreeks teen die evangelie gemik nie, **wyt** alle oorloë tog hulle ontstaan aan die toenemende selfsugtigheid van die mense ...

- ☐ Jy moet egter daarteen waak dat die oorsaak van jou neerslagtigheid nie fisieke swakheid is nie, want dit kan **belangeloosheid** in geestelike dinge veroorsaak.
- ☒ Jy moet egter daarteen waak dat die oorsaak van jou neerslagtigheid nie fisieke swakheid is nie, want dit kan **onbelangstelling** in geestelike dinge veroorsaak.

- ☒ Hy keer Hom ook nie **walglik** af van dié onwelriekende hoop nie.
- ☒ Hy keer Hom ook nie **gewalgd** af van dié onwelriekende hoop nie.
- ☒ Hierdie man, 'n **rare** verskynsel in ons geslag ... (Eng.: "rare")
- ☒ Hierdie man, 'n **eienaardige** verskynsel in ons geslag ...

4.2.3.1.6 Sinonieme

Die pragmatiese gepastheid van sinonieme word bepaal deur styloorweging (d.w.s. stilistiese gepastheid) en kognitiewe of referensiële oorweging. Carstens (1994:123) beklemtoon dit dat die meerderheid sinonieme wel van mekaar verskil ten opsigte van styl. Die voorbeelde is dié van die outeur:

- bekend x minder bekend : *poelpetaan x tarentaal; abrahamdikpens x koringkriek; Silo x Verlosser; kikvors x padda*
- plegtig x alledaags x plat : *hoof x kop x klapperdop*
- wetenskaplik x gewoon : *natriumchloried x sout ('n Mens sou nie sê: Julle is die natriumchloried vir die aarde nie! – vgl. Matt. 5:13.)*
- gunstig x ongunstig of neutraal : *dame x Delilaltannie/vroumens/wyf x vrou; gestalte x karkas x liggaam; Christen x bokryer/dopper/gatjieponder x gelowige*

Skrywers moet fyn bedag wees op die stilistiese konteks waarin hulle beweeg. (Vgl. die bespreking oor styl in 4.1.6.)

4.2.3.1.7 Toutologie en pleonasmes

4.2.3.1.7.1 Toutologie

Hierdie taalverskynsel manifesteer hom in die opeenstapeling van woorde waarvan die betekenis dieselfde is. Voorbeelde is legio en uiteenlopend; daarom word soveel moontlik hier weergegee om die omvang van die verskynsel te beklemtoon:

- | | |
|--|--|
| ☒ ... die sensuele seksgenerasie ... | ☒ negatiewe pessimisme |
| ☒ 'n stadige krappegang | ☒ negatiewe depressiwiteit |
| ☒ Dié een is 'n gewone, ordinêre kamp. | ☒ 'n verstaanbare begrip van God |
| ☒ histerektomie-operasie | ☒ die ander ... onverstandige dwaas ... |
| ☒ Maak seker van die korrekte feite ... | ☒ ... ophou eet of vas |
| ☒ Ongelukkig leer ... mense <i>egter dikwels</i> | ☒ Deur al die eeue van die verlede. |
| <i>maar net</i> op die harde manier. | ☒ Die Afrika-mens leef in 'n kosmiese wêreld ... |

4.2.3.1.7.2 Pleonasmes

'n Pleonasme is 'n woordgroep wat uit twee of meer woorde bestaan wat grotendeels dieselfde beteken (Combrink, 1995:7). Carstens (1994:125) skryf die verskynsel toe aan:

- Onkunde of swak begrip van die werklike betekenis.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Taalslordigheid.
- 'n Posing tot mooi skryf.

Hierdie mooiskrywery lei tot (humoristiese!) omslagtigheid. Om die omvang van die verskynsel te motiveer, word soveel moontlik voorbeelde weergegee:

- ❑ Ek dink hierdie gedagte ... Baie mans dink hierdie gedagte.
- ❑ ... ons mag beslis weet, sonder twyfel aflei, definitief tot die praktiese sluitrede (konklusie) kom dat ...
- ❑ Suksesvol is dié wat tevrede is met die bestaande toestand status quo, want ...
- ❑ Sommige mense is swerwers wat hulle hele lewe lank swerwe en nêrens tuis kom en 'n tuiste vind nie. Hulle is reisigers na nêrens wat soos dryfhout deur strome meegesleur word na nêrens. Meer as enigiets anders is die uitstaande kenmerk van die swerwer met sy swerwersbestaan dat hy hom nie wil ... "commit" nie.
- ❑ Hy kon nie fisiek in elke huis teenwoordig wees in die vlees nie.
- ❑ Filadelfia het in 'n vulkaniese-aktiewe gebied gelê met volop aardbewings.
- ❑ Ek het met my eie ore gehoor en met my eie oë gesien.
- ❑ Ek glo dat baie mense op stuk van sake as dit daarop moet aankom, tog sonder baie artikels of dinge in hulle lewe kan klaarkom.
- ❑ Selfs die verskillende vertolkings van die Woord van God verskil.
- ❑ Dit kan by geleentheid ook goed wees om met 'n pen in die hand dié dinge neer te skryf waarvoor ons God kan dank.
- ❑ Al sy volgelinge het toe laat spat en gemaak dat hulle wegkom.
- ❑ Sy volgelinge was uit die veld geslaan van verbasing.

4.2.3.1.8 Verkeerde woordsoortlike gebruik

Gebrekkige kennis oor die presiese gebruik en betekenis van woorde lei tot hierdie verskynsel, en kan voorkom word deur die betekenis van 'n woord in 'n woordeboek te kontroleer. *Huidiglik* is 'n modewoord waarteen normeerders besig is om die stryd te verloor (Combrink, 1995:9). Die taalkundige beswaar teen hierdie woord is dat: die stam *vóór* die *-lik* waarop die *lik-woord* veronderstel is om gebaseer te wees nie, bestaan. 'n Byvoeglike naamwoord word as bywoord

gebruik en kan nie spontaan in Afrikaans, volgens die Afrikaanse patroon ontstaan het nie. Dit is 'n geforseerde Engelse deel-vir-deel-vertaling van "presently" (vgl. Carstens, 1994:127 en Combrink 1995f:7), wat *algemeen* deur skrywers gebruik word. Ander voorbeelde is:

- ☒ Natuurlik kon die betrokke Bybelgedeeltes in so 'n kort bespreking nie eers naby **vollediglik** bekyk word nie.
- ☒ Natuurlik kon die betrokke Bybelgedeeltes in so 'n kort bespreking nie eers naby **volledig** bekyk word nie.

- ☒ Hulle het mekaar **gevolgliklik** ...
- ☒ Hulle het mekaar **gevolglik** ...

- ☒ **Genadiglik** kom daar toe wel in Simson se lewe 'n keerpunt.
- ☒ **Genadig** kom daar toe wel in Simson se lewe 'n keerpunt.

- ☒ ... deur **kragtiglik** te reageer ...
- ☒ ... deur **kragtig** te reageer ...

- ☒ ... **waardiglik** staan hy daar ...
- ☒ ... **waardig** staan hy daar ...

- ☒ Ons ... word **selfsugtiglik** kwaad oor die seëninge wat ons nie ontvang nie.
- ☒ Ons ... word **selfsugtig** kwaad oor die seëninge wat ons nie ontvang nie.

- ☒ Daarom moet julle jong Christene dit nie vir julleself **onnodiglik** nog moeiliker maak nie.
- ☒ Daarom moet julle jong Christene dit nie vir julleself **onnodig** nog moeiliker maak nie.

Die selfstandige naamwoord *stres* word algemeen as 'n werkwoord gebruik:

- ☒ Moenie *stres* nie, Christen ...
- ☒ Moenie jou *bekommer* nie, Christen ...

4.2.3.1.9 Vermeende betekeniswaardes

Woorde word op 'n wyse gebruik wat min met die oorspronklike betekenis gemeen het. Die verskynsel hou verband met:

- Die Engelse gebruik.
- Veilige vaagheid.
- Amptelikheid (Combrink, 1994:9).

Aanspreek word konsekwent foutief gebruik – wat moontlik te make het met 'n deftigheid-strewe.

- ☒ Hy het dit gehaat om blind te wees, en sy geesdrif het my aangespreek.
- ☒ Hy het dit gehaat om blind te wees, en sy geesdrif het tot my gespreek.

- ☒ Abrie kom agter dat die blomme vir Janie sterk aanspreek.
- ☒ Abrie kom agter dat die blomme vir Janie baie mooi is.

4.2.3.1.10 Die gevolge van swak woordkeuse

Teksversorgers verkneukel hulle in gebrekkige woordkeuse en swak sinsvorming wat "aanleiding gee tot allerlei onsinne, en selfs lagwekkende, sinne" (Carstens, 1994:128). Nêrens geld hierdie stelling beter as in die redaksionele kantoor van 'n uitgewery nie – waar hierdie taalverskynsels humoristiese afleiding verleen aan die daaglikse sleur- en sloofwerk van teksversorging. Van die legio voorbeelde wat aangeteken is, word soveel moontlik gegee om die omvang van die verskynsel te beklemtoon.

- ☒ Die mans in die kerkbanke wat vir die leraar bid is soos pale wat die drade omhoog hou waarlangs die elektriese stroom beweeg.
- ☒ Ongelukkig haal die ruimte ons in.
- ☒ En selfs in die wit gemeenskap, waar daar meer vaders in gesinne is, is die verminderende invloed van mans 'n ernstige probleem.
- ☒ Nee, Hy [Paulus! soos afgelei uit die vorige sin] het die dwaasheid (vir die mense) van die wysheid en krag van God aan hulle kom bevestig.
- ☒ En maak vrede met alle moontlike mense.
- ☒ Televisiestelle moet nie net aangeskakel word nie maar eerder afgelos word.
- ☒ Omdat die maan en sterre nie meer as gode gesien is nie, kon ons selfs 'n mensevoet op die maan plaas! (Nét 'n mensevoet? – AK.)
- ☒ Die tyd was vir hom taai soos stilstaande stroop.
- ☒ Sy oranje trui het sy boep magie met 'n stewige greep omhels.
- ☒ ... om die spoed van die voortvlietende Chevvie te breek ...
- ☒ Die gemeente het in 'n armbuurt gewoon.
- ☒ U moet asseblief onthou dat van ons groep se dames die Sondag na ons byeenkoms tee skink in die saal tussen die twee dienste.
- ☒ Statistieke wys dat jy nie alleen worstel met jou impotensie nie ... (m.a.w. ander worstel ook met jou impotensie).
- ☒ ... die suurgehalte in 'n vrou se vagina wat op die pil is.
- ☒ Jesus het aan die lewe van hierdie uitsiglose mens getimmer.
- ☒ Geen ordentlike man sou dit ooit waag om met 'n swanger meisie te trou waarvan hy nie die vader was nie.

- ☐ Op die agterste sitplek was, saam met halfgeëete sjokolade papiere, 'n paar teologiese boeke ...

4.2.3.1.11 Swak versorgde tikwerk

Die volgende opgetekende voorbeelde is duidelike bewys dat enige skrywer nie sy eie werk kan proeflees nie:

- ☐ ... om die slang se kop te *vermoersel* ... (vermorsel)
- ☐ "Gaan dan na al die nasies toe ... en leer hulle ... wat Ek julle *beveer* het ... " (vgl. Matt. 28:19, 20) (beveel)
- ☐ Jesus vervloek die *byeboom*. (vgl. Matt. 21, *vyeboom*)
- ☐ Hoe om toebroodjies te maak sodat ander jou kind sal *besny*. (beny)
- ☐ Wat gebeur met *opgeknopte* gevoelens? (opgekropte)
- ☐ Met 'n kritiese oog moet na dramas, *nuuspolitiens* ... gekyk word ... (nuus-boeletien, bulletin, AWS:105)
- ☐ Die duiwel loop rond soos 'n *brukkende* leeu ... (brullende)

4.2.4 Grafiese vlak

Normering op grafiese vlak omvat spelling en interpunksie (leestekens, skryftekens en ook proefleestekens).

Die korrekte spelwyse van woorde word breedvoerig in die nuutste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* bereël – hierdie bron behoort eintlik vir enige skrywer 'n primêre naslaanbron te wees – en die Woordelys vergemaklik sy taak. Die feit dat skrywers weet, en staatmaak daarop, dat die teksversorger intensief sy teks vir hom gaan persgereed maak (tekste word tot vier maal deurgewerk vir moontlike foute en verbeteringe), kan aanleiding gee tot luiheid en/of onverskilligheid aan die kant van die skrywer.

Interpunksie behels die sinvolle gebruik van die leestekens: aandagstreep [–], aanhalingstekens [“ ”], dubbelpunt [:], hakies [()], komma [,], kommapunt [;], punt [.], stippels [...], uitroepeteken [!] en die vraagteken [?]; en die skryftekens: apostrof/afkappingsteken['], gravis [`] en akuut-teken [´], deelteken [¨], HOOFLETTERS, kappie [^] en koppelteken [-].

Interpunksie blyk 'n besondere probleem van teksversorging in die Christelike uitgewery te wees, soos wat die voorbeelde en gepaardgaande bespreking in 4.1.5.1-4.1.5.2 aandui. Dit hang saam met die aard van die tekste ter sprake, en die feit dat *Die Bybel* as primêre motiverings- en aanhalingsbron gebruik word. Die navorsingsresultate ondersteun ook hierdie stelling (vgl. 6.2).

4.2.4.1 Leestekengebruik

Die stel Afrikaanse leestekens is “papiermiddele” waarmee ’n skrywer “ander dimensies” verleen aan onderdele van die boodskap wat hy probeer oordra (Combrink, 1995e:9). Interpunksie bly ’n belangrike middel vir die skrywer wat hom presies wil uitdruk (Fryer, 1988:28).

Die oorbodige gebruik van leestekens is ’n neiging waaraan baie skrywers hulle skuldig maak, waarskynlik omdat hulle nie bewus is van die funksie van die leesteken(s) nie. Die aandagstreep, komma, kommapunt en uitroepteken word lukraak aangewend sonder om die uiteindelijke leser in ag te neem. Die aandagstreep word nie tipografies onderskei van die koppelteken nie, die komma word na willekeur gebruik, en die oorbodige gebruik van die uitroepteken laat die teksversorger soms uitasem aan die einde van ’n bladsy.

Dit is veral die aanhalingstekens, stippels en hakies wat by die aanhaling van teksverse en perikope uit *Die Bybel* vir die meeste skrywers problematies blyk te wees.

4.2.4.1.1 Stippels

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vereis ten opsigte van kopiereg dat rekenskap gegee moet word vir alle dele van ’n aanhaling uit *Die Bybel* wat weggelaat word. Dit geskied deur middel van die gebruik van stippels.

☑ *Ek het by myself gedink ... ek het baie ervaring en insig. Ek het my daarop toegelê om te verstaan ... wat dit is om ’n gebrek aan wysheid en kennis te hê ... (Prediker 1:16-17).*

Die weglatingstekens dui op dele wat uit die verse weggelaat is. Sommige skrywers nommer wel soms die dele in ’n perikoop met a, b, c, ensovoorts, maar meestal word verse aanmekaar gelas (soms met ’n betekenisverandering tot gevolg!) sonder die nodige erkenning. Dit is ook onnodig om aanhalingstekens hier te gebruik, die aangehaalde gedeelte word kursief gedruk. Soms gebruik die skrywer aanhalingstekens sowel as die kursiewe vorm.

4.2.4.1.2 Parentese

Die teksverwysing word in hakies (parentese) geplaas. Parentese kom uit die Grieks *para* (kant) en *in*, en *tithinai* (om te plaas). Parentese beteken “in die kantlyn plaas”; dus ’n woordgroep wat jy invoeg in ’n andersins volledige sin (Combrink, 1995f:9). Die teksverwysing in die parentese kan óf afgekort word óf uitgeskryf word, maar dan konsekwent deur die teks.

4.2.4.1.3 Aanhalingstekens

Die direkte rede word in *Die Bybel* met aanhalingstekens weergegee. Wanneer uit *Die Bybel* aangehaal word, wil skrywers óók aanhalingstekens gebruik in plaas daarvan om die aangehaalde gedeelte slegs kursief weer te gee. Dan kan 'n vers soos Matteus 25:40 wat reeds in die direkte rede in *Die Bybel* staan, nogal problematies wees, veral as die taalgebruiker die dubbele aanhalingstekens van die direkte rede vervang met enkelaanhalingstekens:

- ☒ *“En die Koning sal hulle antwoord: “Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.””* (Matt. 25:40), of iets dergeliks.
- ☑ “En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’” (Matt. 25:40).

Vergelyk ook byvoorbeeld 'n teksvers soos Matteus 22:37. Die kursiewe vorm vir aangehaalde teksverse is voldoende, en aanhalingstekens is slegs nodig indien die direkte rede aangehaal word.

Indien aanhalingstekens met ander leestekens gekombineer word, kry 'n mens 'n voorbeeld soos:

- ☒ Wat vra Pa nog hoe gaan dit met Eddie?!
- ☑ “Wat vra Pa nog ‘Hoe gaan dit met Eddie?’?!”

Aanhalingstekens binne of buite die punt, lewer ook vir die meeste skrywers probleme op:

- ☒ Dit was 'n geval van “eers beplan, dan bid.”
- ☑ Dit was 'n geval van “eers beplan, dan bid”.

Vandag se aanhalingstekens is die oorblyfsels van 'n voorstelling van twee lippe (Combrink, 1995f:9). In antieke Rome is woorde wat deur iemand anders as die skrywer gebruik is, aangedui met twee geboë krapmerkies wat twee lippe voorgestel het. Mettertyd is dié twee merkies vertikaal gedraai vir skryfgemak. Mettereeue het ons twee aanhalingsteken-pare begin gebruik: een paar waar die sprekende nieskrywer begin praat, en een paar waar die aangehaalde persoon ophou praat. Enkelaanhalingstekens dui 'n aanhaling binne 'n aanhaling aan.

4.2.4.1.4 Kommas

Vir skrywers in die antieke wêreld was *komma* die voltooidde deelwoord van *koptein* (om te sny), dus *gesnyde* (Combrink, 1995e:9). 'n Sin met 'n komma daarin is 'n gesnyde sin, ter wille van helderheid of nadruk, 'n sin in dele wat nader aan mekaar hoort.

Dit is opvallend dat waar kommas wel gebruik moet word, soos tussen twee werkwoorde, dit nie gebruik word nie:

- ☐ En die ramp waarop hulle afstuur is nie genoeg nie.
- ☒ En die ramp waarop hulle afstuur, is nie genoeg nie.

Of waar dit verwarring kan skep of betekenisverandering tot gevolg kan hê:

- ☐ Is dit nie tyd om ons ou lewenswyse soos sy te laat vaar nie.
- ☒ Is dit nie tyd om ons ou lewenswyse, soos sy, te laat vaar nie.

- ☐ ... mooi, blink goed ...
- ☒ ... mooi blink goed ...

Waar die komma nié gebruik moet word nie, daar word dit wél gebruik:

- ☐ Dawid het geweet, hy staan nie alleen daar nie.
- ☒ Dawid het geweet hy staan nie alleen daar nie.

- ☐ Hy het al swakker geword, totdat hy toe verlede week, in sy slaap oorlede is.
- ☒ Hy het al swakker geword totdat hy toe verlede week in sy slaap oorlede is.

- ☐ Om maar net 'n werk te hê, is nie genoeg nie.
- ☒ Om maar net 'n werk te hê is nie genoeg nie.

- ☐ Pa laat dit alte veel klink of Jesus net soos 'n towerformule is, wat vir ons werk om alles reg te maak.
- ☒ Pa laat dit alte veel klink of Jesus net soos 'n towerformule is wat vir ons werk om alles reg te maak.

In een manuskrip is, onder andere, tot vervelens toe 'n komma voor én na *dat* gebruik:

- ☐ Die ergste was dat, hulle nie vir Jesus geken het as ...
- ☒ Die ergste was dat hulle nie vir Jesus geken het as ...

- ☐ Maar dis nie omdat hy so dapper is, dat hy die lompe wapenrusting ...
- ☒ Maar dis nie omdat hy so dapper is dat hy die lompe wapenrusting ...

4.2.4.1.5 Uitroeptekens

'n Uitroepteken is eintlik die antieke Griekse *lo*, wat beteken *Ek is verbaas!* Die *o* het onder

die / ingeglip, en mettertyd verkort tot 'n blote kolletjie (Combrink, 1995b:9). 'n Mens moenie 'n uitroepteken gebruik wanneer jy wil hê jou leser moet verbaas of verontwaardig wees nie. En uitroeptekens moet ook heel spaarsaam gebruik word – nie 460 keer in 'n (oorspronklike) manuskrip van 105 dubbelpasieerde getikte bladsye nie.

Een skrywer beweer: "Almal sal saamstem dat daar één sin is wat met 'n uitroepteken móét eindig ... 'God is liefde!' en gaan dan voort (sic) en gebruik die uitroepteken 1909 keer in 'n manuskrip van ± 400 bladsye, dubbelpasieerd getik.

In 'n Bybelse dagboek vir kinders het die outeur (wat ook besonder lief is vir die akuutteken en komma) die uitroepteken 1368 keer in 'n manuskrip van 366 bladsye gebruik.

Cheney (1983:121) sê die uitroepteken is "inappropriate in most formal writing".

4.2.4.1.6 Punte

Die bekendste leesteken, die punt, is dié leesteken wat die minste gebruik word, en eintlik die mééste gebruik behoort te word, want: "Die beste voegwoord is 'n punt," aldus Jan Spies (Combrink, 1995e:9). In Engels *period* is dit afgelei van die Grieks *peri* ("rondom") en *odos* ("pad"). Die ou Grieke het aan die einde van 'n sin 'n sirkeltjie gemaak om aan te dui dat hulle die idee "die hele pad rondom" uitgedruk het. 'n *Periodos* het dus 'n afgeronde idee se einde aangedui. Synde besige mense, het die sirkeltjie mettertyd verklein en verklein totdat net 'n kolletjie oorgebly het (Combrink, 1995e:9).

4.2.4.1.7 Die dubbelpunt

Die ou Griekse woord vir "dubbelpunt" is "kolon", wat "vertakking" beteken. Die sinsdeel ná die dubbelpunt is dus 'n afhanklike vertakking van die gedagte wat vóór die dubbelpunt staan (Combrink, 1995:9). Onnodige gebruik van die dubbelpunt (kolon) verswaar die leesproses; indien 'n skrywer daarsonder kan klaarkom, móét hy. Boonop skep dit probleme. Is die daaropvolgende letter 'n hoofletter of 'n kleinletter? Die meeste skrywers kan selde hier 'n onderskeid tref, óf 'n keuse maak.

☒ Ek wik en weeg: Lostrek en weer begin, of ...

☒ Ek wik en weeg: lostrek en weer begin, of ...

☒ Hulle bekommernis was egter: Wie die klip van die graf sou wegrol.

☒ Hulle bekommernis was egter wie die klip van die graf sou wegrol.

☒ Hy weet mos: Die Here sal ...

☒ Hy weet mos die Here sal ...

4.2.4.1.8 Die kommapunt

Die kommapunt is half kolon en half komma. Die leestempo word deur 'n kommapunt effens meer as deur 'n komma en effens minder as 'n punt vertraag (Combrink, 1995:9). Die komma-punt (een van die min gevalle in Afrikaans waar ons van bo na onder lees) is slegs nuttig om reekse name of woorde te skei waar kommas verwarrend kan wees of omdat een van die name al klaar 'n komma bevat. Dit is veral nuttig om teksverwysings in die Christelike teks te onderskei:

☒ (vgl. Matt. 6:13, 14, 16, Matt. 13:1-3; 7-8; Luk. 1; 3; Mark. 6:1; Op. 3:6-10).

☑ (vgl. Matt. 6:13, 14, 16; Matt. 13:1-3, 7-8; Luk. 1, 3; Mark. 6:1; Op. 3:6-10).

4.2.4.1.9 Die vraagteken

Skrywers behoort nie 'n vraagteken te plaas na 'n afhanklike vraag nie (Combrink, 1995f:9). 'n Wesenlik vraende sin soos: *Ek wonder of sy al plek bespreek het*, of *Sal U my leer om u Naam te heilig*, word nie met 'n vraagteken beëindig nie. Alle vraagsinne met vraagtekens is direkte vrae, soos *Het jy al plek bespreek?* en retoriese vrae soos *Is dit nie die moeite werd nie?*

Die ou Romeinse woord *quaestio* beteken "ek vra 'n vraag", en hou direk verband met die Afrikaanse woord *kwessie*. Algaande is *quaestio* in Latyn afgekort tot *Qo*. Die *o* het onder die *Q* ingeglip uit haastigheid, en mettertyd verklein tot 'n blote kolletjie. Dit is duidelik hoe die *?* ontstaan het uit *Q* met 'n kolletjie daaronder as mens in gedagte hou dat die *Q*, soos vandag nog die gebruik by baie mense, soos 'n 2 geskryf is (Combrink, 1995f:9).

As taalgebruikers die *funksie* van leestekens ken en in gedagte hou (soos bespreek in 2.4), behoort dit in hulle skryfwerk weerspieël te word.

4.2.4.1.10 Die apostroof of afkappingsteken (')

'n Opvallende verskynsel is die foutiewe gebruik van die apostroof om soos in Engels besitting aan te dui: *God's genade* in plaas van Gods genade. Die apostroof word slegs gebruik "as 'n hangende messie waar 'n deel van 'n woord weggesny is" (Combrink, 1995f:9).

Combrink (1995f:9) wys daarop dat die naam "afkappingsteken" die taalgebruiker kan mislei. Moontlik gee dit dan aanleiding tot foutiewe gebruik daarvan, omdat 'n mens eerder met 'n uitkappingsteken te doen het as met 'n afkappingsteken.

☑ as 't ware

☒ as het ware

☑ eng'le

☒ engle

4.2.4.1.11 Die aandagstreep

In 'n manuskrip (soos 'n sangbundel) waar woorde met koppeltekens geskei word in die meegaande bladmusiek, moet daar duidelik onderskei word tussen die koppelteken as *skryf*-teken (*/le-wens-lot*) om lirieke by musiek te laat pas, en die aandagstreep (–) as *leesteken* (ruspouse), wat 'n langer voorkoms moet hê. In so 'n geval is dit beter om die aandagstreep as leesteken heeltemal weg te laat, omdat dit onversorg voorkom en verwarring kan skep, en te vervang met 'n ander leesteken. Die aandagstreep moet ook met groot omsigtigheid gebruik word. Dit sou in die volgende voorbeeld heel gepas wees in plaas van kommas:

- ☒ Ek onderskryf heelhartig 'n kollega, 'n teoloog en pastorale sielkundige, se ondervinding dat hy ...

Is hier nou sprake van drie persone, of een?

- ☒ Ek onderskryf heelhartig 'n kollega – 'n teoloog en pastorale sielkundige – se ondervinding dat hy ...

4.2.4.2 Skryftekens

4.2.4.2.1 Die koppelteken

Die koppelteken word (skynbaar uit blote argeloosheid) lukraak gebruik. Die volgende voorbeelde is geneem uit 'n vertaalde manuskrip; dit nádat 'n ooreenkoms met vryskutvertalers aangegaan is dat hulle hulle werk sêlf moet taalversorg om tyd en moeite te bespaar.

- ☒ vier maande-lange proses
- ☒ vyf-jaar oue Honda (onder mekaar in twee reëls)
- ☒ vyf jaar-oue modelle (twee paragrawe verder)
- ☒ sy-aan-sy

Nie een van hierdie bogenoemde gevalle het koppeltekens nodig nie. Ander opgetekende voorbeelde is:

- ☒ Ons het een van daardie ver van mekaar in een bed soort nagte beleef ...
- ☒ Ons het een van daardie ver-van-mekaar-in-een-bed-soort-nagte beleef ...
- ☒ 'n "slegs nou" ingesteldheid
- ☒ 'n "slegs nou"-ingesteldheid

- ☒ Die Skrif wemel van “wie sou nou kon dink”-gesprekke.
- ☒ Die Skrif wemel van “wie-sou-nou-kon-dink”-gesprekke.

- ☒ Die môre-is-nog-’n-dag sindroom ...
- ☒ Die môre-is-nog-’n-dag-sindroom ...

Die koppelteken en sy gebruike word breedvoerig in die AWS (p. 34-44) bespreek; daarom het ’n skrywer geen verskoning om die skryfteken foutief te gebruik nie.

4.2.4.2.2 Die beletseltekens

Die gravis word steeds gebruik ten spyte van die eenvoudige reël dat slegs *nè, dè, hè* en *appèl* dié skryfteken dra.

’n Ander opvallende fout is die enkelgebruik van die akuut in woorde met dubbelvokale wat beklemtoon word: *Die wáárde van*, en indien ’n woord met verskillende vokale beklemtoon word: *wié*, en dan foutiewelik die *i* ook wil akuut (*wíé*). Waar die *i* egter alleen as ’n vokaal gebruik word, kry hy wel die akuut op: *ís*.

Skrywers vergeet ook dat die deelteken wegval indien ’n woord soos *finansiële; beïnvloed* of *beëindig* afgekap word:

<i>finansi-</i>	<i>be-</i>	<i>be-</i>
<i>ele</i>	<i>invloed</i>	<i>eindig</i>

4.2.4.2.3 Hoofletters

Judd (1982:219) wys daarop dat hooflettergebruik ’n belangrike rol in geestelike tekste speel. Dit is dus belangrik dat sowel skrywers as teksversorgers van die Christelike boek deeglike kennis omtrent die gebruik daarvan behoort te hê.

As Van Schalkwyk en Viviers (1992:22) oortuig was daarvan dat “die deursneetaalgebruiker geen probleme ... met die gebruik van die hoofletter” het nie, en Koch (1988:299) dié stelling tóé al bevraagteken het, laat nie net die déúrsneetaalgebruiker se taalvaardigheid nóg tien jaar later in hierdie opsig veel te wense oor nie. Die legio voorbeelde van “hoofletterprobleme” waarmee skrywers hulle opsaal, laat selfs die beste taalversorger moedeloos (en sprake-loos). Die verskynsel hou direk verband met die aard van die Christelike teks, waar skrywers (miskien uit hoofde van hulle streng Calvinisties-geskoolde agtergrond, AK) eerbied in die vorm van oordadige hooflettergebruik wil vergestalt.

Sedert Koch (1988:299) se bevraagtekening is die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in de-

tail hersien, nuut geformuleer: “ ... eksplisiet en uitvoerig ... in eenvoudiger taal [sodat dit nou] verstaanbaarder en makliker interpreteerbaar is” (AWS:1) en verál hooflettergebruik word in besondere detail bespreek (AWS:44-56) *sodat skrywers na aanleiding van hierdie riglyne en voorbeelde gesonde oordeel aan die dag kan lê*.

Spies en Combrink (1994:73) sê dat die áárd van 'n teks die hooflettergebruik daarin sal bepaal en dat 'n groot mate van vryheid toegelaat moet word. Maar wáár trek 'n teksversorger die spreekwoordelike streep? Goeie raad vir teksversorgers (én skrywers) is om die gebruik van hoofletters streng te beperk tot nét die nodige.

Tog blyk Koch (1988:300-301) se problematiese voorbeelde ten opsigte van die godsdiensterrein – persoonsaanduidinge, titels, afgeleide vorme en persoonlike voornaamwoorde – stéeds vir skrywers problematies te wees. Enersyds hou die probleem skynbaar verband met eerbiedsbetoon en andersyds met die verskynsel dat duidelike riglyne oënskynlik nie uit *Die Bybel* (Nuwe Vertaling, met herformulerings) af te lei is nie. Boonop weerspreek *Die Bybel* en die AWS mekaar in dié verband:

4.2.4.2.3.1 Persoonsname

- Duiwel (AWS:49) x duiwel (Matt. 4:11)
- Mammon (AWS:208) x mammon (Luk. 16:11) x Mammon (Matt. 7:24)

4.2.4.2.3.2 Name van kerklike en religieuse feesdae

- Paasfees (AWS:238) x paasfees (Matt. 27:15)
- Nagmaal (AWS:220) x nagmaal (1 Kor. 11:33)
- Sabbat(dag) (AWS:264) x sabbat(dag) (Matt. 28:1; Luk. 4:31)
- Wet van ... (AWS:321) x wet van ... (Rom. 2:12)

4.2.4.2.3.3 Verwarring ten opsigte van teenstrydige skryfwyses met verwysing na persoonsname

- Engel van die Here (Rig. 13:3); engel van die Here (Matt. 1:1); engel Gabriel (Luk. 1:26).
- my Sterkte ... Beskermer ... Toevlug ... Voorspraak (Joh. 15:26); Verlosser (Ps. 19:14, Jes. 49:26, Hand. 5:31); Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers (Jes. 8:5); “Here, my sterkte ... my rots ... skild ... verlosser ... ” (Ps. 18:2-3).
- Die Here is ... my sterk verlosser (Ps. 18:3); ... die Here, julle Verlosser (Jes. 43:14).
- God is my redder (Jes. 12:2); ... sal ek juig in God, my Redder (Hab. 3:18).
- Hy is die Een (Jes. 30:65a); “ ... dat een vir almal gesterwe het” (2 Kor. 5:14).

- " ... Julle sal 'n kindjie vind ... " (Luk. 2:12); ... die Kindjie (Luk. 2:16); Kindjie Jesus (Luk. 2:27).
- "Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde" (Op. 22:12); " ... die Wortel ... die Nakomeling ... die helder Môrester" (Op. 22:16); ... Jesus, die Begin en Voleinder ... (Heb. 12:1-2); Ek is die weg die waarheid en die lewe (Joh. 14:6); "Ek is die goeie herder ... " (Joh. 10:11); "Ek is die ware wingerdstok ... " (Joh. 15:1).

Hoewel oënskynlik teenstrydig, hou dié ortografiese verskynsels en skryfwyses verband met teologiese begrippe en/of Goddelike benaminge en aanspreekvorme (amptelike titels) wat dalk vir die *gemiddelde* taalgebruiker nie so toeganklik is nie. Skrywers van Christelike tekste is (myns insiens) nie gemiddelde taalgebruikers nie, en behoort in die eerste plek kórrék uit *Die Bybel* aan te haal en in die tweede plek oor moontlike problematiese vorme duidelikheid te kry, 'n keuse te doen en konsekwent deur 'n spesifieke teks toe te pas – in ooreenstemming met skryfwyses in *Die Bybel*. Indien bronne teenstrydige inligting verskaf, moet 'n keuse ten opsigte van 'n spesifieke skryfwyse gedoen word, en konsekwent deur 'n teks toegepas word.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het spesifieke riglyne oor hooflettergebruik⁷ wat meestal uit die konteks van spesifieke gevalle uit *Die Bybel* afgelei kan word. Skrywers, synde self teo-loë, behoort 'n bietjie meer insig, noukeurigheid en konsekwensie in die verband aan die dag te lê. Ten spyte van duidelike riglyne ten opsigte van die besitlike voornaamwoord (*sy/my/God se; u genade/willliefde* [AWS:49]) is daar skrywers wat volstrek weier om dié skryfwyse na te volg.

Ten opsigte van probleemgevalle doen 'n teksversorger 'n keuse, en voer die keuse konsekwent uit. Voorbeelde van foutiewe en oormatige hooflettergebruik is legio en uiteenlopend:

- ☒ En het Hy dan nie Self die Brood en Beker aan ons oorhandig ... nie.
- ☒ En het Hy dan nie self die brood en beker aan ons oorhandig ... nie.

- ☒ En die Verlore Seun-gelykenis beklemtoon ...
- ☒ En die verlore seun-gelykenis beklemtoon ...

- ☒ Daarom kan ons juig oor ons Verlossing en Saligheid ...
- ☒ Daarom kan ons juig oor ons verlossing en saligheid ...

- ☒ Hy is ons Middelaar, Ambassadeur, Pleitbesorger en Advokaat.
- ☒ Hy is ons Middelaar, ambassadeur, pleitbesorger en advokaat.

⁷ Soos vervat in 'n brief aan die outeur, gedateer 4 Februarie 1994, van C.J. Scheffler, Senior Direkteur van Teksversorging aldaar wat altyd gewillig was om riglyne te gee en probleemgevalle te help oplos.

- ☒ As jy mooi stil gaan sit en dink Wie God presies is, sal jy tot een duidelike besef kom: Gebed is nie kinderspeletjies nie ... Gebed is die wonderlike geleentheid om jou bewende mensehand in die rigting van die goddelike almag uit te hou. As jy op jou knieë neersak voor 'n Almagtige God moet ... (j)y steeds daaraan dink Wie hierdie God is.
- ☒ As jy mooi stil gaan sit en dink wie God presies is, sal jy tot een duidelike besef kom: gebed is nie kinderspeletjies nie ... Gebed is die wonderlike geleentheid om jou bewende mensehand in die rigting van die Goddelike almag uit te hou. As jy op jou knieë neersak voor 'n almagtige God moet ... (j)y steeds daaraan dink wie hierdie God is.

En wanneer hoofletters gebruik moet word:

- ☒ As gereformeerde lidmaat ...
- ☒ As Gereformeerde lidmaat ...

- ☒ ... God drie-enig ... (☒ ... Drie-enige God ...)
- ☒ ... God Drie-enig ... (☒ ... drie-enige God ...)

- ☒ ... leviëte ...
- ☒ ... Leviëte ...

4.2.4.3 Proefleestekens

Proefleestekens is volgens Carstens (1994:226) skryftekens wat aangewend word om foute aan te dui. Die tekens, simbole en afkortings is veral nuttig vir die teksversorger wat weens interne organisasie nie met 'n rekenaar werk nie. Setters binne die redaksionele proses in betrokke uitgewerye raak so gekonfyt in die interpretering van hierdie tekens dat hulle as 'n groot hulp vir die teksversorger optree.

Bowles *et al.* (1993:10) beweer dat die gebruik van proefleestekens in die redaksionele proses verouderd is omdat gerekenariseerde prosesse deel word/is van die moderne uitgewerswese. Dit blyk egter uit die navorsingsresultate dat die meeste teksversorgers steeds teksversorging met die hand doen. Daaruit kan afgelei word dat teksversorgers van die een of ander vorm van proefleestekens gebruik maak.

Hoewel proefleestekens nuttig is, maklik om te leer, skep dit tog dikwels vir die tipograaf probleme, veral in 'n teks wat baie foute het. In so 'n geval skryf die teksversorger gewoonlik groot dele van die kopie oor wat tydrowend is en weer aanleiding gee tot nuwe foute wanneer die setter die kopie oortik. Dit vertraag 'n alreeds lomp proses net verder.

4.2.5 Stilistiese vlak

Een van die uitdagings waarvoor die teksversorger, veral in die persklaarmaak van geestelike tekste, te staan kom, is juis om 'n manuskrip *nuut* en *vars* aan te bied, sonder om (te veel) met die styl van 'n betrokke skrywer te peuter. Die styl is die wyse waarop 'n taalgebruiker sy gedagtes verwoord en uiteindelik is dit die styl wat die geloofwaardigheid van 'n manuskrip bepaal (Berner, 1982:52).

In 'n Studiebybel of Bybelse dagboek is die volgende taalgebruik onvanpas:

- ☒ In sy sel hoor [Barabbas] 'n gedruis buite. Hier is glo ook 'n ander Ou wat gekruisig moet word.
- ☒ En hulle [Jesus en sy dissipels] is honger want daar was nog nie "Ultra Cities" langs die pad nie.
- ☒ En dan ... (bring) hy ... sewe van sy vrinne ... (saam).
- ☒ ... Hy vertel sekerlik die gelykenis om ons te beweeg om die ploeg van bekering in die paaie deur ons lewe, die klipbanke en doringkolle in te steek, dit te laat omkeer en met die humus van sy Woord te laat bevrug ...
- ☒ Dan dra hy [die goeie herder] hom terug, terwyl die skaap hom bemis.

Indien 'n skrywer sy boek beskou as 'n geestelike rigtingwyser wat oor ernstige sake handel, is 'n opmerking soos dié stilisties onvanpas: "Kom ons skop af met 'n paar opmerkings oor wat hierdie boek nie is nie, en wat dit wel is".

Styl kan beskou word as "het taalgebruik van een tekst" (Steehouder *et al.*, 1992:119), dit hou verband met die verhouding tussen die "gespreksgenote" (Roux, 1993:14) en is moeilik te definieer omdat grense tussen stylsoorte baie vloeibaar is.

Die stilistiese effek waarna 'n skrywer streef, word so onvervreembaar deel van sy skryfwerk, en hy werk sy lewe lank daaraan om 'n bepaalde styl te vervolmaak (Langeveld, 1989:16-17). Dit is juis dié individuele styl wat 'n skrywer so vervolmaak wat aanleiding gee tot spesifieke probleme in 'n teks.

Stylvoorkeur(e) is dikwels "erg persoonlik" (Steehouder *et al.*, 1992:119) en die skrywer kan sensitief wees daaroor. Judd (1982:123) gaan so ver as om te sê: "... remember that the author is boss, always keep the author's ego in mind."

Met persoonlike voorkeur is nie fout te vind nie; wat wel van belang is, is of 'n bepaalde stylkeuse "... adequaat is, gesien het kommunikatiewe doel" (Steehouder *et al.*, 1992:120). Stylkeuse word dus beantwoord aan die kommunikatiewe doel van die teks. Hiervolgens is die kriteria daarvoor bloot:

- Begryplike formulering vir die teikengroep.

- Gepaste formulering vir die situasie waarin die teks moet funksioneer.

Carstens (1994:297) en Van Schalkwyk en Viviers (1992:52) onderskei tussen: bevrore, formele, gespreks-, informele en intieme stylvlakke, elk met sy eie kenmerke en toepassingsgebiede, waarvan slegs formele taal vir die doeleindes van hierdie studie relevant is. Formele taal is kenmerkend in die meeste geskrewe tekste. Styldimensies behoort egter te verskil na gelang van die teikengroep.

Steehouder *et al.* (1992:120) sien styldimensies as: "verzamelings van samehangende tekstkenmerke die voornamelijk op woord- en zinsniveau liggen, maar soms ook daar bovenuit gaan". Styldimensies is dan:

- Uiterlike struktuur: aanbidding is opvallend of onopvallend en gewoon.
- Moeilikhedsgraad: formulering is eenvoudig of kompleks/ingewikkeld.
- Eksaktheid: bedoeling is presies of vaag/dubbelsinnig.
- Informasiedigtheid: argumentasie is bondig of breedspakig en vervelig.
- Lewendigheid: styl is boeiend/afwisselend of saaklik en droog.
- Afstandelikheid: die verteller is formeel of vertroulik/persoonlik.
- Korrektheid.

Hiervolgens kan die styl van 'n teks getipeer word deur die waardes⁸ (vgl. Steehouder *et al.*, 1992:121) wat die verskillende dimensies aanneem. Veral in die beoordeling van tekste vir publikasie bly die kriteria of die waardes afgestem is op die kommunikatiewe doel van die teks, op die teikengroep, en op die situasie waarbinne die teks moet funksioneer.

4.2.5.1 Inklusiewe Godstaal

'n Saak wat vir sommige skrywers belangrik is, is die gebruik van inklusiewe Godspraak of Godstaal. Volgens Dreyer⁹ verwys inklusiewe Godstaal na die taalverskynsel dat God Drie-enig nie deur ons taalgebruik en metafore alleenlik as manlik ~~be~~-teken word nie. Dié probleem ontstaan omdat slegs 'n manlike voornaamwoord vir God gebruik word en dat dit die persepsie skep dat God manlik is. Maar God is te groot om net deur manlike metafore verwoord te word, meen proponent Judy Kotze (vgl. Wessels, 1997:9). Daar is vroulike beelde en metafore vir God in *Die Bybel*. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- *Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie* (Jes. 49:15), en

⁸ Die waardes van die verskillende styldimensies kan op 'n vyfpuntsskaal weergegee word. Die waarde hang af van die beoordeling van verskillende stylkenmerke wat Steehouder *et al.* in detail bespreek (pp. 122-160) en besonder nuttig aangewend kan word in die beoordeling van tekste vir publikasie. (Sien die skema op p. 121.)

⁹ Mondelinge mededeling aan outeur, Vanderbijlpark, 8 November 1997.

- “Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymerkaarmaak soos ‘n hen haar kuikens onder haar vlerke bymerkaarmaak, maar julle wou nie!” (Matt. 23:37).

God is Gees en dus nie geslagtelik nie (Wolski Conn, 1986:14-17). Tog is dit vir Christene van selfsprekend en tradisioneel aanvaarbaarder om God met manlike as met vroulike terme te beskryf. *Die Bybel* leer tog dat Jesus sy dissipels geleer het om te bid: *Ons Vader wat in die hemel is ...* (vgl. bv. Luk. 11). Volgens Wessels (1997:8) meen sommige teoloë soos proponent Judy Kotzé tog dat die Bybelskrywers in manlike terme oor God geskryf het omdat hulle kinders van hulle tyd was. In die patriargale kultuur waarin hulle geleef het, was dit onmoontlik om oor God in vroulike taal te praat. As ons egter vandag voortgaan om slegs in Bybelse terme oor God te praat, bly ons gevangenes van so ‘n patriargale kultuur. Dit is in die raamwerk van hierdie kultuur dat diskriminasie en uitbuiting van vroue vir baie eeue goedgepraat is; ook deur Christene, word gesê. Christene is egter van hierdie onderdrukking bevry, en hierdie bevryding moet verkondig word. Een van die doeltreffendste maniere om dit te doen, is om die manlike terme in *Die Bybel* in vroulike terme te vertaal. So word Bybellesers herinner aan die “vroulike karakter” van God, wat deur eksklusiewe manlike taalgebruik verberg word (vgl. Wessels, 1997:8). Daar is dus skrywers wat ‘n keuse doen vir inklusiewe Godstaal en daarop aandrang dat teksversorgers nie daarmee moet lol nie. Dit beteken dat die woord “God” nie met die persoonlike voornaamwoorde *Hy* of *Hom* vervang moet word nie:

- ☒ Maar *God* sien die geheelprentjie en weet hoe, waar en wanneer *God* gaan help. Ons kan kies: *God* vertrou en wag op uitkoms of onself uitsluit van hulp deur dit onmoontlik te verklaar.

4.2.5.2 Stereotipering

Ander aspekte waarop die teksversorger moet let, is volgens Judd (1982:123) en Berner, (1982:60) die stereotipering van minderheidsgroepe, vroue, veterane, etniese groepe en bejaardes, en diskriminerende terme in dié verband.

Taalgebruik wat as neerhalend, paternalisties en diskriminerend sowel as seksisties, etnosentries of rassisties interpreteer kan word, is vir teksversorgers en lesers ‘n steen des aanstoots:

- ☒ ... angstige, enge, twyfelmoedige **mensies** ...
- ☒ ... angstige, enge, twyfelmoedige **mense** ...
- ☒ Voor my troue het ek ‘n klomp briewe van **vroumense** gekry ...
- ☒ Voor my troue het ek ‘n klomp briewe van **vroue** gekry ...
- ☒ Die **omie** agter die toonbank kon nie meer goed sien nie.

- ☒ Die **man** agter die toonbank kon nie meer goed sien nie.
- ☒ Dit het die **vroutjies** aanvanklik oorrompel, maar later het hulle dit verstaan.
- ☒ Dit het die **vroue** aanvanklik oorrompel, maar later het hulle dit verstaan.

Dit is verál die patroniserende gebruik van die woord "vroutjies" in sommige (ouer) skrywers se manuskripte wat hulle houding ten opsigte van manlike meerderwaardigheid en beterwete-
righeid weerspieël. Die gebruik van verkleinwoorde ten opsigte van bejaardes, vroue en gestrem-
des en die beklemtoning van fisieke "afwykinge" van gestremdes weerspieël 'n skrywer se
vooroordeel.

4.2.5.3 Besondere stylsteuringe wat in die praktyk van teksversorging geïdentifiseer is

Carstens (1994:325) kom tot die slotsom dat elke taalgebruiker daarna sal streef om veral be-
dag te wees op moontlike "stylfoute". Slegs dan sal taal voldoen aan die belangrikste eienskappe
van doeltreffende styl (wat doeltreffende kommunikasie bevorder):

- Korrektheid.
- Helderheid en duidelikheid.
- Bondigheid.
- Logiese samehang.

Geslaagde styl berus voorts op:

- goeie taalvermoë;
- helderheid van denke, en
- vertroudheid met, en gerigtheid op die betrokke onderwerp.

'n Goeie skryfstyl manifesteer in die volgende aspekte:

- Helderheid en duidelikheid.
- Eenvoud.
- Natuurlikheid.
- Kernagtigheid, bondigheid.
- Oorspronklikheid.
- Doelgerigtheid.
- Logiese samehang.
- Versorgde taalvlakke.

4.2.5.3.1 Hoogdrawendheid, omslagtigheid, woordherhalings, clichés en geykte beeldspraak

'n Deftigheidstrewende manifesteer in ingewikkelde waardige/plegtige woorde en uitdrukkings, minder bekende woorde en argaïsmes, herhalings, stopwoorde, onvanpaste beeldspraak, ongewone en lomp taal:

- ☑ ... influisteringe van die Heilige Gees ...
- ☑ ... die allesoorwegende genade van God ...
- ☑ ... smartleniging ...
- ☑ ... die paniese aktiwiteit van die lewe ...
- ☑ ... ontelbare getalle mense ...
- ☑ ... snode sondaars ...
- ☑ ... dit is vry algemeen bekend dat ...
- ☑ Dit is imperatief en van kardinale belang dat ...
- ☑ ... die donker valleie van die lewe ...
- ☑ Nou kan ons dwarsdeur die beproewing-skaduwees van óns olyfbome stap, omdat ... ons olie vir ons wonde én lampe het, sy olie wat Hom in Getsemane en Golgota ontpers is.
- ☑ So konkludeer Paulus dan ook in vers 24 ...
- ☑ Die Damaskuservaring ...
- ☑ ... U het die huisgesin in aansyn geroep en verorden dat dit die fondament van die samelewing sal wees.
- ☑ Daar is vele nee-seggers, persone wat nie kerk toe kom nie.
- ☑ Ek besef dat dit baie hoog gegryp is om die boek 'n ... te noem.
- ☑ ... het 'n son se opkoms en ondergang jou onlangs ontvoer ... ?
- ☑ As jy jou probleem op skrif stel, het jy dit reeds tot hanteerbare grootte verklein.
- ☑ By sy geboorte doen engele Hom begeleide ...

4.2.5.3.2 Die ongemotiveerde gebruik van *dus* en sy sinonieme

Die ongemotiveerde gebruik van stopwoorde, veral *dus* en sy sinonieme, is veral opvallend in die Christelike teks. In een oorspronklike ongeredigeerde manuskrip het die teksversorger die volgende sommetjies gemaak:

natuurlik is	111 keer,
dan ook	290 keer,
dus	200 keer,
naamlik	44 keer, en
egter	222 keer gebruik.

In 'n ander oorspronklike ongeredigeerde manuskrip was die voorkomssyfer van die volgende woorde as volg:

egter	402 keer,
reeds	129 keer,
dus	466 keer,
vele	54 keer,
soms	76 keer,
letterlik	276 keer,
en heerlike	80 keer.

860 sinne is met "Maar" begin, en
1057 sinne met "En".

Skrywers gebruik stopwoorde onbewus, wat daarop mag dui dat 'n skrywer nie sy manuskrip hersien nie.

4.2.5.3.3 Die oormatige gebruik van adjektiewe

Volgens Carstens (1994:308) demp die oordadige gebruik van adjektiewe die natuurlikheid in taal en wek dit die indruk van opsetlike mooiskrywery. Tog is dit déél van 'n skrywer se unieke styl:

- ❑ Op die elektriese paal het 'n voëltjie gesit en haar lofsang uitspattig gesing. Elke orrelpypie in haar keeltjie was wawyd oop en die volumepedaal van haar stemmetjie oormatig oopgetrap. Haar longetjies moes soos blaasbalkies die lug gepomp het want sy het die nimmereindigende nagtegaalnote van haar geartikuleerde aria die ruimtes in gevibrato. Kompleet soos 'n koloratuursopraan.
- ❑ Dit was vir my fynopgevoede moeder se verreikende verdraagsaamheid eens te veel. Volgens sy goedbekende gewoonte wanneer hy senuagtig of geïrriteerd was, het Vader met sy neus gegmf-gmf, terwyl hy sy opeengetrekte mond met 'n stadige beweging, opgetrek tot naby sy gmfende neus, eers na links en dan weer na regs beweeg. Maar met stabiliserende selfbeheersing en krisisoorkomende kundigheid van 'n kinderkenner het Moeder met 'n plan vorendag gekom.
- ❑ Hulle luister na musiek oor stereofoniese radio's sonder buise wat eers moet warm word en sonder 'n groot groen oog wat al bbbzzzmmmend aandui dat die groot bruin monster van 'n klankapparaat nou op 'n stasie is sodat jy darem die meeste van die tyd sy deinende kortgolfklank uit die met lap oorgetrekte luidspreker kan hoor. Hulle het veelkleurige draradio's sonder droëselbatterye

en lang lugdrade wat aan bloekomlatte êrens buite op die werf met 'n wit porseleinpotjie vas is.¹⁰

4.2.5.3.4 Verkeerde/swak interpunksiegebruik

Die korrekte gebruik van die interpunksie tekens (vgl. 4.2.4) is stilisties van groot belang. 'n Tekort aan kommas en punte lei tot onsekerheid of onduidelikheid. Die oordrewe gebruik van uitroepetekens, vraagtekens, aksenttekens, aandagstrepe, hakies en stippels (vgl. 4.2.4.1) lei tot irritasie aan die leser se kant en kan tot gevolg hê dat die skrywer sy geloofwaardigheid verloor.

4.2.5.3.5 Swak spelling

'n Gebrek aan taalversorging is 'n groot kommunikasie-steurnis. Die steurnis kan vermy word en die teksversorger baie tyd en moeite spaar indien die skrywer die AWS gebruik en woorde naslaan. Woorde wat *algemeen verkeerd gebruik word*, is:

☒ interressant/interessant	☒ interessant
☒ onmidelik/onmiddelik/onmidellik	☒ onmiddellik
☒ herhinner	☒ herinner
☒ mostert(saad)	☒ mosterd(saad)
☒ springkane	☒ sprinkane
☒ dieët	☒ dieet
☒ binne in	☒ binne-in
☒ misrabel	☒ miserabel
☒ ookal	☒ ook al
☒ instaat	☒ in staat
☒ lewensstandaarde	☒ lewenstandaarde
☒ lewensstyl	☒ lewenstyl
☒ koningkryk	☒ koninkryk
☒ altwee	☒ al twee
☒ Nuwe Testamentiese	☒ Nuwe-Testamentiese
☒ Ou Testamentiese	☒ Ou-Testamentiese
☒ alte en	☒ al te word verwar
☒ noual	☒ nou al
☒ van kleinsaf/van jongsaf	☒ van kleins af/van jongs af
☒ heelwaarskynlik	☒ heel waarskynlik

¹⁰ Die voorbeeld, so eie aan die skrywer se styl, het die teksversorger laat deurgaang. Uit Kuyler, J. 1997. *'n Lied vir die lewe*, pp. 13, 18, 25. Vereeniging: CUM.

☒ soiets	☒ so iets
☒ van nouaf	☒ van nou af
☒ van vooraf	☒ van voor af
☒ Fillippense/Filipense/Fillipense	☒ Filippense
☒ Kollossense/Kolosense/Kollosense	☒ Kolossense
☒ oppad	☒ op pad
☒ defenitief	☒ definitief
☒ videos	☒ video's
☒ alweer	☒ al weer
☒ venoot	☒ vennoot
☒ vandaar en	☒ van daar word verwar
☒ vanwaar en	☒ van waar word verwar

4.2.5.3.6 Gebrek aan taalsuiwerheid

Taalsuiwerheid is 'n netelige aangeleentheid en behoort met omsigtigheid hanteer te word. 'n Strewe na taalsuiwerheid moet 'n strewe na doeltreffende kommunikasie rugsteun. Ongeregverdigde taalvermenging tas die eiesoortige en besondere karakter van 'n taal aan en is nie funksioneel nie.

Taalsuiwerheid is van groot belang vir elke taalgebruiker, maar die mate van taalsuiwerheid word altyd medebepaal deur die pragmatiese (vgl. 4.2.5.3.8) situasie waarin die taalgebruiker hom bevind. Skrywers behoort hulle te vergewis van die mate van aanvaarbaarheid van 'n uitdrukking, en ook van die idiomatiese korrektheid daarvan.

Voorbeelde wat opgeteken is:

- ☒ God verwag van jou om jou beste te doen.
- ☒ God verwag van jou om jou bes te doen.

- ☒ Dit reën katte en honde.
- ☒ Dit reën paddas en platannas.

- ☒ ... veral word waar moontlik elke gedeelte in die lig van die evangelie verklaar.
- ☒ ... veral word waar moontlik elke gedeelte volgens die evangelie verklaar.

- ☒ ... en gesê: "Solank as jy 'n wit man en ek 'n swart man is, beter jy dit nooit weer doen nie."
- ☒ ... en gesê: "Solank as jy 'n wit man en ek 'n swart man is, moet jy dit nooit weer doen nie."

4.2.5.3.7 Aktief en passief

In 'n toenemende mate verkies skrywers om die passiefvorm in hulle manuskripte te gebruik – moontlik onder andere as gevolg van 'n deftigheidstrewa (vgl. Carstens, 1994:322) – met as resultaat dikwels vae, onverstaanbare en lomp sinne wat die teksversorger moet “wegredigeer”, óf met die skrywer in verbinding moet tree om te bepaal presies wát hy bedoel:

- ☒ Jesus is deur Pilatus na hom [Herodus Antipas] gestuur. En Pilatus word ... om en by die kaptein. Nou word na hom geluister.
- ☒ Pilatus het Jesus na Herodus Antipas gestuur. En Pilatus word ... om en by die kaptein. Nou luister hulle na hom.

- ☒ In verband met die Boeddhisme moet dus getuig word dat die Heilige Gees 'n baie belangrike rol speel.
- ☒ In die Boeddhisme speel die Heilige Gees 'n baie belangrike rol.

- ☒ Daarom is dit so duidelik gemaak deur die Woord dat die Heilige Gees die wonder werk.
- ☒ Daarom maak die Woord dit so duidelik dat die Heilige Gees die wonder werk.

4.2.5.3.8 Pragmatiese taalgebruik

Pragmatiese taalgebruik kan gesien word as gepaste taalgebruik binne 'n bepaalde situasie of konteks. Leech (1984:10) beklemtoon die sosiale konteks waarin taal moet funksioneer: “ ... pragmatic description ultimately have to be relative to specific social conditions.”

Binne 'n gegewe konteks is dit veral register en kodewisseling wat bepalend is vir die effektiwiteit van die interpersoonlike kommunikasie en pragmatiese interpretasie; dit wil sê, illokusio-nêre krag.

- Registers is 'n vorm van taalgebruik kenmerkend van 'n bepaalde situasie of omstandigheid. (Carstens, 1994:235.) Die graad van formaliteit van die taalgebruik moet ooreenstem met die boodskap en situasie. Du Plessis (1995:23) sien register as die gebruik van 'n variasie van taal in ooreenstemming met die sosiale situasie en dit hou ook verband met 'n bepaalde beroepsituasie (vgl. ook Webb, 1989:430). Vir skrywer, sowel as teksversorger, is dit dus belangrik om in ooreenstemming met sy teikengroep 'n bepaalde register te wete dié van Standaard-Afrikaans as norm te gebruik.

Combrink (1995:7) praat veral van “diensprosa” en bedoel daarmee: prosa wat ten doel het om in te lig, voor te lig en te oortuig, wanneer hy ten opsigte van styl klem lê op die graad van formaliteit (register) van die gebruikte taal. Styl het dán te make met woordkeuse, woordbou en sinsbou.

Dit is opsigself nie reg of verkeerd dat ('n) skrywer(s) daarop aandring dat 'n informele styl in 'n manuskrip gehandhaaf moet word nie – veral as die teikengroep dit toelaat. Maar selfs hierdie kommunikasiesituasie leen hom beslis nie tot vulgêre of onfyn taalgebruik soos die volgende nie: *fondament*; *kom* (vir orgasme); *voëllat*; *horing*; *agterent*; *knippie*. Selfs wanneer informaliteit van pas is, kan 'n mens fataal fouteer. Dit is stilisties swak gekose Afrikaans wat die kommunikatiewe doel van die teks belemmer. As 'n mens vulgêr is in jou poging om juis hartlik informeel te wees, skryf die lesers jou af as 'n mens en verloor jy jou geloofwaardigheid (vgl. Combrink: 1995b:7).

- Kodewisseling dui op die vermoë wat 'n taalgebruiker in staat stel om verskeie registers te gebruik in verskillende situasies. Volgens Carstens (1994:235) word register bepaal deur:
 - die rol wat die taalgebruiker op daardie oomblik vervul (teksversorger x skrywer, voorsitter in 'n vergadering);
 - die domein waarin beweeg word (kantooropset, redaksionele proses, restaurant), en
 - die stylaard van die situasie (formeel of informeel).

Dit beteken dat die teksversorger moet toesien dat 'n konsekwente kode in 'n teks gehandhaaf word. Hy moet sy teikengroep ken, en eers dan word Leech (1983:30) se illokusionêre krag werklikheid: die implikasies en die funksionaliteit wat 'n teks as doelgerigte, lesergeoriënteerde boodskap in 'n bepaalde gebruikssituasie vir sy teikengroep inhou.

4.2.6 Samevatting

Die taalversorgingsproses is die proses waardeur 'n teks tálkundig gereed gemaak word vir publikasie. Die taalbeheerser wat as skryfadviseur en taalversorger optree, lê klem op die verstaanbaarheid van taalgebruik, wat versorgde korrekte taalgebruik impliseer (Braet, 1980:1-2) en stel dus verskeie eise aan die kommunikatiewe adekwaatheid van die teks (Braet, 1993:12).

In hierdie afdeling is die taalversorgingsproses binne die raamwerk van die normeringstruktuur van Afrikaans bespreek en toegelig aan die hand van tersaaklike voorbeelde uit die taalversorgingspraktyk. Maar die teksversorger binne die formele opset van die (Christelike) uitgewery is ook verantwoordelik vir die geslaagdheid van die tipografiese aanbieding van 'n teks. Vervolgens word hieraan aandag gegee.

4.3 Tipografiese versorging




4.3.1 Inleiding

Lesersvriendelike, goed ontwerpde en versorgde, toeganklike, kreatiewe tekste berus ook op

geslaagde verantwoorde, tipografiese keuses en formatteringstrategieë. Tipografiese spesifikasies wat 'n invloed het op die leesbaarheid van 'n teks, bepalend is vir die styl van 'n teks en volgens Sullivan *et al.* (1989:157-158) aan die kern lê van professionele bladuitleg, is: keuse van lettertipe en -style, lettergrootte, lynspasie en lynlengte. Die ontwerp van 'n teks tesame met die woorde, die inhoud, kommunikeer 'n boodskap, en tipografiese keuses sal die kommunikatiewe doel van die teks ondersteun of ondermyn. Die teksversorger moet bedag wees daarop dat hierdie keuses gerig is op die spesifieke tipe teks, sodat dit die doel van die teks ondersteun en leesbaarheid bevorder. Dit is ook die taak van die teksversorger om te kontroleer dat keuses deurgaans konsekwent deurgevoer is.

Tipografie is die boekdrukuns, die handeling van te druk en manier van druk of die voorkoms van 'n stuk drukwerk (vgl. HAT), en is volgens Bowles *et al.* (1993:244) die kuns om setwerk ("type") te ontwerp en te rangskik om 'n gewenste effek op die leser te hê. 'n Tipograaf/setter is 'n boekdrukker of 'n lettersetter, iemand wat bedrewe is in die (boek)drukuns, die uitleg, keuse van lettertipe, lettergrootte, en verwante aspekte van 'n stuk drukwerk (HAT).

Die teks self is die enkele belangrikste element in bladuitleg en bladontwerp. *Lettertipe* bepaal die leesbaarheid van 'n teks, 'n ernstige of lighartige toon en geloofbaarheid van die inhoud. 'n Boek vir bejaardes sal 'n groter, duideliker en miskien donkerder lettertipe gebruik, 'n geskenkboek 'n informele tipe, en 'n kinderboek 'n kreatiewe lettertipe.



Die aard van die teks en die teikengroep is dus die faktore wat bladuitleg en keuse van lettertipe en lettergrootte bepaal.

Sullivan *et al.* (1989:162) bevestig die feit dat bekende, "ordinêre" lettertipes die suksesvolste gebruik word vir teksinhoud, soos byvoorbeeld WeidemannBook en Southern. Om te differensieer tussen opskrifte, subopskrifte, teksverse, aanhalings en teksinhoud, kan variasie in lettertipe, letterstyl en lettergrootte gebruik word.

Spasiëring tussen opskrifte, die sogenaamde "blanko spasie", beklemtoon opskrifte. Cheney (1983:119-120) wys daarop dat grafiese materiaal tesame met lettertipe en -grootte en blanko-spasie geslaagde bladuitleg bewerkstellig. Die sogenaamde "blankospasie" is nie spasie gemors nie, maar 'n tegniek wat aandag trek, en funksioneel gebruik, kan dit gebruik word om 'n

moeilike of vervelige teks aantrekliker aan te bied. Lynspasiëring ("leading") soos dié in hierdie skripsie, het 'n invloed op die leesbaarheid van 'n teks, en die bladuitleg en teksuitleg beïnvloed die lesersvriendelikheid daarvan.

Die buiteblad "verkoop" die boek, maar lesers is geneig om deur die eerste paar bladsye van die boek te blaai om hulle te vergewis van die voorkoms van die inhoud. Al hierdie aspekte maak deel uit van die tipografiese aantreklikheid van die teks.

Dit is belangrik dat 'n teksversorger kan onderskei tussen basiese begrippe ten opsigte van formatteringsstrategieë soos lettertipe ("typeface"), letterstyl ("typestyle"), lettergrootte ("type-size"), font ("font"), lynspasiëring ("leading") en blad- en teksuitleg.

4.3.2 Formatteringsstrategieë

4.3.2.1 Lettertipe ("typeface") en lettername

Die lettertipe wat vir 'n teks gebruik word, is in die verlede deur groot kunstenaars ontwerp en het name soos **BERTRAM**, Gamineau, **HELFFO**, **Heidelberg**, **Lincoln** en Schneider, dit het dus 'n spesifieke ontwerp. Die rekenaar-tegnologie het dié lettertipes aangepas én nog ontwerp sodat daar letterlik derduisende lettertipes is, elk met sy eie letternaam. Die lettertipe bepaal slegs die voorkoms (vorm en ontwerp) van 'n letterteken, byvoorbeeld:

- **Courier** is 'n algemene lettertipe op 'n tikmasjien.
- **Helvetica** word baie in opskrifte gebruik.
- **WeidemannBook** word baie vir inhoudteks ("body text") gebruik.
- **ProseAntique** word vir geskenkboeke gebruik.
- **Kids** word vir kinderboeke gebruik.
- **Schneider** word ook vir kinderboeke gebruik.
- **BohomasLight** word ook baie vir geskenkboeke gebruik.
- **Lincoln** is 'n moeilike leesbare skrif wat liefers nie vir inhoudteks gebruik moet word nie.

Tradisioneel is lettertipe 'n stel lettertekens ("characters") met dieselfde basiese ontwerp vir elke letterteken, wat alle groottes en style (variasies van dieselfde basiese ontwerp van elke letter van die alfabet) insluit. Lettertipes word gegroepeer in *serif* en *sans serif*.

- *Serif* dui 'n lettertipe aan met 'n klein kurwe of stertjie aan die kant van 'n letterteken soos:

Times New Roman, Courier, Palatino.

Die teksinhoud ("body text") van 'n boek word gewoonlik in 'n *serif*-lettertipe gebruik omdat

dit makliker leesbaar is: die *serif* lei die oog van een letter na die volgende en beklemtoon die verskille tussen letters, en gee 'n tradisionele voorkoms (Sullivan *et al.*, 1989:325).

- *Sans serif*-lettertipes het nie die kurwe nie:

Helvetica, SwitzerlandLight, Univers-Light.

Die skoon lyne van *sans serif*-letters is geskik vir opskrifte en vertoonwerk en word in advertensies en tegniese drukwerk gebruik. *Sans serif* gee 'n moderner voorkoms (Sullivan *et al.*, 1989:325).

Serif		Sans serif	
So lyk	10 punt Bookman 10 punt Courier 14 punt New Century Schoolbook 14 punt Scribe	So lyk	10 punt AvantGarde 10 punt Avalon 14 punt Erie 14 punt Fujiyama

4.3.2.2 Font ("font")

Volgens Venit (1993:15) is die woord "font" verwant aan die Franse woord "fondre" met die betekenis "om te smelt" of "te giet". Oorspronklik het font 'n spesifieke kombinasie van grootte, letternaam/lettertipe en styl aangedui: "a tray of cast metal letters" (Venit, 1993:15). Dit was dus 'n stel lettertekens in 'n spesifieke voorkoms en grootte: "a particular typestyle and size of character" (Sullivan *et al.*, 1989:153).

Arabia lettertipe in 9 punt is een font. en

Arabia lettertipe in 10 punt is nog 'n font.

Arabia lettertipe in 12 punt is weer 'n ander font.

Palatino lettertipe in 8 punt is een font.


Palatino lettertipe in 11 punt is een font.

Palatino lettertipe in 16 punt is een font.

Deesdae word die term algemeen gebruik vir die lettername van lettertipes.

4.3.2.3 Letterstyl

Deur die gewig, helling en wydte van 'n lettertipe te varieer word 'n stylstel ("a family of styles") geskep wat saam goed lyk:



Variasie in gewig het ligte, medium en donker weergawes. Variasies in helling het regop, kursief of normale weergawes.

4.3.2.4 Lettergrootte/letterpunt ("typesize")

Die grootte van 'n lettertipe word gewoonlik gespesifiseer in terme van sy hoogte, en gemeet in punte. Die woord "punt" is verwant aan die Franse werkwoord "poindre": *om te steek* (Venit, 1993:15). 'n Punt is die kleinste moontlike merk wat 'n drukker op 'n bladsy kan maak, ongeveer 1/72 van 'n duim (Venit, 1993:15). Boeke word normaalweg geset in 10-12 punte, subopskrifte in 13-15 punte, en opskrifte in 16-22 punte. Hierdie paragraaf is geset in 11 punt Univers 45 Light.

Voorbeelde van puntgroottes in hierdie lettertipe:

9 punt Univers 45 Light
 11 punt Univers 45 Light
 13 punt Univers 45 Light
 15 punt Univers 45 Light
 17 punt Univers 45 Light

Ander voorbeelde:

6 punt Helvetica
 8 punt Helvetica
 10 punt Helvetica
 12 punt Helvetica
 14 punt Helvetica
 18 punt Helvetica
 24 punt Helvetica

6 punt Times New Roman
 8 punt Times New Roman
 10 punt Times New Roman
 12 punt Times New Roman
 14 punt Times New Roman
 18 punt Times New Roman
 24 punt Times New Roman

Grootte, reëllengte en lynspasie moet in samehang gekies word. 'n Bepaalde grootte in een lettertipe lyk verskillend van dieselfde grootte in 'n ander lettertipe.

Voorbeeld: *Hierdie is 'n voorbeeld van die lettertipe Paradise in 13 punt.*

Hierdie is 'n voorbeeld van die lettertipe Banff in 13 punt.

Hierdie is 'n voorbeeld van die lettertipe Chiseld in 13 punt.

Hierdie is 'n voorbeeld van die lettertipe Southern in 13 punt.

Hierdie is 'n voorbeeld van die lettertipe KabanaBook in 13 punt.

4.3.3 Basiese bladuitleg

4.3.3.1 Blanko vertikale spasie/lynspasie ("leading")

Lynspasie ("leading") verwys na die spasie tussen reëls. Die oorspronklike betekenis is afgelei uit die dun stroke lood wat tussen reëls ingevoeg is vir vertikale spasiëring, dus blanko spasie. Een of meer punte blanko spasie word gebruik. Dan is die setspesifikasie gewoonlik 11 op 13 punte of 12 op 14 punte. Hoe groter die letter(tipe), hoe groter die spasie. Hierdie skripsie word byvoorbeeld geset in 11 op 17 punte Univers 45 Light.

Lynspasie vergroot die leesbaarheid van 'n teks. Lang reëls en klein lettertipe met lang opwaartse stroke (soos bv. *h*, *l*) en afwaartse stroke (soos bv. *q*, *p* en *q*) het groter lynspasie nodig as vierkantige lettertipes. Let op die effek wat lynspasiëring op die teks kan hê:

Hierdie is dus nie soseer die studie van 'n boek nie, maar 'n studie van Jesus se boodskap en 'n katalisator om die boodskap tot in die kern van jou lewe in te dra. Dit behandel een saligspreking op 'n slag.

Geen lynspasiëring met 9 punte skrif: teks lyk opmekaar.

Hierdie is dus nie soseer die studie van 'n boek nie, maar 'n studie van Jesus se boodskap en 'n katalisator om die boodskap tot in die kern van jou lewe in te dra. Dit behandel een saligspreking op 'n slag.

1 punt lynspasiëring met 9 punte skrif: teks lyk goed.

Hierdie is dus nie soseer die studie van 'n boek nie, maar 'n studie van Jesus se boodskap en 'n katalisator om die boodskap tot in die kern van jou lewe in te dra. Dit behandel een saligspreking op 'n slag.

3 punte lynspasiëring met 9 punte skrif: teks lyk te wyd uitmekaar.

4.3.3.2 Reëllengte

Reëllengte sal varieer van teikengroep tot teikengroep: kleuter- en kinderboeke sal 'n korter lynlengte hê. Vir die gemiddelde leser is 40-50 karakters of sewe tot agt woorde aanvaarbaar (Sullivan *et al.*, 1989:157). Langer reëls behoort in 'n groter lettertipe geset te word as korter reëls. Oor die algemeen is 'n 9-12-punt-grootte in reëls 7,5-12,5 sentimeter lank aanvaarbaar.

Teks wat in kolomme geset word, kan in 'n kleiner lettertype geset word.

Volgens Sullivan *et al.* (1989:157) is 'n riglyn om die kleinletteralfabet (a-z) in die gekose font in te sleutel, met 1,5 te vermenigvuldig om die ideale lengte vir daardie font te kry. 'n Ander reël is dat die reëllengte in pika¹¹ nie meer as twee keer die puntgrootte van die lettertype moet wees nie.

4.3.3.3 Bladspieël/bladsyformaat

Kantlyne of marge, dit is die blanko kantlyn aan die vier kante van die setwerk, staan gewoonlik in 'n vaste verhouding tot mekaar om die nodige balans aan die bladspieël te gee.

Hierdie spesifikasie, tesame met reëllengte bepaal die bladsywydte. Drukkers en setters gebruik pikas om reëllengte, letterwydte en letterdiepte te bepaal.

4.3.3.4 Teksformaat en teksuitleg

Die teksformaat het te doen met die teks self, die strukturering en beklemtoning van die inhoud op die bladsy: die paragrawe, spasies tussen paragrawe, die spasiëring van 'n reël oor die lengte van 'n bladsy ("justify"), en die plasing van opskrifte aan die linkerkant van 'n bladsy ("flush left") of gesentreer (in die middel van 'n bladsy). Met 'n spesifieke rekenaarprogram en moderne kragtige rekenartegnologie is dit die taak van 'n setter om die teks in 'n spesifieke formaat te giet.

Hierdie lettersetters is verantwoordelik vir die setproses, dit is die produksie van tekste, en hulle vorm 'n onmisbare skakel in die redaksionele versorgingsproses omdat hulle as 't ware die teksversorger se regterhand is. Mettertyd ontwikkel hulle 'n fyn aanvoeling vir geslaagde bladuitleg.

Belangrike formatteringsaspekte waarna die teksversorger moet let, is:

4.3.3.4.1 Opskrifte en subopskrifte

Opskrifte en subopskrifte maak die teks lesersvriendelik en lig kerngedagtes uit. In die meeste gevalle is dit die taak van die teksversorger om veral subopskrifte in die teks in te bring. Die teksversorger formuleer ook soms opskrifte wanneer tekste dit vereis.

¹¹ 'n Pika is mediaanletters van 11.25 Didot; die grootste, gewone, enkele spasie op 'n monosetmasjien en 'n maateenheid gelyk aan 4mm (HAT:195). Daar is 12 punte in 'n pika.

4.3.3.4.2 Kopskrifte ("headers") en voetskrifte ("footers")




Kopskrifte en voetskrifte is spesiale teks bo-aan en onderaan die bladsy wat die leser behulpzaam is om gedeeltes/afdelings van 'n lang dokument/teks te identifiseer. Bladsynommers word in voetskrifte geplaas. Soms word die boek se titel en/of hoofstuktitel in kopskrifte op die regterkantste bladsy van 'n teks geplaas.

4.3.3.4.3 Weduweereëls ("widows") en weesreëls ("orphans")

'n Weesreël is die eerste reël van 'n paragraaf aan die einde van 'n bladsy, dus die laaste reël van die bladsy. 'n Weduweereël is 'n kort reël wat van een bladsy na 'n volgende oorloop sodat minder as die helfte van die reël gevul word. Sulke reëls vertoon nie goed op 'n bladsy nie, en is ontoelaatbaar (Sullivan *et al.*, 1989:169). Dit is die teksversorger se taak om hierdie verskynsels "weg te redigeer" deur 'n woord/woorde in daardie paragraaf te verkort of aan die ander paragraawe te vermeerder of verminder, sodat die reël langer kan skuif op die volgende bladsy of inpas op die vorige bladsy.

4.3.3.4.4 Unziale

Die eerste letter van die eerste woord in 'n hoofstuk word met 'n sierletter aangedui. Dié gebruik dateer al van voor die uitvinding van die boekdrukkuns. In moderne drukwerk kan die kunstige sowel as funksionele gebruik daarvan die bladspieël toegankliker maak vir die leser.



4.3.3.4.5 Ander beklemtoningstrategieë

Cheney (1983:119) gee 'n lysie van tipografiese beklemtoningstrategieë wat saam met die letterstyl, -grootte en -tipe bydra tot interessante, lesersvriendelike en toeganklike bladspieël:

- HOOFLETTERS.
- Handgeskrewe woorde.
- Paragraafkoeëls ("bullets").
- Geïndenteerde blokke wat veral vir lang aanhalings gebruik word.

Dit is belangrik dat die gebruik van hierdie toebehore geïntegreerd funksioneel in die teks gebruik moet word.

Al hierdie tipografiese en formatteringstrategieë word beplan en uitgevoer met behulp van 'n elektroniese "style sheet" of bloudruk (wat die tipograaf self opstel) wat die taak van die tipograaf en teksversorger aansienlik vergemaklik. Dit verskil van teks tot teks.

4.3.4 Die buiteband: voorblad, titel, subtitel, rugkant ("spine") en agterblad

'n Treffende en aantreklike buiteband, afgestem op die inhoud van die teks, is 'n integrerende deel van 'n geslaagde, lesergerigte publikasie. In samewerking met die kunstenaar wat die ontwerp doen, is die teksversorger verantwoordelik vir 'n oorspronklike, kreatiewe buiteband wat die potensiële leser sal oorreed om die publikasie te koop. Hoewel die werklike, tegniese ontwerp van die buiteband die taak van bekwame kunstenaars is, kry hy die titel, subtitel en reklameteks (*blurb*) by die teksversorger.

Die uitdink van geskikte, kreatiewe en oorspronklike titels is uitsluitlik die taak van die teksversorger. Dié soeke na 'n geskikte titel, wat afgestem moet wees op die inhoud van die manuskrip, is 'n taak wat 'n teksversorger dae lank kan besig hou. Renkema (1989:61) wys daarop dat dit dikwels uiters moeilik is om 'n geskikte titel vir 'n manuskrip te vind. 'n Titels het twee funksies:

- om die kortste samevatting van 'n teks te gee, en
- om die aandag van 'n potensiële leser/koper te trek.

Volgens Plotnik (1982:6) moet die titel reeds die leser oortuig dat en hóé, 'n spesifieke boek verskil van ander boeke oor dieselfde onderwerp, en só die lesersaandag opnuut prikkel. As sodanig moet 'n titel hoogs opvallend en bevredigend wees. Die subtitel gee 'n bietjie meer agtergrondinligting en dien as 'n uitbreiding op die titel as aandagvestiger. Die skrywer se naam word altyd baie prominent aangedui aangesien bekende skrywersname boeke verkoop. Voorbladontwerp (titel en subtitel) moet geïntegreerd wees om die potensiële leser/koper met die eerste oogopslag in die boek geïnteresseerd te maak.

Aspekte (tegnieke) wat die buiteband opvallend maak en waaroor die teksversorger kontrole uitoefen, sluit in:

- '*n Blinde stempel/bosselering* ("embossing"): Stempeltegnieke het tot gevolg dat letters of 'n woord of simbool wat sonder ink of foelie op die buiteband uitgedruk word, uitstaan. By besonder spesiale boeke word goudfoelie (of 'n ander kleur) oor die blinde stempel gedruk, wat dan aan die boek 'n aantreklike, duurder en duursamer voorkoms gee (vgl. Anon, 1991:B8, en Roberts, 1995:281).

- *Sponsbord* ("pad"): Die buiteblad word met 'n sponsbord versterk en verdik. Dit gee aan die boek 'n aantreklike voorkoms. Geskenkboekies word veral op dié wyse versier.
- *Laminering*: 'n Proses waardeur 'n buiteblad behandel word sodat dit 'n glansvoorkoms kry (Anon, 1991:B8, Roberts, 1995:283), word laminering genoem, en gee die boek 'n besonder duursame voorkoms.
- *Ultra violet-verniss* ("UV-varnish"): 'n Goedkoper proses waardeur die buiteblad deur ultravioletstrale 'n blink afwerking kry.
- *Matlaminering* ("reverse gloss"): 'n Proses wat die teenoorgestelde effek van laminering het; in plaas van glansafwerking het die buiteblad 'n mat-afwerking met 'n besondere effek.
- *Skutblaai*: Deur middel van skutblaai word die boekblok (binnewerk) aan die buiteband geheg. Hierdie skutblaai kan óf wit wees, óf in spesiale boeke, soos Bybelse dagboeke of geskenkboeke in 'n besondere, gepaste kleur en patroon wat byvoorbeeld harmonieer met die kleur ink waarin die boek gedruk is. Só word grafiese integrasie bewerkstellig (Treebus, 1990:185), veral as illustrasies hier ook betrekking het op die boek.
- *Blurb*: 'n *Blurb* is agterbladkopie wat deur die teksversorger geskryf word en besondere kreatiwiteit en skryftalent verg. Soos Limerick, verwys dit na 'n eienaam. *Miss Belinda Blurb* was die opskrif van 'n buitensporige reklamestuk wat 'n Amerikaanse uitgewer in die begin van die eeu oor 'n roman geskryf het en van toe af word die reklametekst wat op die boek self verskyn, in die Angelsaksiese wêreld 'n *blurb* genoem (Anon, 1991:B8). 'n Foto van en kort inligtingstukkies oor die skrywer word ook soms op die agterblad geplaas. Dié agterbladkopie is reklamekopie; dit moet die voornemende koper oortuig om die boek te koop. Dié agterbladkopie lok soms fel kritiek van resensente uit: "Dan vir die religieuse *sucker punch* ... Pikante metafore is seker 'n kenmerk van alle persskryfwerk" (Botha, 1995:8), want seks word volgens die resensent in hierdie betrokke boek met godsdiens aan die massamark verkwansel.
- *Strepieskode*: Die strepieskode is 'n elektronies-outomatiese "lees"-sisteem¹² wat bestaan uit 'n opeenvolging van 13 syfers (Amerika: 12) van links na regs in die vorm van 'n opeenvolging van vertikale strepies van verskillende lyndikte en spasies. Syfers dra bepaalde kodes en die sisteem vergemaklik moderne koop- en verkoopprosedures ten opsigte van omset, prysveranderinge en kontrole oor koopgedrag (vgl. Treebus, 1990:125).
- Die *ISBN-nommer*¹³ en *logo* van die uitgewer verskyn ook op die agterblad. Die ISBN-nom-

¹² Vir 'n volledige bespreking vergelyk Treebus, 1990:124-126.

¹³ Inligting verkry op die Internet: ABPCB-ISBN Information. What It is and how to Obtain it. <http://www.books.bc.ca/information/info-isbn.htm>.

mer (Internasionale Standaard Boeknommer) is 'n unieke 10-syfer-verwysingsnommer wat aan elke gepubliseerde werk toegeken word. Die sisteem verseker elke gepubliseerde titel van sy eie, ongedupliseerde, internasionaal erkende "identiteit".

- Op die *rugkant van die buiteblad* ("spine") verskyn, van bo na onder, die outeur se naam, titel, en indien dik genoeg, die logo en naam van die uitgewery, meestal horisontaal sodat dit leesbaar is wanneer die boek op 'n lessenaar lê.

Kleurgebruik op die buiteblad speel 'n baie belangrike rol in die buitebladontwerp. Dit moet doelgerig afgestem wees op die konsep van die manuskrip in sy geheel. Tendense oorsee ten opsigte van buitebladontwerpe van uitgewerye word deur Suid-Afrikaanse uitgewerye nagevolg. 'n Vertaalde boek met 'n besondere pers voorblad het 'n resensent die volgende laat skryf: "By Christelike uitgewers het die tweeling van 'n gemsbok tot dusver in Afrikaans beeldspraak gebly. Maar op dié voorblad pryk 'n wulpse model in *pers* getooi, die *pers* lippe huiwerend oopgesper ... " (my kursivering, AK) (Botha, 1995:8).

Die kreatiewe taalgebruik en korrektheid van die buiteblad en uiteindelijke goedkeuring berus by die teksversorger, hoewel die uitgewer die konsep goedkeur. Finale buitebladproewe (films en kleurproewe/"chromalin"/"match print") word deur die teksversorger goedgekeur. Dit bring ook mee dat foute altyd die verantwoordelikheid van die teksversorger is.

4.3.5 Die onderdele van 'n teks

Die "onderdele van 'n teks" (Renkema, 1989:61-67) staan in die praktyk algemeen bekend as die "voorwerke" (Treebus, 1990:155) en word deur die lettersetter ontwerp en deur die teksversorger gekontroleer. Die bladsye loop in 'n bepaalde (basiese) volgorde: Franse of kleintitelbladsy (regs, bladsy 1), 'n skoon bladsy (links, bladsy 2), titelbladsy (regs, bladsy 3), imprimatuurbladsy (links, bladsy 4), opdragbladsy en/of inhoudsopgawe (regs, bladsy 5, 6), voorwoord en/of inleiding (regs, bladsy 7, 8), skoon bladsy (links, bladsy 8, indien voorwoord en/of inleiding oor slegs een bladsy loop), eerste hoofstuk (regs, bladsy 13, afhangende van die vorige voorwerke). Met geskenkboeke maak die kleintitel plek vir 'n "Geskenk-aan-bladsy", en met Bybelse dagboeke sal faktore soos lengte, hardeband/sagteband en 'n "Opgedra-aan-bladsy" 'n rol speel.

- *Kleintitelblad* (Franse titel, d.i. bladsy 1 en 2): Op die heel eerste bladsy van die boek na die omslag, voor die titelblad, verskyn gewoonlik die titel van die boek, soms met die naam van die outeur ook daarby, in 'n kleiner letter as op die titelblad – 'n "beskeie" soort van blad (Treebus, 1990:156). Die agterkant, bladsy 2, is skoon. By 'n hardebandboek is dit die eerste bladsy na die skutblad.
- *Titelblad*: Die bladsy (d.i. bladsy 3) wat volg op die Franse titel en wat die titel van die boek, naam van die outeur, die naam en setel van die uitgewer plus logo en soms die publikasiejaar

aangee, is 'n bladsy wat besondere tipografiese sorg eis. Die logo is die imprimatuursimbool van die uitgewer. Die agterkant van die blad (bladsy 4) word die imprimatuurbladsy ("imprint") genoem.

- *Imprimatuurbladsy/erkenningsbladsy*: Hierop (d.i. bladsy 5) verskyn alle gegewens wat nodig is vir 'n argief- of dokumentasiesisteem, of wat ter inligting kan dien vir die leser, in 'n bepaalde volgorde:
 - Naam van die uitgewer en adres.
 - Kopieregdatum en -gegewens wat noodsaaklik is.
 - Naam van illustreerder/vertaler/verwerker/kunstenaar.
 - Skrifaaanhalingsbron.
 - Uitgawe en druk van jaartal.
 - Setinligting.
 - Drukkers.
 - ISBN-nommer.
 - Kopiereggegewens.
 - Uitgawe en druk-jaartal-besonderhede (97 98 99 00 01 02 03 04 05 06 – 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1).
- Enige ander inligting rakende vertaalde boeke of saamdrukke. Die meeste oorsese tekste vermeld inligting rakende die teksversorger en redaksionele medewerkers.
- *Die opdragbladsy*: Die bladsy is vir skrywers baie belangrik: dit is gewoonlik 'n eenvoudige paar reëltjies wat vir die skrywer baie beteken: *Vir Pa, Johannie, Koos en Deon wat nie meer deur 'n spieël in 'n raaisel kyk nie*.¹⁴ So 'n opdrag kan egter ook op die imprimatuurbladsy staan as daar nie genoeg bladsye is nie.

4.3.6 Ander belangrike onderdele van 'n manuskrip

Die voorwoord, inhoudsopgawe, inleiding, samevatting en bibliografie vereis dieselfde taalkundige en tipografiese versorging as die inhoud van die teks self.

Die voorwoord vermeld inligting oor:

- die ontstaan van die teks;
- die werkwyse wat gevolg word, en
- erkenning/dankbetuigings.

en is in die meeste gevalle nie te skei van 'n inleiding nie. Beide het ten doel om die leser geïn-

¹⁴ Symington, J. 1995. *'n Man uit een stuk*. Vereeniging: CUM.

teresseerd te maak in die teks en lesersvriendelikheid en toeganklikheid te bevorder.

Die inhoudsopgawe word tradisioneel voor die aanvang van die inhoud geplaas, terwyl die samevatting 'n kernagtige sinopsis van die manuskrip moet wees.

Die teksversorger moet kontroleer dat bladsynommers in die inhoudsopgawe ooreenstem met dié in die teks. 'n Inhoudsopgawe word soms deur 'n teksversorger saamgestel, veral ten opsigte van rubrieke van skrywers wat op 'n gereede basis sonder opskrifte in 'n tydskrif verskyn. Dié opskrifte word deur die teksversorger geformuleer.

4.4 Samevatting

In die praktyk blyk dit dat 'n teksversorger algehele taalkundige en tipografiese kwaliteitskontrole oor 'n manuskrip uitoefen in die redaksionele versorgingsproses. Die redaksionele versorgings- en produksiekwaliteit van die eindproduk, die teks as artefak in sy geheel, lê dus in die hande van die teksversorger.

Die teksversorger is gevolglik daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die skrywer in sy kommunikasiedoel sal slaag. Dit beteken dat 'n teksversorger nie lukraak veranderinge aan 'n skrywer se teks mag aanbring nie, maar op hoogte moet wees van alle taalkundige én tipografiese reëls en konvensies. Sodoende verseker die teksversorger dat die teks uiteindelik ook aan die eise van die moderne, ingeligte leser en veral aan die behoeftes van 'n spesifieke teikengroep voldoen en nog steeds die oorspronklike bedoeling van die skrywer handhaaf.

In hierdie hoofstuk is eerstens (met tersaaklike voorbeelde) van die algemeenste taalkundige foute en probleme uitgelig wat in die praktyk van teksversorging geïdentifiseer is, en wat optimale kommunikasie kan belemmer. Waarom dié moeite met taalversorging? vra Jan Alleman. Mackie (1995:185) stel dit onomwonde: "Precision with words is essential if you want to convey your meaning with true clarity."

Daar is tweedens ook aangetoon in watter mate die tipografiese geslaagdheid van 'n teks lesersvriendelike teks tot gevolg het, wat optimale kommunikasie bevorder.

In hoofstuk 5 word die professionele rol van die teksversorger in die uitgewerspraktyk bespreek.

HOOFSTUK 5

Die professionele rol van die teksversorger in die uitgewerspraktyk

"Are they friends or enemies – gods who save us from our sins, or bums who trample
on our poetic souls!"
– William Zinsser –

5.1 Inleiding

Die taalversorging van 'n manuskrip/teks alvorens dit gepubliseer kan word, is 'n belangrike taak wat in die meeste gevalle deur skrywers afgeskeep word – "moontlik uit onkunde of self-versekerdheid" (Du Plessis, 1997:2) – of bes moontlik as gevolg van 'n te hoë werkslading. Baie skrywers van Christelike boeke is ook predikante (sowat 50%, vgl. 6.5.5.1), en dosente (sowat 22%, vgl. 6.5.5.1) aan plaaslike universiteite en (kwaliteit) Christelike tekste is hoog in aanvraag sodat 'n skrywer (om watter redes ook al) by verskillende uitgewerye kan publiseer. Die navorsingsresultate het aangetoon dat 94% van die respondente (vgl. 6.5.1.19) as skrywers by verskillende uitgewerye publiseer.

Hoewel die meeste van hierdie skrywers hoogs bekwame, professionele en gekwalifiseerde individue is, bewys die praktyk van teksversorging in die (Christelike) uitgewersbedryf onomwonde dat sowel die beste as die swakste skrywer se werk nie nét taalversorging nie, maar (drastiese) redaksionele versorging behels. Dié aspekte is reeds in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek én met tersaaklike voorbeelde gestaaf. Die geraadpleegde literatuur oor teksversorging eggo hierdie waarneming: "*Everyone needs an editor*" (Cheney, 1983:vii). Maar ook: "*All writers ... require editing. Regardless of ... experience or expertise, all writers ... need editors*" (Bowles *et al.*, 1993:4, my kursivering, AK). Fryer (1997:30) stel die versorgingstaak onder andere gelyk met die taak van 'n snydokter.

Dit impliseer dat teksversorging 'n professie is, dat die teksversorger 'n veelsydige en professionele persoon is en dat die teksversorger nie net verantwoordelik is vir die versorging van tekste nie, maar (soos die chirurg) ook 'n rol te speel het in menseverhoudinge, hier dan, binne die uitgewersbedryf en as sodanig erkenning behoort te kry.

Die doel van hierdie hoofstuk is om teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking en teen die konteks van die sentrale vertrekpunte aan te toon:

- dat die verwarring wat bestaan rondom die posbenaming sowel as die taak van die teksversorger spruit uit die omvangryke en komplekse aard van die teksversorgingstaak;

- dat die teksversorger 'n veelsydige individu is;
- dat die teksversorger 'n professionele persoon is, en
- dat die teksversorger ook 'n eksterne, professionele rol te speel het in die bou en handhawing van 'n vertrouensverhouding tussen die betrokke partye: skrywer, uitgewer én leser in die persklaarmaak van 'n manuskrip.

5.2 Die doel met teksversorging

'n Skrywer wil sy goedgekeurde manuskrip so gou moontlik in druk sien " ... with no further damage to their egos *or demands on their time*" (O'Connor, 1986:5, my kursivering, AK). Dit spreek vanself dat 'n leser 'n leservriendelike teks wil hê, verstaanbaar en teikengerig, foutloos en interessant, anders beteken die boek vir hom niks nie (vgl. O'Connor, 1986:5). Dit is elke uitgewer se missie (vgl. 2.3) om lesergerigte kwaliteit produkte te publiseer, ten opsigte van geloofwaardigheid, taalgebruik, korrekte en verstaanbare relevansie, feitelik en inhoudelik sowel as struktureel en esteties. Dit is die taak van die teksversorger om te voldoen aan dié verwagtings van skrywer én uitgewer én leser. 'n Teks vol foute, vervelige, verouderde en irrelevante inligting en temas het 'n verontwaardigde en ontnugterde leser tot gevolg wat nie gou weer die skrywer daarvan gaan vertrou nie. (Vgl. Clouse, 1992: 86.) Die teksversorger spaar die uitgewer se geld, die leser se tyd en humeur en die outeur se reputasie deur produksiekoste laag te hou, manuskripte op 'n aanvaarbare wyse te versorg en die outeur se bedoeling duidelik te maak (O'Connor, 1986:6). Inderdaad: "Copy editors save ... butts" (Clark & Fry, 1992:161).

Teksversorgers doen dus baie meer as om tik- en spelfoute reg te maak of om betekenis duidelik te maak. Hulle werk is "particularly heroic" (O'Connor, 1986:6) in die verwerking en versorging van [Christelike] tekste waar skrywers eerder aan 'n volgende publikasie wil werk as om aan 'n vorige een te verander bloot om 'n teksversorger tevrede te stel. Tereg sê O'Connor (1986:6): "In science, *as elsewhere*, it is copyeditors who defend readers from the worst that authors can do, while protecting authors from their own mistakes" (my kursivering, AK).

Maar teksversorging het ook 'n sekere, unieke ondernemersaspek. Elke boek is 'n ekonomiese waagstuk, 'n enkele verbruikersprodukt wat opsig self bly voortbestaan vanuit sy eie meriete. Redakteurs en teksversorgers is dus nie net geïnteresseerd in manuskripte wat finansiële voordeel inhou nie, maar wat ook hoog geag word in die mark. Uitgewerye lok skrywers in 'n kulturele industrie in (vgl. Plotnik, 1982:101). Teksversorgers doen dus ook teksversorging om 'n boek te laat verkoop. Want selfs (juis?) Christelike uitgewers wil wins maak uit hul bedryf.

5.3 Teksversorging as 'n beroep met vele fasette en posbenaminge

Skrywers van taalversorgingshandboeke gee uiteenlopende beskrywinge ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van 'n teksversorger. Daar word ook nie presies en konsekwent

onderskei tussen **taal-** en **teks**versorging nie. Ook A. du Plessis (1997) onderskei nie tussen taal- en teksversorging nie, hoewel sy tot die slotsom kom dat teksversorging 'n meer beskrywende benaming (sou) wees vir wat tradisioneel as taalversorging bekend staan, want die versorging van taal in 'n teks vorm slegs een van die komponente van die totale versorgingsproses. Derdens word daar nie konsekwent in die literatuur onderskei tussen "copy editor" (teksversorger) en "editor" (redakteur) en verwante posbenaminge nie.

Die wese van die teksversorgingstaak en -proses, veral in die opset van die moderne gerekenariseerde uitgewerswese, maak 'n presiese afbakening van take moeilik omdat terreine vloeibaar is en met mekaar verband hou. Juis daarom is dit so noodsaaklik dat die teksversorger as Jan-allesdoen die nodige erkenning kry vir dié onbenydenswaardige taak, naamlik "that job called editor" (Judd, 1982:7), of soos Fryer (1997:30) dit stel, die beroep van boekredakteur as onder andere jongleur, chirurg, koppelaar en koorddanser.

Dié omvangryke aard van die teksversorgingstaak gee aanleiding tot die verwarring rondom posbenaminge en take (Gibson, 1979:16-17):

Almost every kind of institution that prepares material for general distribution has employees who handle the editing function, and that includes network television. This function is to examine someone else's work, eliminate all mistakes, and make sure it is in the form that will be most easily understood by the customer -- the reader, the listener, the viewer.

Verwarring wat ontstaan uit die posbenaming, blyk uit die terminologie ten opsigte van wie of wat 'n redakteur/teksversorger is en kan/moet doen. Daar bestaan ook 'n neiging in die uitgewersbedryf oor die algemeen om iemand in beheer van iets te plaas en dan daardie persoon 'n redakteur te noem op die basis daarvan dat hy 'n kenner op sy vakgebied is en 'n verwante posbenaming behoort te kry; so word 'n individu 'n sportredakteur of 'n taalredakteur of 'n kunsredakteur, en noem maar op (vgl. ook Berner, 1982:37). Judd (1982:7-19) gee 'n beskrywing van die verskillende soorte redakteurs en verwante take. Met so baie benaminge vir 'n redakteur en taakomsrywings wat vloeibaar is, wys Judd (1982:3) daarop dat die status en take van die teksversorger (as redakteur) gesien moet word in die konteks van sy posisie in die produksieproses of uitgewersproses. Ook Berner (1982:37-43) onderskei tussen verskeie tipes redakteurs, maar ken dan spesifieke take aan die "copy editor" (teksversorger) toe.

Judd (1982:7-19) onderskei tussen verskillende tipes redakteurs ("editors") wat betrokke kan wees in die produksie-, redaksionele en teksversorgingsproses. Taakomsrywings sowel as posbenaminge en take blyk vloeibaar en arbitrêr te wees en dra by tot die verwarring wat bestaan rondom die take sowel as die posbenaming van 'n teksversorger. Vervolgens word die verskillende moontlike posbenaminge¹ en take van 'n teksversorger kortliks bespreek.

¹ Die Engelse posbenaming word ter wille van duidelikheid telkens in hakies weergegee.



5.3.1 Werwingsredakteur ("acquisitions editor")

Dié term word volgens Judd (1982:7) slegs gebruik in verband met die uitgee van teksboeke, en dui op die persoon wat in werklikheid 'n outeur/akademikus "gaan soek" en aan hom 'n opdrag gee om 'n spesifieke boek oor 'n spesifieke onderwerp of na aanleiding van 'n spesifieke konsep te skryf. Dit sou binne die Suid-Afrikaanse Christelike uitgewerskonteks ook die taak van die uitgewer of die direkteur van die publikasies (kon) wees. Meer as een skrywer kan gebruik word, die publikasie kan dan ook 'n (skrywer as) "redakteur" hê, maar die manuskrip sal dan steeds redaksioneel versorg moet word deur taalpraktisyne/teks- en/of taalversorgers. *Die Bybel in Praktyk* (CUM) is 'n voorbeeld van so 'n publikasie in Suid-Afrika.

5.3.2 Ontwikkelingsredakteur ("developmental editor")

Indien 'n (teksboek-) manuskrip intensiewe verwerking verg, is dít die taak van die ontwikkelingsredakteur voordat die produksieproses 'n aanvang neem. In baie gevalle sal só 'n persoon sáám met die skrywer aan die manuskrip skryf, of byvoorbeeld 'n manuskrip verwerk vir 'n ander teikengroep.

5.3.3 (Boeke)redakteur ("editor, line editor, senior editor")

In die boekebedryf kan die taakomskrywing van "redakteur" verskillende verantwoordelikhede inhou, ook dié van ontwikkelingsredakteur, of produksie-redakteur, of senior (verantwoordelike) redakteur, waarskynlik na gelang van die grootte van die maatskappy en die tipe tekste wat gepubliseer word. Take sluit ook hulp aan die skrywer in ten opsigte van konsepontwikkeling. Die redakteur is nie (noodwendig) so bedag op die fynere detail van teksversorging soos die "copy editor" nie (Judd, 1982:9), hoewel hy dit ook kan doen. Meestal is die (boeke)redakteur ook maar die teksversorger. Die navorsingsresultate toon aan dat 14% van die teksversorgers die titel van boekeredakteur as posbenaming het.

5.3.4 Besturende redakteur ("managing editor")

Die besturende redakteur behoort eerder 'n bestuurder te wees wat aan die hoof staan van die produksieproses; iemand wat nie werklik iets met die teksversorgingsproses te doen het nie hoewel 'n toegewyde besturende redakteur (of ook uitgewer) soms die kwaliteit van die eindproduk of teksversorging(sproses) sal kontroleer. Ervaring en bekwaamheid behoort aan 'n teksversorger so 'n pos te besorg, hoewel die meeste teksversorgers waarskynlik ook verantwoordelik is vir hierdie taak. Die navorsingsresultate toon aan dat daar nie só 'n posbenaming onder die respondente is nie. Die implikasie daarvan is dus dat die meeste teksversorgers dan verantwoordelik is vir dié taak.

5.3.5 Produksieredakteur ("production editor")

Die produksieredakteur doen die teksversorging/teksredigering ("copy editing") of laat dit doen. Dit behels die goedkeuring van die skrywer vir redigering, die regulering van die setproses, die nodige teksversorging in al sy fasette en stadia, en die wegstuur van die finale produk vir drukwerk, en die kontrolering van die blouproewe (galeiproewe). Judd (1982:9) wys daarop dat hierdie posbenaming slegs van toepassing is op die boekemark. Die teksversorger is dus ook 'n produksieredakteur, soos ook uit die navorsingsresultate afgelei waar teksversorgers aangedui het dat hulle die meeste van die teksversorgingstake doen (vgl. die navorsingsresultate in 6.4.6).

5.3.6 Proefleser² ("proof reader")

Vir alle praktiese doeleindes is proeflees 'n laaste kontrole/ees (my kursivering, AK), dit is 'n noodsaaklike laaste woord-vir-woord-, leesteken-vir-leesteken-lees (Clouse, 1996:83). Dis wel nie 'n baie uitdagende taak nie, maar noodsaaklik om moontlike taal- en tipografiese foute wat deurgeglim het, reg te stel.

Judd (1982:11) sê 'n proefleser lees " ... every character in the *proof*" (my kursivering, AK) op soek na tipografiese foute, spel- en punktuasiefoute, en inkonsekwenthede.³ 'n Proefleser gaan ook feite na. Proeflesers is nie teksversorgers in die klein wat die teks aanvaarbaarder maak of verbeter nie: "Their job is to *correct* proof ... and to make minor changes that the copyeditor and author have overlooked" (Judd, 1982:12). Aangesien dié bron (d.i. Judd, 1982) verskyn het voordat die uitgewers- en drukprosesse gerekenariseer is, sodat prosesse nou anders lyk, bly dié taak in wese egter dieselfde: 'n indringende kontrole-/ees van 'n finale kameragereedproef of -kopie voordat dit na 'n drukker gestuur word. Weliswaar word blouproewe (die drukkersproewe) deur die drukker na die teksversorger vir finale kontrole teruggestuur, maar korreksies hierop het koste-implikasies, sowat R20-00 per bladsy (vgl. Eygelaar, 1997).

Navorsingsresultate (vgl. 6.4.6) dui daarop dat hoogstens 38% teksversorgers slegs proefleeswerk doen. Die teksversorger kan dus ook proefleser wees, maar dit behoort nie sy hoofsaak te wees nie.

5.3.6.1 Proeflees is nie teksversorging nie

Volgens E.L. Dellow, soos aangehaal deur O'Connor (1986:105) is die tradisionele taak van die proefleser:

² Die taak van die proefleser word in besonderhede in 5.3.6.1 bespreek.

³ 'n Proef is 'n "manuscript ... set into type" (Judd, 1982:10), in die vorm van [verouderde, AK] galeiproewe van die drukker of moderne bladsyproewe/blouproewe, 'n replika van die beoogde voltooide produk. Dit is hierdie finale proef waarvoor die proefleser verantwoordelik is (Judd, 1982:10).

To detect and correct all errors of spelling and other typographical errors; to point out any defects of workmanship; to ensure that typographical specifications or other instructions have been followed, or in the absence of such instructions, to ensure, so far as lies within his power, that the printed *proof* (my kursivering, AK) reflects the intentions of the author or customer; to see to it that the "style of the house" or the customer's wishes, if he has expressed any, have been consistently followed throughout ... ; to check and correct the punctuation if necessary; to draw attention to any grammatical or possible errors of fact, and to anything which is, or may be, libellous or obscene.

Weens die omvang van dié verantwoordelikheid is die take grootliks deur 'n teksversorger oorgeneem en kan dit deurgaans saam met die ander versorgingsfases hanteer word, maar daar kom 'n laaste "slegs proeflees"-fase, wat Clouse (1996:83) beskou as 'n finale kontrolelees (vgl. ook Sullivan *et al.*, 1989:135). In die praktyk beteken dit dat die kameragereedkopie (die finale kopie van die beoogde publikasie wat die teksversorger na die drukkerij stuur) deeglik en finaal gelees word vir moontlike tik- en spelfoute, of enige ander moontlike (set)foute wat kon ingesluip het, nádat die teks 'n indringende teksversorgingsproses deurloop het.

'n Manuskrip (of teks, AK) kan beskou word as 'n getikte (óf geskrewe) stuk werk, waarop soveel moontlik korreksies aangebring kan word om daarvan 'n teks van uitstaande gehalte te maak. Met enkele uitsonderinge stuur skrywers rekenaardiskette en 'n gedrukte kopie van hulle manuskrip na 'n uitgewer vir goedkeuring en publikasie. Dit is hierdie goedgekeurde manuskripte wat die teksversorgingsproses moet deurloop.

Proeflesers weet ook dat enige verandering in 'n reël die res van die paragraaf gaan beïnvloed en uiteindelik die opeenvolging van bladsye. In kameragereedkopie en blouproewe word sulke drastiese veranderinge nie gedoen nie. Tipografiese foute of spelfoute kan wel gekorrigeer word. Foute in die teks is die fout van die proefleser. Die finale kontrole van 'n manuskrip in sy geheel berus by die proefleser sonder dat hy aan die styl van 'n skrywer verander en sonder om enige onnodige veranderinge aan te bring wat beter klink of beter lyk. Die proefleser is in die praktyk by die Christelike uitgewersmaatskappye ook die teksversorger.

5.3.7 Feitekontroleur

Die kontroleer van feite is gewoonlik die taak van die teksversorger, hoewel daar in sommige maatskappye, veral in die tegniese tydskrifbedryf en handboekbedryf ruimte is vir so 'n pos. In die Christelike uitgewersbedryf is dit die taak van die teksversorger om toe te sien dat gestelde feite korrek is. Veral Bybelse feite word maklik verwar:

- Abraham se seuns, Isak en Jakob, vir wie God ook die land beloof het ... (Abraham se seuns was Isak by Sara en Ismael by die Egiptiese slavin Hagar, vgl. Gen. 21:3, 9, 11).

- Sal ons ooit Moria vergeet? Die berg waarop Moses bereid was om sy seun Isak aan God te offer. (Dit was Abraham wat vir Isak moes offer, vgl. Gen. 22.)
- Toe vra hy [Kain] eendag vir Abel om saam met hom in die veld te gaan stap. Daar het hy [Abel] toe vir Kain vermoor. (Kain het vir Abel doodgemaak; vgl. Gen. 4:8.)

'n Teksversorger moet onder andere ook bedag wees op geskiedkundige en letterkundige blapse:

- Darwin het sy teorie al in 1858 gepubliseer. (Dit was 1859; vgl. Snyder, 1967:748.)
- Probeer 'n atmosfeer van geborgenheid in die huis skep. Laat die kind se huis sy tuiste wees soos Elisabeth Eybers dit stel: "'n ... kuil van stilte tussen riet". Die aanhaling is egter uit die gedig "Jy was 'n kind" uit *Die halwe Kring* van N.P. van Wyk Louw.⁴

5.3.8 Skrywersredakteur ("writer's editor")

O'Connor (1986:5) onderskei 'n tipe redakteur wat ietwat verskillende verantwoordelikhede het – die skrywersredakteur. 'n Skrywersredakteur se eerste verantwoordelikheid lê eintlik by die skrywer en sy voorbereiding van sy manuskrip vóórdit dit vir publikasie voorgelê word. 'n Skrywersredakteur doen altyd kreatiewe en tegniese teksversorging (vgl. 5.6). Hy bedien ook raad aan die skrywer ten opsigte van werk wat afgekeur word of intensiewe herskryf of veranderinge wat moet plaasvind, 'n taak wat Clark en Fry (1993) beklemtoon. Dit is ook op die vlak waar Stepp (1989) se "changing profession" ter sprake kom: as beplanner en besluitnemer in vennootskap met die skrywer word die skryfproses én teksversorgingsproses in 'n nuwe perspektief geplaas: "The new editor has powers and opportunities like never before. Audiences have never been larger, nor taken journalism more seriously. As executive, manager, planner, and teacher, the new editor derives daily satisfaction from producing a vibrant product with a central role in our information-based society" (Stepp, 1989:34). Soos die navorsingsresultate aantoon, word die take ook deur teksversorgers in Christelike uitgewerye verrig (vgl. 6.4.6).

5.3.9 Teksversorger ("copyeditor/copy editor/copy-editor")

Volgens O'Connor (1986:5) is dit die algehele verantwoordelikheid van 'n teksversorger in diens van 'n uitgewersmaatskappy om manuskripte vir publikasie gereed te maak. In hierdie proses moet hulle 'n balans handhaaf tussen die belange van die skrywer en dié van die leser.

Dit word uit die voorafgaande bespreking duidelik dat die teksversorger sy naam gestand doen. Maar dit is duidelik dat hy ook 'n skrywer in eie reg, sowel as 'n redakteur in al die faset-

⁴ Van Wyk Louw, N.P. 1981. *Versamelde Werke*. Kaapstad: Tafelberg.

te van die woord/posbenaming is: ontwikkelingsredakteur, produksieredakteur, proefleser, feite-kontroleerder, skrywersredakteur. Wat ook al hulle werksomskrywing of posbenaming, teksversorgers verrig dus 'n verskeidenheid uiteenlopende take in verskillende fases. Die volgende afdeling fokus op die aard van en die verskeidenheid take in die teksversorgingsproses.

5.4 Die omvangryke aard van teksversorging

5.4.1 'n Aantal omskrywinge

Net soos met die spelwyse van die term *copy editor/copyeditor/copy-editor*⁵ is daar in die literatuur nie eenstemmigheid oor die take van die teksversorger nie. Hierdie verskynsel word versterk deur die verskeidenheid benaminge in die uitgewersopset in Suid-Afrika. Daarmee saam hang die veelheid take wat verwag word van die persoon wat die teks redaksioneel moet versorg (vgl. 6.4.6 en 6.4.9) totdat dit in alle opsigte gereed is vir publikasie. Dit blyk 'n universele probleem te wees (O'Connor, 1986:1, vgl. ook 5.3):

Copyediting, like editing itself, is a mystery to most people. For one thing, copyeditors are hidden behind a score of aliases – subeditor, technical editor, developmental editor, desk editor, manuscript editor, author's editor, line editor, redactor, and editorial assistant among them. For another, the job is complex and difficult to explain to anyone outside the publishing world.

Enkele omskrywings bevestig die uiteenlopende take wat, soos Judd (1982:14) en Bishop (1984:108-109) dit stel, beslis sal wissel van uitgewery tot uitgewery. Die teksversorger moet daarom aandring op 'n vaste werksomskrywing óf bereid wees om enigiets te doen wat enigiemand binne die maatskappy van hom vra. Die aard van teksversorging impliseer "an exaggerated insistence on insignificant detail" – aldus Somerset Maugham (Fitton, 1961:56).

Teksversorging is volgens die literatuur:

- die korrigering van sintaktiese foute, foutiewe leestekengebruik, grammatika, taalgebruik en spelling (Hull *et al.*, 1987:103);
- nie die oorskryf van 'n swak manuskrip nie (Gibson, 1979:24);
- die versigtige en deeglike kontrolering van 'n manuskrip in ooreenstemming met die tipe teks: duidelike aanwysings met betrekking tot lettertype en lettergrootte van die titel, opskrifte, teks, diagramme, skemas, verwysings en voetnote, die kontrole oor en konsekwente gebruik van afkortings en simbole (Bishop, 1984:109);

⁵ Dié terme is vir die doeleindes van hierdie skripsie vertaal met "teksversorger", en "editing" met "teksversorging".

- 'n metodiese en deurvorsende ondersoek ten opsigte van aanbieding, struktuur en taalgebruik (Fitton, 1961:56-58);
- nie stylverandering nie, tensy daar 'n baie goeie rede voor is (O'Connor, 1986:39);
- die kritiese en versigtige literêre ontleding van 'n manuskrip en 'n goeie verhouding met die skrywer, sowel as met uitgewer en leser (Fitton, 1961:53);
- "meer as net 'n teksversorgingstaak", dit is " ... a challenging, creative art dealing with words, visuals, ideas and people" (Fitton, 1961:56);
- die totale proses waardeur 'n manuskrip in gereedheid gebring word vir publikasie. Dit behels die opsporing en korrigerende van tipografiese foute, afwykende frasiering en kontroliering van feite, konsekwensie ten opsigte van leesteken- en hooflettergebruik, korrekte spelling en relevante betekenisgebruik van woorde (Hallpenny, 1972:8);
- die handhawing van korrektheid en kontrole oor tegniese akkuraatheid en 'n manuskrip, woordekonomie wat verstaanbaarheid bevorder (Bush, 1994:322), en
- nie verkorting van teksinhoud ten koste van betekenisinhoud nie (Koch, 1988:287).

Bowles *et al.* (1993:4) vat dit mooi saam: "Editors have many functions, but the primary job of an editor is to make writing more precise, concise, and meaningful than it was originally." Uit hierdie omskrywing blyk dit dat daar meer sprake van teksversorging is as blote taalversorging: tydens die versorgingsproses word die teks as geheel onder oë gekry, taalkundig, tipografies, skematies, stilisties, pragmaties en esteties.

Stanton (1961:46) se basiese uiteensetting van die verantwoordelikhede van 'n taalversorger geld beslis ook vir 'n teksversorger, maar dit is maar één aspek van sy taak. Uit bogenoemde blyk dit dat die teksversorger op die lang duur medeverantwoordelik is vir die teks as artefak, naamlik ten opsigte van:

- inhoudelike sinvolle korrektheid afgestuur op die teikengroep;
- gepaste styl;
- korrekte taalgebruik en spelling en gepaste woordkeuse;
- strukturele geslaagdheid;
- tipografiese interessantheid en afwisseling in ooreenstemming met die inhoud;
- die geskiktheid van sketse, en
- 'n aantreklike buiteblad in al sy fasette.

Teksversorging ("editing") in die wydste sin van die woord beteken volgens Fitton (1961:53): " ... a careful and critical literary survey of material" en het ook te doen met menseverhoudinge: die verhouding tussen teksversorger en skrywer, teksversorger en uitgewer, teksversorger en leser.

Kortom: die teksversorger is medeverantwoordelik vir 'n aantreklike, lesersvriendelike kwaliteit leesproduk – optimaal afgestem op die leser.

5.5 Die take en verantwoordelikhede van die teksversorger

Die taak van die teksversorger val volgens O'Connor (1986:2-5) in verskillende vlakke uiteen: administratiewe versorging, kreatiewe versorging en tegniese versorging. Die teksversorgingsvlakke kan in die praktyk van teksversorging in die Christelike uitgewery soos volg toegepas word:

5.5.1 Die administratiewe teksversorgingsproses

In die uitgewersbedryf word hierdie take meestal behartig deur 'n (produksie-) sekretaresse en behels skriftelike erkenning van (datum van) ontvangs, en enige korrespondensie of gesprek wat nodig mag wees voordat die redaksionele proses 'n aanvang neem. Onsuksesvolle manuskripte word ook deur hierdie individu teruggestuur en (normaalweg) hanteer sy enige navrae ten opsigte van onsuksesvolle oorweging, hoewel navrae soms na die uitgewer of selfs redakteurs/teksversorgers verwys word.

5.5.2 Die kreatiewe teksversorgingsproses

O'Connor (1986:3) verwys na hierdie "fase" as "rewriting, reorganizing, or suggesting other ways to present material", en behels klein ("minor") maar belangrike maniere waarop 'n manuskrip aangebied kan word vir groter leesbaarheid en afgerondheid. Dit kan ook ingrypende ("major") veranderinge in inhoud of organisasie/aanbieding behels in samewerking met 'n hoofredakteur of die skrywer self. Die teksversorger en die skrywer is meestal by die proses betrokke.

Kreatiewe teksversorging stel hoë eise aan die teksversorger. So 'n individu moet die teks in sy geheel begryp, wat dit is wat die outeur wil sê, en moet daarby verkieslik baie ervaring hê. Die teksversorger moet 'n fyn aanvoeling hê om die klein dog belangrike maniere waarop 'n teks herskryf of herorganiseer kan word te implimenteer. Dit behels egter ook, waar nodig, indringende verandering/redigering aan 'n teks.

Kreatiewe teksversorging van 'n Christelike teks behels die volgende: hoofstuktitels toeken, verander en verkort, kerngedagtes uitlig, feite kontroleer, opskrifte en subopskrifte invoeg, kritiese ontleding van logika en ordening, die uithaal van irrelevante en oortollige teks. Dit is belangrik dat 'n manuskrip eers deeglik deurgelees word voordat hierdie tipe versorging gedoen kan word.

Sullivan *et al.* (1989:226) wys daarop dat duidelike opskrifte in dieselfde frasestyl as die teks die leser help om spesifieke inligting in die teks makliker te bekom. Die teksversorger moet dus die teks deeglik bestudeer om lesersvriendelike kernopskrifte en subopskrifte te vind.

5.5.3 Die tegniese teksversorgingsproses

Volgens O'Connor (1986:4) definieer die *Chicago Manual of Style* hierdie vlak as:

a close reading of the manuscript with an eye to such matters as consistency of capitalization, spelling, and hyphenation, agreement of verbs and subjects, beginning and ending quotation marks and parentheses, number of ellips points, numbers given as figures or written out, and many other details of style.

Tegniese versorging sluit dus styl- en taalversorging sowel as tipografiese versorging in: onder andere spelling, interpunksie, sintaksis en morfologie; konsekwensie in inhoudsverwante styl: onder andere hooflettergebruik, afkortings, lees- en skryftekens; en formaat en tipografie: onder andere spasiëring, bladuitleg, voorwerke, opskrifte, subopskrifte, Bybelteksaanhalings en -verwysings.

Teen die agtergrond van die administratiewe, kreatiewe en tegniese versorgingsproses van die teksversorgingsproses as 'n geheel (vgl. 5.5) kan die teksversorgingstake soos uiteengesit deur Berner (1982:42-61), Judd (1982:17), Bowles *et al.* (1993:5-6) en Fitton (1961:54-55) soos volg saamgevat word. Die teksversorger is verantwoordelik vir die volgende:

- Die handhawing van sperdatums van manuskripte. Elke uitgewery werk volgens 'n bepaalde produksieprogram en 'n drukker moet vooraf "bespreek" word. Dit is essensieel dat dié sperdatums nagekom word, anders word 'n kettingreaksie aan die gang gesit wat skrywer, uitgewer en drukker die harnas injaag en produksie sowel as produktiwiteit benadeel (vgl. ook Fryer, 1997:30).
- Die korreksie van tipografiese foute, taal- en tikfoute, foutiewe interpunksie en spelling. Dit impliseer dat hy goed onderlê moet wees in die normeringstelsel van die grammatika van die taal/tale waarmee hy werk.
- Die handhawing van konsekwente styl dwarsdeur die manuskrip. Die implikasie daarvan is ook dat die outeur se styl gehandhaaf moet word en dat slegs klein, noodsaaklike stylveranderinge aangebring mag word.
- Die vermyding van herhaling en dubbelsinnigheid in taalgebruik.
- Lesersgerigtheid: leesstof mag nie vir enige leser aanstoot gee nie. Die teikengroep se norme en waardes is bepalend vir wat gepubliseer word. Daarmee saam hang die vermyding van alle vorme van stereotipering: seksisme, rassisme en alle ander *-ismes*.
- Presisie van woordgebruik.
- Kontrolering van spelling van name en die konsekwentheid van spelling en hooflettergebruik. Dit is veral in Christelike tekste belangrik.
- 'n Aanvaarbare en konsekwente bibliografiese styl.
- 'n Taktvolle onderhandelingsproses met die outeur oor probleemgevalle.
- Die samehang van bladuitleg, tipografie, teksstruktuur, uiteensetting, teksorganisasie, formaat van opskrifte en subopskrifte en logiese verloop sowel as die inkorporasie en samehang

van grafiese materiaal, foto's en sketse in die teks.

- Die verbetering van teks deur eentonige, vervelige kopie te omskep tot interessante, lewendige, lesergerigte teks. 'n Teksversorger is dus 'n kreatiewe persoon. Dit is egter noodsaaklik om 'n balans te handhaaf.
- Die kontrole oor inhoudelike feitlikhede.

'n Teksversorger moet ook:

- kennis hê omtrent die uitgewersopset in sy geheel. Dit sluit in "mechanics of the job" (Fitton, 1961:54): 'n basiese begrip van die drukproses, lettertipes, en -groottes, bladuitleg, taalversorging en proefleeswerk;
- beplanningstrategieë hê om die outeur sowel as die uitgewer behulpsaam te wees;
- organisatoriese vermoëns hê. Of hy nou betrokke is by die totstandkoming van die manuskrip of slegs in die teksversorgingsproses, hy is medeverantwoordelik vir die teks: " ... he is the guardian of the neat, orderly package" (Fitton, 1961:54);
- waak teen regsprobleme en lastersake, en
- lojaal wees teenoor die maatskappy waarvoor hy werk.

Die navorsingsresultate onderskryf ook die standpunte uit die literatuur (vgl. 6.5.3.6 vir 'n samevattende en vergelykende teksversorgersprofiel soos saamgestel uit die menings van teksversorgers, skrywers en uitgewers).

5.6 Karakteristieke van die ideale teksversorger

Hoe lyk die ideale teksversorger? Judd (1982:14-17), O'Connor (1986:78) en Bowles *et al.* (1993:5-6) se eienskappe van 'n teksversorger kan soos volg saamgevat word:

- 'n Goeie aanvoeling vir en kennis van grammatika en punktuasie en 'n liefde vir taal en nuanses van taal.
- Oplettendheid en bedagtheid op foute.
- Nuuskierigheid.
- 'n Bewustheid van eie tekortkominge.
- Die vermoë om met woorde te werk – jou eie sowel as ander s'n.
- Omsigtigheid en versigtigheid en goeie oordeelsvermoë.
- Geduld (om dieselfde kopie tot vervelens toe te lees).
- Konsentrasie (op betekenis en struktuur).
- Sterk oë, rug en sitvlak.
- Takt.
- Nederigheid.
- Die vermoë om kompromie aan te gaan.
- Organisatoriese vermoëns.

- 'n Passie vir akkuraatheid.
- Logika.
- Buigbaarheid en aanpasbaarheid.
- 'n Goeie sin vir humor.
- Selfversekerdheid.
- Objektiviteit.
- Diplomasie.
- Welbelesenheid en welberesenheid.
- 'n Wye belangstellingsveld.
- Gesonde skeptisisme.
- 'n Persoonlike styl.
- Waardering vir goeie boeke.
- Humor en patos, en 'n onderskeidingsvermoë tussen dié twee.
- Geordende denke, gebalanseerdheid en onderskeidingsvermoë ("judgement").
- Kennis van kopiereg en laster-reëls.
- Spangees/spansamewerking.
- En les bes: die vermoë om 'n skrywer toe te laat om iets op sý manier te skryf, op die voorwaarde dat dit korrek is; en die vermoë om te weet wanneer om halt te roep met die teksversorgingsproses.

Al hierdie aspekte dui daarop dat die teksversorger in 'n bepaalde profiel moet inpas: hy moet 'n aanvoeling hê vir teksversorging, 'n goeie kommunikeerder wees en goeie menseverhoudinge kan handhaaf en oor 'n grondige teoretiese taalversorgingskennis en -ervaring sowel as 'n wye algemene kennis beskik.

Volgens Fryer (1997:30) is die teksversorger 'n unieke persoon is wat 'n verskeidenheid beroepe in een saamtrek: 'n jongleur wat baie balle gelyktydig in die lug moet hou; 'n taalkenner wat alle taalfoute kan eien en regmaak en soos 'n kosmetiese chirurg kan wegsny om 'n inhoudelik sowel as esteties bevredigende boek te maak; 'n sielkundige en mensekenner wat skrywers kan motiveer en uitgewers tevrede kan stel en albei se humeur sowel as sy eie, kan beteuel; 'n aartsoptimis met 'n sin vir humor, empatie en baie deursettingsvermoë; inderdaad 'n spesie enig in sy soort.

Die uniekste en deugdelikste eienskap waaroor 'n teksversorger beskik, is sekerlik *oplettendheid* of *bedagtheid* ("awareness" is; vgl. ook Judd, 1982:43). 'n Teksversorger het 'n aangebore inherente gawe, of skeptisisme, om alles wat geskryf is, te bevraagteken, dikwels tot groot ergernis van skrywers (O'Connor, 1986:6).

Samevattend kan gesê word: die mens wat van 'n gemiddelde teks 'n goeie boek kan maak en van 'n goeie manuskrip 'n treffer, moet oor unieke eienskappe beskik. Kortliks moet hy die wysheid van 'n Salomo hê, die insig van 'n profeet, die takt van 'n diplomaat, die geduld van

'n skaakmeester, die deeglikheid van 'n breinchirurg en die versamelde kennis van 'n ensiklopedie. (Vgl. T. Vosloo, 1997:11.)

Inderdaad: "Copy editors are a rare breed, and they are scarce ..." (Bowles *et al.*, 1993:5); " ... a special group of people" (Judd, 1982:19).

5.7 Die rol en funksie van die teksversorger in die breëre opset van die uitgewersbedryf

'n Aspek wat verder strek as akademiese taalbeheersingsvaardighede, en nie altyd na waarde geskat word nie, is die rol en funksie wat die teksversorger in die breëre verband van die uitgewers-/skrywersbedryf ten opsigte van die uitbou van menseverhoudinge (kan) speel. Fitton (1961:53) beweer dat die ondersteuningsfunksie wat 'n teksversorger vervul 'n belangrike aspek is wat dikwels oor die hoof gesien word: 'n redakteur/teksversorger is by uitstek 'n persoon wat ander help, lesers sowel as skrywers.

In hierdie ondersteuningsproses moet die teksversorger aan sekere norme of standaarde voldoen om sy teksversorgingstaak uit te voer (vgl. 3.2) én as middelman 'n vertrouensverhouding te handhaaf: tussen hom en die skrywer, tussen hom en die uitgewer, tussen hom en die leser. Norme en standaarde impliseer integriteit en werktrots, lojaliteit, begrip, empatie en fyn aanvoeling om 'n teks namens iemand anders (die skrywer) vir die leser toeganklik en in die proses albei (én homself én die uitgewer) tevrede te stel. Dit verg méér as blote kennis van die grammatika van ('n) taal, dit verg die vermoë om menseverhoudinge te skep én te handhaaf.

5.7.1 Die verhouding tussen teksversorger en skrywer

Die verhouding tussen skrywer en teksversorger is tradisioneel een van antagonisme. Hulle beskou mekaar as teenstanders; formidabele mededingers vir kontrole oor dit wat gepubliseer word:

Writers hate editors who butcher prose, suppress creativity and turn exiting experiments into tired formulas. Editors hate writers who indulge themselves and forget the needs of readers. Traditionally both groups would rather bitch and moan than *consult and collaborate* (Clark & Fry, 1992:3, my kursivering, AK).

Skrywers – enige skrywer – het 'n "profound, intimate attachment ... to what they write" (Stepp, 1989:39); " ... to each of us our own words are sacred" (Stanton, 1961:45). Skrywers werp hart en siel in hulle werk, en Stepp (1989:39) se metafoor spreek boekdele:

... few occasions provoke more naked terror than delivering one's handiwork to an aloof, all-powerful editor who stands like St. Peter, passing ultimate judgment on creative achieve-

ment and controlling admission to that journalistic heaven: publication ...

Uit die praktyk is dit dus duidelik dat redakteurs/teksversorgers eerstens te doen het met mense en gevoelens, en dán eers met sy skryfwerk/manuskrip: " ... editors must deal first with human beings and then with their copy" (Stepp, 1989:39).

Wedersydse respek en vertroue en 'n aangebore empatie met mense is die boustene van 'n geslaagde verhouding tussen skrywer- en teksversorger. Die ideale verhouding is een van professionele kameraadskap: " ... collaboration, teammates, coaches, always tough but also respectful and benevolent" (Stepp, 1991:42), al moet die teksversorger soms met moeite trae en talmende skrywers so ver kry om opdragte en sperdatums na te kom. O'Connor (1986:123) stel dit só: " ... to chase up dilatory authors for their contributions ... cajoling, demanding, and threatening."

Skrywers het net een doel voor oë wanneer 'n manuskrip deur 'n uitgewer goedgekeur is: om dit so gou moontlik uitgegee te kry, sonder enige verdere skade aan hulle ego of aanspraak op hulle tyd (vgl. O'Connor, 1986:5).

Alle skrywers het ondersteuning nodig, konstateer Clark en Fry (1992:iii), maar voeg daarby, hulle moet ook toegerus word met taalbeheersingsvaardighede. So 'n uitgangspunt beklemtoon die belangrikheid van die skryfproses in die totstandkoming van die produk. Hulle (Clark & Fry, 1992:161) beklemtoon pertinent die samewerkingsaspek tussen skrywer en teksversorger: "No writing will improve without cooperation from *copy editors* (my kursivering, AK)."

Hallpenny (1972:8) sien konsultasie en samewerking tussen skrywers en teksversorger as 'n "particular aspect of modern publishing". Die geslaagdheid van die redaksionele versorgingsproses sal enersyds afhang van die vermoë, vaardigheid en sensitiwiteit van die versorger, maar andersyds van die geslaagdheid van die konsultasieproses en die waarde wat die skrywer heg aan die oordeel van die teksversorger as professionele persoon.

Ook Bush (1994:365) beklemtoon dié aspek: samewerking tussen skrywer en teksversorger met die teksversorger as ondersteunende individu om so 'n sinvolle, optimaal geslaagde teks te skep, éérder as voorskrywende intimideerder, óf iemand wat die skrywer minderwaardig laat voel omdat die teksversorger op die ou end sy teks vir hom oorskryf (my toevoeging, AK). Clark en Fry (1991) se handleiding beklemtoon dit dat die teksversorger/redakteur in sy professionele hoedanigheid deeglik met die skryfproses behulpsaam kán en móét wees. Trouens, hulle (Clark & Fry, 1992:153) sê: "Coaching writers is the human side of editing" en beskou die teksversorger as 'n potensiële skrywersvennoot in hierdie verhouding wat Plotnik (1982:25) 'n "uneasy alliance" noem.

Plotnik (1982:41) se perseptuele vaardighede wat 'n simpatieke, empatieke houding teenoor die skrywer (se taalbeheersingsvaardighede en idees) sowel as 'n begrip van die leser se ver-

wagtinge impliseer, kom hier in die besonder aan die orde.

'n Skrywer kan so maklik in sy eer gekrenk word en gebelgd voel omdat dit aanvaar word dat skrywers liggeraak en fyngevoelig is: "The original phrasing is mine ... and I wanted it to be mine, not that of some unidentified copy reader who would rather have it another way and so writes in his or her own 'style'" (Bishop, 1984:110). Dit is daarom belangrik dat alle veranderinge wat die teksversorger aanbring *gemotiveerd* moet wees, want inderdaad: skrywers waak jaloers oor hulle pennevrug (Stanton, 1961:45).

Tog weerspieël die navorsingsresultate 'n bereidwilligheid van skrywerskant tot samewerking met die teksversorger om die beste produk moontlik op die rak te kry: 56% van die respondente meen dat die teksversorger behulpsaam kan wees in die skryfproses. Volgens die respondente is die teksversorger eerstens 'n professionele persoon, tweedens 'n vakkenner en derdens 'n raadgewer en medewerker aan 'n teks. 'n Oorweldigende 88% van die respondente meen dat 'n teksversorger nie voldoende professionele erkenning vir sy taak kry nie.

5.7.2 Die verhouding tussen teksversorger en leser

Omdat elke skrywer met 'n bepaalde doel op unieke wyse skryf, behoort 'n teksversorger 'n skrywer se werk en persoon met die nodige respek te behandel. Veranderinge, selfs aanbevelings, moet *gemotiveerd* wees. Veranderinge behoort nie aangebring te word bloot omdat dit beter klink nie. Tog het die teksversorger 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die leser omdat lesergerigtheid die missie van enige skrywer-uitgewer-teksversorger-alliansie is:

An editor's only permanent alliance is with the audience, the readership. It is the editor's responsibility to hook that readership; to edify it, entertain it, stroke it, shake it up – do whatever is necessary to keep the medium hot and desirable for the people who support it. The editor, not the author, best understands that readership (Plotnik, 1982:25).

Handhawing van 'n balans tussen die verhouding skrywer en leser impliseer 'n geordende, geduldige, begrypende, gefundeerde, ferm benadering ten opsigte van noodsaaklike veranderinge wat aangebring moet word, want " ... Readers however want [books] that are quick to read, with everything this implies ... " (O'Connor, 1986:5). Renkema (1989:28) wys daarop dat die leser verwag om met respek behandel te word.

Teksversorging is op die lang duur dus 'n lesergerigte aktiwiteit omdat die meeste lesers hulle vir 'n swak versorgde teks vervies (Clouse, 1996:81). As 'n leser (of teksversorger) 'n skrywer se taalvaardigheid bevraagteken, is dit baie maklik om sy integriteit en die geldigheid van sy idees te bevraagteken. Dit is daarom onder andere die taak van die teksversorger om 'n goeie beeld van die skrywer aan die lesers voor te hou.

5.7.3 Die verhouding tussen teksversorger en uitgewer

Hoewel Bishop (1984:108-109) redeneer vanuit die oogpunt van die versorging van wetenskapstekste ("scientific journals") waarin daar sprake is van baie verwysings, voetnote, syfers en tabelle, wiskundige simbole, eenheidsmate, nomenklatuur en afkortings, is sy opmerking dat die term "teksversorging" verskillend deur verskillende mense interpreteer word, uiters relevant. Die implikasie daarvan is dat teksversorgers, redakteurs en uitgewers 'n verstandhouding moet hê om wedersydse verwagtinge van optimale produktiwiteit en werksbevrediging te verseker en onnodige konflik te vermy. Judd (1982:14) beweer tereg: "It is very important to draw the distinction between copyediting and the other kinds of editing so that both the *copyeditor* and the publisher are in agreement about the *copyeditor's* responsibilities ... " (my kursorivering, AK).

Fitton (1961:55) beweer dat die teksversorger 'n baie groter verantwoordelikheid teenoor sy werkgewer/uitgewer het, inderdaad "an unshakable one", as teenoor skrywer en leser. Omdat die teksversorger die uitgewer as 't ware verteenwoordig, is hy die een wat tevrede moet wees (Judd, 1982:ix).

Hiervolgens is dit belangrik dat 'n teksversorger se werksomskrywing presies afgebaken is voordat hy 'n opdrag of 'n pos aanvaar om konflik en misverstand te vermy. Hy moet seker wees of daar van hom verwag word om vertaling te doen of manuskripte oor te skryf of slegs te proeflees. Hoewel Judd (1982:14) voorts beweer dat dit die uitgewer en nie die teksversorger nie se taak is om te bepaal wát en hóéveel daar aan 'n manuskrip geredigeer moet word: " ... the publisher (not the copyeditor) ... determines how much and what kind of work needs to be done on a manuscript", bewys die teksversorgingspraktyk die teendeel. Binne die formele opset van 'n uitgewersmaatskappy is dit juis die teksversorger as redakteur wat die teks verbeter, ontwikkel, oorskryf, redigeer, proeflees en elke moontlike aanbeveling in dié verband doen, en uiteindelik die volle verantwoordelikheid vir die geslaagdheid van die aanbieding van die teks dra.

As dit die taak van die teksversorger is om in so 'n mate aan 'n manuskrip te werk sodat hy dit in der waarheid oorgeskryf het, is hy as 't ware medepligtig, *mede-outeur*, *medeverantwoordelik*, *spookskrywer*, en is die skrywer of uitgewer se goedkeuring ten opsigte van die veranderinge bloot van akademiese belang. In dié opsig het die uitgewer eintlik ook 'n verantwoordelikheid teenoor die teksversorger, naamlik *professionele erkenning*.

Laastens wys O'Connor (1986:5) daarop dat 'n verantwoordelike teksversorger deur die noukeurige versorging van 'n teks die produksiekoste laag hou. Geordenheid ten opsigte van sy taak en selfdisipline ten opsigte van telefoongesprekke oor taal- en tipografiese probleme, slegs noodsaaklike heen en weer stuur van manuskripte tussen skrywer en teksversorger; werknethed (skriftelike opdragte aan setters, netjiese, verstaanbare proeflees- en teksversorgings-tokens), deeglike, intensiewe versorging elke keer wat die teks gelees word, en veral 'n deeglike

laaste proeflees op die kameragereedkopie, hou die produksiekoste laag.

Uit die navorsingsresultate is dit duidelik dat 'n uitgewer baie verwag van die teksversorger as werknemer (vgl. die response in 6.3.3; ook 6.4.6), terwyl dit duidelik is dat daar min bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy is: slegs 33% van die respondente het byvoorbeeld aangedui dat 'n teksversorger kan verwag om bevordering te kry (vgl. 6.3.3.11).

5.7.4 Is die teksversorger 'n professionele persoon?

Skrywers van teksversorgingshandboeke is dit eens: teksversorging (in al sy fasette) is 'n komplekse taak, dis harde werk, dinkwerk, kopkrapwerk, soms frustrerende en moeilike werk, weliswaar 'n uitdaging, maar 'n tydrowende en ondankbare uitdaging waarvoor geen teksversorger selde indien ooit enige formele of professionele erkenning kry. Die vermoë om teksversorging te kan doen, is 'n gawe, 'n kuns, 'n verantwoordelikheid, 'n irritasie met inkonsekwentheid, slordigheid en traak-my-nieagtigheid met taal; maar ook 'n gawe wat ander tot vervelens toe (kan) irriteer én bedreig. (Vgl. bv. Judd, 1982:18; O'Connor, 1986:viii; Plotnik, 1982:34; Gibson, 1979:16-17; Stepp, 1989:34-35.)

↑ verhouding

Teksversorgers is dus spesiale mense, besondere mense en skaars. Hulle bevraagteken alles, juis omdat dit geskryf is. Hulle gee nie om om 'n manuskrip tot vervelens toe te lees om dit perfek te kry nie. Hulle moet in staat wees om self te kan skryf om in staat te wees om aan iemand anders se manuskrip te kan werk (vgl. Gibson, 1979:17).

Bishop (1983:22) vra die vraag: Waarom doen 'n individu teksversorging? Vir geld? Prestige? Status? Erkenning? Soos een uitgewer op 'n vraag in hierdie verband geantwoord het: "As jy na erkenning in 'n (Christelike) uitgewery soek, is jy op die verkeerde plek!"⁶ As (alle) teksversorgers dan nie masochiste is nie, wat motiveer só 'n persoon? Gewoon die bevrediging om 'n uitdagende taak goed af te handel, genot daaruit te put, in die proses sy taalkundige kennis te toets én uit te brei en sy kreatiewe vermoëns te gebruik? Of – soos van 'n teksversorger in 'n Christelike opset verwag word – tot eer en verheerliking en uitbreiding van die koninkryk van God?

As die hoogste aspirasie van 'n (anonieme) teksversorger is "too see my job as making my work invisible" (Judd, 1982:3, vgl. ook Berner, 1982:42), is dit beslis so dat teksversorgers spookskrywers is, want hulle "take their gratification internally ... secure in the knowledge that they have helped produce a first-rate product ... They are above all humble" (Berner, 1982:43). Want, sê Judd (1982:18) dit gaan alles om 'n sin vir verantwoordelikheid vir jou taal wat so baie mense as blote kommunikasiemiddel beskou. Miskien maak dié verantwoordelik-

⁶ 'n Antwoord uit die navorsingsresultate op die vraag: Kry [die teksversorger] genoeg professionele erkenning vir die werk wat hy doen? (Vgl. 6.4.17.)

heid ten opsigte van taal dit alles die moeite werd: " ... if you have the power to make the written word more accessible, isn't that a *grand* responsibility" (my kursivering, AK).

Om jou naam voor in die boek genoem te hê, hoef nie noodwendig die *rede* (O'Connor, 1986:19) vir teksversorging te wees nie, maar dit kan dien as *erkenning*, want die meeste teksversorgers put genoegdoening uit die uitdaging en verantwoordelikheid wat teksversorging bied. Want 'n "grand responsibility" verg méér as blote kennis van taalfoute en die raaksien van tikfoute. En daar is 'n verskil tussen *eer* en *erkenning*!

Teksversorging is gewis nodig (vgl. hfst. 3 en 4) maar kan dit geregverdig word? Kan 'n teksversorger werklik sê dat hy 'n dag se eerlike werk verrig het as hy ander mense se werk verander, of verbeter? As hy skrywers se beeld verbeter: "making authors appear better than they are"? (vgl. O'Connor, 1986:7). Dit alles geskied tot finansiële en professionele voordeel van skrywer én uitgewer, maar in dié proses verdwyn die teksversorger en word 'n anonieme individu. Moet skrywers nie self verantwoordelik wees vir hul werk en beeld nie? Die praktyk bewys dat skrywers dit nie kan of wil doen nie. Skrywers wie se werk vir publikasie goedgekeur is "are mainly interested in seeing it [the book] in print quickly, with no further damage to their egos or demands on their time" (O'Connor, 1986:5), en selfs die beste skrywers se werk hét teksversorging nodig (Bowles *et al.*, 1993:4). Die praktyk bewys dit ook.

Judd (1982:19) haal enkele uitsprake van skrywers aan wat die unieke professionele aard van 'n teksversorger se werk bevestig en erken: "*You have the unenviable task of making my humble prose sound like Hemingway wrote it*"; "*She made the whole experience worthwhile*" en "*I want him on all my other books.*"

Plotnik (1982:47-48) sien teksversorging ook as 'n *professie*; daarom moet die teksversorger as professionele individu gedurig op hoogte bly van enige ontwikkeling in sy vakgebied sowel as verwante vakgebiede. Een kenmerk van professionaliteit is *voortdurende opleiding*. Volgens die navorsingsresultate dui sowat 86% van die respondente aan dat hulle 'n behoefte het aan opknappingskursusse in taalpraktyk. Taal- en teksversorgers behoort hul vaardighede op 'n kontinue basis op te knap deur werksinkels, simposiums en kursusse by te woon en op die hoogte te bly van die nuutste denkrigtings, navorsingsmetodes, taalreëls, en naslaanbronne. Binne hierdie raamwerk kan die teksversorger ook gesien word as 'n kunstenaar, jongleur en woordkunstenaar, 'n "crafty editor" (Plotnik, 1982:39). Die professionele aard van die take en verantwoordelikhede van die teksversorger word in die praktyk weerspieël in die vaardighede waarvoor 'n teksversorger op die lang duur moet beskik:

- Navorsingsvaardighede.
- Strategiese vaardighede.
- Perseptuele vaardighede.
- Organisatoriese vaardighede.
- Taal- en probleemoplossingsvaardighede.

- Sosiale vaardighede wat van toepassing is op die uitgewers- en teksversorgingsproses.

5.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat teksversorging inderdaad 'n *beroep* is met vele fasette. Die teksversorger is wel taal- en teksversorger, maar het ook 'n wyer, eksterne rol te speel in die breër opset van die uitgewersbedryf. In die uitvoering van die teksversorgingstaak moet hy ook mense- en vertrouensverhoudinge kan handhaaf met die skrywer, die uitgewer en die leser. Al is hy *spookskrywer* word hy vertroueling, middelman, raadgever en uiteindelik mede-werker.

Onderlinge samewerking in die moderne uitgewersopset tussen uitgewer, skrywer en teksversorger is in belang van die leser. 'n Verhouding wat wedersydse respek afdwing, waarborg 'n produk waaruit ongewenste agtelosige foute so ver moontlik verwyder is en waaraan die outeur goedkeuring verleen het as verteenwoordigend van sy oorspronklike bedoeling met die produk. Die redakteur as teksversorger-skrywer is dus 'n professionele persoon wat 'n skrywer se manuskrip persklaar maak en in die proses 'n ondersteuningsrol verrig in 'n raadgevende/konsulerende hoedanigheid.

Dit beteken dat die professionele aard van die redakteurstaak verbreed het om die volle spektrum van redaksionele en uitvoerende take te omsluit:

Writing, editing, coordinating, producing, and managing all belong in the repertoire of the individual we call the *new editor*: a professional ... prepared for decision-making responsibility in the modern [publishing world]. The new editor ... may be a copyeditor, assignment editor, or designer; in features, news, or photos; a longtime writer enticed into a desk stint, or a career desk person dedicated to the editing track. Over time, most editors will fit more than one of these categories (Stepp, 1989:21-22).

Wat van belang is, is dat die *teksversorger as professionele persoon medeverantwoordelik is vir die gepubliseerde teks*. Sy voorbereiding, toewyding aan sy teksversorgingstaak en lojaliteit aan skrywer, leser en uitgewer verdien erkenning, sodat 'n teksversorger/redakteur kan weet dat uitgewers, skrywers en lesers "tog bewus (is) van die sorgsame skimme wat op die agtergrond bly terwyl die skrywer vorentoe tree vir applous ... [want] 'n boek (word) nie net met lym gebind nie, maar ook met die sout en sweet van [teksversorgers]/redakteurs" (Fryer, 1997:30).

HOOFTUK 6

In extenso: 'n sintese van teorie en praktyk

"It is a capital mistake to theorize before one has data." – A Conan Doyle –

6.1 Inleiding

Die doel met hierdie hoofstuk is om teen die agtergrond van die sentrale probleemstelling en aan die hand van die navorsingsresultate aan te toon watter rol die teksversorger speel in die boekmaakketting, die persklaarmaakproses van manuskripte. Dié rol het betrekking op die klein sosiokulturele en -politieke struktuur van die Christelike uitgewery sowel as op die breër kultureel-maatskaplike en ekonomiese opset van die uitgewers- en skrywerspraktyk.

Deur die response van die proefpersone (die uitgewers, teksversorgers en skrywers van Christelike boeke) in relevante gevalle en in ooreenstemming met die sentrale doelstelling met mekaar te vergelyk, wil ook aangetoon word watter onderlinge *verwagtinge* daar bestaan tussen medewerkers in die skrywers- en uitgewerspraktyk. Response is soms vergelykend-evaluerend gegroepeer om sodoende objektiewe gevolgtrekkings te kan maak.

6.2 Dataversameling

Die dataversamelingsproses is reeds in 1.4 bespreek. Die data wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, is versamel met behulp van *vraelyste* wat aan proefpersone, dit is uitgewers, teksversorgers en skrywers van Christelike tekste, gestuur is, opgevolg deur *telefoongesprekke*. Die niegestandaardiseerde vraelyste het gedien as meetinstrumente na aanleiding van probleme wat in die uitgewerspraktyk geïdentifiseer is. Hiervolgens is kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data verkry. Wiskundige gemiddeldes van die response is bereken op 'n Excel-sigblad en grafies voorgestel.

6.3 Die vraelys aan uitgewers

Die doel met die vraelys aan uitgewers was:

- om agtergrond ten opsigte van Christelike uitgewersmaatskappye te kry,
- om vas te stel wat uitgewers van skrywers verwag; en
- om vas te stel wat uitgewers van teksversorgers verwag.

Die vraelys self het uit vier afdelings bestaan:

- Die maatskappy.
- Die teks en skrywer.
- Die teksversorger.
- Die redaksionele proses.

Aangesien dit 'n universumsteekproef is, is vraelys aan alle Christelike uitgewers in Suid-Afrika gestuur. Adresbesonderhede is verkry van die *Adresboek van Suid-Afrikaanse Uitgewers*. Die universum sluit die volgende uitgewersmaatskappye in:

- Engedi Uitgewers (handeldrywend as Kagiso Uitgewers).
- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Human en Rousseau.
- Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Bybelmedia (handeldrywend as Bybelkor, Protea Uitgewers, Hugenote Uitgewers, Hugenote Bybelinstituut en Nehemia Bible Institute (NBI)).
- Struik Christelike Boeke.
- Lux Verbi.
- Evangelie Uitgewers.
- Carpe Diem Uitgewers.
- J.L. van Schaik Uitgewers.
- CLF Uitgewers.
- Aktua Uitgewers.¹


Die navorsingsresultate het 'n 92%-responsyfer opgelewer. Sommige vrae in die vraelys is nie beantwoord nie. Dit was veral vrae waar uitgewers moes motiveer, hul eie mening moes

¹ Geen reaksie is van die uitgewery gekry nie, selfs nie na 'n tweede oproep én 'n tweede vraelys wat aan hulle gefaks is nie.

gee of afleidings moes maak. Hierdie geenantwoord-respons kan in die meeste gevalle moontlik geïnterpreteer word as 'n weiering om die vraag te beantwoord.

6.3.1 Die maatskappy


6.3.1.1 Hoe lank bestaan die maatskappy al?



82% van die uitgewerye bestaan tussen twintig en 180 jaar. Uit bogenoemde gegewens kan die afleiding gemaak word dat Christelike uitgewersmaatskappye in die geskiedenis van die Christen-Afrikanerleser deur die jare in 'n markbehoefte bly vervul het. Die lesersmark kon in tye van godsdienstige en finansiële omwentelinge hom wend na die Christelike boek vir leiding, troos en onderskriging (vgl. Pienaar 1997:10 en Els 1995:6).


6.3.1.2 Wat is u verhouding tot die maatskappy?

Respondente kon kies tussen *stigter*, *uitgewer*, *besturende direkteur*, *eienaar* en *ander*.



Die response dui daarop dat 38% van die respondente as besturende direkteur, eienaar en stigter die topstruktuur in die maatskappy verteenwoordig. Gegewe die feit dat sommige van die *uitgewers* (39%) ook die stigter, besturende direkteur en eienaar is, kan die syfer selfs hoër wees. Hierdie feit kan moontlik bydra tot die skep van 'n bepaalde sosio-politieke struktuur en bestuurstyl in die maatskappy.

6.3.1.3 Kan ek met u 'n onderhoud kom voer?




Hoewel 64% van die respondente bereid was om 'n onderhoud toe te staan, is besluit om as gevolg van die wye geografiese verspreidheid van uitgewerye oor Suid-Afrika wat persoonlike onderhoude bemoeilik het, te volstaan met 'n telefoniese onderhoud/gesprek met die respondente na aanleiding van die vraelys wat hulle ontvang het.

6.3.2 Die teks en skrywer

6.3.2.1 Watter tipe boeke gee u uit?

Dit blyk dat die meeste uitgewerye 'n wye verskeidenheid tekste publiseer. Die persentasieverspreiding van die response is soos volg:




Hoewel niefiksie die hoogste responssyfer opgelewer het (82%), wat daarop dui dat uitgewers gerig is op die geestelike verryking van lesers, is dit insiggewend en verblydend dat die kinderboekmark ook voorkeur geniet (73%). Geskenkboeke, die sogenaamde “sneesdoekies” (vgl. Van der Merwe, 1997:8), neem saam met teologiese boeke die derde plek in (64%), gevolg deur Bybels (45%). Strokiesprente, wat ’n gewilde genre is, word deur slegs 27% van uitgewers gepubliseer, moontlik as gevolg van die hoë drukkoste daaraan verbonde. Die ander-respons (9%) is meesal pamflette en traktaatjies.

6.3.2.2 Wat is die standaard van manuskripte wat vir publikasie voorgelê word?


’n Soortgelyke vraag is ook aan teksversorgers gevra. Die resultate van die twee vrae word in ’n vergelykende grafiek in 6.4.10 weergegee.

6.3.2.3 Word manuskripte wat aan u uitgewery voorgelê word vir publikasie eers gekeur voordat dit uitgegee word?



Die oorwegend positiewe respons (91%) dui daarop dat uitgewers bewus is daarvan dat manuskripte aan 'n sekere standaard moet voldoen om markgerig te wees.


6.3.2.4 Indien ja, wat is die kriteria verbonde aan die siftings- of keuringsproses van manuskripte wat aangebied word?



Die kriteria wat uitgewers aanwend, is eerstens goeie inhoud (26%). Dit impliseer dat inligting verantwoordbaar, oorspronklik, goed nagevors en relevant vir die teikengroep moet wees. Dit sluit nou aan by die kriterium van aktualiteit (24%) wat impliseer dat 'n teks relevant moet wees in terme van huidige vraagstukke. Talige aspekte (goeie taalgebruik en goeie styl, 22%) speel saam met inhoudelike kwaliteit en aktualiteit ook 'n bepalende rol. Dit blyk dat 'n bekende skrywersnaam (14%) ook 'n beduidende rol speel. Dit is interessant dat markgerigtheid as kriterium slegs 8% behels en die uitbreiding van die lesersmark net 3%.

Daaruit kan afgelei word dat die Christelike boekemark 'n gegewe is; uitgewers het gevolglik nie nodig om 'n lesersmark te skep nie.

6.3.2.5 Wie doen hierdie keuring of sifting?




In ag geneem dat redakteurs en taal-/teksvorsorgers in baie maatskappye dieselfde persone is (vgl. 6.3.2.5 en 6.3.3.1 en 6.4.1), kan aangeneem word dat *uitgewers* meen dat slegs 22% van die teksvorsorgers die keuringsproses behartig. Teksvorsorgers meen egter dat *hulle* meesal (75%) die keuring van manuskripte doen (vgl. 6.4.9 vir 'n vergelykende grafiek).

6.3.2.6 Wat verwag u van skrywers ten opsigte van die tipe teks wat aangebied word?


56% van die respondente gee opdrag aan skrywers om spesifieke tipe manuskripte te lewer en 44% aanvaar enige tipe teks op skrywersinisiatief.

6.3.2.7 Wat verwag u van die skrywers ten opsigte van die algemene versorging van die teks wat aangebied word?




Uit die respons kan afgelei word dat die meeste manuskripte (75%) meesal teksversorging moet ondergaan. Alle manuskripte moet, ten einde markgerig te wees, in elk geval drastiese *tipografiese* versorging ondergaan.

6.3.2.8 Word manuskripte redaksioneel versorg nadat dit gekeur is en voordat dit gepubliseer word?




Die afleiding kan uit die gegewens gemaak word dat 18% van die manuskripte onversorg die mark ingestoot word. In ag geneem die ooraanbod in die Christelike boekemark (vgl. 2.2 en 2.3) sou die navorser (AK) verwag dat strenger kwaliteitskontrole/keuringstandaarde toegepas word nie net ten einde die algemene standaard van boeke wat gepubliseer word te verhoog nie, maar ook om gesonde markmededinging te skep.

6.3.2.9 Wie doen hierdie redaksionele versorging van tekste!



Wat ook al die posbenaming, dit is uit die grafiek duidelik dat die redaksionele versorging van 'n teks in 96% van die gevalle gedoen word deur een of ander individu wat deur die uitgewer daarvoor aangestel is en daarvoor verantwoordelik gehou word. Die afleiding kan gemaak word: wat ook al die posbenaming, 'n teksversorger = 'n taalpraktisyn = 'n redakteur = 'n subredakteur = 'n redaksionele assistent = 'n spookskrywer. Hierdie aanname word versterk deur die teksversorgersrespons in 6.4.1 waar daar ook 'n verskeidenheid posbenaminge ter sprake is.


6.3.2.10 Watter insette/insae/beheer het skrywers in die redaksionele versorging van die teks?



Vir die teksversorger is skrywersinsette en veral -goedkeuring belangrik omdat dit homself sowel as die skrywer beskerm (vgl. 6.5.1.17). Gelukkige en tevrede skrywers is die brood en botter van 'n uitgewery; daarom behoort die teksversorger aan te dring op die goedkeuring van 'n manuskrip deur die skrywer alvorens dit gepubliseer word. 'n Soortgelyke vraag is aan skrywers gevra (vgl. 6.5.1.17). 87% van die respondente het aangetoon dat hulle insette wil lewer in die totale redaksionele versorgingsproses (d.i. die tipografiese en taalversorgingsproses en aanbieding van die buiteblad, keuse van die titel en subtitel).


6.3.3 Die teksversorger

6.3.3.1 Is daar 'n persoon of persone in u maatskappy wat die keuring en redaksionele versorging van tekste behartig?



Die hoë positiewe respons (73%) dui daarop dat uitgewers bewus is daarvan dat tekste wel redaksionele versorging moet ondergaan alvorens dit gepubliseer kan word. Dit hang waarskynlik saam met die gemiddelde standaard van manuskripte (vgl. 6.3.2.2 en 6.4.10).

6.3.3.2 In watter ouderdomsgroep sou u so 'n persoon verkies?



Die gemiddelde ouderdom van 'n teksversorger soos verkies deur 'n uitgewer is hiervolgens 38 jaar, wat redelik hoog is.² Die respondente kon die vraag motiveer. Die volgende motiverings is gegee:

- "So 'n persoon moet die lesersmark kan identifiseer. Die lesersmark kan in enige (of een) van bogenoemde groepe val."
- "Ouderdom speel nie 'n rol nie, wel ondervinding en goeie taalvermoë, taalkennis, algemene kennis en bereidheid om verdere opleiding te ondergaan."
- "Ouderdom en bekwaamheid loop nie hand aan hand nie!"
- "Vertroudheid met die jongste styl- en redigeertegnieke en ouderdom hou nie verband nie."

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die ouderdom van 'n teksversorger oënskynlik nie 'n rol speel in die profiel van 'n teksversorger nie. Die feit dat uitgewers verkies om nie teksversorgers in die kategoriëe jonger as 25 en ouer as 55 jaar aan te stel nie, weerspreek egter die motiverings soos hierbo aangehaal. Dit impliseer dat daar wel 'n verband bestaan tussen ouderdom en ervaring en/of bekwaamheid.


6.3.3.3 Oor watter tipe kwalifikasie moet so 'n persoon beskik? Taalpraktykgerig of algemeen-geesteswetenskaplik?

Die vraag word in 6.3.3.4 verder gekwalifiseer. Omdat die vrae mekaar komplementeer, word hulle saam geïnterpreteer.

6.3.3.4 Watter kwalifikasies verwag u van die teksversorger?


Tersiêre talekwalifikasies is gereken as 'n algemene kwalifikasie. 'n Kwalifikasie in redaksionele werk/uitgewerswese of 'n diploma/graad in vertaling en/of teksversorging is gereken as 'n taalpraktykgerigte kwalifikasie.

² 'n Geweegde gemiddeld.




Volgens die respons uit 6.3.3.3 verwag 77% van die uitgewers dat teksversorgers oor taalpraktijkgerigte kwalifikasies moet beskik. Wanneer daar egter in 6.3.3.4 in meer detail ten opsigte van die kwalifikasies ingegaan word, dui slegs 35% aan dat die kwalifikasievereiste taalpraktijkgerig moet wees. Vergelykend is die respons teenstrydig. Hieruit kan afgelei word dat uitgewers moontlik 'n wanopvatting mag hê van *taalpraktijkgerigte kwalifikasies* wat gerig is op die teksversorgingstaak as beroepsgerigte dissipline.

6.3.3.5 Moet die teksversorger ook teologiese of Bybelkundekwalifikasies hê?




Uitgewers verwag meesal (67%) nie van teksversorgers om teologiese kwalifikasies te hê nie, maar die feit dat die verskil tussen die ja- en nee-respons nie uitermate groot is nie, kan daarop dui dat 'n teologiese kwalifikasie (in die besonder in die Christelike uitgewersmaatskappy) tot die teksversorger se voordeel kan strek. Die navorsingsresultate word ondersteun deur Judd (1982:219) se opmerking dat teksversorgers selde 'n teologiese kwalifikasie het, maar dat teologiese onderlegdheid van hulp kan wees in die teksversorgingsproses.

6.3.3.6 Moet hy ook vertaling kan doen?




'n Baie groot gedeelte (64%) van die respondente het aangedui dat teksversorgers nie vertaling *hoef* te doen nie. Dit blyk egter dat 69% van die teksversorgers (vgl. 6.4.6) *wel* vertaling doen.

6.3.3.7 Moet hy geakkrediteerd wees?




Daar bestaan nie 'n organisasie vir geakkrediteerde teksversorgers nie, slegs vir vertalers. Die feit dat 27% van uitgewers ten spyte van hierdie feit tóg aandui dat teksversorgers geakkrediteerd moet wees, toon dat daardie behoefte wel bestaan. Andersyds kan dit moontlik dui op verwarring ten opsigte van die term "akkreditasie". So 'n organisasie kan dien as 'n oorkoepelende beheerliggaam om die professionele beeld van die teksversorgingsbedryf te bevorder (vgl. ook 7.3 en 7.4).

6.3.3.8 Beskou u hom as 'n professionele persoon?



'n Beduidende hoeveelheid (82%) respondente beskou die teksversorger as a professionele persoon. Slegs 56% van die teksversorgers meen egter dat hulle genoeg professionele erkenning kry vir die taak wat hulle verrig (vgl. 6.4.17.1 en 6.4.17.2). Skrywers meen dat teksversorgers in die eerste plek 'n professionele persoon is en as sodanig erkenning behoort te kry (vgl. 6.5.3.1). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die teksversorgingsberoep *teoreties* as 'n professionele beroep beskou word. Die praktyk bewys die teendeel; eerstens omdat teksversorgers meen dat hulle nie genoeg erkenning kry nie (vgl. 6.4.17), en tweedens omdat daar nie werklik vir hulle bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy bestaan nie (slegs 36%, vgl. 6.3.3.11).


6.3.3.9 Wat is die posbenaming van die persoon/persone wat die redaksionele versorging van tekste hanteer?



Uit die uitgewersrespons blyk duidelik die verskeidenheid posbenaminge vir teksversorgers. Die veelvuldige posbenaminge dui op die onduidelikheid en verwarring ten opsigte van die professionele rol en status van die teksversorger in die redaksionele proses (vgl. 1.1, par.

7). Posbenaminge onder die *ander*-respons was: redaksielid, senior direkteur en ongespesifiseerd.


6.3.3.10 Verkies u 'n manlike of vroulike persoon vir die teksversorgingstaak?



Uit die respons is dit enersyds duidelik dat die uitgewer van Christelike boeke vroulike teksversorgers verkies, vir wie daar slegs 'n 36%-kans op bevordering binne die maatskappy is (vgl. 6.3.3.11). Andersyds is die geenvoorkeur-respons ook beduidend (45%). 'n Mens kan hieruit die aanvegbare afleiding maak dat meer vroue as mans hulle binne taalverwante beroepe bevind. Dié aanname is moontlik herleibaar na gevestigde stereotipes met betrekking tot geskikte of aanvaarbare geslagsverwante beroepe. Aan die ander kant kan dit daarop dui dat vroue beter as mans in die teksversorgingsberoep aard. Vergelyk ook 6.4.19, waar 69% teksversorgers aangedui het dat hulle vroulik is.


Die navorsingsresultate by hierdie vraag leen sigself tot verskeie uiteenlopende en aanvegbare interpretasies. Aangesien die navorser (AK) nie beskik oor voldoende data om enige ander afleidings te staaf nie, word volstaan met bostaande kommentaar.

6.3.3.11 Is daar bevorderingsmoontlikhede vir so 'n persoon in u maatskappy?



Die beduidende *nee*- en *geen*-respons-persentasie (64%) kan daarop dui dat die organisasiestruktuur van sommige uitgewere nie voorsiening maak vir bevorderingsmoontlikhede vir die teksversorger as professionele persoon nie.


6.3.3.12 Sou u maatskappy sonder die *dienste* van so 'n persoon kon klaarkom?



Dit is duidelik dat 'n teksversorger 'n onontbeerlike rol in die redaksionele opset speel, al beweer 20% van die respondente dat hulle sonder die *dienste* van so 'n persoon kan klaarkom. Alhoewel dit 'n klein persentasie van die respondente verteenwoordig, dui hierdie respons tog op die onbegrip van enkele uitgewers ten opsigte van die belangrikheid van die teksversorgings*diens*. Veral groot en gevestigde en *toonaangewende* uitgewersmaatskappye kan nie sonder die dienste van teksversorgers klaarkom nie; dit sal die maatskappy sowel as die skrywer se beeld in die mark benadeel.³ Hierdie stelling word gestaaf deur die belangrikheid wat die skrywer aan die teksversorgingstaak heg (vgl. 6.5.3.1), sowel as die feit dat 94% van skrywers *verkies* dat hulle manuskripte teksversorging ondergaan voordat dit gepubliseer word (vgl. 6.5.23), en dit motiveer (vgl. 6.5.2.4).


³ Dit is veral in hierdie maatskappye waar die sosio-kulturele dinamika moontlikhede vir verdere studie bied (vgl. die slotopmerkings in 7.5).

6.3.3.13 Verwag u van so 'n persoon om rekenaarvaardig te wees?



Na aanleiding van die deurslaggewende rol wat gerekenariseerde tegnologie in die moderne uitgewersopset speel, is dit nie verbasend nie dat 91% van uitgewers van die teksversorger verwag om rekenaarvaardig te wees. In die praktyk blyk dit egter dat slegs 53% van die teksversorgers (vgl. 6.3.4.2) wel rekenaarvaardig is/teksversorging op die rekenaar doen.

6.3.3.14 Sou so 'n persoon in 'n raadgewende of konsulerende posisie kon optree?




Die hoë responssyfer (84%) dui daarop dat die teksversorger in 'n raadgewende of konsulerende hoedanigheid 'n beslissende rol te speel het in die redaksionele opset.

6.3.3.15 Moet 'n teksversorger bo en behalwe taalversorging ook insette hê in:

- die setwerk en tipografiese besonderhede of bladuitleg van die teks;
- die aanbieding van die buiteblad, en

- die skryf van kopie: agterblaaie, resensies en reklamestukke?



Die implikasie hiervan is dat die teksversorger betrokke is by baie meer as net *taal-* en selfs *teks*versorging. Dit blyk dat 91% van uitgewers van 'n teksversorger verwag om ook 'n skrywer in eie reg te wees. Daarby verwag 64% van die respondente-uitgewers dat teksversorgers ook insette moet lewer in die tipografiese versorging van die teks, sowel as in die aanbieding van die buiteblad. Dit impliseer dat die teksversorger bo en behalwe 'n *taal*versorger en *skrywer*, ook 'n *kunstenaar* moet wees.

6.3.3.16 Hoe lyk die profiel van 'n teksversorger dus na aanleiding van die vrae en antwoorde in hierdie afdeling?

Hierdie respons word breedvoerig en vergelykend-evaluerend in 6.5.3.6 weergegee.

6.3.4 Die redaksionele proses

6.3.4.1 Respondente moes kortliks 'n beskrywing gee van hoe hulle tussen elkeen van die volgende prosesse onderskei:

72% van die respondente-uitgewers het hulle uitgelaat oor die verloop van die redaksionele proses: proefleeswerk, taalversorging, teksversorging en redigeerwerk. Samevattend word die respons soos volg weergegee:

6.3.4.1.1 Proefleeswerk

Hoewel al die respondente proeflees sien as 'n lees vir tik-, skryf- en/of spelfoute, konstruksiefoute, setfoute (lettertipes, lettergroottes, spasiëring), het die minderheid hier aangedui dat dit beskou word as 'n laaste kontrolelees, te wete die finale nagaan van die korrektheid van die kameragereed proewe of blouproewe van die drukkerij.

6.3.4.1.2 Taalversorging

Al die respondente beskou taalversorging as die *totale korrigerende van foutiewe taalgebruik*: taal- en spelfoute, sinsbou, formulering, styl, woordkeuses, interpunksie en ook vertaalfoute. Die teks word dus getoets aan die heersende norme van spel- en taalreëls.

Enkele respondente dui daarop dat teksversorging en redigeerwerk as één proses beskou word, en die aanvanklike verantwoordelikheid van die *uitgewer* in samewerking met die outeur is.


6.3.4.1.3 Tekstversorging

Respondente (dus uitgewers) sien tekstversorging as die *algemene, markgerigte versorging van 'n teks*, in ag geneem die genre, ten opsigte van struktuur, voorkoms, aanbieding, inkleding, styl, inhoud, bladuitleg, ontwerp, kunswerk; soms ook die voorbereiding van die manuskrip vir die tipograaf. Dit behels dus die *persklaarmaak van die publikasie van die eerste tot die laaste bladsy*. Nie een uitgewer het melding gemaak van die buiteblad nie.

6.3.4.1.4 Redigeerwerk


Al die respondente is dit eens dat redigeerwerk die verbetering van die inhoud van 'n oorspronklike manuskrip behels waar dit te kort sou skiet. Dit sou proeflees, taalversorging en tekstversorging kon insluit, maar ook die invoeg van opskrifte en subopskrifte, en paragrawe; hoofstukke kan omgeruil word; die teks kan selfs oorgeskryf word; kortom die verbetering van die teks sodat dit in alle opsigte 'n puik en unieke publikasie word, en 'n "projek" wat goed bestuur is.

6.3.4.1.5 Kan een persoon al bogenoemde prosesse in 'n redaksionele proses behartig?



Die beduidende negatiewe respons (45% nee- en geen-respons) kan daarop dui dat uitgewers tog begrip het vir die omvangryke en tydrowende aard van die teksversorgingstaak.

6.3.4.2 Word die teksversorging op rekenaar of per hand gedoen?




Motivering waarom teksversorging per hand gedoen word, is deur 36% van die respondente gegee. Enkele opmerkings in hierdie verband is:

- “Nie alle teksversorgers is rekenaarvaardig nie; almal het ook nie rekenars nie. Tekste word nie altyd op disket ontvang nie. Hierdie tekste word met substansiële redigering reeds afgehandel na die setter gestuur. Dit bespaar koste.” Die navorser (AK) is van mening dat dit die uitgewer se verantwoordelikheid is om geleenthede te skep vir die teksversorger om rekenaarvaardighede aan te leer, hetsy deur indiensopleiding of kursusbywoning.

- "Dit is minder stremmend op die oë – veral proewe. Blouproewe word nie op stiffies gestuur nie." Blouproewe is veronderstel om slegs 'n enkele kontrole/ees te ondergaan. Op die lang duur sou teksversorging op die rekenaar juis stremming op die oë verminder.
- "Dit voorkom spelery op die rekenaar!"

In ag geneem dat rekenartegnologie 'n deurslaggewende rol speel in die uitgewersbedryf, is dit in die eerste instansie nodig dat hierdie vooroordele soos hierbo aangehaal teenoor tegnologiese ontwikkeling in die arbeidsmark te bowe gekom word. In die tweede instansie is dit ook belangrik dat teksversorgers, ten einde in die arbeidsmark te kompeteer, toegerus moet word met relevante rekenaarvaardighede. Dit behoort ook 'n meer vaartbelynde redaksionele proses te verseker (vgl. 6.3.4.3 sowel as 6.5.1.15 en 6.5.1.16).

6.3.4.3 Sou dit nie die redaksionele proses verhaas indien die teksversorger self die werk op 'n rekenaar doen nie?



Dié hoë responssyfer (73%) sou tog daarop kon dui dat teksversorging op die rekenaar 'n lomp redaksionele proses sou kon verhaas. Vergelyk byvoorbeeld 6.5.1.15 en 5.5.1.16 waar skrywers hulle frustrasies aangedui het ten opsigte van die lomp redaksionele proses. Die beduidende hoë geen-respons-syfer (27%) kan daarop dui dat uitgewers onverskillig staan teenoor hierdie probleem, naamlik die lomp redaksionele proses.

6.3.4.4 Watter leemtes ervaar u as uitgewer in die redaksionele proses?

45% van die respondente het die vraag beantwoord. Frustrasies waarmee uitgewers te kampe het, is:

- "*Te min ervare hande* - te min tyd. Die veranderende markvereistes vereis dat die toerusting van die redaksielid daarmee moet tred hou."

- “*Een persoon* is verantwoordelik vir die hele teksversorgingsproses. Elke manuskrip behoort deur ten minste twee persone deurgewerk te word.”
- “Dit is ’n tydrowende proses en daar is *te min* personeel vir redaksionele take.”
- “Ek sou self graag op DTP wou werk.”

Die praktyk (soos aangedui deur die gekursiveerde frases) bewys dus die stelling wat deur Bowles *et al.* (1993:5) gemaak word dat daar nie baie ervare en tersaaklik gekwalifiseerde teksversorgers in die arbeidsmark is nie.

6.3.4.5 Is daar enige ander inligting ten opsigte van skrywers, manuskripte, die boekemark en die versorging van tekste, wat nie hierbo aangeraak is nie, en wat u as belangrik beskou?

Slegs 18% van die respondente het relevante en belangrike inligting verskaf. Volgens die respons is daar ’n gebrek aan werklike diepgaande en lewensveranderende kontekstuele inhoud. Bestaande “diepgaande” tekste is dikwels ontoeganklik geskryf vir die gewone leser. Daar bestaan ’n gebrek aan praktiese materiaal, maar ’n ooraanbod van die teoretiese. Skrywers rig hulle boonop tot ’n beperkte en/of eng mark. Hulle behoort tot die breër gelowige mark te spreek, die mark saam te bind en toe te rus vir die hedendaagse lewenswerklikhede.

6.3.5 Perspektief

Volgens die navorsingsresultate het Christelike uitgewersmaatskappye in die geskiedenis van die Christen-Afrikanerleser deur amper twee eeue heen in ’n markbehoefte vervul. Die meeste Christelike uitgewerye publiseer ’n wye verskeidenheid tekste wat van *gemiddelde tot bogemiddelde* standaard is (vgl. 6.3.2.2 en 6.4.10). Uitgewers meen hulle is *self* in ’n groot mate verantwoordelik vir die keuring van hierdie manuskripte. ’n Teksversorger is egter grootliks verantwoordelik vir die redaksionele versorging van die goedgekeurde manuskrip in sy *geheel*, taalkundig sowel as tipografies. Dit sluit die buiteblad ook in.

Navorsingsresultate lewer die volgende gegewens op ten opsigte van die vereistes wat ’n uitgewer aan die teksversorgingsberoep stel: uitgewers verwag teksversorgers wat vroulik en ongeveer veertig jaar oud is. Sy hoef nie oor teologiese kwalifikasies te beskik nie, en hoef nie vertaling te kan doen nie. Sy moet egter rekenaarvaardig wees en moet die hele redaksionele proses kan behartig, dit is *taalversorging*, *tipografiese versorging*, *redigering*,

proefleeswerk en aanbieding van die taalkundige aspekte van die *buiteblad*. Hoewel uitgewers die teksversorger as 'n professionele persoon beskou, is daar geen eenstemmigheid oor 'n gepaste posbenaming nie, en is daar min bevorderingsgeleenthede vir so persoon binne die maatskappystruktuur. Dit is insiggewend dat enkele uitgewersmaatskappye *wel* sonder die *dienste* van so 'n persoon sou kon klaarkom.

Leemtes wat deur die uitgewers geïdentifiseer is ten opsigte van die redaksionele proses, dui op 'n tydrowende (lomp) proses, te min *ervare* teksversorgers en veranderende markvereistes wat dus *spesifieke beroepsvaardighede* verg.


6.4 Die vraelys aan teksversorgers

Die doel met die vraelys aan teksversorgers was:

- om te bepaal wat van teksversorgers in Christelike uitgawerye verwag word, en
- wat die *verantwoordelikhede* van 'n teksversorger in 'n Christelike uitgawery behels.


Vraelys wat deur teksversorgers ingevul moes word, is saam met die uitgewersvraelys na die twaalf geïdentifiseerde uitgewersmaatskappye (vgl. 6.3) gestuur met die versoek dat die teksversorgersvraelys aan die betrokke verantwoordelike teksversorger(s) oorhandig sal word. Die vraelys het uit 26 vrae bestaan. Die responssyfer was dieselfde as dié van die uitgewers, naamlik 92%.

6.4.1 Wat is u posbenaming in die maatskappy?




Hoewel alle teksversorgers in 'n mindere of meerdere mate dieselfde taak verrig, is verskillende posbenaminge ter sprake. Indien dié respons vergelyk word met die uitgewersrespons op 'n soortgelyke vraag (vgl. 6.3.3.9), is die verskeidenheid posbenaminge vir die teksversorger opvallend. Dit dui onomwonde op die *verwarring wat bestaan rondom die professionele rol en status van die teksversorger, sowel as op die komplekse en onafgebakende aard van die teksversorgingstaak*

6.4.2 Weerspieël u posbenaming die tipe werk wat u doen?



Die hoë positiewe responssyfer dui weer eens op die vloeibare, arbitrêre aard van die teksversorgingstaak sowel as op 'n gebrek aan 'n geskikte/gepaste posbenaming wat die ware aard van die teksversorgingstaak weerspieël (vgl. ook 6.4.1 en 6.4.6).

6.4.3 Is u tevrede daarmee?




Uit die hoë ja-respons (88%) kan die afleiding gemaak word dat teksversorgers enersyds bloot tevrede is met hulle posbenaming, maar andersyds geen verband sien tussen, en geen waarde heg aan, 'n posbenaming en professionele status en erkenning nie.

By hierdie vraag kon respondente wat nie tevrede is met hulle posbenaming nie (12%), 'n alternatiewe benaming gee. Die volgende moontlikhede is genoem:


- redakteur-skrywer;
- redaksionele hoof, en
- boekeredakteur.

6.4.4 Hoe lank werk u in die maatskappy?



Die afleiding kan gemaak word dat 63% van die respondente minder as tien jaar by die maatskappy werksaam is, moontlik omdat daar nie voldoende bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy bestaan nie (vgl. 6.3.3.11).


6.4.5 Spesifiseer u kwalifikasies, asseblief.



Die gevolgtrekking is dat 56% van die respondente algemeen-geesteswetenskaplik gekwalifiseerd is (B.A./H.O.D.; B.A. Hons.; M.A. Tale), 25% teologies, en 'n baie klein persentasie (6%) taalpraktykgekwaliifiseerd (vgl. ook 6.3.3.3 en 6.3.3.4). 13% van die respondente beskik wel oor 'n nagraadse diploma in vertaling of uitgewerswese. A. du Plessis (1997:109-110) kom ook tot die gevolgtrekking dat teksversorgers geen *formele*


opleiding as taal-/teksversorger het nie. Hierdie navorser (AK) deel A. du Plessis (1997:110) se besorgdheid oor die *gehalte* van taalversorging wat gedoen word. Dit is gevolglik 'n prioriteit dat taalakademici sowel as betrokkenes in die taalversorgingspraktyk aandag skenk aan die daarstelling van 'n akkrediteringseksamen sowel as aan 'n instansie vir die bevordering van taal- en teksversorging. Dit sal ook die professionele status van die teksversorgingsberoep bevorder.

6.4.6 Wat behels u pligte in die maatskappy?




Uit die respons blyk dit dat teksversorgers in die Christelike uitgewersmaatskappy verantwoordelik is vir die totale spektrum van redaksionele versorging wat 'n teks verlang. Slegs 38% van die respondente doen net proefleeswerk. Die afleiding kan gemaak word dat meer as 70% van die respondente verantwoordelik is vir die totale spektrum van die redaksionele en teksversorgingsfunksies in die maatskappy.

6.4.7 Is u kwalifikasies voldoende?




Die meerderheid teksversorgers (81%) ervaar hulle kwalifikasies as voldoende, hoewel so 'n mening noodwendig subjektief is. In ag geneem dat die meeste teksversorgers nie taalpraktykgekwalfiseerd is nie, kan die afleiding gemaak word dat *ervaring* dikwels moet kompenseer vir *onvoldoende opleiding* (vgl. ook 6.4.8).

6.4.8 Dink u dat u genoeg ervaring vir u teksversorgingstaak het?




Dit blyk dat teksversorgers deur ervaring die teksversorgingstaak onder die knie kry. Dié waarneming word deur Judd (1982:219) bevestig: "Apprenticeship is the best way to break into religious printing." Teksversorgers behoort opleiding te ondergaan wat 'n teoretiese sowel as 'n praktiese komponent insluit.

6.4.9 Is u betrokke by die keuring van manuskripte?



Teksversorgers is oorwegend (75%) van mening dat hulle die keuringstaak van manuskripte behartig. Dit blyk egter dat die navorsingsresultate van uitgewers en teksversorgers mekaar weerspreek (vgl. 6.3.2.5) waar 50% van die uitgewers meen dat hulle self vir die keuringstaak verantwoordelik is en slegs 20% van die redakteur/teksversorgers betrokke is by dié taak.

6.4.10 Wat is die standaard van manuskripte wat u moet versorg?



'n Soortgelyke vraag is aan die uitgewers gevra (vgl. 6.3.2.2). Die navorsingsresponse word in bostaande grafiek vergelykend weergegee. Die afleiding kan gemaak word dat teksversorgers meen dat 59% van die manuskripte se standaard ondergemiddeld is. Uitgewers is egter van mening dat 62% van die manuskripte van bogemiddelde standaard is. Uitgewers en teksversorgers meet duidelik nie volgens dieselfde maatstawwe nie, moontlik weens verskillende doelwitte. Die winsmotief kan ook vir uitgewers 'n bepalende faktor wees (vgl. 2.3, par. 1).

6.4.11 Sou u graag opknappingskursusse in taalpraktyk wou bywoon?


81% van die respondente het wel 'n behoefte aan opknappingskursusse, 19% nie. 'n Mening in die negatiewe respons lui dat indiensopleiding verkiesliker is bo opknappingskursusse. Indien die teksversorger egter as 'n professionele persoon in die arbeidsmark funksioneer en wil kompeteer, is dit belangrik om op hoogte te bly van heersende taalteorieë en taalontwikkeling.

6.4.12 Doen u teksversorging op 'n rekenaar?

Vergelyk 6.4.13.

6.4.13 Indien nie, sou u graag wou?

Vraag 6.4.12 en 6.4.13 is saam in die onderstaande grafiek geëvalueer. Die tweede staafgrafiek is dus 'n afbreking van die nee-respons (38%) in die eerste staafgrafiek.




Van die 38% van die respondente wat nie op 'n rekenaar teksversorging doen nie, sou 50% wou en 50% nie. Dit is insiggewend dat 91% van die uitgewers van teksversorgers verwag om rekenaarvaardig te wees (vgl. 6.3.3.13), 53% meen dat teksversorging per rekenaar gedoen word (vgl. 6.3.4.2) en 73% meen dit sou die redaksionele proses verhaas indien

teksversorging wel per rekenaar gedoen word. Die proses is dus steeds lomp en onproduktief.

6.4.14 Waarmee ondervind u die meeste taalkundige probleme wanneer u 'n teks versorg? Dui asseblief telkens aan.


Respondente moes by hierdie vraag telkens die taalverskynsels identifiseer wat in manuskripte manifesteer ten opsigte van interne sowel as die eksterne struktuur van Afrikaans: spelling, interpunksie, taalsuiwerheid en styl (eksterne norme); sintaksis, morfologie en semantiek (interne norme). Respondente moes aandui of hulle baie, matig of min probleme met die betrokke verskynsels ondervind. Aan die respons "baie" is 'n gewig van drie (3) toegeken, aan die respons "matig" is 'n gewig van twee (2) toegeken en aan die respons "min" is 'n gewig van een (1) toegeken. *Die respons in 6.4.14.1 - 6.4.14.4 moet telkens met behulp van die randskrif ("legend") geïnterpreteer word.* 'n Samevattende gevolgtrekking word na 6.4.14.4 gegee. Afgerond tot die tweede desimaal lyk die respons soos volg:

6.4.14.1 Spelling en interpunksie




Uit die bostaande grafiek is dit duidelik dat teksversorgers ten opsigte van spelling en interpunksie die meeste probleme ondervind met los-en-vas-skryf van woorde ('n gewig van 2.83 uit 'n moontlike 3), skeiding van woorddele (2.75 uit 'n moontlike 3), korrekte gebruik van leestekens (2.73 uit 'n moontlike 3), skryftekens (2.67 uit 'n moontlike 3) en hooflettergebruik (2.58 uit 'n moontlike 3). Ten opsigte van die skryf van samestellings, meervoudsvorme, attributiewe vorme, afkortings en voegsels by samestellings ondervind teksversorgers matige probleme.

6.4.14.2 Styl en taalsuiwerheid



Uit 'n moontlik gewig van drie (3) blyk dit dat teksversorgers ten opsigte van styl en taalsuiwerheid die meeste probleme ondervind met vae en lomp taal (2.62), woordherhaling in opeenvolgende sinne, en hoogdrawendheid (albei 2.54) en ook geykte taal (2.46). Matige probleme word ondervind met anglismes, gewoontewoorde, clichés, oormatige gebruik van adjektiewe en die ongemotiveerde gebruik van "dus" en sy sinonieme.


6.4.14.3 Sintaksis en morfologie



(Die randskrif by hierdie grafiek moet van links na regs gelees word, AK.)

Ten opsigte van sintaksis en morfologie blyk dit dat teksversorgers matige probleme ondervind met die volgende taalverskynsels (uit 'n moontlike gewig van 3): betreklike voornaamwoorde (2.38), die vorm met "self" (2.31), onnodige gebruik van voegwoorde (2.23), die refleksief (2.23), en meervoudsvorming (2.23). Matige probleme word met die res van die gestelde taalverskynsels ondervind.

6.4.14.4 Semantiek



Die grootste probleme wat teksversorgers ten opsigte van semantiek ondervind, blyk verkeerde woordsoortelike gebruik en geykte beeldspraak (albei 2.46 uit 'n moontlike 3) te wees. Matige probleme word met die res van die gestelde taalverskynsels ondervind.

Indien 'n arbitrêre gewig van 2,5 gebruik word as afsnypunt vir die aanduiding van 'n hoë voorkomssyfer van betrokke foutiewe taalverskynsels, word die volgende afleidings gemaak:

- Dit blyk dat teksversorgers besondere talige probleme ondervind ten opsigte van spelling en interpunksie en veral los-en-vas-skryfwyse, skeiding van woorddele, korrekte gebruik van leestekens, skryftekens en hooflettergebruik.
- Ten opsigte van styl en taalsuiwerheid is vae en lomp taal, hoogdrawendheid, omslagtigheid en woordherhaling die grootste doring in die vlees in manuskripte wat versorg moet word.
- Ten opsigte van semantiek is verkeerde woordsoortelike gebruik en geykte beeldspraak in 'n mindere mate vir teksversorgers problematies.
- Ten opsigte van sintaksis en morfologie het teksversorgers nie besondere probleme nie.

6.4.15 Wat verstaan u onder die volgende begrippe?

Respondente moes by hierdie vraag onderskei tussen *proefleeswerk*, *taalversorging*, *teksversorging* en *redigeerwerk*. Uit die response kan die volgende opsomming gemaak word:

6.4.15.1 Proefleeswerk

- Die regstel van alle foute voor finale druk.
- 'n Oppervlakkige lees vir spel-, tik- en setfoute.
- Die finale versorging van reeds geredigeerde tekste.

6.4.15.2 Taalversorging

- Die nagaan van 'n teks op grond van talige aspekte.
- Styl- en woordkeuses sodat die teks maklik lees en lomphe uitgeskakel word.
- Benewens grammatika, ook tik- en spelfoute, helderheid en eenvoud van segging.


6.4.15.3 Teksvorsorging

- Inklusiewe versorging van teks in die geheel: uitleg, lettertipes, groottes, formaat.
- Bepaling van standaard van die inhoud, en ook die samestelling van die publikasie op grond van voorkoms en inkleding.
- Die interpretasie en oorskryf van wat 'n skrywer bedoel het, maar nie in woorde gesê het nie.
- Kombinasie tussen proefleeswerk en taalversorging.

6.4.15.4 Redigeerwerk


- Die totale versorging en persklaarmaak van die teks tot in die vorm waarin dit gepubliseer word, ook inhoudelik, veral na aanleiding van die teikengroep se behoeftes.
- Versamelnaam vir proefleeswerk, taal- en teksvorsorging.
- Strukturele versorging van die teks met inagneming van die mark se behoeftes.

6.4.16 Watter van bogenoemde doen u die meeste?



Uit die respons op die vorige vraag (6.4.15) waar teksversorgers moes aandui wat hulle onder die begrippe *redigeerwerk*, *proefleeswerk*, *teksversorging* en *taalversorging* verstaan, is dit duidelik dat redigeerwerk al drie die ander take insluit. Die grootste persentasie teksversorgers behartig dus die totale redaksionele proses.


6.4.17 Kry u genoeg professionele erkenning vir die werk wat u doen?



Indien die geen-respons (6%) saam met die nee-respons (38%) geneem word, dui 44% van die respondente aan dat hulle nie genoeg professionele erkenning kry vir die werk wat hulle doen nie. Die tweede staafigrafiek is 'n afbreking van die nee-respons in 6.4.17. Respondente kon hulle negatiewe sowel as positiewe respons motiveer:


- “'n Teksvorsorger is nie geregtig op erkenning by 'n Christelike uitgewer nie. Hy lewer 'n diens nie vir die eer van mense nie ... Erkenning is dus nie nodig nie, selfs al moet 'n teksversorger die teks feitlik oorskryf. As 'n teksversorger erkenning by 'n Christelike uitgewer soek, is hy op die verkeerde plek.”
- “Daar bestaan reeds 'n professionele band tussen die skrywer en die teksredakteur.”
- “Die taak omvat *bestuursverantwoordelikhede*; daarom behoort 'n teksversorger professionele erkenning te kry.”
- “'n Teksvorsorger bly anoniem, sy posbenaming en status weerspieël nie sy insette nie. Hy behoort 'n vorm van erkenning te kry, veral indien hy professionele kwalifikasies het.”
- “'n Teksvorsorger spandeer meer tyd aan die oorskryf van manuskripte as wat sommige skrywers aan die oorspronklike skryf daarvan bestee het – daarom behoort hy wel erkenning te kry.”

6.4.18 In watter ouderdomsgroep val u?




Die ouderdom is redelik eweredig versprei. Slegs 25% van die respondente is jonger as 25 jaar en ouer as 55 jaar. Die geweegde gemiddelde ouderdom van die teksversorger is 42 jaar. Volgens die uitgewersrespons (vgl. 6.3.2.2), is die geweegde gemiddelde ouderdom wat uitgewers verkies, 38 jaar.

6.4.19 Wat is u geslag?



Die respons stem ooreen met die uitgewersvoorkeur ten opsigte van geslag van teksversorgers, te wete vroulik (vgl. 6.3.2.10; vgl. ook 6.3.3.10). A. du Plessis (1979:108) se navorsingsbevinding ondersteun die waarneming dat teksversorgers oorwegend vroulik is (67%).

6.4.20 Lewer u insette ten opsigte van die geskiktheid van die publikasie?




Die oorwegende positiewe respons (81%) dui op die teksversorger se betrokkenheid by meer as net *teksversorging* (vgl. ook 6.3.2.5 en 6.4.9). Dit lewer ook bewys van die insette wat die teksversorger lewer, speel in die generering van oorspronklike manuskripte (vgl. 6.4.21 en 6.4.22) sowel as die aandeel wat hy kan hê in die totstandkoming (proses) van die oorspronklike produk. Indien 'n teksversorger ook teologies gekwalifiseerd is (vgl. egter 6.3.3.5), kan so 'n kwalifikasie ook bydra tot die mate van geslaagdheid van dié insette.

6.4.21 Is u betrokke in die generering en totstandkoming van manuskripte?

6.4.22 Indien nie, sou u dit graag wou doen?

Die twee vrae word saam in die onderstaande grafiek geëvalueer. Die tweede staafgrafiek is 'n afbreking van die 31%-nee-respons in 6.4.21.



Alhoewel die meerderheid (63%) wel betrokke is by die generering en totstandkoming van manuskripte, sou slegs 33% van die 31%-nee-respons by die taak betrokke wou wees. Dit dui dus daarop dat daar 'n redelike persentasie teksversorgers is (50% van 31%) wat *nie* betrokke wil wees in die taak nie.

6.4.23 Hoe verloop u redaksionele versorgingsproses?

Respondente moes 'n opsomming gee van die redaksionele versorgingsproses in die maatskappy. Die respons was 81%. Opsommend lyk die response soos volg:

Daar is in die meeste gevalle altyd 'n besprekings- en beplanningsfase van manuskripte waartydens 'n konsep volgens behoeftes en markgerigtheid deur die redaksionele span bespreek word. Die teikengroep en doelwitte van 'n manuskrip word vasgestel. 'n Skrywer word genader en ook in sommige gevalle in die skrywersfase begelei. Soms is hierdie

manuskripte ook aan 'n verdere keuringsproses onderhewig. Wanneer die teksversorger só 'n (suksesvolle) manuskrip ontvang, neem die werklike versorgingsproses 'n aanvang.

Manuskripte wat op die inisiatief van 'n (voornemende) skrywer op die uitgewer se lessenaar beland, ondergaan eers 'n keuringsproses, waarna suksesvolle manuskripte die versorgingsproses deurloop. Die werklike teksversorgingsproses behels altyd redigering, in 'n mindere en meerdere mate ten opsigte van taal, styl, register, teologie (sommige teksversorgers is wel teoloë; 24%, vgl. 6.4.5, AK), vorm en inhoud, herstrukturering en verkorting, sowel as tipografiese versorging, formattering en bladuitleg, totdat die teksversorger tevrede is met die manuskrip. Die versorgingsproses word óf deur die teksversorger self op rekenaar gedoen, óf geskied in samewerking met 'n tipograaf. Die teksversorger hou ook die skrywer op hoogte van sake ten opsigte van redigering wat gedoen word. Dit blyk dat daar wel 'n slegs-proeflees-fase is, wat ook ("tot vervelens toe") herhaal kan word.


Die teksversorger verskaf 'n titel, subtitel en agterbladteks aan die kunstenaar wat die kunswerk vir die boekomslag/buiteblad doen. Die proses kan ook deur 'n vryskutkunstenaar gedoen word. In hierdie fase skryf die teksversorger ook die promosiemateriaal vir die betrokke teks.

Die teksversorger bestuur die produksieproses deur die fases van korrigering en drukwerk, en jaag die proses aan om by keerdatum te hou.

In die afrondingsfase word die manuskrip in sy geheel – buiteblad, voorwerke en teksinhoud – gekontroleer en daarna na 'n drukkerij gestuur in die vorm van 'n kameragereedkopie.

Die drukkerij verskaf blouproewe wat die teksversorger kontroleer voordat finale goedkeuring vir die drukproses verleen word.

6.4.24 Is daar vir u bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy?



Die vergelykende response ondersteun mekaar: die oorwegende negatiewe (nee- en geen-respons 67% vs. 65%) dui daarop dat daar nie werklik bevorderingsmoontlikhede vir teksversorgers bestaan in die Christelike uitgewersmaatskappye nie.

6.4.24.1 Kan u na aanleiding van die vrae wat u hierbo beantwoord het, 'n profiel gee van 'n teksversorger?

Die respons word breedvoerig vergelykend en evaluerend in 6.5.3.6 weergegee.

6.4.25 Perspektief

Uit die verwerking van hierdie vraelyste het dit duidelik geword dat die teksversorger in die Christelike uitgewersmaatskappy wel verantwoordelik is vir die totale spektrum van redaksionele take (ook die keuringsproses). Die teksversorger is tipies middeljarig, vroulik, algemeen geesteswetenskaplik gekwalifiseer, het baie ervaring (vgl. ook A. du Plessis, 1997:119 se navorsingsresultate), doen wel soms teksversorging op 'n rekenaar en is ook soms betrokke in die generering van oorspronklike manuskripte.

Daar is vir haar min bevorderingsgeleenthede binne die maatskappy en daar is geen eenstemmigheid oor 'n gepaste posbenaming nie, alhoewel sy wel in 'n mindere mate professionele erkenning kry vir die werk wat sy doen.

Wat die teksversorgingstaak betref, doen sy meesal *redigeerwerk* (dit sluit in tipografiese versorging, taalversorging, en proefleeswerk) skryf ook kopie, en ondervind veral besondere talige probleme ten opsigte van spelling en interpunksie, veral los-en-vas-skryfwyse, skeiding van woorddele en die korrekte gebruik van leestekens, skryftekens en hooflettergebruik. Ander problematiese taalverskynsels in manuskripte het veral te doen met styl en taalsuiwerheid: vae en lomp taal, hoogdrawendheid, omslagtigheid en woordherhaling.

Omdat die aard van die teksversorgingstaak impliseer dat die teksversorger medeverantwoordelik is vir die finale produk, behoort die teksversorger professionele erkenning te kry vir die taak wat hy verrig.

6.5 Die vraelys aan skrywers

Die navorsingspopulasie is bepaal op 'n ewekansige steekproefneming. 'n Vraelys is aan 39 skrywers van Christelike boeke gestuur. Daar is op die spesifieke skrywers besluit op grond van hulle bekendheid in die mark sowel as uit hoofde van die professionele verhouding wat daar uit die aard van die teksversorgingspraktik tussen die navorser (AK) en die skrywers bestaan. 'n Skrywersadreslys is deur die jare in die uitgewersbedryf deur die outeur saamgestel. 55% van die skrywers het gereageer.

Die doel met die vraelys aan skrywers was:


- om te bepaal met watter frustrasies skrywers te kampe het in die produksieproses van die aanvaarde manuskripte;
- om vas te stel wat skrywers van geestelike/Christelike boeke van teksversorgers verwag;
- om algemene skrywersagtergrond in te win, en
- om te bepaal hoe skrywers die uitgewers en teksversorgers in die Christelike boekemark sien.

Die vraelys het uit drie afdelings bestaan:

- Skrywersagtergrond.
- Teksversorging.
- Die teksversorger.

6.5.1 Skrywersagtergrond

6.5.1.1 Wat is of was u beroep anders as skrywer?



Volgens die navorsingsresultate beklee skrywers 'n wye verskeidenheid en uiteenlopende beroepe, maar die grootste hoeveelheid (50%) is predikante gevolg deur dosente in teologie (22%). 72% van die skrywers beskik oor 'n goeie onderlegdheid in teologie. Die navorser (AK) sou dus verwag dat die inhoudelike kwaliteit van Christelike tekste hierdie onderlegdheid moet weerspieël. Dit blyk tog uit 2.3 en 2.4 nie altyd die geval te wees nie. Die res van die skrywers (28%) dek 'n redelike wye verskeidenheid velde binne die geesteswetenskappe en behoort 'n dinamiese verskeidenheid perspektiewe/dimensies aan die geestelike boek te verleen.

6.5.1.2 Wat is u kwalifikasies?


Die response val uiteen in die volgende graad-kategorieë en kwalifikasies:

B.A.	12,5%	
B.A.Hons.	7,5%	
M.A.	12,5%	
B.D.	2,5%	
D.D.	5,0%	
Dipl. Teol.	5,0%	
B.Theol.	7,5%	
M.Theol.	10,0%	
D.Theol.	2,5%	
Lis.Teol.	10%	Lisensiaat Teologie

D.Phil.	5,0%	
Theol.D.	2,5%	
Hoër Diploma	2,5%	Biblioteekkunde
B.Mil.	2,5%	
H.O.D.	5,0%	
D.Litt.	2,5%	
Ander	5,0%	


Die gevolgtrekking word gemaak dat skrywerskwalifikasies bykans eweredig versprei is tussen teologiese en algemeen wetenskaplike studierigtings (44% teenoor 56%).

6.5.1.3 In watter ouderdomsgroep val u?




'n Beduidende hoeveelheid (55%) van die respondente is ouer as 50 jaar. Die afleiding kan moontlik daarop dui dat, hoewel die skrywer jare lange skrywerservaring het, hy nie noodwendig oor die nodige taalbeheersingsvaardighede beskik nie. Dit bevestig die noodsaaklikheid van die professionele teksversorger as taalbeheerser in die skrywers- en uitgewerspraktyk.

6.5.1.4 Hoeveel boeke het u al gepubliseer?



Die meeste skrywers (32%) het tussen een en vyf boeke gepubliseer, gevolg deur 28% wat ses tot tien boeke gepubliseer het. Hierdie syfers weerspieël 'n gematigde publikasiesyfer (vgl. 6.5.1.5 se opmerking). 28% van die skrywers het egter ook aangedui dat hulle al meer as twintig boeke gepubliseer het. Omdat veranderlikes soos die ouderdom waarop die skrywer begin publiseer het nie gemeet is nie, is dit moeilik om definitief herleibare afleidings te maak. Dit wil egter voorkom of sekere skrywers in die Christelike boekemark 'n suksesresep ontwikkel het om in 'n bepaalde markbehoefte te voorsien.

6.5.1.5 Hoeveel boeke publiseer u per jaar?



56% van die skrywers publiseer een of minder as een boek per jaar, wat 'n ideale syfer is. 'n Beduidende persentasie (44%) publiseer meer as twee boeke per jaar.

Om meer as twee boeke per jaar te publiseer wat inhoudelik oorspronklik, kreatief en van hoogstaande gehalte is, en nuwe perspektiewe bied, verg toegewyde en gedissiplineerde navorsing en skryfwerk, veral indien skrywers sperdatums van uitgewerye moet nakom.

6.5.1.6 Doen u u "skryfwerk" self op 'n rekenaar?


Vergelyk 6.5.1.8.

6.5.1.7 Indien nie, wie tik dit vir u?

Vergelyk 6.5.1.8.


6.5.1.8 Kon u tik voordat u op 'n rekenaar begin werk het?

Die bostaande drie vrae is vergelykend geëvalueer om 'n sinvolle afleiding te maak. Vraag 6.5.1.7 is as irrelevant beskou omdat 100% van die respondente aangedui het dat hulle hulle eie tikwerk op die rekenaar doen.




Die navorser (AK) sou verwag dat daar minder tik- en spelfoute in manuskripte sou voorkom as wat wel die geval is, veral ook omdat 67% van die respondente volgens 6.5.1.9 bogemiddeld vertrou is met hul rekenaarprogram. 53% van die respondente het aangedui dat hulle manuskrip(te) wel 'n taalversorgingsproses ondergaan voordat dit na 'n uitgewer vir oorweging vir publikasie gestuur word (vgl. 6.5.1.10).

6.5.1.9 Hoe vertrouwd is u met die rekenaarprogram waarmee u werk?




Die afleiding word gemaak dat 67% van die skrywers meen dat hulle bogemiddeld goed vertrouwd is met hul rekenaarprogram. Gegewe die feit dat DTP-tegnologie so 'n deurslaggewende rol speel in die moderne uitgewersopset kan *rekenaarvaardige skrywers en teksversorgers* 'n bydrae lewer tot 'n meer vaartbelynde redaksionele proses en 'n markgerigte, mededingende produk.

6.5.1.10 Wie behartig u taalversorging voordat u u manuskrip vir keuring na 'n uitgewery stuur?



Die meeste manuskripte (79%) ondergaan taalversorging in 'n meerdere of mindere mate *voordat* dit aan 'n uitgewery voorgelê word vir keuring. Ten spyte hiervan meen 59% teksversorgers dat die standaard van manuskripte ondergemiddeld is (vgl. 6.4.10).

6.5.1.11 Waarmee ondervind u die meeste probleme wanneer u aan 'n manuskrip werk ten opsigte van die talige, skriftelike kommunikasieproses?




Die ooreenstemmende vraag ten opsigte van die talige, skriftelike kommunikasieproses (teksversorgingsproses, vergelyk 14.1-14.5 in die teksversorgingsvraelys) is vereenvoudig as gevolg van moontlike onbekendheid met die terminologie. Slegs die hoofkategorieë en moontlike probleemgevalle is aangedui.

In al vyf die teksversorgingskategorieë (vgl. 6.3.14.1 - 6.3.14.5: spelling en interpunksie, taalsuiwerheid, styl, sintaksis en morfologie en semantiek) blyk dit uit die teksversorgers se response dat bogemiddelde probleme met al hierdie aspekte ondervind word. Uit die statistiese verwerking van die navorsing blyk dit egter dat eersgenoemde drie talige aspekte meer teksversorgingsprobleme oplewer as laasgenoemde twee.


Indien hierdie respons op vraag 14.1 -14.5 vergelyk word met die respons op vraag 11.1 - 11.9 hierbo, blyk dit dat skrywers moontlik 'n wanopvatting ten opsigte van hulle taalkundige vermoëns mag hê, want teksversorgers ondervind bogemiddelde probleme in dié verband. Skrywers meen egter dat hulle min tot gemiddelde probleme in dié verband ondervind.

6.5.1.12 Hoe vertrouwd is u met die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*?



Die afleiding kan gemaak word dat amper 90% van die respondente eerlik van oortuiging is dat hulle in 'n mindere mate vertrouwd is met die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* en dus op 'n teksversorger staatmaak wat maar altyd gaan naslaan.

6.5.1.13 Dink u daar verskyn te veel Christelike publikasies per jaar?



Response is redelik eweredig versprei wat daarop dui dat 'n ambivalente meningstendens ten opsigte van die bloeiende populêre Christelike *boekemark* in die *skrywersmark* ter sprake is.

6.5.1.14 Respondente kon die vraag motiveer.

Die motiverings van respondente wat wel dink daar verskyn *te veel* publikasies, is vervat in hoofstuk 2.1 ter motivering van die besorgdheid oor die inhoudelike standaard en

teologiese gehalte van die Christelike boek uit teksversorgings- en skrywersgeledere. Dit vorm ook die probleemstelling in hoofstuk 2.


Respondente wat meen dat 'n kopersmark geregverdig is, het dit soos volg gemotiveer:

- “Ek glo dat uitgewers die mark behoort te ken en dus in die behoeftes van hul lesers voorsien.”
- “Solank die mark bestaan ...”
- “Die evangelie kan nie genoeg verkondig word nie.”
- “Die pen is magtiger as die swaard, veral in ons nuwe, nuwe Suid-Afrika.”
- “Daar bestaan skynbaar groot behoefte.”
- “Ek meen die behoefte bestaan. Die standaard/gehalte moet egter gemonitor word.”
- “Daar is 'n groeiende behoefte aan Christelike publikasies soos dagboeke en romans/novelles.”
- “Ek dink nie jy kan dit kunsmatig beperk nie. Onverantwoordelike uitgewers sal mettertyd hulself onderploeg.”

Ten spyte daarvan dat hierdie skrywers meen dat 'n kopersmark geregverdig is, kan die *kursiefgedrukte response* egter daarop dui dat respondente die sogenaamde markbehoefte *voorwaardelik onderskryf*.

6.5.1.15 Nadat u manuskrip vir publikasie goedgekeur is deur 'n betrokke uitgewer, wat is u grootste frustrasie of probleem totdat die boek op die rak staan?


Respondente moes die stellings by hierdie vraag rangskik in volgorde van belangrikheid waar 1 (een) die belangrikste en 4 (vier) die onbelangrikste was.



Volgens die navorsingsresultate is respondente se grootste frustrasie met die redaksionele proses die tydsverloop tussen goedkeuring van die manuskrip en die verskyning van die teks. Dit kan op 'n lomp redaksionele proses dui. Skrywers het *min* probleme met teksversorging en/of die teksversorger se vermoëns. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die *tydsduur* van die proses en nie die *aard* daarvan nie, problematies is.

6.5.1.16 Wat is die oorsaak van hierdie frustrasies?

Respondente moes die stellings by hierdie vraag rangskik in volgorde van belangrikheid waar 1 (een) die belangrikste en 4 (vier) die onbelangrikste was.




Weereens blyk dit dat skrywers nie probleme het met teksversorgers se bekwaamheid en/of vermoëns nie, maar eerder met 'n té vol produksieprogram en 'n proses wat onproduktief is. Skrywers meen dat dié lomp proses ewe veel frustrasie veroorsaak as 'n té hoë werkslading op teksversorgers. Skrywers beleef nie teksversorgers as te krities en perfek nie.

Skrywers is dus van mening dat uitgewerye te veel manuskripte op 'n produksieprogram het en dat dit 'n hoë werkslading op die teksversorger plaas wat tesame met 'n lomp redaksionele proses bydra om die hele produksieproses te vertraag.

6.5.1.17 Skrywers moes by hierdie vraag aandui in watter mate hulle insae wil hê in die redaksionele versorgingsproses.


Ten opsigte van die versorgingsproses van 'n manuskrip lyk die behoefte van skrywers persentasiegewys soos volg:



Die oorweldigende positiewe respons dui onomwonde daarop dat skrywers betrokke wil wees by alle aspekte van die redaksionele versorgingsproses: die keuse van 'n titel en 'n subtitel (albei 100%), die aanbieding van die voorblad (94%), die taalversorgingsproses (82%), die tipografiese versorgingsproses (75%) en die aanbieding van die agterblad (71%). Die *visuele aanbieding* van die artefak (titel, subtitel en voorblad) is duidelik vir skrywers van besondere belang.


6.5.1.18 Om watter rede skryf u?

Respondente moes hulle keuses rangskik in volgorde van belangrikheid, 1 - 4, waar 1 (een) die belangrikste is, en 4 (vier) die onbelangrikste.



Uit die response blyk dit dat persoonlike en spirituele eerder as prakties-materiële oorwegings as motivering dien vir die skryfproses.


6.5.1.19 Gee u by verskillende uitgewers boeke uit?



Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid skrywers (94%) by verskillende uitgewerye publiseer. Die motivering van die response word in 6.5.1.20 en 6.5.1.21 weergegee en bespreek.

6.5.1.20 Motivering van positiewe respons

Respondente kon hulle bevestigende respons by 6.5.1.19 motiveer deur 'n keuse in dalende volgorde van belangrikheid te doen tussen vyf stellings. Die respons lyk soos volg in dalende volgorde van belangrikheid:



Skrywers meen dat publikasie by verskeie uitgewerye die verspreiding van die evangelie bevorder. Twee ander belangrike redes is omdat skrywers meen dat hulle beroep wye blootstelling vereis en ook omdat daar 'n groot aanvraag vir hulle manuskripte is.

Respondente wat "ander" gekies het, motiveer dit soos volg:

- "Sodat 'n uitgewer nie onder die indruk verkeer dat hy alleenreg op 'n skrywer het nie. Immers, kompetisie is 'n gesonde markbeginsel."
- "Ek hou van vryheid en skryf nie net Christelike dagboeke (ens.) nie."
- "Dit is 'n sameloop van omstandighede, hoewel ek sou verkies om by een uitgewer te werk."
- "Eksperimentering."
- "Ek gee ook self boeke uit, wat 'n baie voordeliger finansiële opsie en 'n vinnige, direkte verspreidingsmoontlikheid is."

6.5.1.21 Motivering van negatiewe respons


Slegs 6% van die respondente (een skrywer) gee nie by verskillende uitgewers uit nie, en motiveer dit soos volg:

- "Alhoewel 'n ander uitgewery my eerste boek uitgegee het, verkies ek in hierdie stadium om by een uitgewer ... te bly. Daar ontwikkel op die manier 'n *professionele vertrouensverhouding*, 'n *wedersydse begrip en opwindende spanwerk*, veral tussen die skrywer en teksversorger" (my kursivering, AK).

6.5.2 Teksvorsorging

6.5.2.1 Wat behels *teks*versorging van 'n manuskrip?

Uit die gestelde keuses lyk die persentasieverspreiding van die response soos volg:



Dit is duidelik dat die skrywers begrip het vir die komplekse taak van teksversorging, omdat die meeste van hulle (65%) meen dat die *teksversorgingstaak taalversorging* sowel as *proefleeswerk, tipografiese versorging* en *redigering* ook insluit.

6.5.2.2 Respondente moes by hierdie vraag onderskei tussen taalversorging, proeflees, tipografiese versorging en redigering.

Opsommend lyk die respons soos volg:

6.5.2.2.1 Taalversorging

- Korrigering van foutiewe taalgebruik, spelling, lees- en skryftekens, sinskonstruksie om die skrywer te vrywaar van verleentheid.

6.5.2.2.2 Proeflees

- Opspoor van taalprobleme, tikfoute en ander inkonsekwenthede soos setfoute wat deurgeglip het.
- Uitskakel van foutiewe gegewens, weerspreking in teks, anachronismes.
- Korrekte aanhaling van Bybeltekste.
- Gewoonlik die finale stadium van redigering, vergrootglaskontrolering ten opsigte van korrektheid, noukeurigheid en volledigheid.

6.5.2.2.3 Tipografiese versorging

- Aanbieding van die produk ten opsigte van leesbaarheid en gebruikersvriendelikheid.


- Die toepaslike uitleg van die inhoud ten opsigte van lettertipes, -groottes, bladvoorkoms, fotomateriaal, formaat.
- Ook versorging en aanbieding van die buiteblad.

6.5.2.2.4 Redigering

- Taalversorging, proeflees, tipografiese versorging met 'n sensitiwiteit vir die skrywer se styl; die korrekte gebruik van Bybeltekste.
- Finale afronding/skaafwerk ten opsigte van paragraafindeling, hoofstukindeling en styl, moontlik ook ten opsigte van teologiese suiwerheid.
- Oorhoofse korreksies ten einde 'n betekenisvolle tekseenheid te verseker.
- Totale persklaarmaak; insluitende moontlike verkorting of byvoeginge by manuskrip, dus ook die strukturering en argumentasie.
- Sluit nou aan by teksversorging. Die persoon wat verantwoordelik is vir die eindproduk van 'n koerant of tydskrif is die redakteur. So beskou, span redigering/redigeerder wyer as teksversorging/teksversorger.

Soortgelyke vrae is in 6.3.4.1 en 6.4.15 aan uitgewers en teksversorgers gevra. Dit blyk dat alle respondente grootliks ooreenstem oor die teksversorgingstaak in sy geheel.

6.5.2.3 Verkies u dat u manuskrip teksversorging ondergaan voordat dit gepubliseer word?



94% van die respondente verkies wel dat hulle manuskripte teksversorging ondergaan voordat dit gepubliseer word. Skrywers het dus nie illusies oor hulle vermoëns nie en erken dat die teksversorger se insette die gehalte en aanbieding van die uiteindelijke produk kan verbeter.

6.5.2.4 Motivering van 6.5.2.3.

Respondente kon hulle respons motiveer. Die enkele ontkennende respons (6%) word soos volg gemotiveer:

- “Persoonlik verkies ek dat nie onnodig met die teks gepeuter word nie – na alles versorg ek dit self so goed as moontlik voor ek dit stuur.”


Motivering vir bevestigende response lyk soos volg:

- “Ek sou saam met die persoon die beste en eerlikste produk in die mark wou sien.”
- “[Die] boek moet aan hoë standarde voldoen.”
- “Onder teksversorging verstaan ek: kritiese beoordeling van die totaal [geheel].”
- “Want ek sien nie my eie foute raak nie.”
- “Die teksversorger behoort ’n kenner te wees op die gebied van aanbieding van die eindresultaat.”
- “Die eindproduk is ’n spanpoging tussen uitgewer en skrywer en teksversorger.”
- “Die uitgewer (sic) [teksversorger] is die vakkundige in die proses van gereedmaking vir bemaking.”
- “Dit is ... net so belangrik soos die inhoud.”
- “Twee koppe is beter as een. *Die teks mag egter nooit sonder my instemming gewysig word nie.*”
- “Ek kan foute maak, [ek is] altyd onder druk!”
- “[Teksversorging] (maak dit) beter.”
- “Voorstelle kan dien om die teks en aanbieding van die teks (verbruikersvriendelik) te verbeter.”
- “Goeie kontrole kan net tot beter kwaliteit lei.”
- “Dit verseker die gehalte van die publikasie, veral ten opsigte van inhoud en styl.”

Die kursiefgedrukte motivering dui daarop dat dit belangrik is dat die teksversorger die nodige begrip en empatie teenoor die skrywer en sy manuskrip toon. Daarom moet die

skrywer altyd geken word in die teksversorgingsproses. So bou 'n teksversorger vertrouensverhoudinge in die breëre opset van die uitgewerspraktyk (vgl. 5.7.1).

6.5.2.5 Dink u 'n teksversorger kan behulpsaam wees in die skryfproses van u manuskripte?



Die respons is redelik eweredig versprei. 44% van die respondente meen dat die teksversorger nie insette hoef te lewer in die skryf*proses* nie, terwyl 56% meen dat hulle wel kan. Dit is tog opvallend dat die ja-respons wel groter is as die nee-respons. Dit dui op 'n toenemende bewustheid van die klem wat in die taalbeheersingsteorie op die skryf*proses* sowel as op die skryf*produk* gelê word.

6.5.2.6 Motivering van 6.5.2.5.

Respondente het hulle keuses ten gunste van teksversorgersbetrokkenheid in die skryf*proses* soos volg gemotiveer:

- "Ja, ten opsigte van aanbeveling vir 'n beter afgeronde produk."
- "Om te help fokus op die tydgebondenheid en eietydse taal en styl."
- "Wenke [sal waardeer word]."
- "Baie rompslomp kan sodoende voor- en vroegtydig uitgeskakel word."
- "Hy kan baie help met byvoorbeeld onduidelike formuleringe."
- "Hulle kan baie bydra."
- "Teksversorgers het al met gepaste voorstelle verbeterings aangebring."
- "'n Oog van buite af wat die leser verteenwoordig en vakkennis het, is onontbeerlik."
- "Foute kan vooraf uitgeskakel word."

- “Opbouende kritiek en aanduiding van meer aanvaarbare segswyses en woordgebruik.”


Hierdie motiverings dui op 'n begrip aan die kant van skrywers ten opsigte van die belangrikheid van die skryfproses sowel as die uiteindelijke *produk* (vgl. 3.1 en 3.2).

Motiverings vir die nee-respons lui soos volg:

- “Nee, [dis my] eie taal – [die teksversorger] kan later bykom.”
- “Nee, (d)ie proses *werk andersom*. Die skrywer het 'n bepaalde vryheid nodig, maar moet 'groot' genoeg wees om kritiek te kan hanteer.”
- “Nie tydens die skryfproses nie, maar wel *daarna*.”
- “'n Manuskrip ontwikkel voortdurend en kan eers *behoorlik beoordeel word as dit voltooi is*.”
- “Ek het nie hulp nodig wat die skryfproses betref nie.”
- “Beslis nie die skryfproses nie. Dié proses moet tog kreatief wees. En dit is juis die skrywer wat skeppend te werk moet gaan. *Die teksversorger kan wel betrokke wees en leiding gee.*”⁴

Hierdie motiverings dui op 'n onbegrip van die belangrikheid wat die taalbeheerser moet lê op sowel die skryfproses as die uiteindelijke skryf*produk*. Die klem val dan op die teksversorgingstaak ten opsigte van die voltooide produk.

6.5.2.7 Sou u graag wou hulp hê in die skryfproses?



⁴ Kursivering is telkens dié van die navorser (AK).

Die eweredige verspreiding van die ja- (53%) en nee-response (47%) ondersteun die gevolgtrekkings en opmerkings by 6.5.2.6.


6.5.2.8 Motivering van 6.5.2.7.

Die motiverings was dieselfde as by 6.5.2.6.

6.5.3 Die teksversorger

6.5.3.1 Hoe sien u die status van die teksversorger?

Die doel met hierdie vraag was om te bepaal of die skrywer die teksversorger as 'n professionele persoon sien, en indien wel, in watter verhouding hy tot die skrywer *en* uitgewer moet staan (vgl. 5.7). Respondente moes hulle mening in volgorde van belangrikheid aandui deur die gestelde keuses te nommer van 1 tot 11, waar 1 (een) die belangrikste was en 11 (elf) die onbelangrikste. Die respons van die skrywers word soos volg op die grafiek aangedui:



Hieruit kan afgelei word dat skrywers die teksversorger onomwonde beskou as 'n professionele persoon en hoegenaamd nie as 'n anonieme werknemer (d.w.s. 'n spookskrywer) nie. Skrywers beskou die teksversorger ook as meer as net 'n professionele persoon, soos blyk uit hulle beskrywings van hom as 'n vakkenner, 'n raadgewer, 'n medewerker, vertroueling, woordkunstenaar, konsultant en middelman tussen skrywer en leser. Respondente is dus van mening dat 'n teksversorger 'n *professionele vakkenner* is


wat in 'n *raadgewende hoedanigheid* meewerk aan 'n skrywer se teks, eerder as 'n anonieme werknemer van 'n uitgewery wat in 'n kantoor skuilhou.

6.5.3.2 Dink u 'n teksversorger kry genoeg professionele erkenning vir die werk wat hy doen?

Vergelyk 6.5.3.3.

6.5.3.3 Na u mening, behoort 'n teksversorger professionele erkenning te kry vir die werk wat hy doen?

Vraag 6.5.3.2 en 6.5.3.3 is vergelykend in die onderstaande grafiek weergegee.



Slegs 12% van die respondente meen dat die teksversorger wel voldoende erkenning kry, terwyl 88% meen dat die teksversorger wel meer professionele erkenning *behoort* te kry. Hieruit kan afgelei word dat skrywers bewus is van die professionele aard van die teksversorgingsberoep.

6.5.3.4 Motivering van 6.5.3.3

Respondente kon hulle respons op 6.5.3.3 hierbo motiveer. Die motiverings ten gunste van professionele erkenning lui soos volg:

- "As ek en 'n teksversorger nou saamwerk en sy/hy het 'n gevoel vir my werk, sou ek nie omgee dat sy/haar naam .. [op] die [imprimatuurbladsy] genoem word nie."
- "'n Professionele persoon verdien erkenning – 'n bekwame en ingeligte teksversorger is 'n *professionele* persoon."
- "'n Teksversorger is 'n *onontbeerlike skakel* en *vennoot* in die publikasieproses."

- "Hy doen belangrike werk."
- "Hy is die '*poleerder*' van die 'kunswerk'."
- "'n Boek is 'n *spanpoging*."
- "Die teksversorger is *medeverantwoordelik* vir 'n bruikbare, nuttige en aantrekklike eindproduk."
- "Teksversorging is een van die faktore wat 'n sukses maak van 'n boek (of nie)."
- "Die teksversorger is die *filter* waardeur elke publikasie moet gaan om reg te land."⁵

Die empiriese data van 6.5.3.3 sowel as die skrywers se persoonlike menings, soos hierbo aangehaal dui onomwonde op skrywers se bewustheid van die integrerende rol wat die teksversorger speel in die boekmaakketting.

Motivering teen professionele erkenning lui soos volg:

- "As die skrywer sy sout werd is, het die teksversorger nie 'n groot rol te speel nie. As die manuskrip feitlik oorgeskryf moet word, behoort dit nie aanvaar te word nie."
- "Ek sien hom beslis nie as 'n soort medeskrywer nie. Watter erkenning kry die ou wat die produksie van die boek doen? Tog sal ek nie omgee as sy naam iewers binne-in [die boek] genoem word nie."

6.5.3.5 Hoe kan professionele erkenning aan so 'n persoon gegee word?

Opsommend lyk die aanbevelings soos volg:

- "*As medewerker op die voorblad; as teksversorger op die imprimatuurbladsy of flap.*"
- "*Voldoende finansiële vergoeding en amptelike erkenning in voorwoord en/of inleiding.*"
- "Die teksversorger wat 'n professionele vertrouensverhouding met die skrywer aangaan, sy teks op 'n professionele wyse versorg en inisiatief aan die dag lê, is 'n besondere persoon – hy *behoort by te wees wanneer die boek bekend gestel word.*"
- "Die teksversorger behoort nie 'n spookskrywer te bly nie, *hy moet sigbaar betrokke wees in die proses* – maar hy moet 'die beste' wees: goed bekend met, en gekwalifiseerd in sy vakgebied."

⁵ Kursivering is dié van die navorser (AK).

- “Die teksversorger behoort *meer op die voorgrond te tree* en nie iewers in ’n kantoor weggesteek te word nie.”
- “’n Toepaslike posbenaming is essensieel. Daar moet ’n duidelike postestruktuur geskep word en afbakening van take is essensieel.”
- “Sy naam kan maar by die uitgewer s’n genoem word – dan weet ek ook sommer vir wie om vies te wees as die teks nie na my sin is nie.”

Uit bostaande opmerkings/motiverings blyk dit duidelik dat die meeste skrywers meen dat die teksversorger enersyds *professionele erkenning* behoort te kry, maar andersyds ook *wyer blootstelling* in de skrywers- en uitgewersmark behoort te geniet.

6.5.3.6 Die komplekse taak en verantwoordelikheid van ’n teksversorger

Die laaste vraag in hierdie afdeling stem ooreen met die laaste vraag in 6.3.3.16 en 6.4.25 en is daarop gemik om ’n vergelykende samevatting van die komplekse taak en verantwoordelikheid van ’n teksversorger vanuit die perspektief en behoeftes van sowel uitgewer as skrywer en teksversorger self, weer te gee.

Sowat 73% van die uitgewerspopulasie het hulle mening gegee. Almal is dit eens dat *taalkennis, taalvaardigheid, taalvermoëns* en ’n *goeie taalaanvoeling* essensieel is. Hy moet by uitstek ’n *taalbeheerser* wees. Hiervoor is *tersaaklike opleiding* onmisbaar. ’n Teksversorger moet ook op hoogte bly van taalbeplanning en -ontwikkeling, en bereid wees om verdere opleiding te ondergaan. Die teksversorger in die Christelike uitgewersbedryf moet oor ’n *breë algemene kennis* beskik, ’n *kreatiewe teoloog* wees en *vertaling* kan doen. Hy moet *kunssinnig en kreatief* wees om sodoende insette te kan lewer in die voorkoms van die uiteindelijke artefak. Dit impliseer *kennis van die mark se behoeftes, bladontwerp en tipografie* om die teks toeganklik vir die leser te maak. Die teksversorger is die *middelman* tussen die skrywer en die leserspubliek en moet, op die keper beskou, “eienaarskap” van die produk aanvaar. Dit impliseer *noukeurigheid, deursettingsvermoë, aanpasbaarheid* en ’n *liefde* vir lees en boeke en ’n *wye algemene kennis*.

Betrokkenheid by die skrywer en sy teks en die vermoë om met mense te werk én goeie menseverhoudinge te handhaaf, is belangrik, want ’n teksversorger is per slot van rekening deel van ’n span wat verantwoordelik is vir die geslaagdheid van multimediatprodukte in ’n lesersmark.

62% van die respondente weet wie en wat hy is, of behoort te wees. Opsommend, volgens die respons kan ’n teksversorger in ’n Christelike uitgewersmaatskappy soos volg beskryf word:

'n Teksversorger:

- is 'n persoon met die relevante akademiese kwalifikasies en ondervinding wat aan hom 'n goeie agtergrond en kennis van taal en taalpraktyk besorg, sodat hy die linguistiese moontlikhede en register van taal kan gebruik en realiseer in die manuskripte waarmee hy werk;
- beskik oor 'n wye algemene kennis in veral die geesteswetenskappe, 'n liefde vir die geskrewe woord en die Woord, en is vertrouwd met die jongste metodologie, is rekenaarvaardig en hou die "teater van die denke aktief besig";
- is 'n kenner van die Christelike boekemark en potensiële lesers;
- is 'n mensekenner wat goeie verhoudinge kan inisieer en handhaaf onder moeilike en sensitiewe omstandighede, wat taktvol en met deernis met skrywers en medewerkers kan kommunikeer;
- is iemand met deursettingsvermoë, Jobsgeduld, 'n sin vir verantwoordelikheid en deeglikheid;
- is 'n besluitnemer, 'n projekbeplanner en 'n bestuurder, en
- is 'n *spookskrywer*.

Navorsingsresultate eggo die literatuurstudie (vgl. 5.5, 5.6 en 5.7).

Skrywers sien die taak en verantwoordelikheid van die teksversorger as belangrik, sinvol en noodsaaklik. Vergelyk die volgende opmerkings in dié verband:

- "Hy is 'n 'all-rounder', 'n *professionele vertroueling en raadgewer* vir die skrywer wat verantwoordelik is vir die geslaagdheid van die teks, ook ten opsigte van markgerigtheid."
- "Hy is die *afronder van die teks*, in elke opsig, en om inhoudelik en ten opsigte van lesersvriendelikheid te verbeter."
- "Hy is 'n *professionele persoon in 'n span, die skrywer se beste vennoot*: 'n persoon van wie 'n baie groot persentasie van die uitgewer se sukses en beeld afhang."
- "Hy is die *vakkundige verfyner van 'n manuskrip* tot 'n betekenisvolle eindproduk."
- "Die teksversorger is 'n *vennoot van die skrywer* – in elke opsig."
- "Dit is sy onbenydenswaardige taak om veral swakker skrywers se *knoeiwerk reg te maak*."
- "Dit is ook die taak van die teksversorger om *deur sinvolle interaksie met die skrywer 'n produk van gehalte tot stand te bring*."

- “Die teksversorger is ’n *uiters belangrike skakel tussen die skrywer en die uitgewer en leser* en speel ’n ewe belangrike rol in die *aanvaarbaarheid en sukses van die publikasie*.”

Slegs een respondent sien die teksversorger se taak as bloot dié van ’n nasiener wat anoniem bly en motiveer dit as volg:

- “Hy is ’n werknemer van die uitgewer wat moet verseker dat ’n manuskrip aan die nodige taal- en stylvereistes van goeie, leesbare Afrikaans voldoen.”

6.5.4 Perspektief

Uit die verwerking van die vraelyste het dit duidelik geword dat skrywers van Christelike boeke meesal predikante en dosente in teologie is (wie se beroep in ’n mate wye blootstelling vereis), ouer as vyftig is, slegs in ’n mate vertrou is met die jongste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreels*, maar goed vertrou is met die rekenaarprogram waarmee hulle werk en self hulle skryfwerk op ’n rekenaar doen. Hulle publiseer uit ’n liefde vir skryf en ter uitbreiding van die evangelie. Hulle verkies om by verskillende uitgewerye te publiseer. Uitgewers plaas oënskynlik druk op hulle vir die lewer van manuskripte. Dit blyk dus dat daar ’n groot aanvraag vir Christelike tekste is.

Alhoewel die meeste skrywers hulle manuskripte laat *taaf*versorg voordat dit aan ’n uitgewery voorgelê word, verkies hulle tog dat ’n goedgekeurde manuskrip *teks*versorging ondergaan voordat dit gepubliseer word omdat dit ’n kwaliteitprodukt verseker. Hulle verwag van ’n teksversorger om dié manuskrip in alle opsigte persgereed te maak alhoewel hulle grootliks insette en insae wil hê in die voltooide produk, en veral ten opsigte van die keuse van ’n titel en subtitel vir hul boek.

Skrywers se frustrasies ten opsigte van die redaksionele proses dui daarop dat skrywers dié proses as traag en lomp beleef. Die tydsverloop tussen goedkeuring van ’n manuskrip en die verskyning van die boek blyk ’n besondere doring in die vlees te wees.

Ongeveer die helfte van die skrywersrespondente meen daar verskyn te veel Christelike boeke per jaar, en ook te veel van enkele bekende skrywersname. Hulle meen ook dat die inhoud in sommige gevalle onder verdenking staan. Die navorsingsresultate dui daarop dat slegs 25% van die respondente meer as drie boeke per jaar publiseer.

Oor die kwessie van hulpverlening by die skryfproses is skrywersrespondente verdeeld. Ongeveer die helfte meen dat die teksversorger tog 'n rol te speel het in die *skryfproses* sodat die klem eerder op die *proses* as op die *produk* val.

Dit blyk egter dat die skrywers van Christelike tekste besondere deernis en respek vir die teksversorger en sy taak het. Hulle sien hom as 'n *professionele persoon*, 'n *vakkenner*, 'n *raadgewer* en 'n *medewerker* aan die teks en geensins as 'n anonieme werknemer van 'n uitgewery nie. As sodanig behoort hy dan professionele erkenning te kry. Hulle is ook van mening dat die teksversorger geregtig is op 'n posbenaming wat die komplekse en verantwoordelike aard van sy taak weerspieël.

6.6 Samevatting

'n Samevattende evaluasie van die belangrikste tendense soos uit die uitgewers-, teksversorgers- en skrywersvraelyste afgelei, kom op die volgende neer:

- Uitgewer, teksversorger en skrywer is bewus van die uiteenlopende, omvattende en veeleisende taak wat aan die teksversorger toevertrou is, veral ten opsigte van die taalbeheersings- en normeringsvaardighede wat hier ter sprake is. Of uitgewers egter bewus is van die *verantwoordelikheid* wat dié taak meebring, is nie duidelik nie. Hoewel uitgewers en teksversorgers meesal eenstemmigheid het ten opsigte van die verloop van die redaksionele proses (keuring, setwerk, taal- en tipografiese versorging, skep van 'n buiteblad) blyk dit dat uitgewers van mening is dat hulle (die uitgewers) grotendeels verantwoordelik is vir die keuringsproses van manuskripte. Teksversorgers meen egter dat hulle ook dié taak behartig.
- Alhoewel uitgewers en *veral* skrywers die teksversorger sien as 'n professionele persoon en teksversorgers wel meen dat hulle in 'n mate professionele erkenning kry, dui die praktyk daarop dat daar 'n definitiewe leemte bestaan ten opsigte van 'n gepaste professionele posbenaming en bevorderingsgeleenthede.
- Teksversorging kom neer op die *gehele persklaarmaakproses van en kwaliteitskontrole oor 'n teks*. Om die taak te kan verrig verg besondere vaardighede, ondervinding en kwalifikasies van die teksversorger. Die navorsingsresultate toon dat sowel uitgewers as teksversorgers bewus is van die besondere vereistes wat die teksversorgingsberoep stel. Wat kwalifikasies betref, blyk dit dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van taalpraktykgerigte kwalifikasies, hoewel ervaring dikwels vir hierdie leemte kompenseer. Hoewel uitgewers meen dat gerekenariseerde taalversorging wel die redaksionele proses sal verhaas, blyk dit dat taalversorging in die meeste gevalle steeds per hand gedoen word. Hierdie probleem blyk neerslag te vind in 'n lomp en tydrowende redaksionele proses, soos veral deur die skrywers geïdentifiseer.

Ten einde die gebreke in die teksversorgingspraktyk, soos geïdentifiseer in die navorsingsresultate te oorkom, is dit noodsaaklik om die teksversorgingsberoep as praktykgerigte beroep te bevorder, maar ook om die proses self in kritiese oënskou te neem, probleme te identifiseer, en met 'n oop gemoed na oplossings daarvoor te soek. Sodoende kan verseker word dat die uitgewers-, teksversorgers- en skrywersalliansie as 'n dinamiese en ondersteunende struktuur saamwerk om kwaliteit lesersprodukte te verseker.

HOOFSTUK 7

Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

"My verbintenis met skrywers het my lewe oneindig verryk." – Charles Fryer –

7.1 Inleiding

In die titel van hierdie skripsie *Die teksversorger as spookskrywer: Christelike uitgewersmaatskappye as 'n gevallestudie* lê 'n veronderstelling opgesluit wat weerklink in die woorde van Fryer (1997:30): dat teksversorgers/redakteurs sorgsame skimme is wat op die agtergrond bly terwyl die skrywer vorentoe tree vir applous. Tog wéét die skrywer, redakteur/teksversorger en uitgewer dat 'n boek nie net met lym gebind word nie, maar ook met die sout en sweet van die teksversorger/redakteur.

Die doel van hierdie skripsie was om in die konteks van dié veronderstelling en in die breë verband van die skrywers- en uitgewerspraktyk te motiveer waarom die teksversorger nie bloot 'n skim of 'n spookskrywer behóórt te bly nie, maar saam met die skrywer erkenning kán ontvang.

7.2 Samevatting

Die teoreties-taalkundige begronding van die hipotese is gedoen vanuit die oorkoepelende raamwerk van die taalbeheersingsteorie en die taalkundige subdissiplines, normering en tekslinguistiek. Dit blyk dat gebrekkige taalbeheersingsvaardighede manifesteer in Christelike tekste wat volgens uitgewers en teksversorgers van gemiddelde standaard is en volgens skrywers en resensente selfs inhoudelik onder verdenking staan.

Dit is dan die taak van die teksversorger om deur middel van kreatiewe bladuitlegstrategieë, taal- en teksversorging sowel as opvallende buiteblaaie markgerigte tekste in 'n bloeiende en steeds groeiende Christelike boekemark in te stoot.

Die vraag ontstaan: Waarom dié bloeiende Christelike boekemark ten spyte van oënskynlik gemiddelde tekste/publikasies? Dit blyk dat uitgewerye 'n vraag-en-aanbod-mark skep deur die verspreiding van opvallend aantreklike en goed versorgde populêre geestelike tekste.

In hoofstuk 2 is daar teen die agtergrond van dié bloeiende Christelike boekemark in 'n situasie-analise bepaal wie die vernaamste rolspelers in hierdie mark is, en waarom. Dit blyk dat alle

Christelike uitgewers die missie en visie het om boeke van hoogstaande gehalte te publiseer om sodoende die evangelie te versprei. Ten spyte daarvan blyk dit dat die *inhoudelike kwaliteit* van die Christelike boek tans onder verdenking staan.

'n Moontlike rede is dat dit naamlik nie aan die eise van die teologies verantwoordbare Christelike boek beantwoord nie. Andersins is aangetoon dat daar te veel boeke van enkele skrywers in dieselfde styl en aanbieding verskyn, omdat dié skrywers 'n goeie naam in dié mark het.

'n Tersaaklike aspek wat in enkele skrywersresponse uit die vraelyste geïdentifiseer is, en veral sterk na vore tree uit die response van teksversorgers, is die behoefte en nodigheid aan skrywersopleiding en -begeleiding. Dit behoort nie net uiteindelik die teksversorgingstaak te vergemaklik nie, maar kan beteken dat die inhoud van die Christelike boek bo alle verdenking geplaas word. Daarbenewens kan dit veral beteken dat 'n groter Christelike skrywerskorps in vennootskap met uitgewers en teksversorgers in 'n opvoedingstaak tot die Christelike boeke-mark kan toetree.

In hiërdie stadium konsentreer die teksversorger in die praktyk nog grootliks op 'n skrywers-produk omdat hy min of geen insette lewer in die oorspronklike skrywersproses nie. Dit beteken dat hy in die versorging van die produkmanuskrip sekere taalkundige en normeringskeuses moet uitoefen om die produk as teks aanvaarbaar te maak; om te verseker dat die teks voldoen aan die vereistes van tekstualiteit, en om 'n lesersvriendelike, markgerigte teks op die rak te plaas.

Teen die agtergrond van die praktiese taalkommunikasieproses vorm die taalkundige subdisiplines taalbeheersing, normering en tekslinguistiek in hoofstuk 3 die teoretiese basies waarvolgens die teksversorger keuses moet uitoefen en sy *taalversorgingstaak* motiveer (vgl. ook A. du Plessis, 1997). Die subdisipline tipografie as praktiese teksuitlegstrategie vir lessenaarpublikasie vorm saam met die taalkundige subdisiplines die oorkoepelende teoretiese taalbeheersingsraamwerk waarbinne die teksversorger keuses uitoefen in sy teksversorgingstaak.

In hierdie verband is teoretiese kennis van taalnormering die teksversorger se belangrikste motiveringsgrond omdat die taalversorgingsproses in wese 'n normeringsproses is. Hierdie normeringsproses het betrekking op taalvlakke soos die morfologie, sintaksis, semantiek, grafiese vlak, stilistiek en pragmatiek. Die tekslinguistiek vorm weer die raamwerk waarbinne die teksversorger kan bepaal of 'n teks aan die vereistes van tekstualiteit voldoen.

Daar is aangetoon in watter mate kennis van die eienskappe van 'n teks 'n vertrekpunt bied oor die ware aard van tekstuele kommunikasie. Die teksversorger kan die teks struktureel sowel as inhoudelik evalueer en versorg, met die tekslinguistiek as teoretiese vertrekpunt.

'n Gebrek aan taalbeheersingsvaardighede manifesteer in gebrekkige taalberoepsvaardighede (soos die *skryfproses*), want dit blyk dat alle taalgebruikers nie noodwendig taalbeheersers is

nie. Dit is veral duidelik in die Christelike tekste waarmee die teksversorger daagliks te doen kry. Indien die teksversorger toegelaat word om nie net op die teks as produk te konsentreer nie, maar ook op die skryfproses, kan die hele teksversorgingsproses vergemaklik word. Op sy beurt verhaas dit weer die redaksionele proses en bespoedig die dit produksieproses/uitgewersproses. Dit is juis dié tydsvloerproses tussen goedkeuring van 'n manuskrip en die verskyning van die teks wat vir skrywers die grootste frustrasie is in die uitgewerspraktik.

Dit blyk dus dat *taalbeheersingsvaardighede* 'n beroepsbete geword het omdat dit sentraal staan in die toepassingsmoontlikhede van die breë taalmark. Die professionele taalbeheerser speel dus deesdae 'n onontbeerlike rol as bemiddelaar in die taalkommunikasieproses.

Die praktik van teksversorging is in hoofstuk 4 aan die hand van die teoretiese raamwerk van taalbeheersing, normering, tekslinguistiek en tipografie met tersaaklike voorbeelde uit die praktik geïllustreer. Daar is eerstens aangetoon in watter mate 'n gebrek aan taalbeheersingsvaardighede ten opsigte van normering en tekslinguistiek optimale tekstuele en taalkundige kommunikasie kan belemmer. Optimale kommunikasie en 'n lesersvriendelike teks word ook bepaal deur die tipografiese geslaagdheid van 'n teks.

Moderne tegnologie en die gerekenariseerde uitgewerswese maak dit vir die teksversorger moontlik om die teks as geheel *taalkundig* sowel as *tipografies* te versorg. Deur middel van lasertegnologie word kameragereedkopie na die drukkerij gestuur wat gebruik word om films te maak en die oplaag te druk. Daar is aangetoon dat DTP (lessenaarpublikasie) tradisionele prosesse uit vier dissiplines kombineer: setwerk, grafiese ontwerp, tipografie en rekenaarwetenskap om bekostigbare en kreatiewe produkte van hoogstaande gehalte aan die leserspubliek beskikbaar te stel.

Taalbeheersingsvaardighede, normering en tekslinguistiek en ook DTP as tipografiese teksuitlegstrategie vorm dus die teoretiese basis waarvolgens die teksversorger grondige normerings- en versorgingskeuses kan doen, uitvoer én motiveer. Dit vorm derhalwe die *teoretiese* basis vir die *praktik* van teksversorging.

Dié onbenydenswaardige taak van versorging, afronding en verfyning, lê in die hande van 'n "teksversorger", 'n posbenaming wat uit die aard en omvang van die teksversorgingstaak ver tekort skiet, soos bewys uit die bespreking in hoofstuk 5. In hierdie hoofstuk is nie net die komplekse en uiteenlopende aard van die teksversorgingstaak binne die gestruktureerde maatskappyopset van die Christelike uitgewery onder oë geneem nie, ook die verhoudingsproblematiek in die breëre opset van die skrywers- en uitgewerspraktik is op die spits gedryf. Dit is duidelik dat die persoon wat op die ou end verantwoordelik is vir die geslaagdheid van die teks, ook ten opsigte van markgerigtheid, méér is as net 'n anonieme taal- óf teksversorger: hy word skrywersvennoot, -vertroueling, -raadgewer, en middelman tussen skrywer en leser, en ook bestuurder van 'n produksietaak. Hierdie betrokkenheid van die teksversorger by skrywers en teks én leser impliseer 'n professionele rol en status wat verder strek as die blote

anonimiteit en obskuriteit van "'n werknemer wat moet verseker dat 'n manuskrip aan die nodige taal- en stylvereistes van goeie, leesbare Afrikaans moet voldoen".¹

In hoofstuk 6 is 'n sintese van die teorie en die praktyk gedoen teen die agtergrond van die sentrale probleemstelling en aan die hand van empiriese navorsingsresultate.

Volgens die navorsingsresultate is die teksversorger grootliks verantwoordelik vir die teksversorgingstaak in sy geheel, wat ook al sy posbenaming. Die verskeidenheid posbenaminge ter sprake versterk die aanname dat wat ook al die teksversorger se posbenaming bly hy verantwoordelik vir die totale spektrum van die teksversorgingstaak en moet hy as sodanig kwaliteitskontrole daarvoor uitoefen. Die teksversorger konsentreer ook op 'n skrywers*produk*, en het slegs in 'n mindere mate insae in die skryf*proses* van 'n teks.

7.3 Gevolgtrekking

Probleemareas wat uit die navorsingsresultate geïdentifiseer is, hou verband met die komplekse aard van die teksversorgingstaak sowel as die verskeidenheid en kwaliteit van die tekste wat ter sprake is. Tekste is naamlik van gemiddelde standaard en dek 'n wye spektrum: niefiksie, geskenkboeke, fiksie, kinderboeke, naslaanwerke, Bybels, strokiesprente, teologiese boeke, traktaatjies en beleidstukke. Alhoewel die teksversorger medeverantwoordelik is vir die uiterlike produk kry hy geen formele erkenning vir sy rol in die teksversorgingstaak nie. Daar is ook nie vir hom besondere bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy nie. Sy posbenaming weerspieël ook nie die ware aard van die taak wat hy verrig nie. Dit blyk ook dat skrywers van Christelike tekste 'n besorgdheid uitspreek oor die duur van die redaksionele proses, dit is, die tydperk tussen goedkeuring van 'n manuskrip en die publikasie daarvan. Hulle skryf dit toe aan 'n lomp redaksionele proses, oorlaaide teksversorgers én 'n oorlaaide Christelike boekemark waar enkele skrywersname die boekemark oorheers. Die literatuur ondersteun ook hierdie navorsingsresultate.

Dié probleem kan grootliks oorkom word indien die teksversorger enersyds toegelaat word om insette in die skryf*proses* te hê. Andersyds sal 'n gerekenariseerde *taal*versorgingsproses ook die redaksionele proses verhaas.

Uitgewers en *veral* skrywers van Christelike tekste gee wel erkenning aan die feit dat 'n teksversorger as professionele persoon onontbeerlik is in die boekmaakketting, en as sodanig erkenning verdien.

Teen die agtergrond van die bespreking in die voorafgaande hoofstukke en uit die verwerking van die navorsingsresultate kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

¹ Kommentaar uit skrywersvraelys.

- In 'n oorvol Christelike boekemark is daar 'n groeiende behoefte aan teologies-verantwoordbare Christelike tekste.
- Skrywers en uitgewers van Christelike tekste het 'n missie om die evangelie te versprei deur middel van lesersvriendelike, markgerigte tekste van hoogstaande gehalte.
- Alle taalgebruikers is nie taalbeheersers nie; daarom moet manuskripte 'n deeglike teksversorgingsproses ondergaan alvorens dit gepubliseer kan word, inhoudelik, taalkundig, struktureel en tipografies.
- Die teksversorger is 'n taalbeheerser by uitstek wat uit hoofde van sy kwalifikasies, ondervinding en taakgeoriënteerdheid verantwoordelik is vir die teksversorgingsproses in al sy fasette.
- In hierdie proses word hy as gevolg van sy verantwoordelikheid teenoor skrywer, uitgewer en leser die medeskrywer én bestuurder van 'n unieke projek en behoort as sodanig professionele erkenning te ontvang.

7.4 Aanbevelings

In sy geheel gesien blyk dit dat teksversorging 'n komplekse en uiteenlopende taak behels en dat die teksversorger nie net oor grondige teoretiese sowel as praktiese taal- en tipografiese kennis en kundigheid moet beskik nie, maar ook geslaagde menseverhoudinge moet kan inisieer en handhaaf. Die teksversorger is 'n taalbeheerser van beroep, veelsydig en kreatief wat ook 'n rol te speel het in die oorspronklike skryfproses van 'n manuskrip. As sodanig behoort die teksversorger en die teksversorgingstaak professionele erkenning en aanvaarding te kry. Dit kan geskied by wyse van:

- 'n posbenaming wat sy rol en bestuurstatus weerspieël;
- erkenning op die imprimatuurbladsy van die teks waarvoor hy medeverantwoordelik is;
- wyer blootstelling in die Christelike boekemark, en
- die daarstelling/stigting van 'n instansie wat prominensie verleen aan die teksversorgers-professie.

Sodoende word die belang van taalbeheersingsvaardighede as beroepsbate in die breë taalmark beklemtoon.

7.5 Voorstelle vir toekomstige navorsing

Tydens die verloop van hierdie studie het dit duidelik geword dat daar enkele leemtes in dié studieveld bestaan wat deur toekomstige navorsing ondersoek en uit die weg geruim kan word.

Dit het eerstens aan die lig gekom dat daar 'n behoefte bestaan aan empiries-gebaseerde leiding en inisiatief ten opsigte van teologies verantwoordbare, maar tog populêre Christelike boeke. Dié leemte bestaan *ten spyte van* die oënskynlike sukses van die (oppervlakkige) Christelike/geestelike geskenk- en dagboekgenre. Sodoende kan die skrywer én die uitgewer van hierdie genre 'n verantwoordbare bydrae lewer ten opsigte van lesersopvoeding en kwaliteit geestelike ontwikkeling. Daarbenewens kan dit ook meewerk om die missie van uitgewers (vgl. 2.5) wat vir hulle só belangrik is, tot volle realisasie te bring.

'n Tweede leemte wat in hierdie skripsie geïdentifiseer is, dui op moontlikhede vir navorsing met betrekking tot die sosio-kulturele dinamika en interpersoonlike verhoudingsdinamika binne die kleiner opset van die Christelike uitgewerspraktyk (die maatskappy self), sowel as in die breër opset van die skrywers- en uitgewersbedryf.

Laastens behoort 'n *vergelykende studie* tussen teksversorging in die *sekulêre* en *Christelike uitgewersbedryf* die navorsingsresultate en bevindinge wat in hierdie studie ter sprake kom, verder te ondersteun en/of te kwalifiseer. Dit behoort onomwonde aan die teksversorgingspraktyk in sy totaliteit en as 'n wetenskaplike en praktykgerigte dissipline die nodige professionele status te gee.

Bylaag A

Die vraelys aan uitgewers

HIERDIE VRAELYS MOET DEUR DIE UITGEWER SELF INGEVUL WORD

Die doel met hierdie vraelys is om agtergrond ten opsigte van u maatskappy te kry,
om vas te stel wat u van skrywers verwag,
en om te bepaal wat u van 'n teksversorger verwag.

ALLE INLIGTING WORD AS VERTROULIK BESKOU

Naam van die maatskappy

Afdeling 1: Die maatskappy

1.1 Hoe lank bestaan die maatskappy al?

0-5 jr ☐ 5-10 jr ☐ 10-20 jr ☐ 20-30 jr ☐ 30-40 jr ☐ Langer? Spesifiseer ☐

1.2 Wat is u verhouding tot die maatskappy?

Stigter ☐ Uitgewer ☐ Besturende direkteur ☐
Eienaar ☐ Ander ☐

1.3 Kan ek met u 'n onderhoud kom voer?

Ja ☐ Nee ☐

Afdeling 2: Die teks en skrywer

2.1 Watter tipe boeke gee u uit?

Niefiksie ☐ Geskenkboeke ☐ Fiksie ☐
Kinderboeke ☐ Naslaanwerke ☐ Bybels ☐
Strokiesprente ☐ Teologiese boeke ☐ Ander ☐

2.2 Wat is die standaard van manuskripte wat vir publikasie voorgelê word?

Uitstekend ☐ Goed ☐ Gemiddeld ☐ Swak ☐

2.3 Word manuskripte wat aan u uitgewery voorgelê word vir publikasie eers gekeur voordat dit uitgegee word?

Ja ☐ Nee ☐

2.4 Indien ja, wat is die kriteria verbonde aan die siftings- of keuringsproses van manuskripte wat aangebied word?

Aktualiteit ☐ 'n Treffende titel ☐ Ander ☐
Goeie inhoud ☐ 'n Vooraanstaande skrywersnaam ☐
Goeie styl ☐ Goeie taalgebruik ☐

2.5 Wie doen hierdie keuring of sifting?

Usself ☐ Ander ☐
Redakteur(s) ☐
Taal-/teksversorger (s) ☐

2.6 Wat verwag u van skrywers ten opsigte van die tipe teks wat aangebied word?

Kan enige tipe teks aanbied ☐

Kry opdrag om te skryf ☐

2.7 Wat verwag u van die skrywers ten opsigte van die algemene versorging van die teks wat aangebied word?

Totaal versorg ☐

In 'n mate versorg ☐

Geen versorging ☐

2.8 Word manuskripte redaksioneel versorg nadat dit gekeur en voordat dit gepubliseer word?

Ja ☐ Nee ☐

2.9 Wie doen hierdie redaksionele versorging van die tekste?

Taalpraktisyn buite maatskappy ☐ Redakteur ☐ Redaksionele assistent ☐

Taalpraktisyn binne maatskappy ☐ Subredakteur ☐

2.10 Watter insette/insae/beheer het skrywers in die redaksionele versorging van die teks?

Word geken ☐

Geen ☐

Moet goedkeuring verleen vir finale produk ☐

Afdeling 3: Die teksversorger

3.1 Is daar 'n persoon of persone in u maatskappy wat die keuring en redaksionele versorging van tekste behartig?

Ja ☐ Nee ☐

3.2 In watter ouderdomsgroep sou u so 'n persoon verkies?

Jonger as 25 ☐ 25-35 ☐ 35-45 ☐ 45-55 ☐ ouer as 55 ☐

Die motivering vir u antwoord hierbo is:

.....

.....

.....

.....

.....

3.3 Verwag u van so 'n persoon:

om algemeen gekwalifiseerd te wees ☐

of eerder taalpraktykgerig? ☐

3.4 Moet hy/sy geakkrediteerd wees?

Ja ☐ Nee ☐

3.5 Moet hy/sy ook vertaling kan doen?

Ja ☐ Nee ☐

3.6 Beskou u hom/haar as 'n professionele persoon?

Ja ☐ Nee ☐

3.7 Wat is die posbenaming van die persoon/persone wat die redaksionele versorging van tekste hanteer?

Taalpraktisyn ☐

Proefleser ☐

Redakteur ☐

Redaksionele assistent ☐

Subredakteur ☐

Ander ☐

3.8 Watter kwalifikasies vereis u vir hierdie pos?

BA Tale ☐

Ander ☐

BA Hons ☐

Spesifiseer

MA ☐

.....

3.9 Moet hy/sy ook teologiese kwalifikasies, of kwalifikasies in Bybelkunde hê?

Ja ☐ Nee ☐

3.10 Verkies u 'n manlike persoon? ☐

Verkies u 'n vroulike persoon? ☐

3.11 Is daar bevorderingsmoontlikhede vir so 'n persoon in u maatskappy?

Ja ☐ Nee ☐

3.12 Sou u maatskappy sonder die dienste van so 'n persoon kon klaarkom?

Ja ☐ Nee ☐

3.13 Verwag u van so 'n persoon om rekenaarvaardig te wees?

Ja ☐ Nee ☐

3.14 Sou so 'n persoon in 'n raadgewende ☐

of konsulerende ☐ posisie kon optree?

3.15 Moet 'n teksversorger insette hê in:

3.15.1 setwerk en tipografiese besonderhede/bladuitleg?

Ja ☐ Nee ☐

3.15.2 die aanbieding van die buiteblad?

Ja ☐ Nee ☐

3.15.3 die skryf van kopie, soos byvoorbeeld agterblaaie van
manuskripte, resensies, reklamestukke, ensovoorts?

Ja ☐ Nee ☐

3.16 Na u mening, hoe lyk die profiel van 'n teksversorger dus na aanleiding van die vrae en antwoorde
in hierdie afdeling?

.....
.....
.....
.....

Afdeling 4: Die redaksionele proses

4.1 Gee kortliks 'n beskrywing van hoe u elkeen van die genoemde prosesse beskou:

4.1.1 Proefleeswerk

.....

4.1.2 Taalversorging

.....

4.1.3 Teksversorging

.....

4.1.4 Redigeerwerk

.....

4.2 Kan een persoon al die bogenoemde prosesse in 'n redaksionele proses behartig?

Ja ☐ Nee ☐

4.3 Word die teksversorging op rekenaar of per hand deur die teksversorger gedoen?

Op rekenaar ☐

Per hand ☐

4.4 Indien per hand, motiveer waarom.

.....

.....

.....

.....

4.4 Sou dit nie die proses verhaas indien die teksversorger wel self die werk op 'n rekenaar doen nie?

Ja ☐

Nee ☐

4.5 Watter leemtes ervaar u as uitgewer in die redaksionele proses in u uitgewery?

.....

.....

.....

4.6 Is daar enige ander inligting ten opsigte van skrywers, manuskripte, die boekemark en die versorging van tekste, wat nie hierbo aangeraak is nie, en wat u as belangrik beskou?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

U kan my gerus skakel indien u probleme het met die vraelys, of as u ander inligting wil verskaf.

Baie dankie vir u aandag.

Althéa Kotze

Tel. (016) 421-4781 (W)
(016) 32-4932 (H)

Bylaag B

Die vraelys aan teksversorgers

HIERDIE VRAELYS MOET DEUR DIE TEKSVERSORGER INGEVUL WORD

Die doel met hierdie vraelys is om te bepaal
wat van teksversorgers in Christelike uitgewerye verwag word

ALLE INLIGTING WORD AS VERTROULIK BESKOU

Naam van die maatskappy

1. Wat is u posbenaming in die maatskappy?

Redaksionele assistent ☐ Hoofsubredakteur ☐ Taalpraktisyn ☐
Subredakteur ☐ Redakteur ☐ Ander ☐

2. Weerspieël u posbenaming die tipe werk wat u doen?

Ja ☐ Nee ☐

3. Is u tevrede daarmee?

Ja ☐ Nee ☐

Indien nie, hoe sou u u posbenaming omskryf?

.....

4. Hoe lank werk u in die maatskappy?

0-5 jr ☐ 5-10 jr ☐ 10-15 jr ☐ 15-20 jr ☐ Langer (spesifiseer) ☐

5. Spesifiseer u kwalifikasies, asseblief.

.....

.....

6. Wat behels u pligte in die maatskappy?

Slegs proeflees ☐	Vertaling ☐
Redigering ☐	Skryf agterblaaie ☐
Taalversorging ☐	Bladuitleg ☐
Teksversorging ☐	Skryf van reklamemateriaal ☐
Oorskryf ☐	Proeflees van reklamemateriaal ☐

7. Is u kwalifikasies voldoende?

Ja ☐ Nee ☐

8. Dink u dat u genoeg ervaring daarvoor het?

Ja ☐ Nee ☐

9. Is u betrokke by die keuring van manuskripte?

Ja ☐ Nee ☐

10. Na u mening, wat is die standaard van manuskripte wat u moet versorg?

Uitstekend ☐ Goed ☐ Gemiddeld ☐ Swak ☐ Uitsers swak ☐

11. Sou u graag opknappingskursusse in taalpraktyk wou bywoon?

Ja ☐ Nee ☐

12. Doen u teksversorging op 'n rekenaar?

Ja ☐ Nee ☐

13. Indien nie, sou u graag wou?

Ja ☐ Nee ☐

14. Waarmee ondervind u die meeste probleme wanneer u 'n teks versorg?

(Dui telkens aan asseblief.)

14.1 Spelling en interpunksie

Baie Matig Min

Attributiewe vorme op -te/de

☐ ☐ ☐

Meervoudsvorme

☐ ☐ ☐

Skryftekens (afkappingstekens, kappie, deelteken, koppelteken, akuut-
en gravisaksente)

☐ ☐ ☐

Hoofletters

☐ ☐ ☐

Skeiding van woorddele

☐ ☐ ☐

Afkortings

☐ ☐ ☐

Die skryfwyse van woorde – los of vas

☐ ☐ ☐

Voegsels by samestellings

☐ ☐ ☐

Die skryf van samestellings

☐ ☐ ☐

Die korrekte gebruik van leestekens (punt, komma, kommapunt,
uitroepteken, aanhalingstekens)

☐ ☐ ☐

14.2 Taalsuiwerheid

Anglisismes

☐ ☐ ☐

14.3 Styl

Hoogdrawendheid

☐ ☐ ☐

Vae en lomp taal

☐ ☐ ☐

Omslagtigheid

☐ ☐ ☐

Woordherhaling in opeenvolgende sinne

☐ ☐ ☐

Ongemotiveerde gebruik van *dus* en sy sinonieme

☐ ☐ ☐

Die oormatige gebruik van adjektiewe

☐ ☐ ☐

Gewoontewoorde/stopwoorde

☐ ☐ ☐

Clichés

☐ ☐ ☐

Geykte taal

☐ ☐ ☐

14.4 Sintaksis en morfologie

Werkwoord: afwykende woordorde na *dat*

☐ ☐ ☐

: die posisie van die werkwoord

☐ ☐ ☐

Ontkenning (dubbele *nie*)

☐ ☐ ☐

Onnodige gebruik van voegwoorde

☐ ☐ ☐

Voorsetsels (veral *vir*)

☐ ☐ ☐

Lidwoorde

☐ ☐ ☐

Betreklike voornaamwoorde (*wat, wie, wie se, waarvan*)

☐ ☐ ☐

Die refleksief

☐ ☐ ☐

Die vorm met *self*

☐ ☐ ☐

Volgorde van persoonlike voornaamwoorde (*ek en hy/hy en ek*)

☐ ☐ ☐

Meervoudsvorming (veral generiese enkelvoud)

☐ ☐ ☐

Anglisistiese meervoude	☐	☐	☐
Trappe van vergelyking	☐	☐	☐
Die optrede van <i>ge-</i> by voltooide deelwoorde	☐	☐	☐

14.5 Semantiek

Foutiewe betekenisgebruik	☐	☐	☐
Wisselvorme/homonieme	☐	☐	☐
Verwarring van homofone	☐	☐	☐
Verwarring van doeblatte	☐	☐	☐
Verwarring van paronieme	☐	☐	☐
Malapropismes	☐	☐	☐
Sinonieme	☐	☐	☐
Toutologie en pleonasmes	☐	☐	☐
Verkeerde woordsoortelike gebruik (bv. <i>huidiglik</i>)	☐	☐	☐
Geykte beeldspraak	☐	☐	☐
Onvanpaste idioomgebruik	☐	☐	☐
Modewoorde	☐	☐	☐
Die ongedefinieerde <i>hulle</i>	☐	☐	☐
Aktief en passief	☐	☐	☐

15. Wat verstaan u onder die volgende begrippe?

15.1 Proefleeswerk

15.2 Taalversorging

15.3 Teksversorging

15.4 Redigeerwerk

16. Watter van bogenoemde doen u die meeste?

Proeflees	☐	Teksversorging	☐
Taalversorging	☐	Redigeerwerk	☐

17.1 Voel u dat u genoeg professionele erkenning kry vir die werk wat u doen?

Ja ☐ Nee ☐

17.2 Is u bereid om u antwoord te motiveer?

Ja ☐ Nee ☐

17.3 Indien "ja" by 17.2, motiveer asseblief.

18. In watter ouderdomsgroep val u?

Jonger as 25 ☐ 25-35 ☐ 35-45 ☐ 45-55 ☐ ouer as 55 ☐

19. Is u manlik ☐

of vroulik? ☐

20. Lewer u insette ten opsigte van die geskiktheid al dan nie van die publikasies?

Ja ☐ Nee ☐

21. Is u betrokke in die generering en totstandkoming van oorspronklike manuskripte, met ander woorde, werk u saam met 'n skrywer om 'n boek die lig te laat sien?

Ja ☐ Nee ☐

22. Indien nie, sou u dit graag wou doen?

Ja ☐ Nee ☐

23. Hoe verloop u redaksionele versorgingsproses?

1.
2.
3.
4.
5.
6.

24. Is daar vir u bevorderingsmoontlikhede binne die maatskappy?

Ja ☐ Nee ☐

25. Kan u na aanleiding van die vrae wat u in hierdie vraelys beantwoord het, 'n profiel gee van 'n teksversorger?

.....

.....

.....

.....

.....

25. Naam, adres en kontaknommer. (U is nie verplig om hierdie inligting te verskaf nie. Alle inligting is vertroulik.)

.....

.....

.....

U kan my gerus skakel indien u probleme het met die vraelys, of as u ander inligting wil verskaf.

Baie dankie vir u aandag.

Althéa Kotze

Tel. (016) 421-4781 (W)
(016) 32-4932 (H)

Bylaag C

Die vraelys aan skrywers

VRAELYS AAN SKRYWERS VAN CHRISTELIKE BOEKE

Die doel met hierdie vraelys is om:

- vas te stel wat skrywers (van geestelike boeke) van 'n teksversorger verwag, en
- algemene skrywersagtergrond in te win.

Vir die doeleindes van dié vraelys en in die konteks van die studie wat gedoen word, is die teksversorger dié individu in 'n uitgewery wat 'n skrywer se manuskrip persklaar maak.

ALLE INLIGTING WORD AS VERTROULIK BEHANDEL

Naam Adres

Telefoonnommer

AFDELING 1

Skrywersagtergrond

1. Wat is (of was) u beroep anders as skrywer?
.....
2. Wat is u kwalifikasies?
.....
3. In watter ouderdomsgroep val u?
20-29 jr ☐ 30-39 jr ☐ 40-49 jr ☐ 50-59 jr ☐ 60-69 jr ☐ 70 en ouer ☐
4. Hoeveel boeke het u al gepubliseer?
1-5 ☐ 6-10 ☐ 11-15 ☐ 16-20 ☐ Of as u wil spesifiseer
5. Hoeveel boeke publiseer u per jaar?
6. Doen u u "skryfwerk" self op 'n rekenaar? Ja ☐ Nee ☐
7. Indien "nee" wie tik dit vir u?
8. Kon u tik voordat u op u rekenaar begin tik het? Ja ☐ Nee ☐
9. Hoe vertrou is u met die rekenaarprogram waarmee u werk?
Uitstekend ☐ Goed ☐ Gemiddeld ☐ Swak ☐
10. Wie behartig u taalversorging voordat u u manuskrip vir keuring na 'n uitgewery stuur?
 - 10.1 'n Assistent ☐
 - 10.2 'n Taalversorger ☐
 - 10.3 U eggenoot ☐
 - 10.4 Verwag van teksversorger/uitgewer ☐
 - 10.5 Doen geen ☐
 - 10.6 Ander, spesifiseer ☐
11. Waarmee ondervind u die meeste probleme wanneer u aan 'n manuskrip werk ten opsigte van die talige, skriftelike kommunikasieproses?

	<u>Baie</u>	<u>Min</u>	<u>Geen</u>
11.1 Sinskonstruksie	☐	☐	☐
11.2 Woordbetekenis en -gebruik	☐	☐	☐
11.3 Spelling	☐	☐	☐
11.4 Die gebruik van hoofletters (veral ten opsigte van eerbiedbetoon)	☐	☐	☐
11.5 Los en vas skryf van woorde	☐	☐	☐

Baie Matig Min

- 11.6 Leestekens (aandagstreep, aanhalingstekens – veral wanneer u Bybeltekste aanhaal – dubbelpunt, hakies, komma, kommapunt, punt, uitroepteken en vraagteken) ☐ ☐ ☐
- 11.7 Skryftekens (deelteken, kappie, afkappingstekens, akuut- en gravis-teken en koppelteken) ☐ ☐ ☐
- 11.8 Styl ☐ ☐ ☐
- 11.9 Formulerings van gedagtes of idees ☐ ☐ ☐
- 11.10 Strukturering van die manuskrip ☐ ☐ ☐
- 11.11 Vertaling (wanneer u bv. Engelse bronne gebruik) ☐ ☐ ☐

12. Hoe vertrou is u met die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*?

Ten volle ☐ In 'n mate ☐ Geensins ☐

13. Dink u daar verskyn te veel Christelike publikasies per jaar? Ja ☐ Nee ☐

14. Motiveer, asseblief.

15. Nadat u manuskrip vir publikasie goedgekeur is deur 'n betrokke uitgewer, wat is u grootste frustrasie of probleem totdat die boek op die rak staan? Rangskik in volgorde van belangrikheid, 1-4, waar 1 (een) die belangrikste is, en 4 (vier) die onbelangrikste.

- 15.1 Probleme met teksversorging ☐
- 15.2 'n Te perfekte en kritiese teksversorger ☐
- 15.3 Die tydsverloop tussen goedkeuring en verskyning ☐
- 15.4 Geen probleme ☐

16. Wat is na u gevoel die oorsaak van hierdie frustrasies? Rangskik in volgorde van belangrikheid, 1-5, waar 1 (een) die belangrikste is, en 5 (vyf) die onbelangrikste.

- 16.1 Onbekwame teksversorgers ☐
- 16.2 'n Te hoë werkslading vir teksversorgers ☐
- 16.3 'n Te vol produksieprogram of publikasielys ☐
- 16.4 'n Lomp proses ☐
- 16.5 'n Te perfekte en kritiese teksversorger ☐

17. Ten opsigte van die versorging van u manuskrip: Wil u graag insae hê in die volgende:

- 17.1 Taalversorgingsproses Ja ☐ Nee ☐
- 17.2 Tipografiese versorgingsproses Ja ☐ Nee ☐
- 17.3 Aanbieding van voorblad Ja ☐ Nee ☐
- 17.4 Aanbieding van agterblad Ja ☐ Nee ☐
- 17.5 Die keuse van 'n titel Ja ☐ Nee ☐
- 17.6 Die keuse van 'n subtitel Ja ☐ Nee ☐

18. Om watter rede skryf u? Rangskik in volgorde van belangrikheid, 1-4, waar 1 (een) die belangrikste is, en 4 (vier) die onbelangrikste.

- 18.1 Vervul in 'n markbehoefte ☐
- 18.2 Voel geroepe om so die evangelie te versprei ☐
- 18.3 Beroep ☐
- 18.4 Liefde vir skryf ☐

19. Gee u by verskillende uitgewers boeke uit? Ja ☐ Nee ☐

20. Indien "ja" by 19, wat is die rede hiervoor? Rangskik in volgorde van belangrikheid, 1-5, waar 1 (een) die belangrikste is, en 5 (vyf) die onbelangrikste.

20.1 Groot aanvaag vir u manuskripte ☐

20.2 Uitgewers plaas druk op u ☐

20.3 U beroep vereis wye blootstelling ☐

20.4 Verspreiding van die evangelie ☐

20.5 Ander, spesifiseer ☐

21. Indien "nee" by 19, motiveer asseblief.

.....
.....

AFDELING 2

Teksversorging

1. Na u mening, wat behels **teks**versorging van 'n manuskrip?

1.1 Taalversorging ☐

1.2 Proeflees ☐

1.3 Tipografiese versorging ☐

1.4 Redigering ☐

1.5 Al bogenoemde ☐

2. Wat verstaan u onder:

2.1 Taalversorging?

.....
.....

2.2 Proeflees?

.....
.....

2.3 Tipografiese versorging?

.....
.....

2.4 Redigering?

.....
.....

3. Verkies u dat u manuskrip **teks**versorging ondergaan voordat dit gepubliseer word?

Ja ☐ Nee ☐

4. Motiveer, asseblief.

.....
.....

5. Dink u 'n teksversorger kan behulpsaam wees in die skryfproses van u manuskripte?

Ja ☐ Nee ☐

6. Motiveer, asseblief.

.....
.....

7. Sou u graag wou hulp hê in die skryf**proses** van u manuskripte.

Ja ☐ Nee ☐

8. Motiveer, asseblief.

.....
.....

AFDELING 3

Die teksversorger

1. Na u mening, is die teksversorger: (Nommer asseblief in volgorde van belangrikheid 1-11.)

- | | |
|---|--------------------------|
| 1.1 'n konsultant; | ☐ |
| 1.2 'n raadgewer; | ☐ |
| 1.3 'n professionele persoon; | ☐ |
| 1.4 'n medewerker aan u teks; | ☐ |
| 1.5 'n anonieme individu; | ☐ |
| 1.6 'n werknemer van 'n uitgewery; | ☐ |
| 1.7 'n middelman tussen skrywer en leser; | ☐ |
| 1.8 'n vertroueling; | ☐ |
| 1.9 'n woordkunstenaar; | ☐ |
| 1.10 'n vakkenner; | ☐ |
| 1.11 'n proefleser? | ☐ |

2. Dink u die teksversorger kry genoeg professionele erkenning vir die werk wat hy of sy doen?

Ja ☐ Nee ☐

3. Na u mening, behoort 'n teksversorger professionele erkenning te kry vir die werk wat hy of sy doen? Ja ☐ Nee ☐

4. Waarom of waarom nie?

.....
.....
.....

5. Hoe, dink u, kan professionele erkenning aan so 'n persoon gegee word?

.....
.....

6. Na aanleiding van die vrae in Afdeling 2 en 3, wat sien u as die taak en verantwoordelikheid van 'n teksversorger?

.....
.....

Baie dankie vir u aandag en tyd.

**Althéa Kotze
Acaciastraat 6
SE 3
VANDERBIJLPARK
1911**

Bylaag D

Die vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis
van uitgewersmaatskappye

VIR AANDAG :

FAKSNO :

VAN : Althéa Kotze

FAKSNO :

TELNO :

DATUM : 5 Maart 1997

BOODSKAP: Soos telefonies afgespreek, hiermee 'n kort vraelysie rakende die ontstaansgeskiedenis van u uitgewersmaatskappy:

1. Wanneer is die maatskappy gestig? _____

2. Wat is die agtergrond van die ontstaan/stigting van die maatskappy?

3. Wat is die motivering vir die huidige bestaan van die maatskappy – die missie en visie?

Baie dankie vir u aandag in verband met hierdie saak.

BIBLIOGRAFIE

ABPBC-ISBN Information. What It Is And How To Obtain It. [Beskikbaar op Internet.] <http://www.books.bc.ca./information/info-isbn.htm> [Datum van gebruik: Jul. 2.]

Adresboek van Suid-Afrikaanse Uitgewers/Directory of South African Publishers no./nr. 8/1996. Staatsbiblioteek: Pretoria.

ANON. 1995. Lux Verbi gee méér as net 'n boek. Promosieblad. *Algemene Kerkbode*, 155(20):7, Jun. 9.

ANON. 1991. Anatomie van 'n boek. *Insig*:B8-B9, Jul.

ANON. 1995. ATKV en Lux Verbi bied skryfskool vir Christelike lektuur. Promosieblad. *Algemene Kerkbode*, 156(13):3, Okt. 13/14.

AWS **kyk** Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BASSON, B. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van Engedi/Kagiso Uitgewers. Vanderbijlpark. Jul. 24. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

BERNER, R.T. 1982. Editing. New York: CBS College Publishing.

BISHOP, C.T. 1984. How to edit a scientific journal. Philadelphia: ISI.

BOTES, J. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van J.L. van Schaik. Vanderbijlpark. Mrt. 11. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

BOTHA, J. 1995. Bedrewe Maria gee nuwe betekenis aan ou beroep. *Die Burger*:8, Sept. 21.

BOTHA, J.J. 1997. Brief en brosjure oor die ontstaansgeskiedenis, missie en visie en werksaamhede van CLF Uitgewers. Bloemfontein. Mrt. 7.

BOTHA, R.P. & SINCLAIR, M., reds. 1985. Norme vir Taalgebruik. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

BOTHA, T.J.R., PONELIS, F.A., COMBRINK, J.G.H. & ODENDAL, F.F., reds. 1984. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.

BOWLES, D.A., BORDEN, D.L. & RIVERS, W. 1993. Creative editing for printing media. Belmont: Wadsworth.

BRAET, A. red. 1980. Taalbeheersing als nieuwe retorica. Een historisch, programmatiesch en bibliografiesch owerzichts. Groningen: Wolters-Noordhoff.

BRAET, A. 1980a. Taalbeheersing als nuuwe retorica; bij wijze van samevatting vooraf. In Braet, A. red. 1980:1-6.

BRAET, A. 1988. Taalbeheersing na twintig jaar. *De nuuwe taalgids*, 81:206-241.

BRAET, A. 1993. Inleiding. In Braet, A. & Van de Gein, J., reds. 1993:11-21.)

BRAET, A. & VAN DE GEIN, J., reds. 1993. Taalbeheersing als tekstwetenskap: terreinen en trends. Dordecht: ICG.

BREETVELT, I., VAN DEN BERGH, H. & RIJLAARSDAM, G. 1994. Relations between writing processes and text quality: when and how? *Cognition and instruction*, 12(4):103-123.

BREYTENBACH, P. Vertalings grens soms aan belaglike. *Beeld (Kalender)*:3, Apr. 10.

BUSH, D. 1994. Chopping copy. *Technical Communication*, 41(2):322-324, May.

BYBEL. 1984. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARSTENS, W.A.M. 1989. De Beaugrande en Dressler (1981) se "standaarde van tekstualiteit". *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 5(2):17-32, Apr.

CARSTENS, W.A.M. 1991. "Teks" – 'n begrip op soek na 'n funksionele tekslinguistiese definisie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 9(4):85-89.

CARSTENS, W.A.M. 1992. Het die tekslinguistiek enige implikasies vir die studie van literatuur? *Literator*, 13(2):76-83.

CARSTENS, W.A.M. 1993. Die studieterrein van die tekslinguistiek. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, Supplement 15:1-14, Mei.

CARSTENS, W.A.M. 1994. Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

CARSTENS, W.A.M. 1997. Afrikaanse Tekslinguistiek. Pretoria: Van Schaik.

CARSTENS, W.A.M. & VAN SCHALKWYK, P.L. 1994. Die standaard van tekstualiteit en Breyten Breytenbach se "Die boenk". *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde. Supplement* 22:43-62.

CHAPMAN, J. 1983. *Reading Development and Cohesion*. London/Exeter: Heinemann Educational Books.

CHENEY, T.A.R. 1983. *Getting the words right. How to rewrite, edit & revise*. Cincinnati, Ohio: Writer's Digest Books.

CHERRY, K. 1972. That uncommon comma, or, all in the editor's morning mail. *Scholarly Publishing* 4:29.

CILLIERS, JOHAN. 1997. Die essensie van die Christelike boek. Telefoniese gesprek soos bevestig per faksboodskap aan outeur. Vereeniging, Jul. 22. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

CLARK, R.P. & FRY, D. 1992. *Coaching writers. The essential guide for editors and reporters*. New York: St. Martin's.

CLOETE, T.T., BOTHA, E., MALAN, C. 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: Haum-Literêr.

CLOUSE, B.F. 1992. *The student writer. Editor and critic*. 3rd ed. New York: McGraw-Hill.

CLOUSE, B.F. 1996. *The student writer. Editor and critic*. 4th ed. New York: McGraw-Hill.

COETZEE, N., DU PLOOY, N.F., DE. V. CLUVER, A.D. 1985. *Tweetalige Rekenaarwoordeboek/ Bilingual Computer Dictionary*. Johannesburg: McGraw-Hill.

COMBRINK, J.G.H. 1986. Taalnorme vir Afrikaans. *Die Taalpraktisyn* (2):p. 46-62.

COMBRINK, J. 1993. Daar is 'n spreekwoord wat sê ... Pretoria: Van Schaik.

COMBRINK, J. 1994. Stopwoorde, ok en geite – ja, ons taal is regtig ryk. *Taalrubriek. Beeld*:13, Nov. 6.

COMBRINK, J. 1995a. Redes waarom wettiglik, naastiglik en huidiglik nie toutologieë is nie. *Taalskatkis. Beeld*:7, Jan. 23.

COMBRINK, J. 1995b. Vulgariteit kan mens se doppie klink, té aanstellerig. *Taalskatkis. Beeld*:7, Jan. 30.

COMBRINK, J. 1995c. Geforseerde "huidiglik" kom uit Amptenaars. Taalskatkis. *Beeld*:7, Mrt. 6.

COMBRINK, J. 1995d. Voorsetsels kan nie klinies koud uitgeredeneer word nie. Taalskatkis. *Beeld*:9, Mrt. 14.

COMBRINK, J. 1995e. Dié hulpmiddele gee taal lewe op papier. Taalskatkis. *Beeld*:9, Mei 15.

COMBRINK, J. 1995f. Vraagteken is al wat oorgebly het van die Latynse *quaestio*. Taalskatkis. *Beeld*:9, Mei 22.

COMBRINK, J. 1995g. Asterisk is die digterlikste van al die leestekens. Taalskatkis. *Beeld*:9, Mei 29.

COMBRINK, J. 1995h. *Parastataal* gewoonlik met rade, instellings verbind. Taalskatkis. *Beeld*:9, Jun. 26.

COMBRINK, J. 1996. "Huidiglik" korrek as 51 % so sê. Taalskatkis. *Beeld*:7, Okt. 7.

COMBRINK, J.G.H. & DE STADLER, L.G. 1987. Afrikaanse Fonologie. Johannesburg: Mac-Millan.

Computer, Printing & Desktop Publishing Terms. 1997. [Beskikbaar op Internet.] <http://www.spectrumgraphics.com/computerms.html> [Datum van gebruik, Jul. 2.]

CONRADIE, C.J. 1985. Die normering van Afrikaanse Bybeltaal. In Botha, R.P., & Sinclair, M., eds. 1985:464-487.

CRAUSE, R. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van Struik Christelike Boeke. Vanderbijlpark. Apr. 4. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

Christelike Uitgewersmaatskappy. 1995. CUM is 'n leier in die Christelike boekemark. Promosiebylae. *Algemene Kerkbode*, 155(17):10-11, Mei, 19.

CUM-Bylae. 1994. CUM: 'n terugflits op CUM se 55 jaar in die boekebedryf. CUM-Bylae in die *Algemene Kerkbode* saamgestel in samewerking met Christelike Uitgewersmaatskappy 154(14):I-IV, Feb. 4.

DE BEAUGRANDE, R. 1995. Text Linguistics. In Verschueren, J., Östman, J.O. & Blommaert, J. eds. 1995:536-543.

DE BEAUGRANDE, R.A. & DRESSLER, W.U. 1981. Introduction to text linguistics. London: Longman.

DE BEER, A.S. red. 1982. Joernalistiek vandag. Kaapstad: Tafelberg.

DE VILLIERS, M. 1977. Die plek van die normatiewe in die taalkunde. *Taalfasette*, 22(3):1-9, Jul.

DE VRIES, A. 1994. Wat maak die kokke op die Titanic? *Tydskrif vir Taalonderrig*, 28(4):309-315.

DREYER, Y. 1997. Mondelinge mededeling aan outeur. Telefoongesprek. Nov., 8.

DROP, W. & DE VRIES, J.H.L. 1974. Taalbeheersing. Handboek voor taalhantering. Groningen: Wolters-Noordhoff.

DU PLESSIS, A. 1997. Die teorie en praktyk van taalversorging in Afrikaans – 'n loodsondersoek. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

DU PLESSIS, H. 1985. Sintaksis. Pretoria: Academica.

DU PLESSIS, H. 1995. Variasietaalkunde. Pretoria: Kagiso.

DU PLESSIS, H. 1997. 'n Sprong is nodig vir Afrikaans. *Beeld*:17, Apr. 23.

DU RAND, J. 1997. Die Christelike boek, die Christelike boekemark en Christelike uitgewers. 'n Telefoniese, gedikteerde gesprek. Vereeniging. Aug. 15. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

ELOFF, S.J.P. 1997. Digibeeet sukkel met rekenaar se doentoets. Taalgesprek. *Beeld*:9, Mrt. 31.

ELS, J. 1995. Boekebedryf bloei. *Algemene Kerkbode*, 155 (17):1-7, Mei 19.

ENZLER, C.J. 1961. When in France Talk French. In U.S. Department of Agriculture. 1961:13-15.

EYGELAAR, C. 1997. Blouproewe en korreksiekoste. Brief aan outeur. Apr. 17. Goodwood. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

FITTON, H.N. 1961. Yes there are editing standards. In U.S. Department of Agriculture. 1961:53-58.

FOSTER, D. & LOUW-POTGIETER, J. *eds.* 1991. Social Psychology in South Africa. Johannesburg: Lexicon.

FRYER, C. 1988. Wat verwag die uitgewer van die taalversorger? Enkele riglyne. *Die taalpraktisyn*, 1:27-37.

FRYER, C. 1997. Jongleur, chirurg en koppelaar. *Insig*: 30, Sept.

GIBSON, M.L. 1979. Editing in the electronic era. Iowa: Iowa State University Press.

GIULIANI, M.V., CILIBERTI, A. & CAMBONI, M. 1979. Speculations on text as a linguistic and cultural construct. *In* Petöfi, J.S. *ed.* 1979:170-180.

GRIMES, J. 1975. The thread of discourse. The Hague: Mouton.

HALLIDAY, M. & HASAN, R. 1976. Cohesion in English. London: Longman.

HALLPENNY, F.G., *ed.* 1972. Editing twentieth century text. Papers given at the Editorial Conference. University of Toronto: University of Toronto Press.

HALLPENNY, F.G. 1972. Introduction. *In* Hallpenny, F.G. *ed.* 1972:3-11.

HAT **kyk** ODENDAL, F.F. *red.*

HAYDEN, V.C. 1983. A state-of-the-art report on electronic publishing. Bradford: MCB University Press.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1974. Op weg met die teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HUBBARD, E.H. 1993. Some coherence correlates in expository writing. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*. Supplement 15:55-74, Mei.

HULL, G., BALL, C., FOX, J.L., LEVIN, L. & McCUTCHEN, D. 1987. Computer Detection of errors in natural language text: some research on pattern-matching. *Computers and the Humanities*, 21(2):103-118, Apr./Jun.

JANSEN, D. & VERHOEVEN, G. *reds.* 1989. Taalbeheersing in Nederland. Een bundel opstellen voor W. Drop. Groningen: Wolters-Noordhoff.

JUDD, K. 1982. *Copyediting*. Los Altos: William Kaufmann.

KLEYNHANS, P. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van Evangelie

Uitgewers. Vanderbijlpark. Mrt. 5. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

KOCH, H.J. 1988. 'n Onderzoek na die uitwerking van bepaalde taalorganisasiehandelinge op Afrikaans. Bloemfontein: UOVS. (Verhandeling – M.A.)

KROL, T.F. 1980. De geschiedenis van taalbeheersing: een zeer globale schets met een bijlage over de landelijke onderzoeks- en onderwysprogrammas deur F.P.L. van Soest. In Braet, A., red. 1980:7-35.

KUYLER, J. 1997. 'n Lied vir die lewe. Vereeniging: CUM.

LANGEVELD, A. 1989. Vertalen wat er staat. *Onze Taal* 58(1):16-17, Jan.

LAW, J. & LANGE, E. 1993. Writing Clearly. An Editing Guide. Boston: Heinie & Heinie.

LEECH, G.N. 1984. Principles of Pragmatics. New York: Longman.

LE ROUX, A. 1997. As godsdiens lonend word. *Algemene Kerkbode*:7, Aug. 8/9.

LE ROUX, T.H. 1968. Afrikaanse Taalstudies. Pretoria: Van Schaik.

LIM, C. 1996. Armour Your Books with Quality. *Interlit*, 33(4):4, Dec.

MACKIE, M. 1995. Creative editing. Spot what's wrong with your writing before an editor does. London: Victor Collancz.

MAES, A., VAN HAUWERMEIREN, P. & VAN WAES, L., reds. 1994. Perspektiewe in taalbeheersingsonderzoek. Dordrecht: ICG Publications.

MAUREAU, J.H. 1980. Van versorgd na begripeljk taalgebruik; een analise van recente en minder recente skryfadviese. In Braet, A., red. 1980:47-62.

MILLER, S. 1996. Excellence Offers the Best. *Interlit*, 33(4):p. 2, Dec.

MILLER, S. 1996. Set Standards for Excellence. *Interlit*, 33(4):p. 7-8, Dec.

MORKEL, H. & MARAIS, P. 1997. Revolusie in blaai ook pynlik. 10 Jaar se Tegnologie. Bylae by *Die Burger*. 1-12, Okt. 28.

NINAN, G. 1996. Reach Your Audience through Research. *Interlit*, 33(4):p. 22-23, Dec.

O'CONNOR, M. 1986. How to Copyedit scientific books and Journals. Philadelphia: ISI.

- ODENDAL, F.F. *red.* 1978. Gesag en norm in die Taal- en Letterkunde. Johannesburg: RAU.
- ODENDAL, F.F. *red.* 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Derde hersiene uitgebreide uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- PETÖFI, J.S. *ed.* 1979. Text vs. Sentence: basic questions of text linguistics. First Part. Hamburg: Buske.
- PIENAAR, P. 1997. Christelike boeke: sneesdoekies of ware pitkos? *Boekebeeld (Bylae tot Beeld)*:4, Mei 14.
- PIENAAR, D. 1997. J.L. van Schaik pak die godsdienismark. *Boekewêreld (Bylae tot Beeld)*:1-12, Sept. 6.
- PLOTNIK, A. 1982. The elements of editing. A modern guide for editors and journalist. New York: Macmillan.
- PONELIS, F.A. 1968. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- RAIDT, E.H. 1976. Die herkoms van Objekskonstruksies met *vir*. *In* Taalkommissie. 1976:72-101.
- RAIDT, E.H. 1994. Historiese Taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- RENKEMA, J. 1989. Schrijfwijzer. 's-Gravenhage: SDU.
- ROBERTS, A.W. 1995. Estimating for S.A. Printers. Kaapstad: AWR.
- ROUX, A.J.G. 1993. Tydsuitdrukking en registerskepping in 'n polisieverklaring en didaktiese implikasies daarvan. Johannesburg: RAU. (Skripsie – M.A.)
- SCHEFFLER, C.J. 1994. Ortografiese verskynsels en skryfwyses in die Bybel. Brief aan outeur. Roggebaai. Feb. 4.
- SCHEFFLER, C.J. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Vanderbijlpark. Mrt. 3. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)
- SCHELLENS, P. 1989. Taalbeheersing als technologiese dissipline. *In* Jansen, D. & Verhoeven, G. *reds.* 1989:29-44.
- SCHOEMAN, J.C. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van Carpe

Diem Uitgewers. Vanderbijlpark. Mrt. 5. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

SINCLAIR, A.J.L. *red.* 1983. G.S. Nienaber – 'n huldeblyk. Bellville: UWK Drukkers.

SNYDER, L.L. 1967. The making of modern man. From the Renaissance to the present. New York: D. van Nostrand.

SPIES, J. & COMBRINK, J. 1994. Sakboek van regte Afrikaans (SARA). 2de uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

SPIES, J. 1982. Hoe om nie te skryf nie. *In* De Beer, A.S. *red.* 1982:71-84.

STANDER, H. 1997. Die term "Christelike boek" dek 'n verskeidenheid boeke. Telefaks aan outeur. Garsfontein, Aug. 18. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

STANTON, B. 1961. Recapping our responsibilities. *In* U.S. Department of Agriculture:41-52.)

STEEHOUDER, M., JANSEN, C., MAAT, K., VAN DER STAAK, J. & WOULDSTRA, E. 1992. Leren kommuniseren. Handboek voor mondelinge en schriftelike kommunikasie. 3de uitgawe. Groningen: Wolters-Noordhoff.

STEPP, C.S. 1989. Editing for today's newsroom. New perspectives for a changing profession. London: Lawrence Erlbaum.

STEYN, J.C. 1985. Algemene aspekte van taalnormering. *In* Botha, R.P. & Sinclair, M., *reds.* 1985:13-64.

STEYN, J. 1997. Halwe waarhede van anti-taalstryders. *Beeld*: 10, Jul. 9.

STRAUSS, H.J. 1964. Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Bloemfontein: Sacum.

STUTTERHEIM, C.F.P. 1954. Taalbeskouing en taalbeheersing. Amsterdam: J.M. Meulenhoff.

SULLIVAN, D.R., SULLIVAN, W.L., & SULLIVAN, J.W. 1989. Desktop publishing: writing and publishing in the computer age. Boston: Houghton Mifflin.

SYMINGTON, J. 1995. 'n Man uit een stuk. Vereeniging: CUM.

TAALKOMMISSIE 1976. 1875-1975. Studies oor die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor.

- TAALKOMMISSIE 1991. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 8ste uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- THOM, J. 1996. Die Bybelkoerant: nuus uit die Bybel vir vandag. Kaapstad: Human en Rousseau.
- TOEN, M.M.B. 1997. Taalbeheersing en international ondernemen. *Onze Taal* 66(4):78-79, Apr.
- TREEBUS, K.F. 1990. Tekstwijzer, een gids voor het grafiese verwerken van Tekst. 's-Gravenhage: SDU.
- U.S. DEPARTMENT OF AGRICULTURE. 1961. Improving publications. Washington, D.C.: Farmer Cooperative Service.
- VALENTINE, M. 1997. Blitsverkoperlyste: 18 Augustus 1993 - 6 September 1997. Johannesburg: Beeld-Biblioteek, p. 1-20.
- VAN DEN BERG, L. 1997. Digibet sukkel met rekenaar se doentoets. *Taalgesprek Beeld*:9, Mrt. 31.
- VAN DEN BERGH, H. & MEUFFELS, B. 1993. Schrijfvaardigheid. In Braet, A. & Van de Gein, J. reds. 1993:177-211.
- VAN DEN BROECK, R. & LEFEVERE, A. 1984. Uitnodiging tot die vertaalwetenskap. Muiderberg: Coutinho.
- VAN DEN HOVEN, P.J. & KORPEL, L. 1989. Het spel en de knikkers; een analyse van het begrip "functionele context". In Janssen, D. & Verhoeven, G., reds. 1989:13-28.
- VAN DEN HOVEN, P. & SCHELLENS, P.J. 1993. Taalgebruik in zijn maatschappelijke context. In Braet, A. & Van de Gein, J., reds. 1993:11-21.
- VAN DER MERWE, B. 1997. Deist laat die leser nadink oor Christenskap vandag. *Beeld*:8, Jan. 6.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. & PONELIS, F.A. 1991. Die korrekte woord. Pretoria: Van Schaik.
- VAN LINT, P. 1980. Taalbeheersing, dat is de studie van de vormen van taalverkeer. In Braet, A., red. 1980:109-129.

VAN LUXEMBURG, J., BAL, M. & WESTSTEIJN, W.G. 1983. Inleiding in de literatuurwetenskap. Muiderberg: Coutinho.

VAN LUXEMBURG, J., BAL, M. & WESTSTEIJN, W.G. 1987. Over literatuur. Muiderberg: Coutinho.

VAN NIEKERK, A. 1996. Boeke oor onderwerpe vir die Christen van vandag. Resensie oor *Die Bybelkoerant: nuus uit die Bybel vir vandag* deur Jaco Thom. (Human en Rousseau) *Beeld*:10, Okt. 14.

VAN NIEKERK, A. 1997. Moontlike redes vir die vervlakking in die Christelike boekemark – geweldig veralgemeen. Faksboodskap aan outeur. Johannesburg, Sept. 5. Vereeniging. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

VAN SCHALKWYK, H. & VIVIERS, D. 1992. Sukses met Afrikaans en kommunikasievaardighede. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

VAN SCHOOR, J.L. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad/Johannesburg: Lex Patria.

VAN WIJK, C. & SANDERS, T. 1987. Linguïstiese kriteria voor tekstkwaliteit. *Levende Talen*, 426:691-697.

VAN WYK, E.B. 1978. Sociolinguistiese norme in taalgebruik. In Odendal, F.F., red. 1978:99-120.

VAN WYK LOUW, N.P. 1981. Versamelde Werke. Kaapstad: Tafelberg.

VENIT, S. 1993. Using Pagemaker 5 for Windows. Special Edition. Indianapolis: Que Corporation.

VERSCHUEREN, J., ÖSTMAN, J.O. & BLOMMAERT, J. eds. 1995. Handbook of pragmatics: manual. Amsterdam: John Benjamins.

VILJOEN, H. 1997. Taalteorie en taalpraktyk in gesprek. Afrikaans-gesprek. *Beeld*:9, Mei 24.

VILJOEN, L. 1997. Vraelys rakende die ontstaansgeskiedenis, missie en visie van Human en Rousseau. Vanderbijlpark. Mrt. 6. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)

VOSLOO, C.L. 1997. Bybel-Media: Geskiedenis, missie en werkwyse. Briefwisseling per fakse. Wellington. Aug. 1, 5, 7. (Oorspronklike kopieë in besit van outeur.)

VOSLOO, T. 1997. Goeie boekeredakteur "Salomo en breinchirurg". Plus (Bylae tot *Beeld*): 11, Aug. 15.

WEBB, V.N. 1983. Aspekte van taalnorme – gesien vanuit die perspektief van die gemeenskapsgrammatika. In Sinclair, A.J.L. *red.* 1983:705-714.

WEBB, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In Botha, T.J.R., *reds.* 1989:421-435.

WERTH, P. 1984. Focus, coherence and emphasis. London: Croom Helm.

WESSELS, F. 1997. Is Hy ook Sy? *Algemene Kerkbode*:8-9, Aug. 8/9.

WIESE, T. 1995a. Geestelike herlewing oral in SA. *Insig*:12-13, Mrt.

WIESE, T. 1995b. Afrikaners ontdek Christelike lektuur. *Insig*:13, Mrt.

WOLSKI CONN, J. *ed.* 1986. Women's spirituality. New York: Paulist.

WOLSKI CONN, J. *ed.* 1986. Restriction and Reconstruction. In Wolski Conn, J. *ed.* 1986:1-23.